Universiteit van Pretoria

Biblioteekdiens

# BIBLIKASIE

JANUARIE

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## INHOUDSOPGAWE


DIE EERSTE Sê .............................................................. 1

REDAKSIONEEL .............................................................. 2

THE MONKEY IN YOUR BUSINESS.
WHY SHOULD YOU MOTIVATE STAFF? .......................... 2

LITERAL TRANSLATIONS .............................................. 3

YOU CAN, TOO! .............................................................. 3

TERLOOPS .............................................................. 4

PERSONEELVERSKUIWINGS .............................................. 5

JONA EN DIE BABER .............................................................. 6

IN EN OM MERENSKY .............................................................. 7

GOUE GEDAGTES .............................................................. 8

VERJAARSDAE .............................................................. 9

GELUKWENSE .............................................................. 9

EN SO VERTEL ...
... ASEMSKEP, JOLLIE PATROLLIE EN AFSAAL ............ 9
... NAGUILE EN OGGENDMOSSIES ...................................... 10

WINDOWS: THE IMPORTANCE OF WINDOWS .................... 11

BIBFLITSE .............................................................. 12

TREFFERS .............................................................. 16

ONS GROET .............................................................. 16

MERENSKY OORVAL MET GRETIGE GEBRUIKERS ...........

WELWILLENDHEIDSBESOEK ..................................................

BEDANKINGS EN AANSTELLINGS ......................................


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# IN MEMORIAM

Dit is met leedwese dat die Redaksie verneem het van die afsterwe van prof E M Hamman, voormalige Rektor van die Universiteit van Pretoria op 28 Januarie 1987.

Die Redaksie beoog om die volgende uitgawe van Biblikasie aan hom op te dra.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# DIE EERSTE Sê

## DIE DINGE WAT ONS DOEN

As u aan my sou vra: "Prof, watter gedagte sou jy hier aan die begin van 'n nuwe jaar aan die personeel van U P se Biblioteekdiens wou gee?" Is my antwoord kort en kragtig: Dit is belangriker as ooit tevore dat elkeen van ons vanjaar daarin sal slaag om eerder die regte dinge te doen as om dinge reg te doen.

Ek het waardering vir diegene wat dinge foutloos kan afhandel. Ek het egter min waardering vir hulle wat dinge doen sonder om hulleself ooit van die absolute relevantheid daarvan te vergewis. Ons sit ons strewe na 'n diens van onoortreflike gehalte in 1987 voort. Dit vereis dat ons nie sonder meer met dieselfde dinge as voorheen besig sal bly nie. Nee, daarvoor het omstandighede reeds te veel verander en sal dit jaar na jaar nog verder verander. Enersyds, word nuwe eise gestel. Andersyds, beskik ons oor nuwe kennis en hulpmiddels wat ons in staat stel om nuwe uitdagings die hoof te kan bied.

Om te verseker dat ons almal in toenemende mate daarin sal slaag om in 1987 die regte dinge te doen, is verskeie stappe reeds geneem en sal verskeie sake in die loop van die jaar verdere aandag geniet.

Met die toepassing van strategiese bestuur en beplanning wil ons verseker dat ons in 1987 met dié dinge besig bly wat sal sorg dat ons oor 'n paar jaar sal wees waar ons in terme van die behoeftes en verwagtinge van ons primêre mark behoort te wees. Daarbenewens is die belangrikste probleemareas van die biblioteekdiens reeds geïdentifiseer. Op die oomblik besin ons oor wat gedoen moet word om hierdie probleme uit die weg te ruim. Die doelwitte van elke afdeling en seksie vir vanjaar sal direk daarop gemik wees. Dit sal verseker dat personeel inderdaad met die regte dinge besig sal bly.

Verder hoop ons dat die posevaluerings-projek gedurende die eerste kwartaal afgehandel sal word. Dit sal ons in staat stel om dié dinge wat in elke pos as van kritiese belang beskou moet word, te identifiseer. Aansluitend daarby sal die sukses wat ons met prestasie-evaluering behaal, help om te bepaal in watter mate die prestasie van elkeen korreleer met die "doen van die regte ding".

Dit is eweneens noodsaaklik dat ons bouprojek wat enersyds, die beskikbaarstelling van die Ou Merensky-biblioteek vir studie- en bergingsdoeleindes beoog en andersyds, die beter benutting van ruimte op die toetredingsvlak van die Nuwe Merensky-biblioteek moet bewerkstellig, die toets van "die doen van die regte ding" sal slaag.

Laastens, sal die finalisering van die Biblioteekdiens se missie daartoe bydra dat ons almal die relevantheid van wat ons doen aan dieselfde norm kan meet. Die aanvaarding van 'n kollektiewe identiteit vir U P se Biblioteekdiens sal 'n riglyn vir denke en optrede voorsien wat ons span nog hegter sal bind.

Die bestaande pragtige positiewe ingesteldheid van ons personeel is vir ons elkeen 'n besieling en onderskraging. As ons in 1987 daarin kan slaag om boonop slegs die regte dinge te doen, sê ek vir almal: Pasop 1987, hier kom ons!

PROF E D GERRYTS



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## REDAKSIONEEL

Sommer met die intrapslag terug op jou pos, kry ŉ mens die gevoel van ŉ gewoel en ŉ gewerskaf in die Biblioteekdiens. Met die koms van die eerstejaars hierdie week en die gepaardgaande biblioteekoriënte-ring, word hierdie gevoel bevestig: 1987 is aan die brand en beloof om ŉ jaar van dink en doen te wees.


Prof Gerryts se gesprekke met verskillende groepies personeel gedurende die afgelope tyd voldoen in baie opsigte aan ŉ behoefte by die personeel om meer ingelig te wees en om ŉ geleentheid te hê om probleme te bespreek. Maar dat ons skouer aan die wiel sal moet sit, is nie altemit nie. Weer eens moet ŉ mens bly glo dat die projek van postebeskrywing en prestasie-evaluering mettertyd ook vir jou persoonlike voordeel sal inhou en dat dit as motivering vorentoe moet dien.

Als en als klink dit asof 1987 net werk en nogmaals werk beteken met geen van die gewone werkslewe se genietinge nie. Dit sal ŉ sware dag wees as dit gebeur. Dit is net so noodsaaklik dat ons vir onsself moet kan lag en die snaakse in die lewe nie moet miskyk nie. Per slot van sake is dit een van die beste maniere om ons as ŉ groep mense saam te bind en te laat kommunikeer. Daarom word die berigte wat ons hierdie maand ontvang het, baie waardeer - Magriet Lee se "Naguile en oggendmossies", Monica Hammes se "Asemskep, Jollie Patrollie en Afsaal", die afdelings se nuus en so meer - alles ŉ bewys dat ons hier te doen het met puik mense!

Die nuwe Redaksie vir 1987 is nog nie bekend nie en ons hoop om dit in die volgende uitgawe aan te kondig.

Tot dan, lekker lees en dink solank aan volgende maand se bydraes.

## THE MONKEY IN YOUR BUSINESS



## WHY SHOULD YOU MOTIVATE STAFF?

Aptitude (training + experience) X motivation = productivity.

It is obvious from the above formula the productivity will be zero if motivation is zero.

What makes an employee satisfied and happy in his job? What are the factors that make him want to come to work?

Research by Herzberg showed that the following are motivators:

- A feeling of accomplishment. For years to come a worker will tell his friends what he has accomplished, such as record sales, lowest cost or the speed and quality in executing a job.

- Recognition of accomplishments. Everyone from the tea girl to the managing director will thrive on the words, "Well done!"



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

- Responsibility. Personnel will accept as much responsibility as is given to them. If you do not give them responsibility, they will certainly not act responsibly.

- Interesting work. The work as such should preferably, but not necessarily, be interesting. The interesting part can also be the speed, quality and quantity of executing the job.

- Growth and self advancement. Workers should feel that they are benefitting from the experience and skills they are acquiring.

You expect your workers to show loyalty, interest, initiative and willingness. Your employee expects more than just a fair salary. He expects job satisfaction - a "worth-while" job. He deserves more. He deserves to be prepared for a career, to be taught skills that will last him a lifetime.

Perhaps you will say, "Give me better human resources, and I'll show you". Fact is that there is no such thing as a bad worker, only bad managers.

IF YOU FAIL, PLANT A TREE AND BUY YOURSELF A PACKET OF PEANUTS.

ENTERPRENEUR

DESEMBER 1986

## LITERAL TRANSLATIONS

A brochure put out several years ago by the Public Library in Durham, North Carolina, explained the use of the card catalogue, acknowledging that this can be mystifying at times. The brochure told of one patron who, upon reading "See Main Entry" on a catalogue card, went out to the front steps of the library.

Herald, Durham
Reader's Digest, January 1987

## YOU CAN, TOO!

From a card catalogue in the Denver public library in Colorado, Freddy Bosco wrote an article made up entirely of book titles starting with "You can." Here are some of them:


You can always tell a fisherman. You can always tell a Harvard man. You can be a better cook than Mama ever was. You can be a carpenter. You can be a plumber. You can be a printer.

You can build your own boat. You can change the world. You can change your career. You can communicate with the unseen world. You can conquer. You can cook for one. You can cope. You can design. You can die laughing. You can do anything with crepes. You can do it. You can do it from a wheelchair.

You can hook rugs. You can improve your vision. You can increase your heart power. You can landscape it yourself. You can learn Russian. You can learn to fly. You can live cheaply in the Canaries. You can live longer than you think.

You can make a Stradivarius violin. You can make an insect zoo. You can make money in the stock market. You can make the difference. You can master life. You can own a business. You can play par golf. You can profit from a monetary crisis. You can raise decent children. You can say that again, Sam.

Whole Earth Review
Reader's Digest, January 1987






Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## TERLOOPS...



**ONTHOU U EIE DRINKGOED!**

Liewe Kollegas

Aan die begin van elke jaar hou ons altyd ŉ funksie vir personeel met hulle gesinne /geselle sodat ons mekaar beter kan leer ken. Dis altyd ŉ baie gesellige byeenkoms en vind op ŉ Saterdagaand plaas by die pragtige Uitspanterrein van UP. Verlede jaar was die skaapbraai ŉ baie groot sukses.

Ons betrek graag al ons nuwe lede by hierdie gesellígheid en natuurlik verkieslik ook al die ander personeel. Persone wat lanklaas so ŉ funksie bygewoon het kan gerus kom. Dis ŉ genotvolle aand en u leer ook ŉ ander sy van u kollegas ken wat net tot beter betrekkinge kan lei.

Dis ŉ informele byeenkoms en u kan ook van u vriende saambring DV op SATERDAG 14 MAART 1987 OM 17H30 (5.30). Ons beplan ŉ heerlike potjiekos-geleentheid of ŉ Sjinese braai. Al wat u moet bring is eetgerei dit wil sê borde, messe, vurke, lepels, koppies, glase en u eie drank (wyn of bier) of koeldrank. Die koste beloop R6-50 per persoon en R2-50 vir voorskoolse kinders.

Gee asseblief u name en geld aan u sosiale komiteelid - nie later nie as Vrydag 27 Februarie 1987. As u ŉ alleenloper is en nie graag iemand wil saambring nie, wees verseker dat u baie welkom is om alleen te kom. Daar is baie van ons personeel wat in die verlede alleen gekom het en dan baie lekker inskakel by die res. Ek kan u verseker dat dit ŉ baie genotvolle saamkuier is.

Ons weet dat u die goeie gesindheid wil voortsit wat u beleef het met ons afsluitingsfunksie verlede November en daarom is u teenwoordigheid ŉ absolute MOET.

Vriendelike groete

BOKKIE MALAN

## MIKROGOLFOOND

Na sorgvuldige oorweging en versoeke uit alle oorde het ek die vrymoedigheid geneem om ŉ mikrogolfoond te koop vir die gebruik van ons Biblioteek Personeel.

Veral gedurende die wintermaande is dit ŉ voorreg om u middag- of aandete binne een minuut te kan opwarm.

Ons gebruik dit reeds met goeie gevolg op Woensdae en vir ons talle ander funksies gedurende die jaar sal dit ŉ wonderlike hulpmiddel wees.

Diegene wat nie self ŉ mikrogolfoond tuis het nie, sal ek met graagte ŉ demonstrasie gee. Aangesien almal een of ander tyd die voordeel hiervan sal geniet, vra ek ŉ eenmalige bydrae van elke personeellid van R4. U Sosiale Komiteelid sal u in die verband nader.

Byvoorbaat dankie vir u samewerking en goeie gesindheid.

BOKKIE MALAN



**KOM VERSEKER SODAT ONS LEKKERRR SAAM KAN KUIER!**



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## SOSIALE KLUB

U is almal bewus daarvan dat ons sosiale klub se ledegeld R7 per maand beloop. U is ook almal bewus daarvan dat die koste van verbruikersitems gedurig styg.

Ons wil nie graag die ledegeld verhoog nie, maar ons moet op elke lid kan staatmaak om ons hiermee te help.

Die koppies, pierings, bordjies en teelepels is items wat gedurig uit die teekamer verdwyn, en as hierdie items aangevul moet word, is dit u teegeld wat daarvoor betaal. Ons het nie ander fondse daarvoor nie.

Ek doen dus 'n vriendelike, dog dringende beroep op u om nie van genoemde artikels uit die teekamer te verwyder nie. U kan dit slegs doen met toestemming van my.

Baie dankie vir u samewerking.

BOKKIE MALAN

## SOSIALE KOMITEE 1987

Mev Bokkie Malan (Bestuurder) - Personeelskakeling

Mev Magda Uys (Voorsitter) - Boekontvangs

Mev Cathy Gainsford (Drukwerk) - Bindery

Mev Elsa Keyter (Melk) - Makro-ontsluiting

Mev Christa Strydom (Tesourie) - Voorontsluiting

Mev Doris Botha (Sekretaresse) - Vlak 1 & 2 (Tiksters & Finansiële Administrasie)

Mev Hannetjie v d Westhuizen (Lief & Leed) - Vlak 3

Mej Estrellita Weyers - (vlak 4)
* (Vlak 4) Vlak 5
* (sy werk op vlak 5 en behartig vlak 4 se sake in 1987)

Mev Dalène Stephens (Takbiblioteke) - Vlak 5

Mev Ansie Watkins (Nuwe Personeel) - Vlak 6

**ONTHOU: 14 FEBRUARIE IS VALENTYNSDAG**

## PERSONEELVERSKUIWINGS

| | VANAF | NA |
|---|---|---|
| Mej Ina Boon | IBL | Toonbank |
| Mev Celeste Blaauw | IBL | Boekontvangs |
| Mev Pepsi Nel | Toonbank | Algemene Inligting |
| Mev Louise Mayer | Boekontvangs | IBL |
| Mej Estrellita Weyers | Navorsing | Inligtingsdiens (5de vlak) |
| Mev Elsa Roos | Toonbank | Algemene Administrasie |
| Mev Gerna Meyer | Inligtingsdiens | Voorontsluiting |
| Mev Mala Mouton | Inligtingsdiens | Voorontsluiting |
| Mej Susan Scholtz | Makro-ontsluiting | Inligtingsdiens (5de vlak) |
| Mnr Lappies Labuschagne | Inligtingsdiens | Voorontsluiting |
| Mnr Mike Volschenk | Dobis/Libis | Toonbank |



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019


| | | |
|---|---|---|
| Mev Bokkie Malan | Algemene Inligting | Personeelskakeling |
| Mev Daléne Stephens | Africana | Inligtingsdiens |
| Mev Elma Kock | Toonbank | Africana |
| Mev Ray Smithers | Word ook Onderhoof by Dokumentlewering (Is hoof van GSV). | |
| Mnr Louis Botha | Word ook Hoof van Toonbank (Bly by Dobis/Libis). | |

## BEVORDERINGS

| | VANAF | NA |
|---|---|---|
| Mej Gerda Pretorius | Biblioteekassistente | Junior Bibliotekaresse |
| Mev Erna Meyer | Biblioteekassistente | Junior Bibliotekaresse |
| Mev Mala Mouton | Biblioteekassistent | Junior Bibliotekaresse |

Aan al hierdie persone baie hartlik geluk.

HULLE Sê: Daar is net sommige van ons wat kan leer uit die foute van ander. Die res van ons IS die ander.



**Goeie nuus, Pieterse ... die rekenaar sê dat jy 'n tafel mag kry!**

## JONA EN DIE BABER

Onvoorwaardelik. Volgens die woordeboek beteken hierdie woord: "sonder beperking of voorwaardes". Hoe wonderlik as dit ten opsigte van die geloofslewe gebruik kan word. Dit sou as't ware kon beteken: "vrye teuels aan jou geloof gee".

Lees maar die volgende uittreksels uit 'n klompie skoolopstelle, en bepaal self of die "onvoorwaardelikheid" nie sterker word as verbale of redenasievermoë nie, selfs as logika.

'PAA LUIS'

"Moses bly in die paa luis. Hy eet elke dag lekers en fluis. Hy ry rond in die farro se pere en poets. Moses wil nie sam die anerse speel nie want hy is 'n prinses. In die dag het Moses moord gepleeg en in die nag brand hy hyse af."

"Moses loop in Betluhem rond en hy sien 'n aagupteman slaan 'n asraliet. Hulle gooi klip. Toe sê die een vir Moses: meen jy ek is daai dusiepel wat jy in die sand gegrawe het. Ek is nie daai koning nie. Toe skruk Moses en hy flig na Juroetsalem. Hy hol rof want die farro blo hom."

Dis waar, die feitelike korrektheid moet 'n bietjie terugstaan voor die pit van onvoorwaardelikheid - maar grawe geloof nou juis na feite?

Hierdie selfde Moses se toorn ontbrand kennelik toe hy afkom op die swoele, sinnelike geswelg aan die voet van Sinaï: "Die volk het om 'n arend" (Aäron) "gaan staan en gesê: Dit smaak my Moses kom nie trig nie. Hy't gevergeert van ons. Toe sê 'n arend: rik alle eeriengs en oorkrawels van die hele vrouens af. Hy mak 'n goue kalf van silwer. Die volk sê: ons moet in sonde faal toe faal hulle in sonde. Hulle het vlys gebraai en gemors. Wat Moses van die berg af kom, word hy so kwat laat hy die klip taaifil breek skop met die tien desiepels daarop. Hy vat daai kalf en hy het hom geversyp en afgeslaag. Toe frumel Moses die kalf. Moses het die goue gemaalde kalf in die water kom gegooi. Die water ryk skoon gal. 3000 mense het gedood van daai water".



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

RUT

Kom Rut se aankleef van haar skoonmoeder nie ten volle tot sy reg in die volgende uitspraak nie? "As u my vertoef dan gaan ek hom vertoef. En as jy my versuim sal ek jou versuip. Waar u gaan sal ek tekere gaan. Toe sê die mense: Is dit Naa oomie toe sê sy: Moenie vir my oompie roep nie, want ek het sleg gebly."

G'n wonder die koning het vir Ester "daai tyd meerdr gelaaik as al die anerse" nie, want luister net na haar skoonheidskuur: "Hulle het vir haar swart oohe gemaak en lupaais gesmeer dat haar lupe nie moet skirf is nie en gesent en gebodiemas" (Body Mist). "Hulle smeer haar gesig kriem en blou boter en swart balsem en pruie soos kaneel en borrie." Onvoorwaardelikheid?

Jona: "Jona moet vir daai vullistuine gaan gepreek het want hulle was nie bietjie rof nie. Maar Jona het weg gehol en 'n skip op die see kom gekry. 'n Winswerm het oor die see gevaar toe wil die skip nie suil nie. Die matrose gooi die daais. Toe sê Jona: ek is 'n fariseër, gooi my in die see. Jona trap op die baber se stert en die baber sluk vir Nivivee in. Jona blui driehonert dae en drie nagte in die fus se bek. Hy wort nie sleg in die fus se binneverwante nie. Die fus het toe vir Jona yt gespieg. Hy verkondig die hem van gielie af in Ninivee. Hy het haart geskrou: bakeer julle, die staat se verwoes is oor veertig jaar. Toe gaan sit die koning op die aas en hy sê nieman mag 'n dingetjie proe of lek nie. Hulle het vir hulle baaie gebukeur en hulle is kom gespar. Mar Jona wil hierdie mense doodgestraaf hê. Hy loop slaan vir hom 'n sinkie op vir skylte."

Maar genoeg oor Jona en al die ander geloofshelde. Een ding is seker: Die kinders wat in Jesus se arms gestaan en sagweg met Hom gepraat het, se woorde was stellig nie sintakties korrek, foneties gerond, semanties samehangend nie. Toe Hy dan verklaar dat, wie die koninkryk van God nie soos 'n kind ontvang nie, daar nooit sal ingaan nie - het Hy miskien gepraat van ... onvoorwaardelikheid?

ENGELA LINDE, POTCHEFSTROOM

Bron: Die Kerkbode 14 Januarie 1987

Ingestuur deur PEPSI NEL, Toonbank.

IN EN OM MERENSKY ...

3 Februarie

a) Opening van koshuise vir ander studente
b) Inskrywing: Alle ander binnemuurse voorgraadse studente wat probleme met die samestelling van leergange het: 09h00 (verskeie lokale)

4 Februarie

Aanvang van lesings

DOBIS/LIBIS Bestuursvergadering 13h30

6 Februarie

Akademiese Wydingsdiens 08h15

Teedrinkgeselligheid ter viering van die Universiteit se verjaardag 10h00 - 11h00

17 Februarie

Jaarlikse skakeling tussen Topbestuur van die Biblioteekdiens en Departement Biblioteek- en Inligtingkunde in die vorm van 'n skemerkelkie

MUSIEK

12 Februarie

Etensuurkonsert 13h10
Musaion
Anneke van Heerden (klavier)

19 Februarie

Etensuurkonsert 13h10
Musaion
John Hinch (fluit)
Abri Jordaan (klassieke kitaar)

Drama

26 Februarie

Die Masker 20h00
PANPAGLEIZE (A de Gelderode: vertaal deur Liz Meiring) Honneursstudenteproduksie



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019




## GOUE GEDAGTES ...

RECIPE FOR LUCK

Keep your heart free from hate, keep your mind free from worry, give much, fill your life with love, forget yourself, think of others, scatter sunshine!!

SUSAN OLIVIER

DANKIE VADER

Dankie liewe Heer vir 'n nag sonder vrees,
dankie vir genesing na liggaam en gees.
Dankie liewe Heer vir die nuwe dag,
dankie vir heerlike nuwe liggaamskrag.
U skenk entoesiasme vir my werk,
met moed en ywer om my te versterk.

Dankie liewe Heer vir die skone dag.
U liefde omvou my soos die blommeprag.
Die vreugde van sonskyn en arbeidsgenot,
beloftes van vriendskap soos bome wat bot,
laat die dank aan God in my hart opbruis.
Ek is goed versorg in my Vader se huis.

Laat middag sien ek die skoonste skildery:
berge geskilder deur my Skepper vir my
in alle skakerings van rooi, pers en blou-
'n doek wat daarbo voor my oë oopvou.
Rustig is die skemer met heimwee belaai
soos die koel aandwind wat blommegeur saai.

Oom Andries
Bron: Daelikse Woord
September 1974

SUSAN OLIVIER

---


"Maybe we cannot do otherwise, maybe we have to choose to be nothing or play what we are. It would be dreadful, he thought, we would be fakes by nature."

Satre, Les Chemins de la Liberté p. 178.

---



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019




**VERJAARSDAE**

FEBRUARIE

7 Mej Magriet Lee (Medies)
8 Mej Susan Scholtz (Makro-ontsluiting)
14 Prof E Gerryts (Direkteur)
Mej T Heckroodt (5de vlak)
18 Mev Ray Smithers (GSV)
19 Mev Bella Odendaal (5de vlak)
21 Mev Susan Olivier (Tiksters)
28 Mej Gertrud Meyer (Makro-ontsluiting)

## GELUKWENSE

Baie geluk aan die volgende personeel wat in Desembermaand getroud is:

Tinkie Mulder (Tiksters) met Jacques Botha.
Dirk Bezuidenhout (Regte) met Greta Nel.
Magda Celliers (Boekontvangste) met Andreas Uys
Johan Botha (Toonbank) met Marina Joubert.

Aan Yzelle Nelson en Gideon Roets sê ons baie geluk met hul verlowing.

**ONTHOU: 14 FEBRUARIE IS VALENTYNSDAG**

## EN SO VERTEL ...

## ASEMSKEP, JOLLIE PATROLLIE EN AFSAAL

(met deernis vir diegene wat voel of hulle nóóit weg was nie)

Ek hou van strandhuisname hoewel my eie huis naamloos is. Hulle sê iets van ons versugting na ʼn eenvoudiger, rustiger en plesieriger lewe.

Neem nou byvoorbeeld AFSAAL. Dis duidelik ʼn naam aan die einde van ʼn lang reis. Dis ʼn by voorbaat-erkenning daarvan dat ʼn mens moeg is en desnoods baie gevare en ellendes op die pad getrotseer het. Dis ʼn uitnodiging tot rus en laatslaap, niksdoen en losloop en sommer net maak wat jy wil. Dit sê: "Welkom hier!" En gewoonlik kan jy afsaal op ʼn plek waar daar mooi bome en ʼn watertjie is, byna asof die droogte nooit tot daar kom nie.

AFSAAL beteken ook dat jy jou ysterperd nou onder ʼn boom kan staanmaak en hom geen petrol hoef te voer nie. Want vakansie is mos die tyd van lang wandelinge en staptogte en draf. Dis die tyd om weer die hare-in-die-wind gevoel van ʼn fiets te kry en om nuwe beweegmiddels soos bote en seilplanke te beproef.

AFSAAL beteken gelukkig ook dat ʼn mens nie met ʼn meubelwa gaan vertrek nie. Dus kan jy nou ʼn tyd lank rus van besittings vergader en in stand hou. En omdat daar nie elektrisiteit is nie, is jy ook nie die slaaf van stowe en stofsuiers, wasmasjiene en strykysters nie. Wat meer is, dit plaas jou gelukkig ook buite bereik van die televisie. Dus kan jy ʼn tyd lank in egte volstruisstyl vergeet van sanksies en boikotte en onluste en jou verbeel dat die lewe eenvoudig is en dat nuus te make het met iets goeds.

Jy's ook nie uitgelewer aan die geselskap van McGiver en Sjaka nie, maar kan weer ʼn slag met regte mense gesels. En jy kan enige tyd by hulle inval en hulle koffie en wyn drink. En jy hoef nie eens ʼn afspraak te maak nie, want hulle het net soos jy nie ʼn telefoon nie. En jy kan grappe vertel en veerpyltjies gooi en kitaar speel en liedjies sing tot laat-



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

aand want niemand weet dat dit laat is en tyd is om moeg te voel nie.

AFSAAL is genadiglik ook ver van winkelsentrums en supermarkte. Jou kopery word gevolglik weer aangepas by werklike behoeftes: melk vir ontbyt en vis om vanaand te braai, kaneel vir die pannekoek wat jy nou wil bak en koue koeldrank as jy warm gestap is. En omdat jy sonder lysies en sakrekenaars winkel toe gaan en met die winkelier gesels, is dit ook kompleet of inflasie daar nie so 'n ernstige bedreiging is nie.

As 'n mens behoorlik afgesaal het, is jy ook gewoonlik nie weer haastig op pad nie. Jy kan soggens tydsaam koffie drink terwyl jy die voëltjies dophou. Op die warmte van die middag het jy al die vryheid om boeke te lees in plaas daarvan om daarmee te werk. Met skemeraand móét jy rustig wag vir die hadidas om verbygevlieg te kom voordat jy kan dink aan kosmaak, en laataand by kerslig kan 'n mens in elk geval nie werk nie.

AFSAAL is ook 'n plek van terugkyk en nuwe voornemens. Jy besef weereens wat 'n geweldige voorreg dit is om in 'n land van woningnood 'n tweede huis te hê: om nog 'n stukkie van ons mooi land te kan besit en lief hê, om geliefdes te kan hê met wie jy dit kan deel en om die geld, gesondheid en vrede te hê om dit te kan geniet. En hoewel jou Nuwejaarsvoornemens meestal getuig van jou gebrek aan selfdissipline, gee dit jou tog 'n tydjie lank die gevoel dat jy volkome in beheer is van jou eie lewe.

MONICA HAMMES

---

## NAGUILE EN OGGENDMOSSIES

Een van die groot waarhede wat ek in my lewe geleer het, is dat mense nie soos boeke is nie. Jy kan hulle nie katalogiseer, klassifiseer, 'n onderwerp toeken, en êrens op 'n rak plaas nie. As jy elkeen se eendersheid van sy andersheid geskei het, is hy skoon weg; met ander woorde - as jy van hom 'n boek gaan maak, mag hy dalk drie nommers voor die punt in sy klasnommer hê, maar soveel agterna dat jy hom nooit sal kan wegpak, of weer kan opspoor nie. Maar mense het tog karaktertrekke wat universeel is.

'n Mens kry opgaarders en wegsmyters; jy kry toetrekkers en oopgooiers - en jy kry naguile en oggendmossies. Naguile kan tot vroeg in die oggendure die lewe volhand aanvat, maar soggens as die son sy kop uitsteek, trek hulle liewer kop toe - en knip 'n tweede uiltjie. Die oggendmossie weet al van vroeg in sy lewe af dat enige program na die nuus op TV 'n risiko is, maar predik gereeld aan hul uil-broers dat oggendstond goud in die mond het en dat die vroeë voël die wurm kry. (Eet mossies wurms? - en as die wurm dalk bietjie later gelê het, was hy nie voëlkos nie!)

Vroeg in jou lewe - gewoonlik kort nadat jy skool toe is, weet jy waar jou sterkpunte en swakpunte lê - vroeg soggens, of laat saans. Dat ek 'n naguil is, afstammende van twee oggendmossies, klink half onmoontlik, maar dit werk tog so. Toe my ma een aand raas omdat ek na slaaptyd-virkinders onder die bed nes gemaak het, die deken voor afgetrek het sodat die lig nie sigbaar is nie, en flits in die hand, gelê en lees het, totdat ek betrap is, het ouma dadelik gekeer en gesê Ma het dit in haar jong dae met 'n kers gedoen, en dit is baie gevaarliker.

'n Naguil sê nooit "Ek sal môre-oggend voor skool, klas of werk nog gou my tas pak, 'n lesing of twee voor 'n toets deurgaan, of môremiddag se toebroodjies maak", nie - want jy sal nie. Wat vanaand nie klaar kom nie, gaan definitief môre êrens op 'n stadium op 'n katastrofe uitloop. As jy nog iets in jou kop moet kry, terwyl nog net die mossies wakker is, en jy met Boerneef se "doodsvlies oor my oë" sit, kan geen woord vassteek nie, want al waaraan jy dink is hierdie Groot Slaap wat oor jou hang.

Gedurende my universiteitsjare het ek vir drie jaar 'n kamer met 'n oggendmossie gedeel. Die hegte vriendskap wat in die kwartaal gevorm is, het hier teen eksamentyd heelpartykeer op dun ys geskaats. As sy teen vroegaand die boeke nadertrek, kon ek aan honderd-en-tien dinge dink wat ek eerder sal wil doen, en buitendien het woorde daardie tyd van die aand teen my voorkop vasgeslaan. As sy teen tien-uur katel se kant toe begin staan, skuif ek agter my lessenaar in.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019


Tussen twee en drie soggens het ek gewoonlik besluit dat ek nou genoeg weet vir die volgende dag - en dan het sy opgestaan vir die tweede skof. Teen die einde van die eksamen was ons rooi-oog, fisies gedaan, en ons nerwe baie dun geskuur, want vir minstens ŉ week of twee was ons albei byna voltyds aan lig blootgestel, en het ons weinig slaap gehad. Die feit dat ons na elke eksamen weer ŉ nag mank kon kuier, en na tien jaar nog vriende is, sê veel.

Tydens ŉ seevakansie saam met vriende ŉ paar jaar gelede, het hulle twee dogtertjies my een oggend voor sewe kom uitskud om te kom ontbyt gee, want hulle was honger. Direkte nasate van hulle oggendmossie-pa, wat vroeg-vroeg al rotse toe is, het die twee al ŉ goeie uur se speel al agter die rug gehad, en verveling en honger het gemaak dat hulle in die tot-nog-toe dooie huis iemand gesoek het wat kan kos gee. "Gaan vra vir Mamma", het ek gesê en my kop ŉ slag toegetrek. Die oudste een, toe vyf jaar oud, het moedeloos gesug en gesê, "Dit sal niks help nie, sy slaap nog te hard, sy sal niks hoor nie." Nodeloos om te sê, ek het maar opgestaan en gaan kos gee.

Tydens die besoek van ŉ gasdosent uit Engeland ŉ jaar of wat gelede, het die man op ŉ stadium opgemerk dat ons op heeltemal ongehoorde tye soggens opstaan. Sy kommentaar dat hy hier tye op sy horlosie gesien het wat hy nie eers geweet het bestaan nie, het heelwat positiewe meelewing uit die gehoor gelok.


As ek soggens deel word van die oggendverkeer, en mens kan die vaak so in die helfte van die bevolking se oë lees, dan wonder ek soms of die oggendmossie wat aan bewind gekom het in die tyd toe lampe en kerse die enigste vorm van beligting was, en meer as die helfte van die bevolking boere was, nie intussen ŉ minderheidsregering geword het nie, en dat die naguile maar in die jare die swygende meerderheid geword het. Miskien sal ŉ referendum oor opstaantyd dalk ŉ openbaring tot gevolg hê ....

MAGRIET LEE



## WINDOWS

### THE IMPORTANCE OF WINDOWS



"These windowless factories give me claustrophobia ..."

"To work in this particular office is not stimulating, and so things here are depressing. One has to work at maintaining feelings in spite of grey walls and neon lights. I go upstairs to use the bathroom and then I get to look outside."

"The lack of windows creates more tension. It is relaxing to look out a window for a few seconds. Artificial light, no matter how good, is less good than natural light."

"I get claustrophobia, I need to get out to see sunshine. I am depressed and go out whenever possible."

**SüNDSTROM, E D Work Places : the psychology of the physical environment in offices and factories**



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## BIBFLITSE

## KULTUURHISTORIESE INSTITUUT

### NIKS NUUT ONDER DIE SON NIE

Rooi vleis veroorsaak hartsiektes, dierevette bevorder trombose, eet baie lemoene om verkoues te voorkom. Hierdie en baie ander instruksies oor wat ons moet eet en drink het deel van ons daaglikse lewe geword. Dit is egter nie 'n nuwe verskynsel nie. In 1683 het Stephanus Blankaart, Medicinae Doctor en Praktizijn tot Amsterdam 'n boekie laat verskyn met die titel: "De Borgerlyke Tafel, om lang gesond sonder ziekten te leven." Die opdrag voor in die boekie lui soos volg:
Wagt u van koud, van zuur en zout
Dat is u goed, gesond, behoud."
Dit was vir my heel interessant om kennis te maak met die opvattinge van ons Praktisyn. Brood is, volgens hom, die voortreflikste voedsel. Asyn by slaai is uit die bose: "Salade moet bereiden word met goede witte olie en weinig zout." Rape en beet vind hy wel goed vir ons, maar uie, knoffel en preie word ten sterkste verbied. By appels kry ons die volgende opmerking: "de zure zijn minder goed dan de zoete." "Druiwe zijn beslist niet goed voor uw bloed." Botter en olie is baie gesond.

Vir sout, asyn en suurlemoensap het hy geen goeie woord gehad nie. Alles wat suur is, is ongesond: "Souten, zuir krenkt de natuur." Vleis is gesond, veral gebraaide vleis: "eet u daar gerust veel van." Aspersies moet elke dag geëet word want dit is "sonderling goed". Pluimvee is ook nie skadelik vir die gesondheid nie.

Dit lyk egter nie asof die algemene publiek hulle veel gesteur het aan die geleerde dokter se advies nie. Ek het vlugtig deur 'n paar ou Hollandse kookboeke geblaai en by al die slaairesepte word asyn mildelik gebruik. Hierdie ou resepte is werklik interessant. Vir die voortvarendes plaas ek hier een van die resepte:

<u>Om een Hoen met Rijs te stoven</u>

Naer't Hoen in de stoof-panne half-gaer gekoockt is, doet men daer Rijs by met Foelie en wat Peper, en bykans gaer zijnde doet men daer schijven van soute Lamoenen en Boter by. Lamoenen zijn een variëteit van de Citroen. Neemt geschilde Gember, Safferaan, Roosmareyn en Peterselie-Wortels en laat 't soo t'samen gaar gestooft zijnde, neem de Lamoenen uyt en diste op.

Gesondheid in die rondheid!

JO BREED

Bron:- Forbes, W A
De Oudhollandse Keuken, Van Dishoeck, Bussem. (s.j.)

---

### VOORONTSLUITING

Na 'n heerlike - maar in sommige gevalle te kort - vakansie, het almal bruingebrand en uitgerus teruggekom. Sommige het maar tuis vakansie gehou, terwyl ander gelukkiger was om die vlerke so 'n bietjie te kon sprei. Nou is almal weer hard aan die werk. WERK ja!! Daarvan is daar baie.

Alhoewel bestellings eers vanaf begin Februarie geplaas word, het ons Voorontsluiters genoeg om ons mee besig te hou. Gedurende die vakansie het nuwe boeke opgehoop, dus is daar nou baie wat gekatalogiseer moet word. Vanaf middel Januarie doen ons ook kruiskontrole van die katalogisering. Tussendeur is rakkontrole gedoen en in samewerking met Makro-ontsluiting word korreksies van Dobis se titelleêr gedoen. Titels wat met syfers begin, word nou so ingevoer wat voorheen nie die geval was nie en waar AACR II vierkantige hakies versoek, word die nou vervang met skerp hakies. Tesisse wat in Africana gehuisves word, is reeds klaar gekatalogiseer. Hoog op die prioriteitslys nou, is die tesisse vir die ooprak en die microfiches vir Africana.

Fondse vir 1987 is alreeds toegeken en op Dobis ingevoer.

Voorontsluiting wens al die Merenskypersoneel 'n voorspoedige werksjaar toe.

INA ENGELBRECHT

---



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## MAKRO-ONTSLUITING

Ons staan aan die begin van 'n nuwe jaar met groot uitdagings, verwikkelinge en verskuiwings in ons afdeling.

Susan Scholtz verlaat ons afdeling na vier jaar. Ons wens haar alles van die beste toe in haar nuwe pos. Groot was ons vreugde toe ons hoor dat Miemie Vink ons nuwe hoof gaan wees. Ons "eie mense" is darem baie beter, ons is soos een groot familie.

Verlowings het ook nie agterweë gebly nie. Yzelle het ons amper "verblind" met die blink klippie aan haar vinger. Aan Yzelle en Gideon ons beste wense.

Makro-ontsluiting werk nog volstoom aan die RGN-projek. Een van die ander addisionele take wat ons egter almal in Merensky moet verrig is rakkontrole. Baie van die personeellede vind dit nie baie "opwindend" nie. Daar is egter 'n "skatkis onder die stof!". 'n Mens besef opnuut die waarde van boeke wanneer jy hulle hanteer. Ek wil graag 'n aanhaling gee uit 'n brief wat 'n Singalese vrou aan haar vriendin geskryf het, nadat hulle die voorreg geniet het om te studeer.

> "The power of books, this marvellous invention of astute human intelligence. Various signs associated with sound: different sounds that form the word. Juxtaposition of words from which springs the idea, Thought, History, Science, Life. Sole instrument of interrelationships and of culture, unparalleled means of giving and receiving. Books knit generations together in the same continuing effort that leads to progress. They enabled you to better yourself."

HANNIE BEZUIDENHOUT

Bron: Bâ, M. So long a letter. London: Heinemann, 1984.

## TIKSTERS



Hoe heerlik is dit nie om weer voltallig te wees nie. Susan is terug van haar vakansie by Umhlanga Rocks en Tinkie van haar "heuningmaan". Hoe het ek julle nie beny nie? Maar daar word mos gesê: "Wie die laaste lag, lag die lekkerste". Ek gaan oor drie weke Scottsburgh toe.

Ons wil vir Salomie baie welkom sê by ons. Ons hoop sy gaan die tyd by ons baie geniet. Van die van julle wat nie weet nie. Sy is 'n bobaaskok en kan enige seer reg dokter.

Desembermaand was dit maar baie alleen, met Susan en Tinkie wat weg was met vakansie. Gelukkig was die studente, Madeleine, Jan, Ernest en Jacques hier om die omgewing op te vrolik en as iemand gedink het 'n mens kan nie vinnig tik met een vinger nie, dan maak julle 'n groot fout. Selfs die "tape" kon nie byhou nie.

************

Almal van julle wat vir Alida Murray geken het; ek het 'n poskaart van haar ontvang. Sy wens al die bekendes 'n voorspoedige 1987 toe. Sy sê dit gaan baie dol met haar en dit is baie koud. Sy sukkel net om gewoond te raak aan die kort dae. Dit word 8h00 lig en 16h00 weer donker. Sy bly in 'n woonstel en geniet die moltreinritte na haar werk toe baie. Indien iemand dalk aan haar wil skryf. Haar adres is:

Mej A C Murray
0581
S A Ambassade Londen
Departement van Buitelandse Sake
Privaatsak X152
PRETORIA
0001

ANNEMARIE PIENAAR



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## MEDIES

Om ŉ nuwe jaar te begin met ŉ vol span, is deesdae ŉ voorreg wat ŉ mens nie te gering kan skat nie, en behalwe vir Danie Veldsman wat nog twee weke in Port Elizabeth se golwe baljaar het, was almal man en muis terug aan die begin van Januarie. Toe die eerste gebruiker saam met my om 07h20 daardie eerste werksdag hier instap, het ek sommer geweet dat die jaar begin het.

Intussen het Danie toe darem sy opwagting gemaak, al blaffende in simpatie met sy spruite se kinkhoes. Sy bedekte waarskuwing dat hy eintlik baie siek is, en eintlik vier weke af moet wees, het nie veel reaksie uitgelok nie. Sedert twee jaar gelede toe Stella met Duitse Masels onder lede die nuwe jaar moes begin, en toe dringend tuis moes bly vanweë die ginekoloë en aspirant-mammas wat elke dag hier in en uit waai, skrik ons nie meer nie.

Sannie Hattingh het hier voor Kersfees ŉ draai in die Kaap gaan maak, hoofsaaklik vir haar spruit se gradeplegtigheid op Stellenbosch. Sy kan sommer nog spesiaal trots wees, want haar seun was die enigste student in sy klas wat ŉ baie moeilike vak geslaag het.

Sophia het besluit dat Januarie se skok net met ŉ vakansie verwerk kan word, en is al weer op pad see toe. Sy het skaars haar tasse uitgepak van haar Windhoekvakansie, toe pak sy alweer in om Knysna toe te gaan. Sophia, geniet dit, want jy gaan dit nodig hê as jy terugkom.

Clarisse se Groot Woonstelkoop vorder nou so vinnig dat sy self nie by kan bly nie. Dit was skaars ŉ paar weke gelede toe sy nog al wat ŉ agent (en kollega) skoon op hol gehad het oor die Volmaakte Blyplek, en toe sy hom eers kry, loop sake so vinnig dat sy nou permanent aan die draf is tussen die bank, bouvereniging en prokureurs. Dit lyk my die daknatmaak is nie te ver in die toekoms nie!

Vir Anita Lochner wil ons baie geluk sê met haar eksamenuitslae. Om so tussen die werk deur haar vakke by Unisa suksesvol af te handel, wil gedoen wees, en om in 1987 nog ŉ groter hap af te hap, spreek van moed. Alle sukses, Anita!

Vir Magriet Engelbrecht by Klinikala wat byna al die plae van Egipteland gedurende die vakansie moes beleef, alle sterkte. Ons hoop die skade aan julle huis en meubels kan gou herstel word; gelukkig het al die ongelukke in 1986 gebeur - 1987 kan net beter wees.

Aan al ons ander kollegas - alles wat mooi is vir die jaar, en mag die nuwe dae net vol goeie dinge wees.

MAGRIET LEE

---

## VEEARTSENYKUNDE



Einde Desember 1986 het Lilly Hornsveld ons verlaat om na Suidwes te verhuis. Ons sal die lekker saamwerk en veral die lekker saamlag baie mis! Ons wens Lilly alles wat mooi is toe vir die toekoms.

Die nuwe gesiggie (en wat Merensky en takke betref, die nuwe stem) by VET is dié van Mev Ida Thompson. Ida is Afrikaans, haar man Engels wat lei tot ŉ tweetaligheid wat goed hier op Onderstepoort benut word. Haar liefde en kennis van plante gaan ons ook goed benut met die versiering van ons nuwe biblioteek!

ERICA VAN DER WESTHUIZEN



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## NUWEJAAR BY TYDSKRIFTE

Vanjaar was ons hierdie situasie gespaar danksy die hulp van ons studente:



Madeleine van der Merwe
Hilda Finger
Jan Pienaar
Jacques Malan
Ernest Haarhoff

Baie dankie vir julle hulp en voorspoed met die nuwe studiejaar!




## V L A K 5

Op vlak 5 beleef ons tans baie woelinge en wisselinge. Ons het afskeid geneem van Christine Gericke, en moet nou ook vir Rentia Pretorius groet. Rentia, ons het heerlik met jou saamgewerk en baie van jou geleer. Baie dankie vir al jou harde werk, moeite en opofferings. Ons beste wense vergesel jou elke dag wat voorlê, en ons hoop dat jou drome en ideale almal bewaarheid sal word.

Ons groet ook vir Erna Meyer en Mala Mouton wat verskuif na vlak 2. Ons gaan julle twee baie mis. Baie dankie vir die lekker saamwerk en worstel, en alle sukses en voorspoed vorentoe.

Ons wil graag vir Estrellita Weyers en Susan Scholtz hartlik verwelkom op vlak 5. Ons vertrou dat julle baie lekker hier gaan werk. Vir Dalène Stephens uit Africana sê ons baie welkom. Joriet, jou verlies is ons wins!

Met soveel veranderinge om ons heen, kan die nuwe jaar nie anders begin as op 'n stewige galop nie, en op vlak 5 sal die pas al verder die jaar in, net al hoe vinniger word!

JEANETTE MARAIS





**ONTHOU:** 14 Februarie is **VALENTYNSDAG**



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## TREFFERS

## FILMS



### "CROCODILE" DUNDEE

"Crocodile" Dundee (Paul Hogan) is 'n onverskrokke en seningtaaie krokodiljagter van Australië se ongetemde boswêreld. Wanneer hy sy bekende omgewing verlaat en in die wêreldse New York beland, land hy in tientalle skreeusnaakse situasies. Sy ongekunsteldheid en naïwiteit is deerniswekkend, want agter sy ruwe voorkoms klop 'n hart van goud.

Hierdie is 'n heerlike en humoristiese prent wat niemand behoort mis te loop nie. Jy lag werklik tot die trane loop! Gaan vergeet gerus vir 'n uur of wat van al jou bekommernisse en probleme, en geniet Crocodile Dundee se manewales. Met sy "No worries, mate!" maak hy die lewe 'n bietjie lekkerder en vroliker!

JEANETTE MARAIS

---

## ONS GROET

### RENTIA PRETORIUS

Emmarentia Petronella Wannenburg het op 1 Mei 1979 in die Tydskrifafdeling begin werk. Terselfdertyd het sy vir die HDB ingeskryf wat sy toe ook in 1980 voltooi. Na 'n tydjie in die seksie Makro-Ontsluiting is sy in 1982 oorgeplaas na die vakbibliotekarisstelsel as vakbibliotekaris vir Staatsleer en Internasionale Politiek, Geskiedenis, Argeologie en Volkekunde. Alhoewel Geskiedenis haar eerste liefde was, was sy naderhand so beïndruk met die eietydse gebeure dat sy vir 'n kursus in Staatsleer ingeskryf het, en tans reeds met haar Honneurs in Staatsleer besig is.

In Junie 1980 is sy met Wouter Pretorius getroud, 'n ingenieur by YSKOR wat soos Rentia, verdere studies as 'n stokperdjie beskou, aangesien hy tans met die MBA-kursus by UP besig is.

As mens aan Rentia dink dan kom die volgende by jou op - sy weet waarheen sy oppad is en sy staan nie langs die pad en kerm oor die opdraendes nie, sy klim in en kry dit oor.


Sy was baie pligsgetrou in haar werk en soos Anne van Zijl dit so mooi gestel het - Rentia vat nie nonsens nie.

Op die vyfde vlak gaan haar vertrek beslis 'n leemte laat, aangesien sy die hoofverantwoordelikheid vir soektogte op INEG, Datasolve en die Staatsargief gedra het.

Ons wil Rentia egter gelukwens met die vertroue wat die Departement Staatsleer in haar gestel het om haar as navorser aldaar aan te stel, en ons hoop dat sy haar ideale vir verdere studies (en ander kleiner dingetjies!) sal verwesenlik.

Baie dankie vir die lekker saamwerk Rentia - Kom weer!

ANNIE PIENAAR






Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# MERENSKY OORVAL MET GRETIGE GEBRUIKERS!





PIET DE KOCK MOET NET KEE



Gelukkig is hierdie 'n probleem wat slegs gedurende die gebruiklike eerstejaarsoriëntering opduik.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019


# A A N S T E L L I N G S



Adri de Kock - Getroud
Aangestel by: Vakbibliotekarisstelsel - Vlak 5
Vorige ondervinding:
Huishoudkunde onderwyseres
Belangstellings:
Naaldwerk en koskook



Ronell Mostert - Getroud
Aangestel by: Tydskrifte
Vorige ondervinding: Dept Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling
Belangstellings: Naaldwerk



Gaby Fischer - Getroud
Aangestel by: I B L
Vorige ondervinding: Werksaam by Transvaalse Provinsiale Biblioteekdiens en behaal terselfdertyd haar BA deur UNISA
Belangstellings: Tennis, aerobiese oefeninge en seilplankry



Ida Thomson - Getroud met een seun en een dogter
Aangestel by: Veeartsenykunde
Vorige ondervinding: Werksaam by Triangle Kwekery, daarna huisvrou
Belangstellings:
Plante en diere

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019



Salome Stolz - Getroud met twee seuns
Aangestel by: Tiksters
Vorige ondervinding: Dept Finansies (Staatsdiens), Sanlam
Belangstellings: Kook, musiek en buitelewe

Lida Strydom - Getroud
Aangestel by: Vakbibliotekarisstelsel - Vlak 5
Vorige ondervinding: Onderwyseres en bestuur eie besigheid
Belangstellings: Kanovaart en draf





Cathy Gainsford
Vier kinders
Aangestel by: Bindery
Vorige ondervinding: Bindery by Free State Litho, Bloemfontein
Belangstellings: Naaldwerk en lees

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Universiteit van Pretoria

**Biblioteekdiens**

# BIBLIKASIE

FEBRUARIE

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# I N H O U D S O P G A W E

DIE EERSTE Sê .............................................. 1

TER NAGEDAGTENIS ........................................... 2

REDAKSIONEEL ............................................... 4

BIBLIKASIE VERTEENWOORDIGERS ............................... 4

SABIPOS .................................................... 5

EN SO VERTEL ....
... WAT IS "SCHERENSCHNITT"? ............................... 6
... AS JY NIE WIL GLO NIE, VRA GERUS VIR ................... 7
... MARA Sê DANKIE ......................................... 9

TERLOOPS ................................................... 9

IN EN OM MERENSKY .......................................... 10

BIBFLITSE .................................................. 12

SANIBONA! DUMELANG! ........................................ 18

TREFFERS : FILMS ........................................... 19

RESEPTE VAN BEKENDE PERSONE ................................ 20

ONS GROET ... ....................................

BEDANKINGS

AANSTELLINGS

SOSIALE KOMITEE

BIBLIKASIE-REDAKSIE

UITSTALLING EN OORHANDIGINGS

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

HIERDIE UITGAWE VAN BIBLIKASIE WORD OPGEDRA

AS 'N HULDEBLYK AAN

PROF E M HAMMAN

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

DIE EERSTE Sê ...

## VADER VAN UP SE BIBLIOTEEKDIENS

Met prof Hamman se heengaan het UP se Biblioteekdiens sy "vader" verloor. Die Biblioteekdiens het sy huidige persoonlikheid en karakter grootliks aan prof Hamman te danke. Sy heengaan raak almal wat in die Biblioteekdiens werk en wat daagliks die voordeel van sy dienste en fasiliteite geniet. Vir my, aan wie prof Hamman destyds die verantwoordelikheid vir UP se Biblioteekdiens toevertrou het, beteken dit die verlies van iemand wat die koers van my loopbaan drasties beïnvloed het.

My verbintenis met prof Hamman dateer terug na Januarie 1971 toe ek deel kon word van prof Hamman se vernuwingsaksie vir UP. Kort na my diensaanvaarding as hoof van die Departement Biblioteekkunde het hy my versoek om voorstelle ten opsigte van regulasies- en leerplanwysiginge vir die eerste fakulteitsraadsvergadering gereed te hê. Dit het onder andere gelei tot die instelling van die vak Inligtingkunde en van die vierjarige B Bibl-graad. Ons pluk vandag nog die vrugte van sy versiendheid oor die eise waaraan biblioteek- en inligtingkundige opleiding moes voldoen!

Maar dit was veral sy siening oor die plek wat die universiteitsbiblioteek by die moderne universiteit behoort in te neem, wat binne en buite die biblioteekberoep groot agting afgedwing het. In 1974 is 'n indringende ondersoek na alle fasette van UP se biblioteek geloods. Ingrypende beleidsveranderinge is aanvaar om te verseker dat die biblioteek as 'n akademiese afdeling sy funksie as hart van die universiteit kan vervul. Akademiese status is aan die hoofskap van die biblioteek gekoppel en die pos van Direkteur (Biblioteekdiens) is ingestel. Die verwagtinge wat prof Hamman van die "nuwe" biblioteekdiens gekoester het, het my voor die grootste kruispad in my lewe geplaas. Sy ideale vir die biblioteekdiens het my uiteindelik gedwing om die "veilige vesting" van dosentwees te verlaat. Danksy prof Hamman se visie, sy simpatieke leiding, sy hardwerkendheid en toewyding aan 'n UP-ideaal het 'n nuwe biblioteekbedeling daarna vir UP aangebreek - 'n model wat later met groot sukses deur ander universiteite nagevolg is!

UP se Biblioteekdiens bring graag hulde aan hom aan wie hy sy huidige karakter en persoonlikheid te danke het. In sy toe- spraak by die ingebruikneming van die Nuwe Merenskybiblioteek op 26 Maart 1976 het prof Hamman 'n koers vir UP se Biblioteekdiens uitgespel wat elf jaar later nog ewe geldig is. Trouens, biblioteeksake wat hy daardie dag as sake vir inter-universitêre en nasionale aandag uitgespel het, geniet tans die ernstige aandag van die KUH. Sy profetiese woorde oor wat met die Ou Merensky-biblioteek behoort te gebeur, word nou in die jaar van sy heengaan bewaarheid. Sy ideale vir die vennootskap tussen bibliotekaris en dosent word vandag nog nagestreef. Sy siening dat die optimum dividend op die universiteit se belegging in sy biblioteekdiens juis in die gebruik daarvan lê, leef voort. Sy standpunt dat 'n goeie saak sy meriete met inherente lewenskrag en dinamiek moet bewys, bly deel van ons Merensky-kode. Sy wens van 26 Maart 1976, naamlik dat UP se Biblioteekdiens "veel sal bydra tot die bevordering van die akademiese welsyn van hierdie universiteit ten bate van die wetenskap, ten bate van navorsers, akademiese personeel en studente en ten bate van ons land se toekoms" bly deel van ons strewe!

Die ideale wat prof Hamman vir UP se Biblioteekdiens gestel het, leef steeds voort. Deur dít lewendig te hou, sal ons sy nagedagtenis eer. Sy uitgangspunt dat die gehalte van die biblioteek inderdaad die integriteit van die universiteit se akademiese karakter weerspieël, sal ons altyd aan die erns van ons roeping en taak herinner.

E D Gerryts
DIREKTEUR (BIBLIOTEEKDIENS)

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## TER NAGEDAGTENIS

EDUARD MUNTINGH HAMMAN is op 1 Desember 1912 gebore te Lichtenburg, Wes-Transvaal as enigste seun van wyle Johnnie (Johannes Nicolaas) Hamman en Maggie (Martha Catharina Steyn) van der Merwe.

Sy skitterende akademiese loopbaan het in die twintigerjare begin met sy laerskoolonderrig deur 'n Goewernante en van hoogtepunt tot hoogtepunt gegaan, tot die verwerwing van die Jur Docts-graad in 1936 en die LLD-graad (met lof), aan die Universiteit van Leiden in Nederland in 1938.

Deur sy uitnemende akademiese en persoonlike vermoëns het hy reeds in 1945 Professor geword, daarna Dekaan van die Fakulteit Handel en Publieke Administrasie, Hoof van die Akademiese Administrasie en Registrateur, lid van die senaat, en uiteindelik vir elf jaar Rektor van die Universiteit van Pretoria.

Benewens al die uitgebreide verantwoordelikhede, was hy ook lid van die S A Akademie en talryke komitees en statutêre liggame. Vir die reuse bydrae tot die Universiteitswese is hy tereg bekroon met twee eredoktorsgrade en 'n besondere erepenning deur die S A Akademie vir Wetenskap en Kuns.

Hy was by uitstek 'n Afrikaner uit een stuk in wie saamgevoeg was al die uitmuntende karaktereienskappe van die adel van ons volk. Met groot waardigheid en menslikheid het hy sy stempel afgedruk op die Universiteit van Pretoria.

Op 5 Januarie 1952 is hy in die huwelik bevestig met Rita (Margaretha Jacoba) de Villiers, oudste dogter van Regter en mev William de Villiers. Uit die huwelik is een dogter gebore - Minnie (Pepler de Villiers) tans getroud met Chris Gräbe). Vir sy eggenote en dogter was hy 'n liefdevolle en bedagsame eggenoot en vader wie se plek nooit gevul sal kan word nie.

As diep gelowige en kerkvaste mens het hy ook sy rol as ouderling in die kerk ver- vul en was sy hele lewe 'n getuienis tot eer van God.

Hy sal voortleef in die herinnering van almal wie se voorreg dit was om deur hierdie begenadigde mens verryk te word, en tereg onthou Prof Danie Joubert hom as 'n man wat by uitnemendheid beskik het oor "'n ingebore instelling vir feillose noukeurigheid en absolute korrektheid."





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## PROF HAMMAN OPEN DIE NUWE MERENSKY-BIBLIOTEEK




Op 26 Maart 1976 het prof Hamman die nuwe Merensky-Biblioteek geopen. Die nuutste uitbreiding was so beplan dat dit aaneen sou skakel met die uitbreiding van 1957.

Prof Hamman het in sy toespraak gesê dat dit 'n baie belangrike beginselaanbeveling was dat die Universiteitsbiblioteek die hart van die Universiteit se akademiese bedrywighede behoort uit te maak, en dat die biblioteek 'n sleutelrol speel. Die biblioteekpersoneel met hoër professionele kwalifikasies word as nie-doserende akademiese personeel beskou.

Prof Hamman het ten slotte gesê "die gebou wat in gebruik geneem word, dien as hoofsentrum van die gesentraliseerde biblioteekdiens ten behoewe van die hele Universiteit ... wys my 'n universiteit se biblioteekdiens en ek weet wat die gehalte van sy akademiese onderrig en wetenskaplike navorsing is ..."

---

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

**REDAKSIONEEL**

Hierdie uitgawe van Biblikasie word opgedra as 'n huldeblyk aan prof E M Hamman. Prof Hamman sal altyd onthou word deur die Biblioteekdiens van die Universiteit van Pretoria, omdat hy so 'n groot bydrae gelewer het tot ons ontwikkeling en vooruitgang.

In hierdie blad verskyn 'n kort uittreksel uit die toespraak wat hy gelewer het by die opening van die Nuwe Merensky-biblioteek. 'n Aanhaling van Confucius is seker nie onvanpas nie. "Die hand wat die roos gee, hou iets van die heerlike geur daarvan op homself agter".

Biblikasie het nie agterweë gebly by die tegnologiese ontwikkeling nie. Hierdie maand het ons 'n nuwe metode toegepas by die samestelling, bladuitleg en tikproses Ons dank aan Susan Olivier en haar span wat dit moontlik gemaak het.


Die hoofdoelwit van Biblikasie is om 'n blad saam te stel wat gelees word. Die sukses hang af van die bydraes wat u stuur. Ons sal weer berigte plaas oor die professionele sy van ons werk, soos Mariana Nieuwoudt se berig oor "Sabipos" getuig. Om egter balans te gee, word aan enigeen 'n geleentheid gebied om bydraes, berigte en artikels te lewer.

Lees gerus Rolf Tönsing se berig oor die "skêrsnit", en kom meer te wete oor dié kuns.

Een van ons staatmakers, Jo Breed het 'n berig geskryf oor die "grootliegstorie" wat heerlike leesstof is!

Biblikasie bly die spreekbuis van Merensky se personeel en daarom sal ons die blad se naam hoog hou. Biblikasie sal nooit roem op "die verhaal agter die nuus nie ...", want alles in Biblikasie is eersterangse nuus!

---




---

Daar is geen kitsresep vir geluk nie. Die vermoë om jou eie begeertes te beperk en jou dankbaarheid te vergroot is twee metgeselle waarmee jy ver saam kan loop.

---

**BIBLIKASIE VERTEENWOORDIGERS**

Mev Hannie Bezuidenhout - Redaktrise (Onderwerpsontsluiting)

Mev Bokkie Malan - (Subredaktrise en Tegniese Bestuurder)

Mev Elma Kock (Subredaktrise) (Vlak 5)

Mej Elna Stapelberg (Subredaktrise) (Vlak 6)

Mev Laura Pienaar (Vlak 1 & Algemene Administrasie & Geskenke)

Mev Magda Uys (Boekontvangs)
Mej Makkie Biggs (Onderwerpsontsluiting)



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Mej I Engelbrecht (Voorontsluiting)

Mev Hetta Malan (Tydskrifte & Bindery)

Mnr Mike Volschenk (Toonbank & GSV)

Mev Mara Grobbelaar (IBL)

Mev Gerda Beukes (Vlak 4)

Mev Erica van der Westhuizen (Veeartsenykunde)

Mej Martie van der Walt (Voorklinies)

Mej Magriet Lee (Medies)

Mev Magriet Engelbrecht (Kalafong)

Mev Wilma Marais (Musiek)

Mej Anne van Zijl (Landbou)

Filmresensent = Mej Jeanette Marais

Fotograwe = Johan Botha
Mike Volschenk
Louis Botha

---

## S A B I P O S

SABIPOS is die nuutste fasiliteit wat tot SABINET toegevoeg is.

### WAT IS SABIPOS?

SABIPOS, as elektroniese boodskapfasiliteit, is 'n opwindende toevoeging tot die hulpmiddele van die biblioteek- en inligtingsgemeenskap in Suider-Afrika. SABIPOS is spesifiek deur SABINET ontwerp vir gebruik deur die Suider-Afrikaanse biblioteek- en inligtingsgemeenskap in geheel, en SABIPOS is toegespits op die behoeftes van hierdie gemeenskap.

SABIPOS maak dit moontlik om boodskappe blitsvinnig tussen elektroniese "posbusse", deur middel van rekenaarterminale, te stuur. Dit werk op die beginsel van gewone geregistreerde pos; 'n boodskap word nie slegs onmiddellik afgelewer nie, maar is ook ekonomies en kan 'n groot aantal SABINET-"posbusse" of gebruikers gelyktydig bereik.

SABIPOS bied elektroniese ondersteuning vir interbiblioteekleningaanvrae om sodoende vinniger kommunikasie tussen deelnemende biblioteke moontlik te maak.

SABIPOS bied die gebruiker uitgebreide funksies vir die plaaslike bestuur en beheer van korrespondensie.

### FUNKSIES WAT DEUR SABIPOS ONDERSTEUN WORD

Die volgende SABIPOS-funksies kan gebruik word:

- Boodskapskepping en -instandhouding

  Met hierdie funksies kan die gebruiker dokumente vir interne gebruik skep of dit aan ander gebruikers stuur. 'n Eenvoudige teksredigeerfunksie is beskikbaar om 'n boodskap of dokument te redigeer of te formateer. Die dokument kan dan òf in dokumentlêers geliasseer word, òf aan ander gebruikers gestuur word, of dit kan geargiveer word.

- "Pos" van boodskappe

  Gebruikers kan 'n dokument of boodskap aan enige SABIPOS-gebruiker of groep SABIPOS-gebruikers stuur. Gebruikers kan ook hul eie poslyste vir dié doel opstel en in stand hou.


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Kennisgewingborde

Kennisgewingborde verskyn altyd op die skerm sodra 'n gebruiker op SABIPOS aanteken. Dit verskaf aan gebruikers 'n maklike manier om binne organisasies sowel as met ander groepe SABIPOS-gebruikers te kommunikeer.
Kennisgewingborde kan tot vier bladsye lank wees en kan inligting bevat oor byvoorbeeld belangrike gebeurtenisse, bekendmaking van beplande vergaderings, belangrike datums asook inligting oor ampsdraers.

BRON: SABIPOS BROSJURE

---


**EN SO VERTEL ...**

**WAT IS "SCHERENSCHNITT"?**

Direk vertaal beteken die Duitse woord "Scherenschnitt" eenvoudig "skêrsnit". Maar die kleremaakster het weinig met "Scherenschnitt" te make, want hoewel 'n skêr, en soms 'n mes, in die proses gebruik word, dui die woord op 'n kunsvorm waarin 'n skadubeeld uit swart papier gesny word en op 'n wit agtergrond geplak word. Dit wil voorkom asof hierdie kunsvorm sy oorsprong in die Nabye Ooste gehad het. Dit is veral in Persië (die huidige Iran) beoefen, terwyl dit ook reeds in 1582 in Turkye genoem word. Vanaf die 17de eeu versprei die kuns ook na Europa, waar die gebruik eers posgevat het om die kunswerk uit <u>wit</u> papier of perkament uit te sny en dit op 'n swart agtergrond te plaas. Eers vanaf die laaste deel van die 18de eeu het die snit uit <u>swart</u> papier die standaardvorm van die "Scherenschnitt" in Europa geword. Die 18de en 19de eeu kan waarskynlik as die bloeitydperk van die "skêrsnit" in Europa beskou word. Veral in Duitsland het dit gewild geword en is dit ook vandag nog redelik algemeen bekend. Dit is egter glad nie beperk tot Europa nie, en word selfs in die Verre Ooste beoefen, soos die Sjinese skêrsnit van 'n draak hieronder bewys.



'n Wye verskeidenheid van tonele kan deur middel van die "Scherenschnitt" voorgestel word: persone, plante, natuurtonele en jagtonele is oulike voorbeelde. In Duitsland is kerstonele ook gewild, soos die volgende toneel, wat ongeveer in 1974 deur Getrud Richter gesny is.






Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

ŉ Besondere vorm van die skêrsnit wat ook met Kersfees verband hou, is die sogenaamde "Transparent", wat niks met oorhoofse projektors te doen het nie!

Uit ŉ ietwat stewiger swart papier word ŉ kerstoneel gesny in die vorm van swart lyne, amper soos die kerkvensters van ou kerke met tonele uit gekleurde glas. Van agter word deursigtige papierstukkies van verskillende kleure oor die oop gedeeltes geplak. Die "Transparent" het gewoonlik 3 sye, die 2 aan die kante ietwat na agter gevou sodat dit kan staan. ŉ Kers word dan daaragter geplaas en skyn deur die gekleurde papier om ŉ helder en stralende beeld te skep.

ŉ Ander besondere vorm van die skêrsnit is die silhoeët - die profiel van ŉ persoon se kop, soos in die volgende voorbeeld gesien kan word.



Die silhoeët is vernoem na Etienne de Silhouette, die Franse minister van finansies van Lodewyk XV. Hy was blykbaar ŉ baie spaarsamige man, want hy het in plaas van die duur miniatuurportret wat mense van hulself laat maak het, die veel goedkoper silhoeët gepropageer. Met die pryse van films en foto's vandag is dit dalk iets wat ons weer behoort te ondersoek!

Skêrsnit is ŉ interessante kuns om self te beoefen. Selfs kinders, wat gewoonlik daarvan hou om met skêr en papier te werk, kan dit beoefen, soos gesien kan word uit die volgende "Scherenschnitt" deur ŉ 11-jarige.




ŉ Verdere baie nuttige aspek van die skêrsnit is dat dit met ŉ goeie kopieermasjien so maklik gedupliseer kan word. So byvoorbeeld kan ŉ mooi kerstoneel in skêrsnit in pragtige kerskaartjies omskep word, wat alle ontvangers daarvan sekerlik sal verbly.

ROLF TÖNSING

Bron: Broekhaus Enzyklopädie; 17 Auflage. Broekhaus, 1973.

---

AS JY MY NIE WIL GLO NIE, VRA GERUS VIR.....

As jy my nie wil glo nie, vra gerus vir Koos, Jan of wie ook al, is altyd die antwoord van iemand wat ŉ hoogs ongeloofwaardige storie te vertel het.

Die grootliegstorie kom van ver af, nie van Piet le Roux se plaas af nie. Vanaf die vroegste tye af was daar mense wat die waarheid gerek het. Die Griekse skrywer Lucianus (120-180 n C) se "Alèthous historiae" kan as die oudste leuenverhale op skrif beskou word. In die 10de eeu kry ons ŉ Latynse vertelling "Modus florum" wat ook ŉ groot leuen-


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

verhaal is. Die oudste bloemlesing van leuenvertellings is die Duitse "Finkenritter" uit die 16de eeu. Die 17de eeu is die tyd van Tyl Uilspieël en die Swape. Die groot spekskieter, Baron von Münchhausen, het in 1781 sy verskyning gemaak.

Hier by ons het ons ook 'n paar heerlike spekskieters gehad. Ons spekskieters is in heelparty gevalle werklike mense wie se stories opgeteken of oorvertel is. Daar is ook 'n paar "uitgedinkte" karakters. Minnie Postma het Toon Prens geskep. Sy het verskeie liegstories wat sy as kind gehoor het, verwerk en in die denkbeeldige karakter Toon Prens se mond gelê. Die skryfster het veral van stories wat Oom Duiwel Swanepoel aan haar vertel het, gebruik gemaak. T O Honiball se Oom Kaspaas is ook vir ons 'n bekende karakter. Van die lekker ou spekskieters van wie daar verhale opgeteken is, is Oom Karel (Veerkar) van der Merwe van Porterville en Oom Jan Sparriewarrie van Franschhoek. Hierdie Oom Jan het sy bynaam gekry omdat die mense gesê het hy spaar die waarheid.

As toegif vir die relaas hier bo, vertel ek vir julle 'n storie of twee.

In die Oos-Kaap het toentertyd 'n baie sterk man gewoon. As iemand hom gevra het om te beduie waar iemand woon, het hy sy eenvoorploeg met een hand opgetel en sommerso daarmee beduie. Naby Ficksburg het 'n legendariese persoon gewoon met 'n baie besondere verkyker; hy kon die verkyker op Kaapstad en Johannesburg instel en hierdie verkyker het die stede so naby gebring dat hy na die stadsorkeste se musiek kon luister.

Dan was daar nog my oupa se broer. Kyk jong, hy was so sterk dat hy 'n mudsak mielies onder elke arm gedra het en dan 'n derde sak met sy tande opgetel het, en sonder moeite daarmee huis toe geloop het, en ek moet tog vir jou sê, die lande was nie teenaan die voordeur nie.

By Brits het 'n jagter in 'n boom gespring om vir 'n gewonde renoster te vlug. Toe hy in die boom sit, sien hy 'n mamba. Hy skrik hom asvaal, spring uit die boom en beland wydsbeen op 'n leeu se rug. Boer se kind maak toe 'n plan. Hy klou aan die leeu se maanhare vas en skop ta in die ribbekas. Soos 'n wafferse resiesperd sit die leeu af na die dorp toe. In die hoofstraat slaan die leeu morsdood neer. Aan die verbaasde toeskouers sê die jagter: "So ry ek nog al julle leeus dood."

Dan is daar die storie van die tarentale. Op Greytown word hierdie storie met smaak vertel. 'n Boer was baie lus vir tarentaalvleis. Hy neem sy geweer en stap die pad af. Reg voor hom sien hy 'n tarentaal stap. Hy korrel fyn na die kop en trek die skoot af. Toe hy nader stap, was sy verbasing groot toe hy merk dat hy nege en negentig tarentale se koppe afgeskiet het. Hulle het so mooi in 'n ry in gelid geloop. Toe hy die kordaatstuk aan die predikant vertel, wou die dominee weet waarom die oom dan nie maar sê hy het honderd tarentale geskiet nie. Die oom se antwoord was toe: "Dominee, dink jy ek sal my siel vir een tarentaal verkoop?"

Nog 'n jagstorie is van die oom by Maclear wat 'n rooibok deur sy agterkloutjie en agter sy oor geskiet het. Die bok was besig om sy oor met sy agterpootjie te krap.

In die Bosveld het 'n ander jagter ook gevlug vir 'n renoster en agter 'n boom ingespring. Die renoster het op die boom afgestorm en sy horing dwarsdeur die stam gestamp. Hierdie jagter was besonder vlug van verstand. Hy het 'n klip gegryp, die horing omgeklink en daar staan die renoster toe roerloos. Die wat dit nie glo nie, kan gaan kyk, want die geraamte staan nog daar, omgeklinkte horing en al.

Hier in Suid-Afrika het ons baie sulke helde. As julle my nie glo nie, vra gerus vir.....

Groete vanuit die Instituut

JO BREED

Ontleen aan verskeie artikels uit Die Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

**MARA Sê DANKIE!**

Januarie 1986 het ek geskryf oor hoe ons met 'n ou motor, sonder sleepwaentjie Kaap toe gery het en 'ou goed' opgelaai het. Januarie 1987 kan ek skryf dat ek die Kaap vir die kraaminrigting, die sleepwaentjie wat ons wou koop vir 'n babastootwaentjie en die 'ou goed' vir 'n splinternuwe baba verruil het.


Alhoewel die geboorte van ons dogtertjie nou ook al ou nuus is, het ek eers die begin van Februarie weer kom werk. Ek wil nou graag van die geleentheid gebruik maak om deur middel van Biblikasie net weer eens baie dankie te sê aan almal hier in die biblioteek wat saam met ons so opgewonde oor die spesiale baba was.

Ek wil net weer my dank uitspreek vir al die belangstelling, goeie wense, telefoonoproepe, geskenke, kaartjies en kuiertjies wat ek ontvang het. Dit is heerlik om te ervaar dat in die gejaagde tyd waarin ons lewe, daar nog soveel mense is wat vir ander omgee.

My spesiale dank aan Joy, Christie en Denise wat my al die dae wanneer ek moedeloos was, getroos en moed ingepraat het.

Die eindproduk na twee jaar was beslis die moeite werd!

MARA GROBBELAAR



**TERLOOPS.....**

Prof E D Gerryts en Dr H de Bruin is tans uitstedig. Hulle is besig met 'n ondersoek namens die Komitee vir Universiteitshoofde.

* * * * * * * * * * * * * * *

**VERSOEK VAN REDAKSIE**

In hierdie <u>Biblikasie</u> verskyn die lys van verteenwoordigers. Die redaksie wil graag vra dat alle bydraes na die spesifieke verteenwoordigers van die afdeling gestuur sal word, wat dit dan op sy of haar beurt na die subredaktrise moet stuur.

NB: Op 14 Maart hou ons MAKIETIE - Merk die dag en maak 'n knoop in julle ore.

* * * * * * * * * * * * * * *

Teleks van Alida uit Londen.

HALLO ALMAL IN MERENSKY DIS ALIDA HIER


HOOP DIT GAAN BAIE GOED MET JULLE ALMAL EN BAIE GROETE VAN HIERDIE KANT AL IS DIT BAIE KOUD HIER GAAN DIT NOGAL NIE TE SLEG NIE.

MOOI BLY EN GENIET DIE WARM WEER

ALIDA UIT LONDEN

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## IN EN OM MERENSKY




Op 26 Maart 1987 sal die orrelis, Riaan Steyn 'n uitvoering lewer. Riaan, wat tans orrelis van die NG-gemeente Skuilkrans in Pretoria is, het 'n briljante akademiese rekord opgebou en het reeds talle gesogte toekennings en studiebeurse, onder andere die Nina Barry oorsese studiebeurs van UNISA ontvang.

Twee musiekstudente van UP, Amanda Bosch (fluit) en Annalien van den Berg (klavier) deel op 2 April 1987 die etensuurkonsert. Amanda Bosch is 'n B Mus Hons-student en studeer onder John Hinch. Annalien van den Berg, 'n tweedejaarstudent was verlede jaar 'n kategoriewenner in die ATKV Forte-kompetisie. Sy is 'n student van Marian Friedman.

### MUSIEK

Die kunstenares wat op 5 Maart 1987 in die Musaion optree, is Jeanne-Louse Malan. As altvioliste het sy onder andere reeds die volgende toekennings ontvang:
Pretorium Trust Beurse (1983-1986), naaswenner in die Sasol Musiekprys-kompetisie (1985), kategoriewenner in die ATKV Forté-kompetisie en die Oude Meester Musiekprys (1985) en wenner van die Buy-Aid Musiekbeurs van UNISA (1985). Sy is 'n B Mus Hons-student aan die Universiteit van Pretoria en studeer onder prof Alan Solomon.

Die Universiteit van Pretoria Simfonie-orkes onder leiding van Alan Solomon tree op 19 Maart 1987 op. Hierdie vooraanstaande opleidingsorkes sal bekende werke uit die orkesliteratuur uitvoer.




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

**SOSIALE KOMITEE**

<u>POTJIEKOS - 14 MAART 1987</u>


Graag herinner ons u weer aan die gesellige byeenkoms vir personeel met hulle gesinne/geselle. Die oorgrote meerderheid verkies potjiekos. U sal dit nie self hoef te doen nie - u moet net daar wees om dit te kan geniet! Besorg asseblief u name en geld by u verteenwoordiger van die Sosiale Komitee, nie later as Vrydag 6 Maart 1987 nie. KOM VERSEKER! DIS EEN VAN ONS SOSIALE HOOGTEPUNTE IN MERENSKY.

ONS MAAK STAAT OP U TEENWOORDIGHEID.

BOKKIE MALAN



*Gelukwense....*



**VERJAARDAE - MAART 1987**

M A A R T

3 Mev Elsa Roos (Administrasie)

4 Mnr Herman Smit (Bindery)

7 Mnr Pieter Ferreira (Finansiële Administrasie)

11 Mev Elza Keyter (Makro-ontsluiting),

Mev Tinkie Botha (Tiksters)

13 Mnr Daan Botes (Bindery)

15 Mev A de Kock (Vakinligtingsdiens)

18 Mev I H Thomson (Veeartsenykunde)

20 Mev Bettie Langkilde (Assistent-direkteur)

21 Mej Zetta Roux (Tydskrifte)

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

23 Mev Sannie Hattingh (Medies),

Mev Bokkie Malan (Personeelskakeling)

Mev Anneline Viljoen (Landbou),

Mev Monica Hammes (Tydskrifte),

Mev Magriet Engelbrecht (Klinikala)

26 Mej Clarisse Venter (Medies)

GELUKWENSE

Geluk aan Anita en Kobus Rossouw met die geboorte van hulle dogtertjie Debré.

---

BIBFLITSE

SEKSIE ONDERWERPSONTSLUITING

Die mense in Seksie Onderwerpsontsluiting is deesdae so stil soos muise, want daar word kliphard gewerk aan ons subprojek van die RGN-projek. Ons wil graag die eksperiment waarmee ons tans besig is, afgehandel hê teen die einde van Maart, en daar is nog sowat 1600 boeke oor wat gedoen moet word. Die werksprosedure is nie werklik normaal nie, omdat in groepe gewerk word aan die vier aspekte, naamlik die SOM (Syracuse Onderwerpsontsluitingmetode), LCSH (Library of Congress Subject Headings) in Engels, LCSH vertaal in Afrikaans en insleuteling in DOBIS van die bibliografiese gegewens en die LCSH. Elke persoon doen dus eintlik presies dieselfde soort ding elke dag, en spoedboeke is dan 'n welkome afwisseling omdat daar geklassifiseer moet word. Die situasie sal wel verander, wanneer ná die verwerking van die eksperiment se gegewens besluit word presies wat gedoen gaan word.

Ons heet vir Makkie Biggs baie welkom in ons seksie en ons hoop sy sal die nuwe uitdagings en werksverpligtinge geniet. Na 'n kort oorsigtelike opleiding het sy nou ook begin met die vertaling van LCSH in Afrikaans. Amelia Breytenbach vul die posisie van hoofontsluiter wat ontstaan het nadat Susan Scholtz ons seksie verlaat het. Baie geluk aan Amelia en ons hoop dat sy gelukkig sal wees in die nuwe pos.

MIEMIE VINK

---

NAPOLEON BONAPARTE HET GESÊ, ONMOONTLIK IS 'N WOORD WAT NET IN DIE WOORDEBOEK VAN DWASE GEVIND WORD."

---




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## TOONBANK

### NUWE BESEMS VEE ALTYD SKOON!

Aan die begin van 1986 het twee nuwe besems by toonbank aan die werk gespring om dik lae stof van 'n lank uitgestelde probleem te verwyder. Die twee nuwe besems (Bokkie Malan en Pepsi Nel), wat in der waarheid reeds "ou besems" by toonbank is, het bewus geraak van die feit dat 'n groot aantal boeke, wat in die verlede op die handstelsel uitgeleen is, nog uitstaande is. Die grootste aantal van hierdie boeke is uitgeleen op langtermynbruikleen. Met die vriendelike hulp van die vakbibliotekarisse is heelwat boeke reeds teruggewin maar, soos met alle dinge op hierdie aarde, was daar ook die probleemgevalle.

Met hierdie probleemgevalle het Bokkie Malan dan 'n blink plan gemaak. Met haar "veelbesproke" persoonlike briefies, het Bokkie kontak met die persone gemaak en hulle vriendelik versoek om die uitstaande boeke terug te besorg.

Die reaksie was verstommend. Sommige persone was verbaas dat hulle al die jare nog boeke op hule name gehad het. Boeke is herwin wat so ver terug as 1980 op die handstelsel uitgeleen is. Soos wat die boeke teruggekom het, is die kort gegewens op die rekenaar ingesleutel en het Bokkie & Kie daarin geslaag om groot hoeveelhede boeke vir die biblioteek te herwin en op rekenaar te plaas.

Met hierdie grootse poging is nie alleen duisende rande vir die biblioteek gespaar nie (kyk maar gerus na die huidige pryse van boeke), maar is die wiel ook aan die rol gesit om hierdie "verlore boeke" op te spoor.

Baie dankie vir "nuwe" ou besems wat nog so skoon kan vee. Ons volg jul voorbeeld en hou die wiel aan die rol ....

LOUIS BOTHA

---




---

## REPROGRAFIESE DIENSTE

Uit die besige afdeling het Doris en Thys tyd gemaak om iets vir Biblikasie te skryf. Baie dankie - Redakteur.

"Ek het Thys gevra om iets van ons baie besige afdeling en al my "dinge" te skryf, ek hoop hy gaan nog, intussen skryf ek maar ..."

Graag wil ons julle net laat weet dat dit met ons goed gaan in Reprografiese Dienste. Dit gaan baie beter vandat Martha hier by ons aangesluit het. Sommer met die intrap was dit baie woelig en het dit gewemel van studente, dosente en professore.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Dink net aan al die "ses sente" as ons sommige dae R1000 ingeneem het!
"Ag Tannie, help my gou hier!"
"Ag Meneer, die masjien sit vas!"
Aan die blinde man - "Net ŉ oomblik, Meneer, Thys is nou daar."
Aan die persoon in die rolstoel "Ons sal jou nou help ..."

Daar is die studente wat die masjien wil "regsien" omdat daar geen fotostate gemaak word nie. (Natuurlik het hulle nie gedink ŉ metertjie is nodig nie!)

Thys skryf die volgende:

"En dan het ons ook die meneer wat heel verward hier induik en oor die fotostaatmasjiene staan en uittuur soos iemand wat hout soek in die vlaktes. ŉ Baie omslagtige proses van verduideliking volg. Wanneer hy van die masjien terugkeer en die meter inhandig, dop sy oë van ongeloof en verbasing om toe hy die bedrag hoor wat hy aan ons verskuldig is. Hy roep kliphard uit: "Wat, moet ek nog betaal ook!"

"Vergewe ons dat dit soms te haastig gaan. Wanneer daar ŉ stilte is, is ons ook maar stil ..."

Benewens die feit dat ek en Thys ons besige werksdae hier geniet, wil ons bowenal Sy naam hier verheerlik.

DORIS BOTHA
THYS VAN DEN BERG

---

**OUR GRAND BUSINESS IS NOT TO SEE WHAT LIES DIMLY AT A DISTANCE, BUT TO DO WHAT LIES CLEARLY AT HAND**

---

## BIBLIOGRAFIESE ONTSLUITING

Die seksie Voorontsluiting se naam is na Bibliografiese Ontsluiting verander. Die seksie se grense is ook ŉ bietjie wyer uitgeskuif om meer ruimte te bekom. Die personeel het self ingespring, rakke leeggemaak, boeke en lessenare verskuif totdat almal uiteindelik ŉ plekkie gehad het.

Een van ons personeellede is na Makro-Ontsluiting oorgeplaas, maar ons het darem drie nuwe personeellede bygekry. Makkie, baie dankie vir al jou hulp! Aan die drie nuwes, Lappies Labuschagne, Mala Mouton en Erna Meyer, baie welkom! Ons is bly om julle hier te hê en ons weet ons gaan lekker saamwerk.

Mariana Nieuwoudt gaan die seksiehoof bystaan en waarneem in haar afwesigheid. Ina Engelbrecht gaan ook voortaan hulp verleen met die kontrole van die nuwe boeke wat gekatalogiseer moet word.

Gedurende 1986 is 82 % van die aanbevelings vir die aankoop van boeke geplaas. Van die aanbevelings wat ons nie kon plaas nie, was 12% duplikate en 6% uit druk. Ons kon 60% van die aanbevelings op SABINET en 70% van die aanbevelings in die bibliografieë verifieer. Die fondse vir die aankoop van boeke is toegeken en op DOBIS ingevoer. Die eerste klomp bestellings word reeds verwerk en ons verwag hierdie jaar ŉ geweldige toename in die aankoop van boeke. Die tiksters word ook opgelei om met die invoer van bestellings behulpsaam te wees.

Tesame met die bestellings word die nuwe boeke wat ontvang word, deur ons gekatalogiseer. Aangesien ŉ taamlike groot stroom van nuwe boeke verwag word, sal ons moet bontstaan om almal gekatalogiseer te kry. Ons het verlede jaar baie baat gevind by die voorgesette opleiding en gaan dus vanjaar daarmee voort. Mariana Nieuwoudt is druk besig om personeel verder op SABINET op te lei.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

ŉ Besige jaar met baie uitdagings lê vir ons voor. Gelukkig is ons span baie entoesiasties en gemotiveerd en kan ons hierdie take met groot vrymoedigheid aanpak. ŉ Aangename werksjaar word aan almal in Merensky toegewens!

RITA BOTES

---

## V Y F D E   V L A K

Orals in die Merensky is die personeel aan die woel. Hier op vlak 5 is ŉ volskaalse bedrywigheid soos ons met die dringendste dinge besig bly. Was dit nie vir Ephord wat sy oog en hand op ons plante gehou het nie, was hulle al almal gereed vir die herbarium.

Die wonderlikste van die tyd van die jaar is dat ŉ mens weer van nuuts af waardering kry vir jou kollegas. Daar is altyd ŉ gewilligheid om ŉ helpende hand te gee ten spyte van hulle eie vol programme.

Ten slotte wil ek net vir Susan sê: Baie welkom. Ons hoop jy gaan dit geniet op die vyfde vlak. Ons is bly om jou hier te hê.

Bella Odendaal


---

## S E S D E   V L A K



"Hulle kom net inloer, Piet ..."

BESLIS NIE DIE GEVAL IN MERENSKY NIE!




---

## SEKSIE INTERBIBLIOTEEKLENINGS

Groot veranderinge het aan die begin van 1987 by IBL plaasgevind. Ons geledere is versterk met twee nuwe baie welkome personeellede.

Gaby Fischer het 5 Januarie by ons aangesluit, en het in Februarie gehoor dat sy die graad BA Opvoedkunde deur Unisa geslaag het. Gaby gaan voort met haar studies en is tans by Unisa ingeskryf vir haar BBibl. Baie geluk en sterkte vir 1987.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Louise Mayer is oorgeplaas vanaf Seksie Boekontvangste en het 9 Februarie by IBL begin werk. Sy het pas haar Honneurs in Biblioteekkunde behaal. Baie geluk Louise, met dié prestasie. Tans berei sy haar voor, nie vir verdere studie nie, maar vir die klein Mayertjie wat haar baie besig sal hou.

Geluk ook aan Gerda Pretorius en Mara Grobbelaar. Hulle het albei die BBibl-graad verwerf.

Benewens bogenoemde vier persone bestaan die seksie nog uit Riekie Lotz, Christie de Klerk en Denise Wheeler.

Die werksverdeling is tans soos volg:

| | | |
|---|---|---|
| Denise Wheeler | - | Seksiehoof |
| Gerda Pretorius | - | Onderhoof en verantwoordelik vir boekaanvrae van ons gebruikers |
| Mara Grobbelaar | - | Boekaanvrae van ons gebruikers |
| Gaby Fischer | - | Boekaanvrae van ander biblioteke |
| Riekie Lotz | - | Tydskrifaanvrae van ons gebruikers |
| Louise Mayer | - | Tydskrifaanvrae vanaf ander biblioteke |
| Christie de Klerk | - | Tik en teleksaanvrae |

ʼn Groot dankie aan Christie wat verlede jaar as onderhoof opgetree het. Geluk en sterkte aan Gerda wat hierdie jaar die posisie beklee. Met so ʼn span kan dit net goed gaan met IBL. Ons sien uit na ʼn jaar van harde, maar lekker werk.

D WHEELER

## A F R I C A N A

Die nuwe jaar het vir die personeel by Africana ook ʼn paar verrassings ingehou. Daléne was haar stoel kwyt toe sy ewe houtgerus wou terugkeer na Africana. Olivia het die F Z van der Merwe-musiek- versameling geërf en ekself sal voortaan in die namiddag ʼn bietjie wakkerder moet wees, omdat Elma ons alreeds om 13h00 verlaat.

Aan Daléne wil ons graag sterkte toewens in die toekoms. Sy gaan beslis die toekomstige predikante inspireer om hulle "vreemde tale" met groter durf aan te pak. Baie dankie vir die lekker saamwerk van die afgelope twee jaar, Daléne.

Aan Elma wil ons ʼn hartlike woord van verwelkoming rig. Ons gee haar die versekering dat sy binnekort al die donker hoekies en rare versamelings van Africana sal ken en verstaan.

Die studente (en die personeel) het nogal hulle eie idees oor wat in Africana aangaan. Vir Magda Uys was dit baie amusant toe een van hulle een aand hier opgedaag het om navraag te doen of dit nou die plek is "waar hulle die boeke wegsteek". Die Africana-personeel is weer oortuig daarvan dat dit die plek is waar gebruikers die boeke "VIND".

Ons kollegas op die 5de Vlak is dalk al ʼn bietjie knorrig omdat ek so dikwels die wêreld daar gaan omdop op soek na ʼn boek of proefskrif. Mense, ek wil julle net verseker dat dit nie maklik is as hierdie lang donker man met sy mooi glimlag en smetende oë, voor jou staan en sy hartseer verhaal vertel nie. Gewoonlik kom hy van ʼn plattelandse plekkie af en het hy groot moeite gedoen om by ons biblioteek uit te kom, net om te vind dat hy nie die boek kry wat hy soek nie. Hierdie boek word dan gesoek, al raak al my (vroulike) kollegas vir my kwaad.
Olivia se Tukkiana-versameling is ook ʼn groot uitkoms vir baie gebruikers.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019


Alhoewel die Tukkiana-versameling ook veronderstel is om 'n bewaar-, meer as 'n gebruikersversameling te wees, is dit verbasend hoe dikwels die Tukkiana-boek die enigste eksemplaar in die biblioteek is. Wat is die vakbibliotekarisse se beleid omtrent die aanskaf van publikasies van die dosente van hulle vakgebiede? Dit wil mos nogal vir my voel asof 'n gebruiker sal verwag dat hy UP-dosente se publikasies in UP se biblioteek sal raakloop, maar die teendeel is maar al te dikwels waar. Wat daarvan om die leuse "Koop Suid-Afrikaans, koop UP", vir 1987 te aanvaar? Ons het mos vanjaar baie meer geld om te bestee. Ons stem seker almal saam dat ons geagte Rektor en Direkteur en al die ander manne wat die beursies moet oopmaak, ons hartlike dank verdien dat ons vanjaar met soveel oorgawe sal kan bestee.

In my eie afdeling word al die kosbare OU BOEKE baie hoog geag, maar daar is nie nog 'n vreugde soos die gevoel en reuk wat 'n nuwe boek kan verskaf nie!

Groete van boek tot boek.

JORIET COETZEE

---



**MUSIEKBIBLIOTEEK**

Hier in die musiekbiblioteek is dinge aan die gebeur! Anita het die jaar met eksamen weggespring om, soos ons haar al ken, 'n groot sukses daarvan te maak - baie geluk Anita, ons is almal saam met jou bly. Eksamen agter die rug, is sy huis toe vir 'n blaaskansie om alles vir die baba in orde te kry.

So saam met die eerstejaars en al hulle vrae, kom daar groot uitkoms! Baie welkom, Magda! Jy het al klaar gewys waartoe jy in staat is. Ons is baie dankbaar dat Topbestuur besluit het om juis vir jou te stuur. Ons hoop jy sal die tyd in die Musiekbiblioteek baie geniet.

Hier wag almal in spanning vir die koms van dié baba en die een gebruiker is meer gretig as die ander om te hoor of daar al "nuus" is.

Uiteindelik!

23 Februarie is die dag van GROOT NUUS. Anita het 'n dogter!! Debré is om 12h00 gebore, weeg 3,19kg en volgens pa Kobus, 'n pragtige baba wat natuurlik na haar pa lyk - rooi skynsel in die hare en al! Baie geluk, Kobus en Anita - ons glo sy sal vir julle 'n groot plesier wees. Ons is saam met julle dankbaar en bly.

Nou-ja, laat ons terugkeer na die werklikheid van navrae en bladmusiek soek.

Groete

WILNA MARAIS

---

**HAPPINESS IS WHAT YOU MAKE HAPPEN**

---

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## SEKSIE SKENKINGS

Seksie Skenkings is twee jaar oud en die verjaarsdag sal gevier word!

Die Seksie het afgeskop met Erna Kloppers en Corrie du Preez en met verloop van tyd het Laura Pienaar en Annette Prinsloo alles geërf.

'n Aardige aantal geskenke is hanteer gedurende 1986 soos blyk uit die volgende gegewens: 458 skenkings is ontvang en het bestaan uit 10621 items. Aan die einde van 1986 was daar 2131 monografieë in proses, 5686 gereed vir ontsluiting, en 5244 wat op verkoping wag. 'n Groot aantal is gereed vir 'n verkoping wat beplan word vir die middel van 1987. Dit sluit boeke in wat afgeskryf is uit die voorraad van die Buitemuurse Biblioteek ten tye van die trek na die Merensky.

Gedurende Februarie 1986 het die personeel van Seksie Skenkings 'n verkoping van boeke hanteer by die BMW-gebou. 3734 boeke wat bestaan het uit duplikate onttrek uit die Mediese en Voorkliniese Biblioteke is aangebied, waarvan 1815 verkoop is. 'n Bedrag van R4035,00 is ingebring wat aangewend gaan word om mediese boeke aan te koop.

Gedurende Desember 1986 - Januarie 1987 het vier student-projekwerkers ons baie fluks gehelp deur onder andere 4000 herkontroles af te handel. Hulle was altyd vriendelik ten spyte van die baie ure wat hulle voor die kaartkatalogus moes deurbring.

Dis nodig om iets te sê oor ons skenkers. Hulle is almal besondere mense. Die meeste van hulle vertrou "vriende" aan ons toe wat soms 'n leeftyd geduur het om te versamel. Soms is dit duidelik dat die skenkings-aksie nie sonder 'n mate van weemoed geskied nie. Om dan ook so 'n skenking as geheel te "beleef", leer 'n mens baie van die skenker.

Ander skenkers, veral akademiese personeel skenk materiaal wat hulle spesiaal aankoop omdat 'n leemte geïdentifiseer word. Sommige persone skenk so gereeld dat ons hulle eintlik leer ken. Heel dikwels wanneer 'n skenking deur ons afgehaal word, word daar heerlik gekuier oor 'n koppie tee.

Aan al die vakbibliotekarisse wat dikwels tyd moet inruim om geskenke te evalueer, sê ons baie dankie vir die goeie samewerking. Die doel van Seksie Skenkings is tog maar die sinvolle uitbouing van die versameling.

LAURA PIENAAR

---

## SANIBONA! DUMELANG!



PATRICK MAIBELO

Patrick is in 1948 te Kalkfontein op die Transvaalse platteland gebore. Daar het hy grootgeword en skoolgegaan totdat hy in 1969 standerd 6 geslaag het. Hierna kom hy Pretoria toe waar hy vir twee jaar by 'n mev Louw as huis- en tuinhulp werksaam was. In dieselfde hoedanigheid begin hy daarna werk by mev Vaandrager in Lynnwood. Hy is sedert 1975 verbonde aan die Voorkliniese Biblioteek van UP, maar woon nog al die jare (17 jaar) in 'n buitekamer by mev Vaandrager wie se tuin hy steeds versorg en na wie se huis hy omsien as sy weg is.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

In 1979 trou Patrick met Gladys Lekonyane, ŉ onderwyseres op Kalkfontein waar sy nog altyd skoolhou. Daar het hulle ŉ huis gebou en die gesin het aangegroei tot hulle vandag 4 kinders het (die vyfde kindjie is dood toe hy maar een jaar oud was).


Daar is vir Patrick nie tyd om ooit ledig te wees nie. Hy is ŉ getroue kerkganger, baie betrokke by kerkaksies, hy kyk graag sokker en verder is hy altyd aan die werk in en om sy huis (elke tweede week gaan slaap hy elke aand tuis op Kalkfontein).

Aan die ander bodes in die Biblioteekdiens sê Patrick: "Glo in harde werk om goeie dinge te kry en wees altyd vriendelik en hulpvaardig". (Patrick se kollegas by Voorklinies kan inderdaad daarvan getuig dat sy dade spreek van dit waarin hy glo).

---

## TREFFERS

## FILMS



FILMS: THE MISSION

SPELERS : Jeremy Irons, Robert de Niro

"The Mission" is verlede jaar as die beste rolprent op die Cannes Rolprentfees bekroon, en is vir sewe Oscartoekennings benoem. Jeremy Irons vertolk die rol van Vader Gabriel, ŉ Jesuïet-sendingpriester wat poog om die Guarani-Indiane te kersten nadat hulle ŉ kollega van hom gekruisig het. Vader Gabriel slaag dan wel daarin om ŉ sendingstasie by San Carlos in Suid-Amerika te stig.

Die Guarani-Indiane word deur Portugese slawehandelaars bedreig, wat hulle vang en verkoop. Kaptein Rodrige Mendoza is ŉ huursoldaat en slawejagter wat tot bekering kom nadat hy sy broer vermoor het. Hy sluit by Vader Gabriel en sy sendelinge aan, en lê later die eed van gehoorsaamheid af. By die sendingstasie - ŉ ware aardse paradys - lewe die Indiane vreedsaam, en floreer op kulturele, sowel as ekonomiese gebied.

ŉ Paar jaar later, in 1750, word die verdrag van Madrid gesluit waarvolgens Spanje van sy koloniale grondgebied in Suid-Amerika aan Portugal moet afstaan. Anders as Spanje, bedryf Portugal nog slawerny en slawehandel. Die Rooms-Katolieke Kerk se posisie in Europa word voorts ook bedreig deur sy betrokkenheid in Spanje en Portugal se stryd oor hierdie Suid-Amerikaanse grondgebied.

Die Jesuïete-priesters word deur die pouslike gesant Altamirano beveel om die sendingstasie te ontruim. Die Indiane weier om na die oerwoud terug te keer. Die priesters weier op hulle beurt om die Indiane in die steek te laat, en word voor ŉ verskriklike keuse gestel. Vader Gabriel weier om sy heilige gelofte van onderdanigheid en geweldloosheid te verbreek: "If might is right, then love has no place in the world".


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Vader Rodrige Mendoza, daarenteen, besluit om wapens op te neem en hom geweldadig teen die Portugese te verset. Hy, die ander priesters en die Indiane berei hulle voor vir die ongelyke stryd wat voorlê, pyl en boog teen gewere en kanonne. Die dramatiese slottonele is tegelykertyd aangrypend, ontstellend en hartverskeurend.

In hierdie skouspelagte rolprent waar elke toneel 'n visuele ervaring is, word deurgaans skitterende vertolkings gelewer. Dit is 'n film wat stof tot nadenke bied, en deur elke ernstige rolprentganger gesien moet word.

JEANETTE MARAIS

---




RESEPTE VAN BEKENDE PERSONE

ANNA NEETHLING POHL SE HONGAARSE AARTAPPELSLAAI

Anna Neethling Pohl is op 24 Desember 1906 op Graaff-Reinet gebore. Juffrou Anna het in talle verhoogstukke opgetree en was twintig jaar lank 'n bekende stem oor die radio. Ook op televisie is sy geen onbekende nie. Sy is op verskillende maniere vir haar werk vereer. So het die Universiteit van Pretoria 'n ere-doktorsgraad aan haar toegeken; die Staatspresident het haar bekroon met die Dekorasie vir Voortreflike Diens, en het sy talle ander toekennings en pryse ontvang.

"Hierdie geurige slaai het ek by 'n immigrant geproe tydens die Jan van Riebeeckfees (1952) en toe het ek dit afgeskryf. Dit bly nog 'n gunsteling by ons.

"Laat, sê nou maar, ses groot aartappels wat gaar is, afkoel. Het u 'n houtbak met 'n deksel? Smeer dit uit met 'n huisie knoffel. Sny nou daarin skyfies aartappel, strooi 'n bietjie sout en peper oor, dan 'n lagie gekapte ui, dan 'n lagie gerasperde beleë kaas, dan 'n lagie fyn gekapte knoffel (baie min, hoor!). Strooi karwysaad daaroor. Herhaal die lae aartappel, sout en peper, uie, kaas, asempies knoffel en karwysaad totdat die bak vol is. Gooi 'n halwe koppie asyn en 'n halwe koppie sonneblomolie oor. Sit die deksel op en laat dit "ryp" word - ten minste 'n paar uur lank. Draai dit om en om sodat die olie en asyn goed deurtrek. Dis heerlik saam met wors of frikkadelle.

"Pasop! Mans stoot mekaar weg om nog te kry!"

Ingestuur deur JOHANNA PEROLD


Bron: Vrouerubriekresepteboek
PRETORIA: J P van der Walt en Seuns, 1986

---



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019



## BEDANKINGS



ELSABE VAN DER MERWE



JULIE LUUS



HULDA FRITZ

**ONS GROET .....**

ŉ LAASTE WOORDJIE

Hoe bly is ek dat ek weet
Die lewe is een lang begin!
Daar is altyd tyd om iets nuuts te probeer
Tyd om te verbeter op ons vorige pogings,
altyd nog ŉ gulde geleentheid,
altyd ŉ ope deur!

Die lewe is vol beloftes
Die dinge van die verlede,
Die vrese en die smart

Het op ons geen houvas meer nie!
Elke oomblik is ŉ nuwe geboorte,
Elke uur ŉ skone geleentheid,
Elke dag ŉ grootse uitdaging
Elke jaar ŉ ope deur.

Uit: Daelikse Woord.

Baie dankie Merensky, vir ses jaar en vyf maande wat ek saam kon deel. Dit was aangenaam om soveel pragtige mense te leer ken, om met hulle saam te werk en soveel mooi dinge saam te ervaar. ŉ Baie spesiale woordjie van dank aan Boekontvangste - julle is ŉ wonderlike afdeling om in te werk.


HULDA FRITZ
BOEKONTVANGSTE

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## AANSTELLINGS

Mev DORIS BOTHA is aangestel as hoof van Reprografiese Dienste.

Mevv ELFRIEDA MEYBURGH en JORINE MOUTON is aangestel vir aanddiens (17h00 tot 22h00).



**NAAM:** Hermie van Zyl

**GETROUD**

**AANGESTEL BY** TOONBANK

**VORIGE ONDERVINDING:** Na Weermag gewerk by Departement Statistiek en Buitelandse Sake.

**BELANGSTELLINGS:** Lees en versamel oudhede.




**NAAM:** Hannie Kriek

**ONGETROUD**

**AANGESTEL BY:** DOBIS/LIBIS Koördinering
**VORIGE ONDERVINDING:** Student

**BELANGSTELLINGS:** Lees en Naaldwerk



**NAAM:** Jan Pienaar

**ONGETROUD**

**AANGESTEL BY:** GSV

**VORIGE ONDERVINDING:** Meubelmaker/-Student

**BELANGSTELLINGS:** Meisies, atletiek, studies, hengel, klassieke musiek, rugby, "sports".




**NAAM:** Magda Botha

**GETROUD:** een dogtertjie

**AANGESTEL BY:** Musiekbiblioteek

**VORIGE ONDERVINDING:** Merensky Biblioteek 1983 - 1984

**BELANGSTELLINGS:** Kuns en Kunsnaaldwerk



**NAAM:** Pieter Johannes Herman

**ONGETROUD**


**AANGESTEL BY:** Reprografiese Dienste

**VORIGE ONDERVINDING:** Student
**BELANGSTELLINGS:** Kanovaart, natuurlewe, jag, "sports" en meisies.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

**SOSIALE KOMITEE**
1987




**agter:** Christa Strydom (Tesouriere), Cathy Gainsford, Bokkie Malan (Bestuurder), Julene Vermeulen, Dalène Stephens, Elsa Keyter

**voor:** Ansie Watkins, Gaby Fischer, Salomie Stolz (Sekretaresse), Estrellita Weyers

**inlas:** Magda Celliers (Voorsitster)

**BIBLIKASIE - REDAKSIE**



**agter:** Bokkie Malan (Subredaktrise en Tegniese Bestuurder), Elna Stapelberg (Subredaktrise)

**voor:** Hannie Bezuidenhout (Redaktrise) Elma Kock (Subredaktrise)

---

**VRYHEID BETEKEN VERANTWOORDELIKHEID -**
DIT IS WAAROM DIE MEESTE MENSE DIT VREES

---

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

HAUM - uitgewers het onderneem om alle publikasies wat deur UP-personeel geskryf is, en deur hulle uitgegee is, aan Tukkiana te skenk. Die vakgebiede wat deur hierdie eerste skenking gedek is, sluit in: geneeskunde, personeelbestuur, ekonomie, onderwys, rekenaarwetenskap, wiskunde en fisiologie.

Op die foto oorhandig Roma Naude van HAUM die skenking aan Olivia Webb.



---




**PROF E D GERRYTS ONTVANG SY HART MET VERJAARSDAGKAARTJIES**

---

**MULTATULI-AAND**

Op 19 Februarie 1987 het die Kultuur-historiese Instituut in samewerking met die Merensky Biblioteek ŉ uitstalling gehou van Multatuli (Skuilnaam van Eduard Douwes Dekker).




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Universiteit van Pretoria

Biblioteekdiens

# BIBLIKASIE

MAART

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# I N H O U D S O P G A W E

*******


Bladsy

DIE EERSTE SÊ ........................................ 1

PROF O W PROZESKY BESOEK DIE MERENSKY BIBLIOTEEK 2

REDAKSIONEEL ........................................ 4

SABINET AANSKAFFUNKSIE ........................ 5

EN SO VERTEL ........................................ 5

FLINKDINK ........................................ 6

ONS STEL BEKEND ........................................ 8

IN EN OM MERENSKY ........................................ 9

TERLOOPS ........................................ 12

ALLERLEI ........................................ 14

BIBFLITSE ........................................ 16

RESEPTE ........................................ 23

TREFFERS ........................................ 24

PERSONALIA ........................................ 25

UITSTALLINGS

PERSONEELFUNKSIE


*******

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## DIE EERSTE Sê ....

### OM 'N ONTSLUITER TE WEES OF OM NIE 'N ONTSLUITER TE WEES NIE

Die totstandkoming van bibliografiese netwerke wat op die beginsel van die benutting van mekaar se ontsluitingsresultate steun, het die taak van die ontsluiter opnuut in die kollig gebring - dit ten spyte van die doemprofete wat sê dat die ontsluiter besig is om uit te sterf.

Dit is nou maar een maal so dat dit die wet van ŉ databasis is dat daar slegs teruggegee word wat ingevoer word, so sal swak kwaliteit rekords die herwinning en die rekenaarmatige vergelyking en koppeling van rekords beïnvloed.

Juis met die oog op kwaliteitsbeheer in die SABINET-databasis is ŉ kwaliteitsbeheergroep onder aanvoering van die Staatsbiblioteek saamgestel om die rekords van deelnemende biblioteke na te gaan. Naas hulle frustrasie oor die kwaliteit van die rekords wat van die Library of Congress en die British Library as brondokumente tot SABINET toegevoeg word, is daar ook kommer oor die gebrek aan kennis oor die toepassing van AACR2 in ŉ gerekenariseerde omgewing, wat by sommige van die deelnemende biblioteke bestaan.

Versoeke vir AACR2-kursusse wat strek van ŉ beginnerskursus tot ŉ gespesialiseerde kursus oor die ontsluiting van kaarte word aan die SAIBI-komitee vir Bibliografiese Beheer se Subkomitee vir Katalogisering en Klassifikasie gerig. Die ontsluiter besef ook dat alhoewel daar nou minder oorspronklike katalogisering van oorsese materiaal gedoen word, hulle tog nog leemtes in hulle toerusting het om die persentasie oorspronklike katalogisering suksesvol te hanteer en die rekords in die databasis reg te interpreteer.

Dit is alles goed en wel dat die beginsel van gedeelde ontsluitingsresultate gepropageer word, maar dan moet daar ook die kundigheid by elke deelnemende biblioteek wees om goeie kwaliteitontsluiting te lewer om ŉ sukses van die onderneming te maak anders voer ons ŉ verlore stryd en word die gesegde van "garbage in, garbage out" beslis waar.

John Rather, die vorige bestuurder van Tegniese prosesse by die Library of Congress, het gesê "a catalog is a place where things go to get lost alphabetically". Indien ons nie versigtig is nie kan dit ook waar word van die databasisse waarop ons gebruikers en inligtingwerkers vir inligtingsherwinning moet steun.

Die menslike brein kon nog aanpassings in die kaartkatalogus maak maar die rekenaar herhaal foute met ongenaakbare reëlmaat.

Dus, die dae toe daar na kommas en punte en hoofletters gekyk is, is verby. Nou is aspekte soos die korrekte titel, outeur, uitgewerstelling, datum, ISBN, hoe word die elemente in die databasis gestoor, watter formaat word gebruik, hoe werk die program, watter vorm van gesagsbeheer word toegepas, hoe word die data vertoon of uitgedruk, sal die gebruiker dit kan vind of nie, van groter belang. Die ontsluiter van vandag het dus eintlik ŉ databasis bestuurder geword.

Goeie ervare ontsluiters is nog steeds hul gewig in goud werd en vorm saam met die inligtingsbeampte ŉ span om inligting aan die gebruiker te verskaf.

Vir my is dit ŉ uitgemaakte saak dat die ontsluiter nie ŉ uigestorwe spesie gaan word nie, hy gaan in ŉ effens ander gedaante beslis voortleef.

MEV E LANGKILDE

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## PROF O W PROZESKY BESOEK DIE MERENSKY-BIBLIOTEEK



**Prof E D Gerryts verwelkom Prof O W Prozesky in die Merensky-biblioteek**

Prof O W Prozesky het die Merensky-Biblioteek op 16 Maart 1987 besoek.

Prof Otto Walter Prozesky het 'n baie luisterryke loopbaan gehad voordat hy met ingang 1 Januarie 1987 as Vise-Rektor, Akademies: Natuurwetenskappe aangewys is.

In 1962 was hy die eerste student wat die graad MBChB met lof verwerf het. In 1968 behaal hy die MD-graad.

In 1970 word hy as senior spesialis en senior lektor by UP aangestel en stig ook die Afdeling Virologie. Daarna word hy verskeie kere bevorder. In 1971 tot eerste spesialis en medeprofessor; in 1974 tot waarnemende hoof van die Departement Geneeskundige Mikrobiologie; in 1975 tot hoofspesialis en professor in en hoof van die Departement Geneeskundige Mikrobiologie; in 1976 as direkteur van die Nasionale Instituut vir Virologie in Johannesburg en professor in UP se Departement Virologie asook ere-lektor aan Wits; in 1982 as professor in en hoof van die Departement Geneeskundige Virologie; en 1985 as direkteur van die Instituut vir Patologie asook adjunk-dekaan van die Fakulteit Geneeskunde.

Verskeie beurse, navorsings- en ander toekennings het prof Prozesky te beurt geval. Hy ontvang merietebeurse van UP en die Hochstetter Trust; 'n beurs van die Stadsraad van Pretoria; navorsingstoekennings van die Mediese Navorsingsraad en die Nasionale Kankervereniging; die Stigting vir Poliomiëlitisnavorsing; New York Blood Centre; Merck, Sharpe en Dohme van die VSA en die WNNR. Gedurende 1985 kwalifiseer hy vir Omvattende Steun by die Stigting vir Navorsingsontwikkeling (SNO) van die WNNR.

Prof Prozesky ontvang vanaf 1957 tot 1962 voorgraadse medaljes vir die beste student in drie vakrigtings; die Junior Kamer van Koophandel-toekenning vir "Vier Besondere Jong Suid-Afrikaners" in 1977; die Christo Beyers Gedenk-medalje van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns in 1978; die LAkad(SA) in 1979; die Eugène Marais-gedenkmedalje van die Akademie in 1984 en in 1986 ontvang hy 'n toekenning vir buitengewone diens aan mediese navorsing van die Mediese Navorsingsraad.

Daar het reeds 150 geskrifte uit sy pen verskyn wat wetenskaplike publikasies en redaksionele artikels insluit.

Die doel van Prof Prozesky se besoek was om hom as Vise-Rektor ook te oriënteer in die Biblioteekdiens.

Wanneer Prof Gerryts die jaarverslag indien, sal dit baie makliker vir Prof Prozesky wees as hy 'n agtergrond van die Merensky-biblioteek het. Prof Gerryts het verskeie sake van aktuele belang bespreek met Prof Prozesky, onder andere, rasionalisering van dienste. Deur duplisering uit te skakel kan baie rande gespaar word. Nadat Prof Prozesky rond geneem is in die Merensky-Biblioteek, is hy in die teekamer aan die personeel voorgestel deur Prof Gerryts.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

In sy antwoord het Prof Prozesky gesê hy sien die Merensky-Biblioteek as die "hart" van die universiteit en 'n "hart" moet altyd reg wees! Dit sal 'n groot uitdaging wees om met die minimum fondse die beste diens te lewer.

Bron: Tukkievaria, p.3. Augustus 1986

---



Bo:
Mev Magda Coetzee, die DOBIS/LIBIS Koördineerder, demonstreer aan Prof Prozesky en mev Langkilde 'n rekenaar-soektog

---



Bo:
Van links na regs:
mevv E Langkilde en M Vink
Prof O W Prozesky

---

It is not enough that you should understand about applied science in order that your work may increase man's blessings. Concern for man himself and his fate must always form the chief interest of all technical endeavours, concern for the great organization of labour and the distribution of goods - in order that the creations of our minds shall be a blessing and not a curse to mankind. Never forget this in the midst of your diagrams and equations.


ALBERT EINSTEIN

---



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# R E D A K S I O N E E L



## DIE REDAKSIE VAN 1986



Op die foto verskyn van links na regs :

Elsabé van der Merwe, Jeanette Marais en Hannie Bezuidenhout. Ons plaas dié foto net om u 'n idee te gee van hoe dit eers agter die skerms gelyk het!

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Ons het ongeskonde deur ons vuurdoop gekom! Biblikasie is 'n spanpoging wat met almal se bydrae en hulp tot stand kom. Susan Olivier en haar span het bloed gesweet om die tegniese versorging van Biblikasie reg te kry. Aan my subredaksie, baie dankie vir julle hulp.

Die klein jakkalsies wat in die wingerd ingeglip het, gaan ons mettertyd heeltemal nek omdraai!

'n Groot dankie aan ons takbiblioteke wat so gereeld van hulle laat hoor. Biblikasie sal maar baie dun wees sonder julle bydrae. Ons het baie skryftalent in ons midde. Hierdie maand het ons weer 'n "skatkis" van berigte ontvang.

Lees gerus Pepsi Nel se berig oor die wêreld-biddag vir vroue, en kom meer te wete oor hierdie belangrike dag. Nadat julle Biblikasie klaar gelees het, moet julle asseblief nie die hoesmedisyne gaan aanmaak nie! Wees eerder positief, soos wat Magriet Lee se berig getuig - 119 N.U.N. Volg daarna gerus Jeanette Marais se raad, en gaan fliek. Sien julle daar!

---

SABINET AANSKAFFUNKSIE

Sabinet het in die afgelope tyd geweldig uitgebrei met die toevoeging van fasiliteite soos Sabipos en nou die aanskafsubsisteem.

Met hierdie funksie sal die tydrowende take van herstel, ontvang en opvolgprosedures vir personeel grootliks uitgeskakel word.

'n Fondsrekeningstelsel maak dit moontlik om op aanvraag die huidige status van elke fonds vas te stel. Verder kan alle uitgawes in die balanse beskikbaar gestel word aan gebruikers.

Die aanskaffunksie maak ook die outomatiese versending van bestellings aan die belangrikste boek- en tydskrifhandelaars moontlik en verhoed dat duplisering van bestellings plaasvind.

'n Formele toetsfase het reeds 'n aanvang geneem en Sabinet beoog om gedurende April/Mei 'n Beta toetssituasie met 'n klein aantal Sabinetlede te onderneem.

Bron: Sabinet-Nuus Januarie 1987

---

EN SO VERTEL....

LUISTER NA DIE NATUUR

By die soveelste lees van Guido Gezelle se gedig "Als de ziele luistert", het dit my weer getref dat ons in hierdie gejaagde wêreld, nie meer tyd het, of tyd maak om stil te word en te luister na die natuur nie. Gezelle sê dat as die siel luister spreek alles 'n taal wat leef.


Die klanke van die natuur is so veelsydig en uiteenlopend. Die blare van die bome en blomme fluister saggies vir mekaar. Snags speel die krieke viool met hul beentjies en roep mekaar so. In damme en riviere oefen die paddas koor, die ou diep kwaak van hul basstemme skeur deur die nag.

Vroegoggend gesels die bye zoem-zoem met mekaar en vertel in watter blomme die soetste nektar is. Die voëltjies kwetter in die bome en hul vrolike liedjies verwelkom die opkomende son. Die skaaplammetjies in die veld soek "me-me" na hul mammas.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Wanneer ʼn mens op ʼn stil maanligaand langs die see sit, hoor ʼn mens hoe die branders en golfies met mekaar gesels en al klotsende ou, ou verhale van vergane skepe aan mekaar vertel. As dit reën en die reëndruppels plas in waterpoele, vertel hulle ook ʼn storie.




Dit is wat my betref lewensnoodsaaklik dat ons stadsmense ʼn doelbewuste poging aanwend om ʼn stil plekkie weg van die stadsgeluide op te soek en weer ʼn slag stil word en luister. Deur die natuur praat God met ons, en ons word weer bewus daarvan dat ons deel van die groot skeppingswonder is. Dit is ook goed om te besef hoe nietig die mens is.

Dit is vir ʼn mens se innerlike selfbehoud noodsaaklik om weg te kom van die alledaagse gewoel en gewerskaf anders voel ʼn mens soos die een Engelse digter dit so treffend sê:

"The world is too much with us
We have no time to stand and
stare"

Ons wil tog so graag belangrik wees en die wêreld versit, en vergeet dan so maklik wat werklik belangrik in ons lewe is. Vir almal wat gedurig rondskarrel in ʼn dolle gejaagdheid, het John Milton in sy sonnet "On his blindness" ʼn pragtige boodskap:

"They also serve who stand and wait"

JO BREED
KULTUURHISTORIESE INSTITUUT

---

Jy moet by die kind begin om by die grootmens uit te kom. Jy moet by die klein spoortjies begin. Dis net hulle wat jou die groot spore ten volle kan laat waardeer.

P J SCHOEMAN

---

FLINKDINK

"EK ONTDEK MY BRONNE"

Ek geniet die pos by Algemene Inligting van harte. Behalwe die talle kere wat ek moet sê waar die gebruikers fotostate kanmaak, waar die kleedkamers is, of helaas ʼn duisendmaal per dag waar is GSV (korreksie, twee-en-tagtig keer vanaf 28 Februarie), kry ek tog ook baie interessante navrae. Een van die aspekte van Algemene Inligting wat elke dag te kort maak - is die gebruik van die Skatkis van naslaanwerke daar agter. (Te vér agter my om dit ten volle te benut en lekker te blaai - maar dit is net ʼn terloopse opmerking aan die adres van "to whom it may concern") So op my ontdekkingstog kom ek op soveel interessante inligting af. Kyk of u die antwoorde op ʼn paar vrae ken.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Vraag 1 — Watter plaas naby Stellenbosch het in W A van der Stel se tyd 'n naam gehad wat goed te pas kon wees vir 'n dameskoshuis?

Vraag 2 — Voel u moeg vir Tukkies en verlang u na ander weivelde? Wat van 'n pos by die biblioteek van die Universiteit KON KUK. Maar waar sal u die adres kry?

Vraag 3 — Aan al die huisvrouens: Waar aan jou skaapkarkas wat in die vrieskas is, sal u die gedeelte "Cloete-se-oor" soek?

Vraag 4 — Wie het gesê: "Engeland is 'n paradys vir die vrou, 'n vagevuur vir die man en 'n hel vir die perd!"

Vraag 5 — Wat dink die Russe van Suid-Afrika en van apartheid?

Vraag 6 — Waar kom die Currie-beker vandaan?

ANTWOORDE

1. "Houd-den-Mond". Dit was 'n plaas op die Botlary pad in Stellenbosch-distrik, wat deur Goewerneur W A van der Stel aan ene Christoffel Groenewald toegesê is in 1701. Tans is die naam van die plaas, Bellevue.

   Bron: Standard Encyclopaedia of Southern Africa Cape Town: Nasou, Vol. 5 p.612

2. 93 - 1 Mojin-dong,
   Seongdong-gu
   Seoul
   Rep of Korea

   Bron: World of Learning. London: Europa, 1982 p.821

3. Dis die sagte kraakbeenwand van 'n skaap se bladbeen.

   Bron: Verklarende Handboek van die Afrikaanse Taal. Johannesburg: Perskor, 1979. p.129.

4. John Floris (1591).

   Bron: Stevenson, B. Home Book of Quotations. New York: Dod. 1982. p.549

   (Ek sou graag wou weet of die situasie verouder, verbeter of vererger het vir die perd.)

5. "It is the basis of the harshest possible policy of racial discrimanation".

   Bron: Great Soviet Encyclopedia. New York-MacMillan, 1970. p.189.

6. In 1891 het die eerste rugbytoerspan Suid-Afrika besoek vanaf die Verenigde Koninkryk. (Kaptein W E Maclagan). Suid-Afrika se kaptein was H H Carstens. Die Verenigde Koninkryk wen al drie toetse. Donald Currie skenk 'n beker (trofee daarna na hom vernoem) met die doel dat dit toegeken word aan die Suid-Afrikaanse span wat die sterkste teenstand bied (gewen deur Griekwaland-Wes).

   1892: Griekwaland-Wes skenk die beker aan die SA Rugbyraad vir Internasionale Kompetisie en ..... die WP wen dit.

   Bron: Kalender van die eeu 1720 - 1981. Stellenbosch: Albertyn, 1982. p.201

PEPSI NEL




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## ONS STEL BEKEND....

## DIE BINDERY

Hier by ons gaan dit ook woelig, soos in alle ander afdelings van die biblioteek. Ons ontvang tans van die verskillende vlakke tydskrifte, wat losgemaak, gesny en gelym word sodra hulle by ons arriveer. Die rugkante word dan gemaak en kartonne en rugstrokies word gesny. Daarna word die omslae gemaak waarop die titels dan gedruk word. Die skutblaaie word vasgelym en, siedaar, 'n gebinde band!




Het u geweet?

Ons bind elke maand twaalfduisend en meer tydskrifte; herstel en herbind gemiddeld honderd-en-vyftig boeke per maand en maak al die kokers vir alle gradeplegtighede, asook alle drukwerk vir doktorsgrade en ere-doktorsgrade. Ons doen bindwerk vir die Rektoraat, soos byvoorbeeld die kalender en gids wat in hardeband saamgebind word, met spesiale drukwerk.

Alle vraestelle word deur ons gebind, sowel as enige bindwerk wat deur die biblioteekdiens benodig word.

Die sewe mense wat hier rondspring om dit alles gedoen te kry, is mnr Dawie Hughes, Daan, André, Piet, Herman, Cathy en Corrie. Nou weet almal ook wie ons in die bindery is!

Groetnis vanuit die bindery.





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# vermaak



SPESIALE AANDKONSERT - BENNIE FOURIE (KLAVIER)
WOENSDAG, 25 MAART 1987 OM 19H30
MUSAION, UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

Die jong Suid-Afrikaanse pianis Bennie Fourie, lewer op Woensdag, 25 Maart 1987 om 19h30 'n uitvoering in die Musaion. Die spesiale Aandkonsert word aangebied deur die Departement Musiek, Universiteit van Pretoria, in samewerking met die Oude Meester Stigting vir die uitvoerende kunste.

Bennie Fourie het die graad B Mus (Hons) (Uitvoerende Kuns) aan die Universiteit van Pretoria in 1985 met lof verwerf waar hy klavier onder mev Ella Fourie studeer het. Daarna het hy na Detmold in Duitsland vertrek waar hy tans onder prof Renate Kretschmar-Fischer, asook onder prof Aloys Kontarsky in Köln studeer.

Op die oomblik onderneem Bennie Fourie 'n konserttoer in sy geboorteland. Hy vertrek weer in April na Duitsland om sy studies voort te sit wanneer die Europese wintervakansie ten einde loop.

Bennie Fourie het reeds verskeie beurse en toekennings ontvang, onder andere die SAMRO-beurs vir oorsese studie- en Pretorium Trust-beurse.

**Die program bestaan uit die volgende werke: J S Bach Partita nr 6 in e, Beethoven Op 111, Dirk de Klerk se Variasies op Engelse Kinderwysies wat in 1986 voltooi is, en Chopin se 3e Sonate.**

**Toegangskaartjies teen R3 vir volwassenes en R2 vir studente en skoliere is by die Departement Musiek K1-19, Dosentekantore I, tel. 420-2248 of Computicket verkrygbaar. Kaartjies sal ook vanaf 19h00 die aand van die konsert by die teater beskikbaar wees.**

*****************************************

DONDERDAG, 2 APRIL 1987

Amanda Bosch (fluit) B Mus Hons Uitvoerende Kuns

Annalien van den Berg (klavier) B Mus II

*****************************************

DONDERDAG, 23 APRIL 1987

Human Coetzee (tjello)

*****************************************

DONDERDAG, 30 APRIL 1987

Willemien Kurpershoek (klavier) B Mus IV Uitvoerende Kuns

Petro von Wielligh (fluit) B Mus IV Uitvoerende Kuns

---



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

V E R J A A R S D A E

* * * * *

Gelukwense....



A P R I L

2 = Mev Irene Dejonge (Boekontvangs)

3 = Mev Joeriet Coetzee (Africana)

7 = Mev Helène Fourie (Voorklinies)

11 = Mev Ansie Watkins (6de vlak)

12 = Mej Anne van Zijl (Landbou)

20 = Mnr Jan Schuler (Regte)

21 = Mnr V Otto (Dokumentlewering)

23 = Mej Joy Roos (Voor-ontsluiting)

24 = Mev Magda Coetzee (DOBIS/LIBIS Koördinering)

27 = Mev S M M Stolz (Tiksters)

28 = Mnr André van Rensburg (Bindery)

30 = Mej Ceu Agostinho (5de vlak)



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

M E R E N S K Y - B I B L I O T E E K

SOSIALE KLUB: OPSOMMING VAN ONTVANGSTE EN UITBETALINGS GEDURENDE 1986

| | 1986 | 1985 | | 1986 | 1985 |
|---|---|---|---|---|---|
| ONTVANGSTES | | | UITBETALINGS | | |
| Ledegeld | R9909,40 | R7910,10 | Melk | 1007,18 | 1061,80 |
| Lede se bydrae vir mikrogolfoond | 278,00 | | Koek | 2712,21 | 2479,81 |
| | | | Kruideniersware | 2651,71 | 1424,14 |
| Rente verdien op geld in lopende bankrekening | 133,95 | 15,85 | Geskenke by diensverlating | 1060,00 | 311,00 |
| | | | Breekware, Tafeldoeke, Teepotte, ens | 256,24 | 54,14 |
| | | | Ruikers en potplante | 424,56 | 249,61 |
| | | | Trougeskenke | 106,00 | 88,00 |
| | | | Bydraes tot geselligbede | 1194,98 | 909,67 |
| | | | Skryfbehoeftes | 2,24 | 3,25 |
| | | | Bankkoste | 106,00 | 72,30 |
| | | | Mikrogolfoond aangekoop | 548,24 | - |
| | | | Ledegeld terugbetaal | - | 9,00 |
| | R10321,35 | R7925,95 | | R10069,36 | R6662,72 |

Kontant op 31 Desember 1985

1. In die gewone tjekrekening by Volkskas: R1261,23
2. In die "geskenk-fonds" tjekrekening by Volkskas: R775,43



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

TERLOOPS...



GREPE UIT PROF GERRYTS SE DAGBOEK ..

Dinsdag 3 Maart - keer terug van Kaapstad in die aand.

Woensdag 4 Maart - woon vergadering by van die IBK (Inter Biblioteek Komitee) (Tvl Streek).

Donderdag 5 Maart en Vrydag 6 Maart - woon simposium by oor voortgesette opleiding te Pretoria.

Prof Gerryts het 'n paneelbespreking gelei rondom die kwessie van voorgesette opleiding. Hy gebruik 'n nuwe metode van benadering en sodoende bereik hy uitstekende resultate met sy paneel.

Bogenoemde is net 'n kort weergawe van prof Gerryts se dagboek. Dit gee die personeel 'n idee waarom hy soms nie op kantoor is nie!

GEBOUPROJEK

Vanweë 'n vertraging buite die beheer van Topbestuur kon die projek nie vorder soos beplan is nie.

Die volgende berig het in Die Transvaler van 14 Maart verskyn.

TUKKIES SE PROBLEME OPGELOS

**BIBLIOTEEK VERGROOT**

**"PRETORIA - Studente van die Universiteit van Pretoria wat kla dat die biblioteek deesdae te klein is vir almal wat hom wil gebruik, behoort na die Aprilvakansie glad nie meer probleme te hê nie.**

Volgens prof E D Gerryts, direkteur van biblioteekdienste, is 'n interessante bouprogram in die pyplyn ná die gebruik van die biblioteekdiens oor die afgelope tyd baie toegeneem het by die universiteit.

Hy skryf dié toename deels toe aan die feit dat die buitemuurse afdeling nou ook na die kampus verskuif het en na-uurse studie gevolglik ook baie toegeneem het. Daarom is die biblioteek nou in die aande tot 23h00 oop.

Prof Gerryts sê die ou Merensky-biblioteek, wat reg langs die nuwe een staan, gaan nou deel word van laasgenoemde. Die bouwerk gaan tydens die Aprilvakansie afgehandel word en studente behoort ná die vakansie toegang tot die groter biblioteek te hê.

Prof Gerryts sê hulle is baie dankbaar dat die biblioteek so baie gebruik word. In die verlede is daar trouens gevoel dat studente te min van dié diens gebruik maak. Só 'n biblioteek kos baie geld en baie word daarin belê."


*************

Die volgende berig het in Die Perdeby 20 Maart 1986 verskyn:

'n Totaal van 20 117 studente het vanjaar by die Universiteit ingeskryf. Die verdeling in fakulteite sien soos volg daar uit:



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019




ŉ Persentasie verdeling van die ingeskrewe studente volgens fakulteite:

1. Ekonomiese en Staatswetenskappe 21%
2. Lettere en Wysbegeerte : 18%
3. Ingenieurswese : 13%
4. Geneeskunde : 12%
5. Wis- en Natuurkunde : 11%
6. Regsgeleerdheid : 8%
7. Opvoedkunde: 5%
8. Veeartsenykunde: 4%
9. Landbou: 3%
10. Tandheelkunde: 2%
11. Teologie (Afdeling A & B): 2%

*************************************

MULTATULI-AAND

Verlede maand het ons ŉ berig geplaas oor die Multatuli uitstalling. By die uitstalling is ŉ film vertoon oor die boek, Max Havelaar. Die boek is na meer as honderd jaar nog net so relevant. Dit is vanjaar in Sjinees en Kubaans vertaal.

*************************************

"Why is everybody so tired on the 1st of April? Because they have just finished a 31 day March..."

***********

DANKIE BOKKIE!

Hiermee net ŉ kort briefie (aangesien ek weet so baie mense dit saam met my vir jou wil sê) naamlik, "baie dankie Bokkie!

Bokkie ŉ opregte woord van dank aan jou en die Sosiale Komitee, vir die baie mooi blomme wat jy ső getrou elke week in die teekamer sit om dit vir ons op te helder. Jy weet nie hoeveel dit vir ons beteken nie - dit verryk en bemoedig ons.

Baie dankie dat jy, ten spyte van jou hartseer oor jou kleinkind, nogtans dit vir ons doen. Ons is saam met julle bly dat die mediese verslae ten opsigte van sy herstel, positief is. Ons sal saam met julle bid vir ŉ algehele herstel.

Jou nuwe betrekking pas jou baie goed, ons is almal bly vir jou part.

Thys en Doris (namens Biblioteekdienspersoneel)

ŉ Spesiale woord van dank aan Bokkie vir die reël van die personeelfunksie. Die potjiekos was puik en al die reëlings het glad verloop. Vir diegene wat nie daar was nie - julle het so baie gemis.

Redaksie.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## ALLERLEI.....

## WÊRELDBIDDAG VIR VROUE

Daar is gebeure in ons kerklike lewe wat so gelaai is met inhoud, maar waaraan ons so gewoond geraak het, dat dit verwater het tot 'n vakansiedag, of iets wat iemand anders seker sal bywoon en geniet. So 'n dag is miskien die Wêreldbiddag vir Vroue. Ek was bevoorreg om op 6 Maart die Wêreldbiddag vir Vroue by te woon, en wat 'n mooi en besondere gebeurtenis was dit nie.

Die Wêreldbiddag vir Vroue is 'n wêreldwye beweging van Christenvroue wat jaarliks bymekaar kom vir 'n algemene dag van gebed. Dit het ontstaan in 1887 toe Mary Ellen Jones van Brooklyn, New York, die nood van haar land se mense, veral dié van immigrante uit Europa en die Ooste wat in armoede, werkloosheid en isolasie verval het, ernstig aangevoel het. Sy het as Presidente van die Presbiteriaanse kerk versoek dat 'n nasionale dag van gebed vir Binnelandse Sending gehou word. Die reaksie was oorweldigend en baie ander kerke het ook jaarliks deelgeneem.

In 1890 versoek Lucy Peabody van die Baptiste Kerk in Boston dat 'n biddag vir Buitelandse sending gehou word. Sy het op haar reise deur Europa diep onder die indruk gekom van die tekort aan onderwys-geleenthede vir vroue. Van die kollektes by die biddae is toe gebruik om vrouekollegas in Asië te onderhou om geletterdheidsprogramme aan te bied.

So het die Wêreldbiddag vir vroue ontstaan deur vroue met 'n visie vir die nood van die wêreld en wat geglo het in die krag van gebed.

In 1919 is 'n Nasionale Komitee in die lewe geroep en daar is besluit om op die eerste Vrydag van Lydenstyd hierdie biddag te hou.

In 1922 sluit die Kanadese vroue wat reeds ook 'n biddag gehou het, by hulle aan.

Deur die toedoen van sendelinge, wêreldreisigers en sendingkonferensies het die beweging binne 'n paar jaar oor die hele wêreld versprei.


Na 1945, en na twee wêreldoorloë was daar 'n opregte begeerte na vrede en versoening. Vroue oor die hele wêreld het swaar gely deur sterftes, wonde en haat wat vernietiging en verwoesting gesaai het. Die wêreldbiddag het veral ekumeniese eenheid bevorder.

In ons land het Una Cooke en Anne McGregor die eerste byeenkoms op 7 Maart 1930 in Seepunt se Congregational-kerk Kaapstad gereël. Dieselfde tyd is 'n byeenkoms ook in Johannesburg gehou. Van hierdie klein begin, het die beweging as't ware op die vleuels van gebed, oor SA versprei, en skep dit steeds geleentheid vir eensgesindheid en begrip onder alle Christene, ongeag kerkverband, taal of kultuur.

Die biddag word jaarliks in meer as 1 000 sentra oor Suider Afrika gehou. Radiodienste en gedrukte programme in elf tale stel elke vrou in staat om hieraan deel te neem.

Wanneer ons oor 57 jaar terugkyk kan ons bloot net sê: "Aan God al die eer!"

EMBLEEM



Die Embleem van die Wêreldbiddag vir Vroue

Die embleem van die Wêreldbiddag vir Vroue is deur vroue van Ierland ontwerp en dit is in 1982 internasionaal aanvaar. Die embleem is saamgestel uit: pyle wat na mekaar wys vanaf die vier windstreke, mense wat in gebed kniel, die Keltiese kruis, en 'n sirkel wat die wêreldwye eenheid te midde van ons verskeidenheid, uitbeeld.

PEPSI NEL



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

'N GEBED TYDENS DIE WêRELDBIDDAG VIR VROUE

Here

Ek weet dat die uitnodiging om te deel in u liefde en die krag van u liefde grensloos is,
maar ... ek stel soms grense.

Ek wil andere in U Naam liefhê en dien maar ... dan is ek skielik so bang, so huiwerig en soms selfs te trots.

Ek voel so verward tussen wat ek weet
ek MOET doen
en
wat ek WIL doen

Ek oordeel met my eie maatstawwe en as ek vanaand tot stilstand kom dan weet ek dat ek nooit U wonderlike liefde waardig sou wees nie.

Ek wil so graag my swaarmoedige stilswye verander in blymoedigheid. Ek wil so graag ŉ warm hand van vriendskap reik na ander wat bemoediging nodig het.

Ek wil so graag U boodskap van vrede en liefde oordra deur my woorde en my lewe.

Here, hoor my gebed en werk deur U Gees dit in my.

AMEN

---

R1 100 BOETE!

Al gehoor van ŉ boete van R1 100 op ŉ laat boek? Wits se Mediese Biblioteek het die goeie gewoonte om selfs die personeel te laat betaal vir boeke wat die leentydperk oorskry.

ŉ Interessante geval is die van die wêreldbekende paleontoloog, prof Raymond Dart, wat ŉ boek getiteld "Researches into the Early History of Mankind and the Developemnt of Civilisation" van Burnet-Taylor, in 1940 by die biblioteek uitgeneem het en nooit terugbesorg het nie.

Die professor wat beroemdheid verwerf het met sy teorie dat die Taung kinderskedel - Australopithecus Africanus - die verlore skakel in die evolusieleer van die mens is, is seker nie ŉ mens wat hom sal besig hou met die normale roetine van ŉ biblioteek nie. (Ek kan my die ontsag voorstel waarmee die biblioteekpersoneel hierdie groot gees bejeën het).

Gelukkig geld die teorie dat nuwe besems skoon vee toe ook in diè geval. ŉ Vorige student van die professor en nou hoof van die departement Anatomie by Wits, delf toe die boek uit en besorg dit terug aan die biblioteek. Die verligting was so groot dat niemand ŉ berekening wou maak van ŉ sjieling per dag vanaf die eerste laat week tot op hede toe nie; en sou die drie-en-negentig jarige professor hom aan so iets steur?

ELMA KOCK

BRON : PRETORIA NEWS, FEBRUARIE 1987.

---

Wie verwondering vir die lewe verloor het, het arm geword.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

B I B F L I T S E ...

LANDBOU VORDER 'N STASIE OF TWEE PER DAG....

Ons was baie stil sover hierdie jaar, maar dit wil nie sê ons is nie hier nie! Ons is van meet af aan omtrent oorval deur ons studente.

Daar is ŉ merkbare toename in biblioteekgebruik en biblioteek-oriëntering is skielik bo aan die lys. So tussen Modules en Kurrikulering en selfstudie deur moet ons maar mooi probeer kophou.


Daar is baie interessante en uiteen-lopende navorsing hier aan die gang, onder andere grasperke - en dis nie Tuinbou wat die navorsing doen nie, hoor, die Plantproduksie.
Hoenders - benutting van afvalprodukte byvoorbeeld vere.
Turksvye - alle moontlike aspekte
Honde - sekuriteitshonde spesifiek.
Visse - ŉ nuwe rigting wat so pas hier begin is, Aquakultuur. Blykbaar die in-ding vir die toekoms. Aangesien die navorsing deur Veekunde gedoen word en nie deur Voedselwetenskap nie, weet ons nou nie of dit ŉ invloed gaan hê op die vis- en skyfiebedryf nie.

Insekte - die ekosisteem om Marion-eiland.

Daar vertrek gereeld van ons entomoloë saam met die span na Marion om navorsing te doen vir tydperke van ses maande.


Daar is op die oomblik ŉ hele geskarrel om alle moontlike literatuur gereed te kry om die verskillende navorsers vir ses maande uit die kwaad te hou. Alles moet gekrat en betyds in die Kaap wees vir die April-vertrek, want wat nou agterbly bly agter.

Varke - ons is gelukkig nie op die oomblik besig met navorsing op varke nie!




Intussen het ons ook pragtige nuwe Nashuas gekry wat die masjiengeraas met omtrent 50% laat afneem het. Ons leer nog wat al die baie liggies beteken, maar ons is baie ingenome met ons nuwe aanwins. Dankie mnr Duminy, of is dit nou Dankie Annetjie, wat na al ons klagtes moet luister?

Ons groet nou eers, ons wou net laat weet dat ons reeds vrolik voortstoom in 1987. Dit gaan vrolik oor die vlaktes en sugtend teen die steiltes, maar ons vorder darem ŉ stasie of twee per dag!!!




ANNE

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

119 N.U.N

Met die krieketseisoen (gelukkig) iets van die verlede - die Aussies terug huis toe met die kop in die buidel, Natal met 'n deurmekaarbeker, en Transvaal met sy kerrie-koppie, wil ek vertel van die Wedstryd van die Seisoen - daardie een wat in geen koerant opgehemel is nie, geen borg gehad het nie, en les bes, met hoëhakskoene gespeel is.

Ons moes seker in Januarie al besef het dat die omgewing gereed gemaak word vir 'n lopie-fees; dis nou die lopies tussen die kantore, die "blou boeke" en ons studiehokkie - cum ERID-kamer. Maar dit was eers aan die einde van die eerste week in Februarie dat ons begin besef het hier kom 'n rekord-kolfbeurt in die ERID-geskiedenis. Met een kolwer wat in die see baljaar, moes die oorblywende vyf - dis nou Maureen, Clarisse, Martie, Helene en die uwe toe maar ook Sophie se kolfbeurte waarneem, want haar gebruikers is toe nie saam see toe nie. Sophia sê nee, ons het maar net die hardloopwerk vir 'n beseerde speler gedoen, maar haar blink oë moet die terugkom, het nou nie juis bygedra tot oortuiging nie.


Na die eerste week se 24 soektogte, het jy geweet dat jy die maand sal moet keer vir jou paaltjies, maar 'n honderdtal was darem ver in die toekoms as die normale kwota so 50 - 60 per maand is.

Die snelballe het so vinnig gekom dat daar meestal nie eers tyd was om kopskerms op te sit nie. Met kort duskant 60 soektogte na die tweede week wat so tussen vyf en ses per dag was, het dit meer as een keer gebeur dat terwyl een van ons met 'n rits soektogte besig was, 'n kollega ingestorm het, met "haai, sit 'n bietjie syntoe, laat ek net gou die soektog doen, die gebruiker wag buite". Dan het jy maar geduldig weggeskuif en eers die ander een so 'n blitsbeurt gegee, of soms sommer sy soektog so tussenin ingepas.

As ek nou so deur die onderwerpe blaai, is dit duidelik dat alle moontlike pogings aangewend is om ons uit te boul. Daar was snelballe en wipballe oor onderwerpe wat ons nie kon spel of uitspreek nie; daar was lang draaiballe wat gemaak het dat hy weer en weer moes soek om die sleutelwoorde saam te stel, daar was foutballe en wydlopers - dis nou die vier soektogte waar ons geen verwysings oor die onderwerp kon opspoor nie, en so nou en dan moes mens tevrede wees met 'n bylopie of twee - dis nou die soektogte wat minder as tien verwysings gee. Dikwels is jy blyer oor daardie enkele verwysings as oor 'n grenshou, want dit oortuig jou dat die gebruiker nie die onderwerp uit sy duim gesuig het nie, en dat dit wel bestaan. Soos die geval waar die gebruiker een middag gesê het "Jong ek begin nou al self twyfel of so iets regtig bestaan, en of my ouma my nie sommer net daarvan vertel het nie." Sy ouma het nie - daar was so iets.

Toe ons die Vrydag van die derde week so klop-klop aan tagtig, het ons geweet dat hier groot dinge besig is om te gebeur, maar steeds streng by die beleid gebly dat elke soektog of navraag op sy meriete beoordeel word, en nie sommer met die rekenaar gedoen word nie.

Meer as een middag kon jy nie eers appelleer teen die lig of die horlosie nie, en moes 'n soektog gou eers afgehandel word. Ek het nie besef dat die begin van ons soort aandkrieket is nie. Die verskil is net dat ons kolfbeurt al 07h30 begin het. Teepouse en middagete was ook sommige dae iets waarvan 'n mens net gehoor het, want as jy eers 'n beurt gehad het, moes jy hou en klaarmaak.






Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

ʼn Been- voor-paaltjie-poging wat in ʼn grenshou geëindig het, was die slag toe ons ʼn volledige literatuurlys van alle kindersiektes, gebreke en ellendes oor ʼn tydperk van twintig jaar moes voorsien. Na beraadslaging en mooi dink is die soektog toe gedoen - een wat 1774 verwysings opgelewer het. Dit is hoofsaaklik tussentyds gedruk, en was ʼn week later op die dosent se lessenaar. Ek het so gehoop dis ʼn rekord, maar toe stoot Sophia my dwarsbalkies af - sy het twee jaar terug al ʼn soektog gedoen wat meer as 2000 verwysings gehad het.

Die telkaart het op Vrydag 27 Februarie as volg gelyk:

| | |
|---|---|
| Maureen | 27 soektogte |
| Magriet | 35 soektogte |
| Clarisse | 34 soektogte |
| Martie | 18 soektogte |
| Helene | 5 soektogte |


Die totaal : 119. Martie sê haar soektogte is moeiliker as ons s'n, en een van haar DIALOG-soektogte tel vir 2 ELHILL-soektogte. As ʼn mens nou "Mother Maureen" se helpende hand bytel, het die twee gekolf, geboul en nog tee ook gemaak. Die krieketspelers boul gewoonlik 85 boulbeurte met ʼn bal; ons moes dikwels binne 24 uur die rol papier op die terminaal vervang - dis amper vinniger as studente deur ʼn karton fotokopieerpapier.

As ek nou soos die kommentators die statistiek so bietjie kan aanvul - van die 119 soektogte was 103 op ELHILL en 16 op DIALOG; die ELHILL-soektogte het 5225 intydse en 2390 buitentydse verwysings opgelewer; (die DIALOG-boek was weg - Maureen tel nog somme op) en was ons byna 21 uur op ELHILL besig, wat so ʼn gemiddeld van ʼn raps meer as ʼn uur per dag gee. Byna ongelooflik, dit het baie langer gevoel; en as my somme reg is beteken dit omgewerk in rand en sent hier kort duskant R1400,00.

Voordat Topbestuur ernstig bekommerd n: die ERID-begroting begin kyk, kan el darem gerusstel - Maart gaan dit darer heelwat rustiger, en nader aan normaal.

Terloops, ons het geen aandeel gehad ir die beplanning van die tema van die simposium wat op 14 Maart deur die Fakulteit Geneeskunde aangebied is nie - dit het gehandel oor "Die Uitbranding-sindroom - siekte van die professionele mense van ons tyd". In ons soeke na literatuur kon ons niks opspoor oor bibliotekarisse wat aan die siekte ly nie. In elk geval, ek het aan die begin gesê ons is 119 n.u.n. - maar op die noot verklaar ons beslis, en daag enige span uit om daardie totaal verby te steek!

MAGRIET LEE






Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

"SO DOET ONS VOORT ...."

In ons Seksie gaan dinge nog op die gewone trant aan - dit beteken die bestellings stroom in (daar is mos nou weer geld). Rita deel uit en die ontsluiters moet hulle kontroleer en (hulle) insleutel ken om by te bly!

Nuwe boeke kom ook teen 'n vinnige pas in. Die katalogiseringsaksie, as 'n bykomende taak, is nou volledig deur Bibliografiese Ontsluiting oorgeneem, behalwe vir oudiovisueel-materiaal, plate en partiture. Met die boeke van Frans, Grieks en Latyn help Karin Förtsch van Onderwerpsontsluiting ons nog. Vir alle ander vakgebiede word die nuwe boeke wat ontvang word, deur bibliografiese ontsluiters gedoen.

Julle sal verstaan dat daar dus nie baie tyd is vir asemskep nie! Ons waardeer nogtans die geduld van die mense wat vir hulle boeke wag, en ons doen ons bes. Die boeke word in volgorde van ontvangsdatum gedoen en alle boeke van een maand word afgehandel voordat met 'n volgende maand s'n begin word. Ná kontrole beweeg die boeke dan na Seksie Onderwerpsontsluiting.

Ons hou ook nog gereelde vergaderings vir opleiding en die bespreking van probleme en prosedures.

Ter wille van duidelikheid vir almal wil ons graag noem dat die verskillende stadiums waardeur die boeke beweeg, op die kopieskerms aangedui word.

1. Na ontvangs maar voordat daar aan 'n boek gewerk is, is die kopieskerm leeg met "in process" as "status type"

2. Nadat 'n boek deur Bibliografiese Ontsluiting afgehandel is, vertoon die "status type" as "cataloged" maar by die "call number" sal "in process" staan. Die skerm is verder slegs gedeeltelik voltooi.


3. Wanneer boeke by Seksie Onderwerpsonstluiting afgehandel is, sal die hele kopieskerm voltooi wees, met die raknommer (klasnommer) by "call number"

Laastens moet ons berig dat ons weer skade ly. Lappies verlaat die Biblioteekdiens. Lappies dankie vir al jou hulp en bereidwilligheid. Ons hoop daar is groot uitdagings en groot geleenthede wat vir jou wag!

Nou ja, terug na die boeke. Groete tot later.

ELRIEN VAN DER BANK :
SEKSIE BIBLIOGRAFIESE ONTSLUITING

---



"You should use the phone more often, Mr Congreave. It really makes you look like someone."

MIERNES OP VLAK 5

Januarie, Februarie, Maart en amper is dit April-vakansie. Die eerste kwart van 1987 is amper voltooi. Op vlak 5 besef ons baie goed dat daar reeds drie maande verby is en voel dit steeds asof ons nie grondvat nie.

Bella, ek is net dankbaar dat ons darem een maand voltallig kon wees. Aan Marielize en Marietjie baie welkom op ons vloer. Ons is baie bly julle is hier en ons glo dat julle lekker sal werk. Vlak 5 lewer vanjaar verseker 'n rekordgetal studente, dosente en besoekers. Dit klink en lyk soos 'n miernes soos wat hulle die vloer volstaan en wag vir 'n sitplek.

Met 1200 eerstejaar sielkunde-studente, 600 eerstejaar sosiologiestudente, baie-baie Liggaamlike Opvoedkundestudente en baie meer nagraadse studente weet ons nie meer of ons kom of gaan nie.


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Tussendeur DIALOG-opleiding, uitstallings voorberei, oriëntering van nuwe personeel en opleiding van ons medekollegas, het ons nog opdrag gekry om ons prosedure-handleidings te herskryf. Dit is nou vir jou 'n ding van 'n ander kleur.

Vanaf 'n werksontleding van vakbibliotekaresses en hul assistente tot die volledige beskrywing van take opgedra aan assistente. Nog is die einde nie in sig en moet ons kritiese prestasieareas identifiseer en na aanleiding daarvan "BARS" opstel. Dit klink na 'n mondvol en kan ek u verseker dat dit wel die geval is.


Hierdie hele nuwe benadering van ons werksituasie het my weer aan die dink gesit. Is dit moontlik om in ons omstandighede so 'n stelsel effektiek en sinvol te implementeer sonder om baie tyd te mors? Na vergadering op vergadering en lange diskussies met mnr Malan, begin dit lyk asof die son nou deurbreek. Dit voel vir my asof ons nou besig is om iets te bereik. Baie "beswaarde" kollegas wonder of die stelsel kan werk, maar nou is ek geneig om wel so te dink.

Baie dankie aan dr T Trichardt en mej T Heckroodt vir al die ure se saamwerk en saamdink om uiteindelik 'n werksbeskrywing en taakomskrywing vir ons assistente voor te lê. So ook met die samestelling van "BARS", om te kan bepaal hoe produktief ons werk en ons te oortuig dat tyd- en doelwitbestuur wel noodsaaklik is in enige organisasie. Ons is baie dankbaar dat ons nou ook die geleentheid het om in ons omstandighede te eksperimenteer en sodoende een of ander tyd 'n stelsel te ontwerp wat in ons situasie werk.

Jeanette, ek wil namens vlak 5 vir jou baie dankie sê vir die lekker saamwerk die afgelope twee jaar. Dit was lekker om jou hier te hê en ons sal jou sprankel op die vloer mis. Sterkte met jou studies en vlak 6.

CEU AGOSTINHO

---




*"You need never worry about being replaced by automation, Hooper. They haven't yet invented a machine that does absolutely nothing."*

BOEKVERKOPING BY VEEARTSENYKUNDE BIBLIOTEEK

Op Dinsdag 10 Maart en Woensdag 11 Maart is tweehonderd vier-en-negentig duplikaatboeke wat onttrek is uit die versameling by Onderstepoort verkoop. Die opbrengs sal gebruik word om nuwe boeke mee aan te koop. So 'n verkoping is ook 'n diens aan die universiteitsgemeenskap.

Reklame is gemaak deur kennisgewings aan departementshoofde te stuur en plakkate is vertoon by die Voorkliniese, Mediese en Veeartsenykunde Biblioteke.

Pryse is vasgestel deur mej Pienaar wat gewissel het tussen R2,00 - R10,00 per boek, volgens die datum van uitgawe.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Met ons aankoms is Annette en ek ingewag deur kopers wat elk gretig 'n klompie boeke stewig onder die arm vasgehou het, terwyl daar verder gesnuffel word.

Teen 12h00 die eerste dag was daar slegs agt en veertig boeke oor wat nie verkoop is nie.

Baie navrae is ontvang ten opsigte van nog boeke en spesifiek oor die volgende onderwerpe:

Histologie
Fisiologie
Embriologie
Patologie
Dierkunde
Plantkunde
Landbou

Ons is terug na die Merensky en gou is nog eenhonderd agt-en-dertig boeke uitgesoek.

Die volgende oggend is eenhonderd en sewe verkoop asook die meeste van die wat die vorige dag oorgebly het.

In totaal is driehonderd-drie-en-sewentig boeke verkoop. Die bedrag geïn is, R1 071,00.


Soos in die geval van verlede jaar se boekverkoping van mediese boeke by die BMW-gebou, leer mens die takbiblioteke se mense eintlik baie beter ken, asook die omgewing waarin hulle werk. In die geval van Veeartsenykunde was ons verstom om honde groot en klein, sowel as katte op te merk wat saam met hulle eienaars klas draf!

Alhoewel Onderstepoort wêreldbekend is, lyk dat asof sy mense nog met hulle voete plat op die aarde is.

Groete

LAURA PIENAAR

---



Skets van die nuwe gebou.
Die biblioteek is op vlakke 3 en 4

VEEARTSENYKUNDE "HET MY BOEK AL GEKOM?" ....

Die volle vaart waarmee 1987 begin het, toon geen aanduidings om af te neem nie. Teen dié trant sal ons in 'n ietwat gehawende toestand 1988 tegemoet gaan. Soos ons, ons Landbou-kollegas moes meedeel - hulle aanvraag vir "Animals in distress" kan eerder "Librarians in distress" gelui het!

Die nuwe gebou lok van ver, veral nou dat ons huidige biblioteekruimte beslis sy versadigingspunt bereik het.

Merensky-besoekers word nie boontoe geneem nie - die tafels vol nuutgebinde tydskrifte (rakke is totaal vol) sal nie 'n mooi indruk skep nie.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Dit was lekker om Bokkie en die nuwe mense hier te kon rondwys - ek dink die "Anatome" geniet julle kuiertjie ook!

Ons was ook bly om met Louis - van die - Toonbank kennis te maak, nou weet ons presies wie om te pla met die hersien van ons rekenaar-inlees foute.

Ida het haarself al stewig ingewerk agter die toonbank en in haar IBL-hoekie. Haar geheue slaan my asem skoon weg; hoe sy kan onthou presies watter boek, uit die dosyne wat sy deesdae moet aanvra oor Poedels, Staffordshire Terriers en ander spesies, dit is waaroor die student nou navraag doen! Ons ken die student moes - hy sal doodluiters jou vlak in die oë kyk en vra: "Het My Boek al gekom?"

Natuurlik het studente nie alleenreg op die vae strikvraagmetode nie - dosente is ook geneig om te praat van My Artikel. Maar dit bring nie Onse Ida van stryk nie!

Lourina, ons halfdag-staatmaker is lief om te kla dat ek "met haar ploeg", maar soms wonder ek wie ploeg met wie!

Die tydskrifbindaksie is vuur en vlam aangepak, maar word gedurig onderbreek deur die een of ander dringende taak wat nie kan wag nie en dan is daar die toonbankdiensbeurte ook. Lourina se blinkplan met die rekenarisering van ons inhoudsopgawesdiens is seker die hoogtepunt van die afgelope jaar hier by ons.

Carel de Bruyn, die student wat Dinsdae en Donderdae-aande die biblioteek beman het, het ons einde Februarie verlaat. Willem Burger het by hom oorgeneem. Willem is ook 'n veearts-in-wording en dien op Huis Onderstepoort se huiskomitee.

Het dié deeltydse pos ons nie probleme verskaf nie! My tweetalige advertensie het in Engels gelui: "Part-time assistant (male) required in Library." Toe ek weer daarna kyk waar dit mooi buite in die gang gehang het, lees dit: "Party-time assistant (male) required in Library". En dan was daar die verontwaardigde Evageslag wat wou weet hoekom daar teen hulle gediskrimineer word!



ERICA VAN DER WESTHUIZEN


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

RESEPTE




Baie goeie hoesmengsel

Die volgende resep vir 'n hoesmengsel het werklik verskyn in 'n boek getiteld "Geurige Resepte" in 1953 (en was nie as 'n grap bedoel nie).

1 bottel Kasterolie
1 eetlepel Kamferbrandewyn
2 eetlepels Boegoeasyn
1 bottel Hoffmansdruppels
1 bottel Rooilaventel
1 bottel Balsum Sulfurus
1/2 eetlepel Terpentyn
1 bottel rou Lynolie
1 bottel Versterkdruppels
1 bottel Borsdruppels
1 bottel Krampdruppels
6 d suiker

Na hierdie middel kon geen mens waarskynlik ooit weer hoes nie! Dit was seker gewaarborg om nie net die hoes te verwyder nie, maar ook die longe en borsbeen.

Bron : Winskoop Nuus
5 - 19 Februarie 1987.

WORTELKOEK MET MAASKAASVERSIERING

2 k suiker
2 1/2 k meel
3 t kaneel
3 k baie fyn gerasperde geelwortels
1 1/2 k olie
3 t bakpoeier
1 t koeksoda
4 eiers
knippie sout
1 k gekapte okkerneute

Klits suiker en olie goed saam. Voeg die eiers een vir een by en klits goed na elk. Sif die droë bestanddele saam en vou by die eiermengsel in. Voeg geelwortels en okkerneute by. Gooi uit in 2 panne van ± 23 cm deursnee. Bak ± 1 uur by 150°C (300°F)

Versiering


125g botter of margarien
1 t vanielje
1 k versiersuiker
250g maaskaas

Meng die botter, versiersuiker en vanielje. Vou die maaskaas laaste in. Sit vulsel tussen die twee lae en bo-oor.


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# TREFFERS

## FILMS



FILMS: CHILDREN OF A LESSER GOD

SPELERS: William Hunt, Marlee Matlin

Hierdie uitstaande rolprent is vir vyf Oscar-toekennings genomineer, onder andere vir die kategorieë beste akteur, beste aktrise en beste film.

In hierdie uiters treffende rolprent word die wêreld van taal en kommunikasie onder die soeklig geplaas, waar die grense tussen mense, tussen horende en dowe individue ondersoek word. Die rolprent is uiters geloofwaardig weens die feit dat altesaam tien akteurs in die rolverdeling gedeeltelik of heeltemal doof is, waaronder ook die nuweling-aktrise Marlee Matlin. Sy vertolk die rol van die inkennige, hardkoppige en vurige Sarah Norman.

Sarah weier om te leer liplees of praat, en sluit haar totaal af in haar stil en afgesonderde wêreld. Diegene wat met haar wil kommunikeer, moet aan haar vereistes voldoen, en in gebaretaal kommunikeer, of hoegenaamd nie. Haar dinamiese gebarespel, gekombineerd met haar geskakeerde gesigspel en mimiek beeld haar innerlike wroeging en stryd oortuigend uit.

William Hunt vertolk die rol van die vindingryke onderwyser, James Leeds, wat met totaal onkonvensionele metodes probeer om sy studente duidelik te laat praat. Tussen hom en Sarah bestaan 'n ingewikkelde en smeulende verhouding, wat geweldige eise aan beide stel.

In "Children of a Lesser God" vind ons ongewone en aangrypende rolvertolkings en realistiese en oortuigende karakteruitbeeldings. Hierdie rolprent is hoogs aanskoulik, maar bied nie slegs vermaaklikheidswaarde nie, aangesien die rolprentganger tot 'n ondersoek van eie waardes, voordele en houdings, en tot selfontleding genoop word.

"Children of a Lesser God" behoort deur elkeen gesien te word - dit is beslis die moeite word.

JEANETTE MARAIS

---



"The question i
which is to b
master, that's c



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

SANIBONA! DUMELANG!

PERSONALIA



JOHANNES LEKOKOANE

Johannes is in 1947 te Hammanskraal gebore. Hy het in Hammanskraal groot geword en daar skool gegaan totdat hy standerd ses geslaag het.

Hierna kom hy na Pretoria waar hy as kelner vir agtien maande werksaam was by die Prince Christian Home. In dieselfde hoedanigheid begin hy werk by die Bell Hotel. Na twaalf jaar verlaat hy hulle diens. Hy is sedert 1975 verbonde aan Merensky Biblioteek.

Johannes is getroud met Mary en hulle het vyf kinders. Hulle ouderdomme wissel van vyf tot agtien jaar. Johannes is baie positief in sy benadering tot sy medemens in sy werk. Hy lees gereeld die Bybel as hy 'n ledige oomblik het, byvoorbeeld in die oggende terwyl hy vir die personeel wag, voordat die deur om 07h30 gesluit word.

Dit is werklik 'n plesier om met Johannes saam te werk. Ons wens hom nog lang en gelukkige jare in Merensky toe!

---



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

NUWE AANSTELLINGS



**Naam: Rina Herman**
**Getroud**
**Aangestel by: Boekontvangste**
**Vorige ondervinding: Kleuterskool en Laerskool onderwys, Mediasentrum en Eie besigheid vir sewe jaar.**
**Belangstellings: Tuin, naaldwerk en lees.**



Naam: Marielize Goldie
Getroud
Aangestel by: Inligtingsdiens (Vlak 5)
Vorige ondervinding: Skakelbeampte Departement Gesondheid
Belangstellings: Lees, verhale skryf, skilder, bergklim en stap.


Naam: Loekie van Tonder
Getroud
Aangestel by: Tydskrifte
Vorige ondervinding: Instituut vir navorsing en kinderlektuur (Medesamesteller van bibliografie van kinderboeke) RGN Publikasie afdeling
Belangstellings: Kinderboeke, lees, musiek en tuinmaak.





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UITSTALLINGS








Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Mnr Gerhard en mev Leonie du Plessis was verantwoordelik vir ons potjiekosfees.




Ons het gelag ........




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Ons het gesels.....





Ons dors geles...........



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Universiteit van Pretoria

# Biblioteekdiens

## BIBLIKASIE

APRIL

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# I N H O U D S O P G A W E

* * * * * * *


| | Bladsy |
|---|---|
| DIE EERSTE Sê ............................................ | 1 |
| REDAKSIONEEL ............................................ | 2 |
| SABINET NUUS ............................................ | 2 |
| EN SO VERTEL ............................................ | 3 |
| ONS STEL BEKEND ............................................ | 6 |
| IN EN OM MERENSKY ............................................ | 8 |
| TERLOOPS ............................................ | 11 |
| VERJAARSDAE ............................................ | 13 |
| SOSIALE KLUB ............................................ | 14 |
| ALLERLEI ............................................ | 14 |
| BIBFLITSE ............................................ | 16 |
| RESEPTE ............................................ | 19 |
| TREFFERS ............................................ | 20 |
| PERSONALIA ............................................ | 22 |
| UITSTALLINGS ............................................ | 24 |
| ONDERSTEPOORT - BIBLIOTEEK VERHUIS ........................ | 25 |


* * * * * * *

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

DIE EERSTE Sê

NAVORSING EN ONTWIKKELING - ENKELE TENTATIEWE RIGLYNE

Die instelling van die Afdeling Navorsing en Ontwikkeling kan waarskynlik vertolk word as amptelike erkenning van die belangrikheid van navorsings- en ontwikkelingswerk (N&O) binne die Biblioteekdiens. Dit het reeds byna twaalf jaar gelede, in Augustus 1975, plaasgevind.

Oor hierdie byna twaalf jaar, het N&O binne die Biblioteekdiens ook deur verskillende fases gegaan. In die beginjare het die Afdeling Beplanning en Ontwikkeling - soos dit toe bekend gestaan het - 'n groter personeel gehad en daar was 'n neiging om N&O-werk in 'n groter mate binne die Afdeling te konsentreer. Sedertdien het die vertakkinge van die Biblioteekdiens 'n groter aandeel begin neem in N&O-werksaamhede wat hul eie aktiwiteite raak. Dit word goed geïllustreer deur die Groter RGN-navorsingsprojek waarby 'n hele aantal personeellede as navorsers en projekleiers betrokke is. Hierdie ontwikkeling behoort as positief verwelkom en versterk te word terwyl daar terselfdertyd gelet word op moontlike knelpunte wat ondervind mag word.

Met die aanstelling van 'n Onder-direkteur vir Navorsings- en Ontwikkelingsdienste met ingang 1986, het die hele saak van bestuur van N&O-werksaamhede (veral beplanning en beleid) weer opnuut onder die aandag gekom. In die loop van 1986 is tentatiewe planne vir N&O geskep wat nog finaal geïntegreer en aangepas moet word by die strategiese beplanning van die Biblioteekdiens. Intussen loop die Groter RGN-navorsingsprojek vanjaar ten einde en daar sou gevra kon word na die voortsetting van N&O-werksaamhede na afloop daarvan. Verskillende belangrike vrae oor die bestuur van N&O is nog nie finaal uitgepluis nie, maar oor enkele sake behoort daar geen twyfel te wees nie.

Individuele personeellede van die Biblioteekdiens wat inisiatief wil neem en toegerus is vir navorsings- en ontwikkelingswerk, behoort optimaal ondersteun en aangemoedig te word vir sover beplande N&O-werksaamhede in verband gebring kan word met die oplossing van probleme wat die Biblioteekdiens op die kort-, medium- en langtermyn ondervind of mag ondervind. Dit geld veral navorsingswerk waar die personeellid bereid is om byvoorbeeld vir gevorderde kwalifikasies, ook eie tyd op te offer en moontlik vir navorsingsondersteuning binne en buite die Universiteit kan kwalifiseer. Beplande navorsing- en ontwikkelingswerk behoort uiteraard met die betrokke afde- lingshoof en die Onder-direkteur vir Navorsings- en Ontwikkelingsdienste uit- geklaar te word om vir volle ondersteuning te kwalifiseer.

Vertakkinge van die Biblioteekdiens behoort ook sterk aangemoedig en ondersteun te word om navorsings- en ontwikkelingswerk te onderneem ten opsigte van eie probleemterreine. Afhangende van die vlak waarop hierdie probleme ondersoek gaan word, behoort steun verleen te word ten opsigte van die navorsingsontwerp, insameling van inligting, verwerking, dokumentering, bekendstelling en finansiering.

Samewerking met kollegas buite die Biblioteekdiens, veral die Departement Biblioteek- en Inligtingkunde, behoort 'n prioriteit te bly. Ook hierdie samewerking sal, soos in die verlede, vir die Biblioteekdiens bly draai om die oplossing van praktykgerigte probleme.


N&O sal, veral in die lig van veranderinge in die institusionele en eksterne omgewing, ook steeds die bestuur en bedryf van die Biblioteekdiens in staat moet stel om noodsaaklike veranderinge betyds te identifiseer en pro-aktief daarop te reageer. In hierdie verband word veral gedink aan die invloed van die inligtingstegnologie, ondersteuning van strategiese bestuur en die ontwikkeling van effektiewe inligtingstelsels.

Om saam te vat: Daar is baie wat gedoen kan en moet word. Die ondersteuning van elke personeellid en vertakking van die Biblioteekdiens is nodig - ook vir navorsings- en ontwikkelingswerk. Individue en afdelings wat inisiatief wil neem, kan reken op volle ondersteuning en samewerking - vir sover dit hoegenaamd geakkommodeer kan word.

H DE BRUIN
ONDER-DIREKTEUR (NAVORSINGS- EN ONTWIKKELINGSDIENS)



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019



Read not to contradict nor to believe, but to weigh and consider.
Some books are to be tasted, others to be swallowed, and few to be chewed and digested.

Francis Bacon

REDAKSIONEEL

Vandeesmaand bevat Biblikasie 'n interessante verskeidenheid van berigte wat 'n ieder en 'n elk se leeslus sal bevredig.

Die Aprilvakansie is, helaas, iets van die verlede. Was u dalk 'n slagoffer van die berugte 1 April - gekskeerdery? Lees dadelik die berig oor die oorsprong van die dag.

U het sekerlik al dikwels die standbeeld voor Africana onder oë gehad. Na die lees van ons berig oor hom, sal u hom voortaan in 'n totaal nuwe lig sien. "Jo die verskriklike" sal nooit weer dieselfde wees nie!

Die Kultuurhistoriese Instituut kom hierdie maand aan die beurt in ons nuwe rubriek "Ons stel bekend ...".

Bokkie Malan het namens die Sosiale Komitee 'n berig geplaas wat almal, wat kritiek lewer oor Woensdae se eetgoed, sal interesseer.

Biblikasie bou voort op sy goeie reputasie! Die Rapport-prys en ATKV-pryse is pås aangekondig, en ons het reeds 'n berig. Baie dankie, Elma Kock, dat jy ons daaroor op hoogte hou.

Aan mev Dirkie Offringa is ons baie dank verskuldig vir haar gereelde bydraes oor kulturele bedrywighede op die kampus. Vandeesmaand plaas ons twee berigte wat deur haar ingestuur is.

SABINET-NUUS

BRITISH BOOKS IN PRINT

AGTERGROND

Die ledekomitee het Sabinet versoek om 'n voorstel in verband met die "British Books in Print" databasis (BBIP) voor te berei.

Sabinet het intussen 'n toetsband vanaf Whitakers ontvang en hierdie band is getoets. 'n Aantal probleme is ondervind omdat die band nie in 'n suiwer UKMARC-formaat vir uitruil is nie.

Die items in die BBIP-databasis is 'n duplisering (verkorte rekords) van die UKMARC databasis met die verskil dat die drukstatus van materiaal en UNESCO klassifikasie kodes verskaf word.

Kostes

Die jaarlikse kostes verbonde aan die verkryging van BBIP-bande kan tussen R80 000 en R90 000 beloop, vergeleke met die koste van UKMARC wat maar R6142 per jaar beloop.

Gevolgtrekking

Die ledekomitee het besluit dat Sabinet nie binne die afsienbare toekoms die BBIP bande sal aankoop nie. Sabinet is egter bereid om die inligting namens 'n lid of 'n konsortium van lede aan te koop, en die direkte kostes tussen die lede te versprei. Die voordeel hierin is dat lede die kostes kan deel en nie elk die volle kostes hoef te dra nie.

BRON: SABINET-NUUS FEBRUARIE 1987


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

EN SO VERTEL ...

## HERFS

Midde-in die herfsseisoen met sy pragtige skakeringe van geel, goud en roesbruin, spreek die natuur tot ons uit hierdie stukkie lewensfilosofie:

> ŉ Herfsblaar is ŉ sterwende blaar
>
> Maar al is hy sterwende, bring hy mooi kleure voort
>
> - en hoe nader hy aan die dood kom, hoe dieper word die kleure!

Laat ons hierdie gedagte van ŉ onbekende outeur altyd nastreef. Ons is tog ook, net soos hierdie herfsblaar, eers ŉ teer, groen blaartjie wat ontluik tot volle wasdom ten spyte van winde en storms wat oor ons heen gaan. En hoe mooi is dit om die dieperwordende kleure by ŉ persoon waar te neem.

Dit is my warm herfswens aan elkeen in Merensky!

CHRISTA KRUGER

****************************************

Our greatest, being also by nature our quietest, are perhaps those that remain unknown.

Carlyle

*******************

## TUKSKRAG '87

Dit is hoe die evangelisasie-week op die kampus bekend gestaan het. Wat ŉ fees!

ŉ Werklike fees as ŉ mens in gedagte hou hoe wonderlik die Here onderneem het. Van ± 15 September 1986 is daar begin om aan hierdie aksie te beplan. Hierdie aksie het dan in vervulling gegaan vanaf 9 - 14 Maart.

Die aksie het ontstaan toe daar ŉ visie ontvang is deur een van die N G Kerk se teologiese studente. Saam met ŉ viertal ander teologiese studente is begin om te beplan onder die leiding van die Heilige Gees. Die oogmerk was dan ook duidelik daarop gemik om die deursnee Tukkie te bereik. Hulle wat kerklik geskool is, kategese bygewoon het, gedoop, aangeneem is ensovoorts, maar wat nog nie in ŉ persoonlike verhouding met die Here Jesus kom staan het nie. In die aksie is al die kerklike organisasies van die kampus betrek met een doel: evangelieverkondiging - Krag of snert (1 Kor 1:18).

Die week is begin met ŉ uitgebreide program waar soveel moontlik sprekers regoor die kampus opgetree het. Die week het as volg verloop: Dinsdag en Woensdag was ds Peter Louw aan die woord in die Amfiteater; Donderdag, Jan de Wet met sang en woord in die Aula; Vrydag, prof Malan Nel in die Aula, en Saterdag was die hoogtepunt, toe die Jesus-film met die Afrikaanse klankbaan vertoon is.

Alhoewel dit die eerste poging was, nogtans met baie probleme, was dit darem in een opsig geslaagd gewees naamlik, die Woord van die Here is verkondig. Gemeet aan die talle studente wat ŉ definitiewe antwoord gegee het, het dit al die harde werk en beplanning die moeite werd gemaak, selfs al sou net een tot bekering kom.

Halleluja!

JANNIE SCHULER

**************************************



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

'APRIL FOOL'

'The first of April, some do say
Is set apart for All Fool's Day;
But why the people call it so
Nor I, nor they themselves, do know'

From Poor Robin's Almanac, 1760

Dis volksgewoonte dat 1 April amptelike poetsbakdag is, die dag waar ander mense jou been kan trek, jou onkunde kan uitbuit, of net lekker jou siel versondig, sodat die bloed warm in jou are loop, terwyl die ander party hom heerlik verkneukel in die slaggat waarin jy getrap het.


Maar waar lê die wortels begrawe van hierdie poetsbak- en proesdag? Die werklike oorsprong het verlore geraak vanweë die oeroue bedryf hiervan. Verskeie spekulatiewe beskouinge het met die tyd ontstaan. Die oorsprong kan geleë wees in die verandering wat daar plaasgevind het met die jaarkalender, gedurende die jaar 1564 in Frankryk deur Charles IX. Tydens hierdie jaar het Nuwejaarsdag verskuif van 1 April na 1 Januarie. Alle veranderings is nie altyd welkom nie, en van die tydgenote het weerstand gebied teen hierdie nuwejaarsomwenteling en het bly vaskleef aan die tradisionele Nuwejaarsdag van 1 April. Hierdie 'rebelle' is op die 1ste April bestook met grappe en poetse. 1 April word ook in verband gebring met die lentefees wat in Indië gehou word op 31 Maart. Tydens hierdie fees was grappe, kullery ensovoorts aan die orde van die dag. Die oorsprong word selfs gekoppel aan die Bybelse gebeurtenis wat ongeveer rondom 1 April plaasgevind het, waar Christus rondgestuur is van Annas na Kajafas, van Kajafas na Pilatus, van Pilatus na Herodes van van Herodes terug na Pilatus. Op 1 April is daar mense wat gekul word deur die toepassing van die gesegde om van Pontius na Pilatus gestuur te word want 'Op de eerste April sendt (stuurt) men de gekken waar(heen) men wil'.

Individuele sowel as groeppogings word aangewend om mense te kul. Selfs die kommunikasiemedia word ingespan om saam te speel byvoorbeeld koerante plaas berigte wat glad nie bestaan nie. So het 'n groep mense eenkeer voor geslote deure gestaan op 1 April vir die aankondiging van 'n toneelopvoering getiteld 'De heilige Naaktus'.

Vir die biblioteekgebruiker en bibliotekaris die volgende 1 April boodskap 'Chambers suggests that an appropriate errand for the day is sending one to the library to enquire about the life of Adam's grandfather'.

SJEUKE AGEMA

BRONNE: GROTE NEDERLANDSE LAROUSSE ENCYCLOPEDIE EN ANDER DIVERSE ENSIKLOPEDIEë




1 April poets

Dink net hoe u mense sal laat wonder as hulle 'n telemgram ontvang "ignoreer eerste telegram" Red.


*************************************



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

VOORKLINIES

Die onderstaande prentjies word opgedra aan werklike, lewende persone. Daar word nie van denkbeeldige name gebruik gemaak om hul identiteit te beskerm nie - daar is al in alle erns met hierdie name na hulle verwys deur mense wat die kat aan die stert beetgehad het (jammer, VET)







OPGEDRA AAN: Prof Gister en Dominee Merensky

Hiermee ook 'n versoek, reeds goedgekeur deur Ma Griet, vir 100 yskaste en 100 waaiers om voor volgende somer afgelewer te word by : VKL (die L word uitgespreek as - spel nou in Engels, hoor - Aich, E, Double Hockey Sticks).

DIE AFRICANA-MANNETJIE OFTEWEL "JO DIE VERSKRIKLIKE"

Die naakte heer wat met so 'n aggressiewe houding die ingang van die Africana-afdeling bewaak, is nie sommer net enige ou mannetjie nie. Hy was in sy jeug een van Frankryk se mees geslepe boewe, Georges Hainnaux, met die bynaam "Jo la Terreur".

Mnr A R Johnson van Port Elizabeth het vir ons in 'n brief vertel van die biografie wat A le Breton oor die lewe van Jo la Terreur geskryf het. Die boek se naam is "Les Pegriots" en daar verskyn onder andere ook 'n foto van die standbeeld van Jo, geskep deur Fanie Eloff (kleinseun van Pres. Kruger), in die boek. Jo het blykbaar ook vir die beeldhouer, Rodin, as model opgetree. Die beeld wat Eloff gemaak het, heet "Le Pugiliste" (die bokser).

Jo was 'n bekwame bokser met 'n diploma om dit te bewys, maar sy bekendheid het hy te danke aan 'n joernalis, Georges Simenon, wat gefassineer was deur die gedugte klein mannetjie se lewe. Simenon het gedurende 1934 'n reeks voorbladartikels oor hom die lig laat sien. Daaruit blyk dit dat Jo oor inligting beskik het wat die toenmalige wankelende Stavisky-regering tot 'n val kon bring. Jo was in daardie stadium 38 jaar oud en reeds die laaste oorlewende van 'n heroise tydperk, naamlik dié van die "Groot Deugniete van die Onderwêreld," nog lank voor Al Capone, Chicago en die Mafia. Hulle was die kavaliers van die misdaadwêreld, nie skorrie-morries soos hulle navolgers nie. Hulle wêreldhoofstad was Parys; hulle vroue was harde vroue van die wêreld en polities was hulle groot ondersteuners van die anargiste.

Jo was blykbaar op 78-jarige leeftyd nog springlewendig en dalk sit hy nog êrens in 'n kamertjie in Parys (nou 90 jaar oud) oor die goeie ou dae en peins.

JORIET COETZEE EN CLARISSE VENTER



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

ONS STEL BEKEND ...

## DIE KULTUURHISTORIESE INSTITUUT SE BIBLIOTEEK

Die biblioteek van die Kultuurhistoriese Instituut is saam met die Direkteurskamer en administratiewe kantoor van die Kultuurhistoriese Instituut gehuisves op die boonste verdieping van die Ou Letteregebou. Die biblioteek was aanvanklik deel van die Nederland Cultuurhistorisch Instituut wat in 1931 amptelik opgerig is om as laboratorium te dien vir die studie van die Nederlandse taal, letterkunde, kunsgeskiedenis en kultuurgeskiedenis. Die Instituut is aanvanklik gesubsidieer deur verskeie kultuurinstansies, maar hierdie subsidiëring is later oorgeneem deur die Nederlandse regering met name die Ministerie van Cultuur, Recreatie en Maatschappelijk Werk. In 1983 is hierdie subsidie ingetrek.

Aangesien die biblioteek enig in sy soort in die suidelik halfrond is en ongeveer 50 000 publikasies bevat wat die Nederlandse kultuurgeskiedenis in die ruimste sin van die woord verteenwoordig, het die Raad van die Universiteit in 'n reglement bepaal dat die biblioteek as 'n eenheid behoue bly en bedryf word. Die biblioteek is 'n volwaardige takbiblioteek van die Biblioteekdiens van die Universiteit van Pretoria. Vanaf Oktober 1984 is mej Jo Breed van die Africana-afdeling na hierdie biblioteek oorgeplaas. Die gebruik van die biblioteek neem steeds toe. Veral studente wat Nederlands bestudeer, studente in Afrikaanse en Nederlandse Kultuurgeskiedenis en Beeldende Kunste-studente maak gereeld van die biblioteek gebruik. Talle studieprojekte word gereeld in samewerking met die onderskeie departemente aangepak.

In 1985 is 'n uitstalling oor die Geskiedenis van Medisyne gehou, in samewerking met die departement Afrikaanse en Neder- landse Kultuurgeskiedenis. In 1985 en 1986 is 'n projek vir eerstejaarstudente in Afrikaans/Nederlands gehou in samewerking met mev Pols van die departement Afrikaans. Die projek het gehandel oor die voorgeskrewe werk "Die dagboek van Anne Frank". Vraelyste is ingevul, waarvan die antwoorde in die biblioteek moes nageslaan word.

In 1985 het prof O J O Ferreira saam met die derdejaar ANK-studente 'n projek oor Schoemansdal aangepak. Die studente moes met die hulp van die bibliotekaresse die ou boedels indekseer. Dit het soms tot groot pret gelei want die ou mense se skrif was partykeer nie juis baie leesbaar nie.

Uit hierdie projek het die opstel van 'n inventaris met verklarende aantekeninge deur mej Breed tot stand gekom. Drie van hierdie inventarisse is saamgestel: een is by die biblioteek, een by Africana en die derde een is oorhandig aan die TPA-Museumdienste vir uitstalling by Schoemansdal.

Die groot projek van 1986 is in opdrag van prof P G Nel uitgevoer en het gehandel oor die Nederlanders se stryd teen die see. Hierdie projek het die hele spektrum van die dyke, Zuiderzeewerke, die ekonomiese en kulturele invloede wat hierdie stryd gehad het, behandel. Daar is 'n uitstalling vir belangstellendes gehou en die derdejaar ANK-studente sowel as die Honneurs ANK-studente het hieraan gewerk.


In 1987 is die 100ste sterfdag van Multatuli herdenk. 'n Uitstalling van sy boeke is gehou en ongeveer 50 gaste van buite het ook die filmvertoning oor die bekende boek, Max Havelaar, van hierdie Nederlandse skrywer, bygewoon.

Mej Breed is alleen hier en het genoeg werk om haar besig te hou.


---



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

IN EN OM MERENSKY

Ons betuig graag ons innige meegevoel aan die volgende persone met hul groot verlies:

- Prof Danie Joubert met die afsterwe van sy suster.

- Erna Klopper met die afsterwe van haar moeder.

- Rina de Vos met die afsterwe van haar vader

Die Direkteur en personeel wens mev Annatjie Joubert 'n volkome herstel toe.

Wees verseker van ons gebede.

*********************************

Baie geluk aan die volgende persone:

- Marie en Sakkie de Wet met die geboorte van hul dogtertjie op 7 April 1987

- Gideon en Yzelle Roets met hul huweliksbevestiging op 11 April 1987

- Japie Jordaan en Annemarie Nortjie met hul verlowing op 10 April 1987


- Wilna en Hertzog Marais met die geboorte van klein Johannes op 2 Mei 1987

- Hannie Kriek en Koos Kruger met hul verlowing

Geluk aan Ina van Vuuren met die geboorte van haar kleindogter. Ouma is seker baie trots!

********************************

WILNA Sê DANKIE!




Ons weet almal dat tyd vlieg! Nou-ja, ek het dit wéér ondervind - voor ek my kon kry, was dit "Middel-April" en ek is by die huis. Voor ek my nou honderd persent aan die akademie wy (ja, dat dit nou ook nog eerste opsie moet kry) wil ek vir oulaas baie dankie sê!

Baie dankie aan almal wat bygedra het om te sorg dat die Marais'tjie die laaste noodsaaklikhede kry! Aan almal wat by my ooievaarstee was, baie dankie! Ek waardeer julle bedagsaamheid, vriendelikheid en belangstelling in die doen en late van ons by Musiek Biblioteek baie.

Spesiaal dankie, Gertrud en Magda!

GROETE
WILNA MARAIS

---

ATLAS VERMIS

Onderwerpsontsluiting vermis hulle atlas. Sal die persoon/persone wat die atlas geneem het, dit net terug besorg asseblief.

****************



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## vermaak



Die Vryerige Spook (Blythe Spirit) - Noël Coward en Estelle Zeeman - Donderdag 7 Mei - Saterdag 16 Mei

Stadslewe/City Life - Jacqui Rowe - Dinsdag 19 Mei - Saterdag 23 Mei

Vrydag, 22 Mei 1987
UNIVERSITEIT VAN PRETORIA SIMFONIEORKES
onder leiding van ALAN SOLOMON

Hierdie aandkonserte wat in samewerking met Die Oude Meester Stigting vir die bevordering van die uitvoerende kunste aangebied word, vind plaas in die Musaion en begin om 19h30.

Besprekings vir die aandkonserte kan by Computicket of die Departement Musiek tel 420-2248 gedoen word. Verdere navrae Tel : 420-2019.

*****************************

TENTOONSTELLING: ZAKKIE EN RENé ELOFF

INTERSAAL, OU LETTEREGEBOU
UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

13 - 22 MEI 1987
Weeksdae: 09h00 - 16h00

ŉ Tentoonstelling van Zakkie en René Eloff sal op Dinsdag 12 Mei om 18h00 deur prof D M Joubert, Rektor en Onderkanselier van die Universiteit, in die Intersaal van die Ou Letteregebou by die Universiteit van Pretoria geopen word.

Die tentoonstelling sal bestaan uit ŉ verteenwoordigende versameling skilderye en sketse deur Zakkie Eloff, sommige werke in bruikleen uit privaatversamelings, asook onlangse skilderye deur René Eloff.

Zakkie Eloff is ŉ vaardige grafiese kunstenaar wat betref die monotipe of enkeldruk, ets en houtgravure media, maar hy is veral bekend vir sy tekeninge van diere en skilderye van natuurlewe. Sy vrou René, wat in ŉ ander trant werk, is bekend vir haar monotipes en skilderye in gemengde media, veral haar voëlsketse en blomstudies. Sy skilder ook groot kleurvolle olieverfwerke waarin figure soms inkorporeer word.

Zakkie, wat van Russiese afkoms is, is in 1925 in Botswana gebore. Hy het die Pretoria Boys High School bygewoon waar die onvergeetlike Walter Battiss sy kunsonderwyser was. Hy het kuns aan die Witwatersrandse Tegniese Kollege onder Phyllis Gardener en Maurice van Essche studeer. Vervolgens is hy na Londen om grafiese kuns aan die Central School of Art te studeer en later ook onder Dorf Rieser in Europa.

Dit was as kunsdosent aan die Pretoriase Tegniese Kollege dat Zakkie vir die kunsstudent René van Zyl ontmoet het met wie hy in 1961 sou trou. René is in Pretoria gebore waar sy aanvanklik by die Universiteit van Pretoria ingeskryf het, maar toe aan die Pretoriase Tegniese Kollege studeer het. Haar eerste eenmantentoonstelling het in 1962 by die Vorster Galery in Pretoria plaasgevind.


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Om sy inkomste aan te vul, het Zakkie rame verkoop aan kunstenaars wat soms met skilderye betaal het. So het ŉ kunsversameling gegroei wat werke van onder meer Walter Battiss, Alexis Preller en talle Pierneefs ingesluit het. Die Eloffs het later hierdie kunsversameling, tesame met al hulle besittings, tydens hulle verblyf in Etosha in ŉ brand verloor.

Zakkie het soveel tyd in Etosha deurgebring om te skets dat hy besluit het om aan te sluit by die natuurreservaat se personeel onder leiding van die bekende natuurbewaringsfiguur Barnabe de la Bat. Aanvanklik het die Eloffs gewoon in die afgeleeë Otjivasangu in die suidelike Kaokoveld en later by die Halalikamp 170 km verder.

Aangemoedig deur ŉ Johannesburgse kunshandelaar het Zakkie mettertyd besluit om voltyds te skilder. Die gesin, wat nou drie kinders ingesluit het, het na die Laeveld naby Witrivier verhuis waar die twee kunstenaars in aparte ateljees werk.

Zakkie maak talle vinnige notas en werkstekeninge gedurende sy besoeke aan verskeie wildtuine voordat hy in die ateljee begin skilder. Hy maak nie staat op ŉ kamera vir sy aantekeninge nie. Hy maak sketse in die bos wanneer hy die skouspel van dierelewe rondom hom bekyk en gee dit met ŉ paar vaardige hale van sy kwas of pen weer. Sy werk is ŉ seldsame kombinasie van delikaatheid en krag en besit die geloofwaardigheid en vitaliteit wat kom van sy in- tieme kennis van die natuurlewe.

Albei kunstenaars het al op die etspers eksperimenteer met monotipes wat op ŉ koperplaat gedoen word en deur die etspers gestuur word. Zakkie se tegniek is ekonomies en maak gebruik van ŉ verdunde pigment. René het ŉ spontane benadering met breë kleuraanwending. Sy werk ook in gemengde media, met contékryt of met olieverf op papier en gee onder meer die kenmerkende houdings van voëls soos hamerkoppe, kraanvoëls, tarentale, neushoringvoëls, uile en ganse met ligte humor weer. Haar impressionistiese studies met waterlelies, kosmos en kappertjies is ŉ suiwer kleureprag.

Die uitstalling sal duur tot 22 Mei en kan op weeksdae vanaf 09h00 tot 14h00 besoek word.

****************************

MEDIA EN TEGNIEKE

AKRIELVERF

Dit is ŉ moderne medium wat baie soos olieverf lyk. Die pigment word met ŉ sintetiese stof gebind, met water aangewend en word dus vinnig droog.

AKWAREL

Die Franse woord aquarelle beteken ŉ skildery in dun, deursigtige kleurwasse, dit wil sê waterverf. Daar is egter verskeie tipes waterverwe. Pen- of potloodtekeninge word soms bygewerk met ŉ kleurwas (dun waterverf).

ETS

Die tegniek is sedert die 16de eeu bekend en verwys na ŉ diepdruktegniek waardeur ŉ ontwerp op ŉ metaalplaat verkry word deur die gekontroleerde invreet-effek van suur. ŉ Plaat word met etsgrond (gewoonlik ŉ mengsel van was, pik en harpuis) bedek waarin daar met ŉ etsnaald geteken word. Die plaat word geplaas in ŉ bad met suur wat in die lyne invreet. Die plaat word skoongemaak, geink en op ŉ vel klam papier deur die etspers gestuur. ŉ Reeks genommerde etse word gewoonlik gemaak. Ander etstegnieke is onder meer droënaald, aquatint en reliëfets. Zakkie Eloff het in 1976 saam met ŉ aantal kunstenaars gewerk aan harsgravures (reliëfetse in harpuis op houtpaneel) vir die Canberra-week.


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

GEMENGDE MEDIA

Dit verwys gewoonlik na 'n kombinasie van verskillende media, byvoorbeeld 'n akwarel met gouache of 'n droë medium soos pastelkryt, waskryt of houtskool, selfs 'n syskermdruk, saam met verf.

GOUACHE (Frans)

Dit word ook sommer plakkaatverf genoem. Waterverfkleure word verdik met 'n lymerigheid wat dit kalkerig en ondeursigtig maak. Gouacheverf, veral wit, word soms in waterverfwerke gesien.

KRYT/CONTÉ

Dit is 'n sagte grondstof waarby olie of was gevoeg word. Dit kan meer poeierig of meer olierig wees. Die harder contékryt, gewoonlik swart, rooi of wit, is 'n saamgepersde pigment wat in die 19de eeu in Frankryk ontwikkel is. Met contékryt kan 'n gladde, skerp lyn verkry word - houtskool en kryt is meer korrelagtig.

PEN/KWAS EN INK

Die pen is sedert ongeveer die 12de eeu in gebruik. Met pen of kwas vir 'n sagter effek, en ink kan 'n verskeidenheid tekenlyne en teksture verkry word. 'n Pentekening word soms versterk met kwaswerk. Zakkie Eloff gebruik graag sepia, 'n dik, bruin ink afkomstig van inkvis.

SERIGRAFIE/SYSKERMDRUK

Die basiese tegniek is om vorms uit papier te sny en dit te plak op sy wat oor 'n raam gespan is. Die raam word op papier geplaas en dik ink word met 'n rubberstryker deur die sy forseer. Plat kleurvlakke word verkry met hierdie sjabloon-metode. Gesofistikeerde effek- te kan ook met gevorderde syskermtegnieke verkry word.

INGESTUUR DEUR DIRKIE OFFRINGA

******************************

TERLOOPS...



Die bou van die eksperimentele databasis vir die RGN-projek nader nou sy einde.

Tot op datum is 2103 dokumente afgehandel.

Volgende maand sal ons 'n breedvoerige berig plaas.

**********************************

Die Ou Merensky is nou baie na aan voltooiing. Daar is egter los stene bo-aan die dak wat eers herstel moet word. Die oponthoud vertraag nou die voltooiing van die gebou.

Volgende maand gaan ons u meer inlig oor die gebou en verskillende interessanthede meedeel waarvan u seker nie bewus is nie.

**********************************

Prof Gerryts het die verslag van die Komitee van Universiteitshoofde Interuniversitêre Biblioteekkomitee stiptelik afgehandel.

PROJEK: RASIONALISASIE EN SAMEWERKING TEN OPSIGTE VAN VERSAMELINGSBOU EN DOKUMENTLEWERING DEUR UNIVERSITEITSBIBLIOTEKE

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

DEEL 1: VERLOOP, BEVINDINGE EN GEVOLGTREKKINGE

Bogenoemde verslag word voorgelê aan die vergadering van die Interuniversitêre Biblioteekkomitee op 4 en 5 Mei 1987 in Durban.

Prof Gerryts en dr De Bruin sal op 3 Mei 1987 na Durban vertrek.

Ondersoekspan: Prof E D Gerryts, Direkteur (Biblioteekdiens) Universiteit van Pretoria

Dr H de Bruin, Onder-Direkteur (Biblioteekdiens) Universiteit van Pretoria

****************************************

Die volgende skrywe van die Rektor spreek boekdele:

22 April 1987

Prof E D Gerryts
Direkteur: Biblioteekdiens
Universiteit van Pretoria
PRETORIA


Geagte professor Gerryts

Ek het met groot waardering kennis geneem van die puik verslag wat deur u en dr De Bruin ingedien is oor die Rasionalisasie en Samewerking ten opsigte van Versamelingsbou en Dokumentlewering deur Universiteitsbiblioteke. Hierdie saak sal weldra deur die Uitvoerende Komitee van die KUH in behandeling geneem word en na ek verneem van mnr W J du Plessis hou dit buitengewone moontlikhede in wat alle universiteite behoort te bevoordeel.

Met vriendelike hoogagting
die uwe

Prof D M Joubert
R E K T O R

DIE VERSKILLENDE HOEDANIGHEDE VAN 'N GOEIE HOOF





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# *Gelukwense....*



02/05/87 = Mev Elize Smit (Boekontvangs)

03/05/87 = Mev Alida von Backström (Sekretaresse)

05/05/87 = Mev Rynette Steyn (Tydskrifte)

06/05/87 = Mnr Rolf Tönsing (Navorsing & Ontwikkeling)

08/05/87 = Mej Gerda Pretorius (IBL)

09/05/87 = Mej Sjeuwke Agema (Onderwerps-ontsluiting)

10/05/87 = Mev Amelia Breytenbach (Onderwerps-ontsluiting)

11/05/87 = Mnr W Duminy (Onder-Direkteur)

14/05/87 = Mnr Johan Botha (Toonbank)

15/05/87 = Mev Ria Strauss (GSV)

17/05/87 = Mev Frea Lessing (Finansiële Administrasie)

22/05/87 = Mnr W P Burger (Onderstepoort)

25/05/87 = Mev Mara Grobbelaar (IBL)

27/05/87 = Mev Minda Meyer (Boekontvangs)

28/05/87 = Mev Hannie Pretorius (Tydskrifte)

29/05/87 = Mev Magda Uys (Boekontvangs)



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

SOSIALE KLUB

JY KAN NET NIE WEN NIE

Ek blaai hier deur die sosiale komitee se lêer, en kyk na die koek wat Woensdae bedien word. 'n Mens kan net glimlag en saam sê: "soveel dae, soveel sinne". Hoe kan 'n mens nou ooit almal tevrede stel? Bedien ons warm souttert, is iemand lus vir yskastert. Kry hulle melktert, is daar weer een wat lus is vir iets sout.

Kom Paastyd en almal kry paaseiers en lekker vars paasbolletjies, hoor jy: "Ons kry dit elke Paasfees".

Ignoreer ons die paaseiers en paasbolletjies, hoor jy weer dat dit dan die <u>enigste</u> week is wat geskik is daarvoor!

As die een se sny koek nie te groot is nie, is die ander een s'n te klein - al word dit ook ewe groot gesny.

Ek kan maar net glimlag en positiewe bydraes inwag.

"Die beste stuurlui staan aan wal"!

BOKKIE MALAN

*********************************

Redakteur:

Bokkie, ons dink die eetgoed Woensdae is baie lekker, met genoeg afwisseling om dit interessant te maak! Baie dankie.

TWEE TEVREDE KOEKETERS!

---


'n Mens se karakter kan die beste beoordeel word aan die aantal dinge waarsonder hy kan klaarkom sonder om te kla.

Dink sonder doen, sal nie doen nie; doen voor jy dink is dalk sleg gedoen, maar dink voor jy doen is meestal goed gedoen.

---

ALLERLEI

DIE BYBEL OP DIALOG



As of December 1986, Dialog began spreading The Word to its congregation of online users by mounting the complete text of the King James Version of the Holy Bible. The database contains both the Old Testament and New Testament as published in the 1769 edition edited by Thomas Nelson Publishers.

This edition is the "most recent" King James version of the Bible. (The original translation, ordered by King James of England at the Hampton Court Conference, was published in 1611.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Major revisions were made in 1629, 1638, 1762 and 1769.) Although many versions of the scriptures have appeared over the centuries, the King James canon is considered a classic by scholars for its literary and devotional style.

Dialog's proximity and Boolean search capabilities should add a new dimension to thematic study of the Bible. For instance, a user could determine how many times the phrase Kingdom of God appears or track the usage of words such as peace, love or hell. Dialog expects that this database will prove valuable to history and religion teachers as well as biblical scholars.

Each record in the file can be searched at the chapter or verse level, and chapter numbers can be combined with a book name for specific retrieval. (Example: Select BK = Esther and CN = 7:10.) Specific chapters and verses may also be retrieved using the citation prefix and a notation for the chapter and verse. Entries are cascaded so that the entire chapter may be retrieved in one step. In addition, searches may be restricted to Old or New Testament books.

The Bible, King James Version (File 297) contains approximately 33 600 records. It is available on Dialog Version 2 only and costs $24 per hour plus 10 cents per full record printed. There are no type or display charges, and the file will be available through the Classroom Instruction Program.

The Bible was the 30th database to be added to Dialog during 1986. Coming up next in the near future will be Architecture Database, produced by the Royal Institute of British Architects, and Trademarkscan State from Thomson & Thomson, providing information on trademarks protected within specific U.S. states. In addition, beginning in early 1987, a gateway will be formed allowing Westlaw users to move directly into the Dialog system or access Dialog on the Westlaw system via a menu selection.

BRON: <u>INFORMATION TODAY</u>
Vol 4 no 1
Januarie 1987
p 1 en p 30

---


10 WENKE VIR 'N VOORSPOEDIGE REIS

Ons gee 'n aantal wenke om 'n vliegtuigrit te vergemaklik ... en om dit in die eerste plek nie te verpas nie!

- In vakansietye is lughawens besonder bedrywig. Vertrek vroeg na die lughawe om verkeersknope en ander vertragings te vermy (wees sowat twee ure voor jou vliegtuig se vertrek by die lughawe).
- Meld dadelik aan, al is jou kaartjie vooruit betaal. Totdat jy jou instapkaartjie in jou hande het, kan jy nie heeltemal van jou bespreking ver- seker wees nie.
- Skakel die lugdiens indien die weer guur is - moontlik is jou vlug uitgestel of gekanselleer.
- Dra die gemaklikste klere en skoene wat jy het.
- Bespreek 'n sitplek langs 'n venster as jy wil slaap, of 'n sitplek langs die paadjie indien jy wil rondstap.
- Slaap soveel jy kan om uit te rus.
- Neem 'n boek saam - 'n romantiese treffer of lekker riller om jouself mee besig te hou.
- Moenie aan boord te veel eet en drink nie, maar drink wel sowat 250 ml water elke uur om ontwatering te voorkom.
- Staan op en loop, of doen selfs af en toe oefeninge om te voorkom dat jou spiere styf word.
- Verfris jouself deur jou gesig te was, jou tande te borsel, vars grimering aan te wend (selfs deur te verklee) sodat jy na die lang vlug vars lyk én voel.

---


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019



ONTPLOFFING BY GSV

Maart 1986:

Een van die besigste in die geskiedenis van die Merensky-Biblioteek, en veral by GSV. Ons besluit om noukeurige statistiek te hou, nie net van uitreikings by GSV nie maar ook van alle na-uurse kontakte by die GSV toonbank. Dit sou 'n aanduiding wees van die impak van buitemuurse gebruikers of Merensky-Biblioteek se dienslewering.

Maart 1987:

Hoe lyk dit nou?

Die statistiek vertel sy eie storie:

| | 1987 | 1986 |
|---|---|---|
| Totale uitreikings van boeke en fotostate. | 22995 | 10699 |
| Bedags: | 10186 | 7966 |
| Na-uurs: | 12809 | 2733 |
| Totale Na-uurse kontakte. (1986 se totale na-uurse kontakte syfers is nie beskikbaar nie) | 12873 | - |

Maak van die syfers wat u wil, ons wat by GSV werk kan net sê - dit was en is harde werk!

IBL WOEL EN WERSKAF

By IBL woel en werskaf almal. Daar is ten spyte van die universiteitsvakansie en die afwesigheid van dosente en studente, nie 'n afname in die tydskrif- en boekaanvrae nie. 'n Paar IBL-personeellede het darem so 'n blaaskansie gekry terwyl die ander die fort gehou het.

Louise Mayer het vir oulaas, voordat die klein Mayertjie moet opdaag, 'n rustige vakansie by Jeffreysbaai deurgebring. Mara Grobbelaar het 'n paar dae tuis gerus en Christie de Klerk gaan na die Paasnaweek heerlik in die Wildtuin en die Laeveld rondrits. Ons hoop Christie se vakansie verloop goed, want tot dusver het haar jaarlikse vakansie altyd op 'n rampspoedige noot met 'n nare griep of siekte geeïndig.

Van vakansie gepraat, as Joriet Coetzee nooit weer wil vakansie hou of naby 'n vliegtuig wil kom nie en as Mara nooit weer van haar stroopsoet, tevrede, rustige baba praat nie, moenie verbaas wees nie!

Joriet het (in die era van al die soorte oumas!) baie bereidwillig en behulpsaam ingestem om as "kits" ouma vir Mara se baba op te tree en haar saam te neem Kaapstad toe.

Ongelukkig was die baba nie baie beïndruk met die "kits" ouma of die vliegrit nie. Sy het luidkeels haar misnoë vanaf Jan Smuts tot D F Malan lughawe te kenne gegee. En die regte ouma se kommentaar oor die besoek... "My kind moenie bekommerd wees nie, sy is ....... stroopsoet, rustig en tevrede!"



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019



"From now until 3.45pm, Miss Linstock, I'm totally unprepared for any eventuality."

So tussendeur moes daar nog aandag gegee word aan studente wat nie hul ore in die klas oopgemaak het nie. Sommige studente moes take oor kleredrag in die vorige eeu maak en het kort-kort betekenisse van woorde gesoek. Sê vir hulle dat die woordeboeke op die tafel lê, vra hulle waar 'n mens soek in 'n woordeboek. Arrie nee, 'n mens kan mos nie alles met 'n lepel ingee nie. Een student het teenoor 'n ander een opgemerk dat hy self ook moet werk. "Die tannie is nie 'n babawagter nie", was sy kommentaar. Tien uit tien vir so 'n mond.

Ten spyte van al die drukte was daar nog tyd vir lag. Dit is die vreugde van 'n mens se werk. Maak tyd vir 'n grappie en skielik is jou werk 'n lus en nie 'n las nie.

Groete vanuit die Instituut


JO BREED

---

KULTUURHISTORIESE INSTITUUT

Doller as kop-af kan dit nie

Toe ek die oggend van Vrydag 3 April 1987 werk toe kom, het ek voorwaar nie gedink dat 'n mens so 'n wilde dag kan beleef en oorleef nie. Die biblioteek was skaars oop, toe die studente begin instroom om stof, vir 'n taak wat na die vakansie moes in wees, te kom bymekaarmaak. Gelukkig was al die boeke en tydskrifartikels reeds gereserveer.



Die feit dat die studie-materiaal alreeds vanaf 24 Februarie gereserveer was, het geen saak gemaak nie. Tipiese student het hulle gewag tot op die laaste oomblik. Ek is seker daarvan dat die fotostaatmasjien 'n skok opgedoen het want eenduisend sewehonderd sewe en vyftig fotostate vanaf 7h45 tot 16h00 is geen grap nie. Ek moes net kophou met blou vorms, meterlesings, kleingeld en kwitansies. Pakke en pakke papier moes ingesit word en ink moes aangevul word. Kort-kort is 'n bode met 'n noodkreet na Mnr Ferreira gestuur vir kleingeld.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

VLAK 5 VERWELKOM NUWE MENSE




1 April het vir 'n paar nuwe gesigte op Vlak 5 gesorg: Marlene Vorster as regterhand vir Estrellita Weyers en Elsa Gouws in dieselfde kapasiteit vir Ceu Agostinho. Welkom aan die twee dames! Mag julle lank en met vreugde op Vlak 5 arbei en in die proses hare op julle tande, ekstra spiere vir spoed en Job se geduld ontwikkel om immer, met 'n glimlag, voortreflike diens te lewer!

E WEYERS

---

BIBLIOGRAFIESE ONTSLUITING EN AL HULLE DINGE .....

Bibliografiese Ontsluiting se nuus is hierdie maand maar dun gesaai of anders gestel, daar het die afgelope maand niks buitengewoon snaaks in die afdeling gebeur nie.

Heel party van ons mense was 'n ruk lank in April vir 'n paar dae weg en dit wil vir my voorkom asof die meeste darem uitgerus teruggekom het. Rita was vir twee weke met verlof en selfs sy het gedurende haar vakansie later geslaap as gewoonlik.

Ina wat vervoerprobleme gehad het, het gelukkig veilig op Kanoneiland aangekom nadat Joy haar veilig op die stasie besorg het.

Elrien en Joy bevind hulle te midde van die groot trek. Beide verhuis na nuwe tuistes en hulle verlof gaan ongelukkig gepaard met baie harde werk. Lourett het 'n hond ryker geword oor die langnaweek. Ons hoop die worsie bring buiten al die plassies tonne plesier.

Baie geluk ook aan Joy wat intussen gedurende haar verlof verjaar het. Arme Christa het onverwags siek geword en is in die Astrid-kliniek opgeneem - vermoedelik 'n virus wat sy onder lede het. Sy lyk darem heelwat beter en almal wens jou 'n voorspoedige herstel toe.

Bibliografiese Ontsluiting is bekend vir hul maandelikse statistiek oor die boeke se doen en late, maar ek en Mala is nog te kort in die afdeling om met die regte syfers vorendag te kom, dus almal moet maar genoë neem met gewone mense-nuus. Ons (Mala en Erna) is darem al feitlik drie maande in die afdeling. Pik?, Spring?, Skarrel? nog maar verward rond maar dit verbeter met tyd. Een van die dae kan ons selfs ons boeke se agterstand begin verminder sodra ons die katalogisering onder die knie het.

Laaste maar nie die minste! Baie welkom aan Susan de Wet. Ons is bly sy kan Lappies se plek volstaan. Ons hoop jy is baie gelukkig in die afdeling.

ERNA



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

RESEPTE




BOBAASKOS UIT AMERIKA

Susie McDermid is 'n Suid-Afrikaner, tans woonagtig in Amerika waar sy as uitha- lerkok en gasvrou bekendheid verwerf het. Sy het nie haar vaderland vergeet nie, en het vir ons hierdie nuttige en heerlike resepteboek saamgestel - bietjie anders as waaraan ons gewoond is, maar tog nie te uitheems nie.

Omdat sy bekend is met die Suid-Afrikaanse toestande, kon sy die Amerikaanse resepte vir ons aanpas - die metode so eenvoudig en logies moontlik en die bestanddele maklik bekombaar. Sy gee by elke afdeling, byvoorbeeld slaai, en 'n kort beskrywing van hoe die Amerikaners dit doen.

Die boekie bevat 'n groot verskeidenheid van geregte, en dui telkens die aantal porsies wat die resep lewer, aan. Dit is ook ten volle gemetriseerd. Daar is selfs enkele interessante toebroodjie-idees.

Met die oog op die naderende winter plaas ons die resep vir Lensiesop met rookwors:

LENSIESOP MET ROOKWORS
(8-10 porsies)

Bestanddele

500g lensies
1,25l water
1kg tamaties, geskil en in stukke gesny
2 lourierblare
15ml sout
2ml peper
700g rookwors, in dik skywe gesny
175g ontbytspek, in stukkies gesny
110g geelwortels (250ml) in ringe gesny
1 middelslag gesnipperde ui
150g gekapte seldery (250ml)


Metode

1. Bring lensies, water, tamaties, lourierblare, sout en peper tot kookpunt.
2. Voeg wors by, sit deksel op, en stowe stadig 15 min lank.
3. Braai spek uit in aparte pan, en dreineer byna al die vet.
4. Soteer wortels, uie en seldery in die orige vet omtrent 15 min lank, roer af en toe.
5. Voeg groentemengsel by die lensies, kook alles saam omtrent 30 min lank, of tot alles sag is.

Bron: McDermiel, S. Bobaaskos uit Amerika Pretoria: Femina Uitgewers, 1986.


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

TREFFERS



FILMS - Platoon

Bekroon met vier Oscars, waaronder beste rolrent.

In 'Platoon' vind ons die jong en idealistiese student Chris (Charlie Sheen) wat weens morele oorwegings as vrywilliger by die Amerikaanse leër aangesluit het. In Viëtnam word hy dadelik midde-in die afskuwelike wreedhede en geweld van die oorlog gewerp. As verteller en as waarnemer lei hy die toeskouer direk na die pandemonium en lyding van die slagveld.

As verteenwoordiger van menslikheid en redelikheid staan die heldhaftige sersant Elias (Willem Dafoe), terwyl sersant Barnes (Tom Berenger) die rol van ŉ onmenslike psigopatiese wreedaard vertolk. As onskuldige groentjie, staan Chris verskeurd tussen die uiteenlopendheid en kontrastering van die leiding wat hulle bied, en verloor daardeur sy onskuld en idealisme.

In 'Platoon' word geweld op ŉ grafiese en selfs afstootlike wyse uitgebeeld. Dit is ŉ ontstellende film wat sy boodskap duidelik en onomwonde bring: oorlog en geweld is sinloos en nutteloos. Geen daadwerklike en standhoudende oplossing word daardeur gebied nie, maar slegs verdere en groter probleme en konflikte word daardeur geskep.

'Platoon' bied hoegenaamd nie aan die toeskouer ontspanning en vermaak nie, én is ŉ uitmergelende en ontstellende belewenis.

JEANETTE MARAIS

---

BOEKE

HERTZOG-, RAPPORT- EN ATKV-PRYSE

Van die belangrikste Afrikaanse literêre pryse is onlangs toegeken en dit is met waardering dat ons daarvan kon ken- nis neem dat die Merensky biblioteek alreeds meeste van hierdie werke besit. Alhoewel sommige daarvan weliswaar nog nie op die rak beskikbaar is nie, is die ontsluiters hard besig om dit af te handel.

Die Hertzog-prys vir poësie, van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, het gegaan na T T Cloete vir sy digbundels Allotroop en Idiolek. Sy twee vorige bundels Angelliera en Jukstaposisie is ook eervol vermeld deur die letterkundekomitee. Prof Cloete het sy vreugde uitgespreek oor die feit dat die prys vir die eerste keer sedert 1916 (Totius vir Trekkersweë) weer na Potchefstroom kom.

Die Eugene Marais-prys vir ŉ debuut- of vroeë werk, word gedeel deur die jong dramaturg Deon Opperman vir Môre is ŉ lang dag en Die teken, en die digter Joan Hambidge vir Bitterlemoene (Beeld, 25/4/87).


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Die grootste prys vir letterkunde naamlik die Rapport-prys (R15 000 kontant en twee retoerkaartjies na Europa) is toegeken aan Antjie Krog vir haar digbundel Jerusalemgangers. Die bundel was verlede jaar se naaswenner. (Rapport, 26/04/87)

Die naaswenner hierdie jaar is Etienne van Heerden met sy roman Toorberg. Hierdie bundel het ook vroeër vanjaar aan hom die ATKV-prys besorg, en as mens jou deur resensies wil laat lei, is dit beslis die moeite werd om hierdie boek aan te skaf; dit lyk na boeiende leesstof.

Van Heerden beskryf sy roman, wat berus op 'n werklike gebeurtenis, as 'n "reaksie op die ou plaasromans ... (dit bied) eerder 'n nuwe kyk op daardie wêreld" (Die Burger, 14/1/87). Die loop van die verhaal is verteenwoordigend van die Suid-Afrikaanse situasie en Gunther Pakendorf (Die Burger, 4/12/86) beskryf dit as "deurdrenk met Afrikaanse mitologie". Hy sê verder: "Die plaasmilieu en die problematiek van wit-swart verhoudinge is van vroeg af teenwoordig in Van Heerden se werke, maar die skrywer het met die magiese realisme in Toorberg 'n nuwe rigting (gevind) wat 'n heeltemal nuwe dimensie tot sy knap verhaalkuns voeg".

As mens in ag neem dat dit die tweede agtereenvolgende jaar is dat 'n naaswenner die volgende jaar die Rapport-prys wen, kan mens gerus van hierdie roman 'n aantekening maak.

Lekker lees
ELMA KOCK
AFRICANA

************************************

The Computer is incredibly fast,
accurate, and stupid.
Man is unbelievably slow,
inaccurate, and brilliant.

\- Leo Cherne

************************************






Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# PERSONALIA

SANIBONA! DUMELANG!



ABEL MOBOKO

Abel Moboko is op 1 Julie 1944 in Louis Trichardt gebore. Abel is 'n Venda, wat vandag, na byna 44 jaar nog sterk bande met sy familie en land het. Hy gaan skool op Louis Trichardt, waar hy st 6 slaag. Daarna kom hy saam met 'n mnr de Bruyn na Pretoria, waar hy vir hom van 1961 tot 1972 werk. Mnr de Bruyn was in Valhalla woonagtig.

In 1972 verander hy van werk, en trou met Sophie. Hy werk toe as bode by die Forumgebou tot 1976, en begin op 21 Januarie 1977 by die mediese biblioteek werk. Uit sy huwelik is 5 kinders gebore - Anna, Lucas, David, Arthur en Lucky. Abel het aan die begin van 1987 oupa geword toe Anna, 'n seun naamlik klein Trevor ryker geword het.

Abel se buitemuurse bedrywighede word oorheers deur sokker, wat so aansteeklik is, dat die res van die personeel ook al Marokka Swallows se wel en weë deur die sokkerseisoen volg.

Die toewyding wat Abel vir sy werk het, is vir ons almal hier 'n voorbeeld, en die menige kere wat hy op 'n Saterdagmôre uit sy eie by die biblioteek 'n draai maak om tydskrifte weg te pak, bevestig sy positiewe houding.

---

BEVORDERINGS

Geluk aan die volgende persone wat bevorder is na Bibliotekaris:

- Erika van der Westhuizen (Veeartsenykunde)
- Magda Coetzee (DOBIS/LIBIS Koördinering)
- Anita Rossouw (Musiek)


****************




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

NUWE AANSTELLINGS

Paulus Nkosi    Matthews Langeni




Paulus Mabusa



BEDANKINGS

Mev J M Engelbrecht (Klinikala)

Mnr Lappies Labuschagne



VERSKUIWINGS

Mej K Blomme van Tydskrifte gaan na Klinikala in die plek van mev Engelbrecht.

Naam: Susan de Wet
Getroud (4 kinders) 3 seuns en 1 dogter
Aangestel by: Bibliografiese Ontsluiting
Vorige ondervinding: Onderwys (5jr) Nasionale Intellegensie (6jr)

Belangstellings: lees, kunsnaaldwerk, houtsnee, tuinmaak





Naam: Elsa Gouws
Getroud (4 kinders) 2 seuns, 2 dogters
Aangestel by: Vakbibliotekarisstelsel (Vlak 5)
Vorige ondervinding: Onderwys (11 jr), Onderwys en opleiding - Senior hulpeksaminator van Afrikaanse letterkunde vraestelle (matriek) H.G.

Belangstellings: Kuns, naaldwerk, lees.

Naam: Marlene Vorster
Getroud
Aangestel by: Vakbibliotekarisstelsel (Vlak 5)
Vorige ondervinding: Personeelbeampte by Ingenieursfirma
Belangstellings: Sport, tennis, musiek




********************************



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019






Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019


## NUWE BIBLIOTEEK BY ONDERSTEPOORT

Ons het gewerk ...






Ons het gerus ...







Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

BAIE DANKIE AAN AL ONS PERSONEEL BY ONDERSTEPOORT











Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Universiteit van Pretoria

**Biblioteekdiens**

# BIBLIKASIE

MEI

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## I N H O U D S O P G A W E

Bladsy


Die eerste sê .......................... 1

Redaksioneel ........................... 2

Sabinetnuus ............................ 2

En so vertel ........................... 3

Ons stel bekend ........................ 5

In en om Merensky ...................... 6

Terloops ............................... 8

Allerlei ............................... 9

Bibflitse ............................. 13

Treffers .............................. 24

Personalia ............................ 25


* * * * * * * *

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

WIL U EIENDOM KOOP OF VERKOOP. ONS REPUTASIE AS DIE MAATSKAPPY WAT DIE MEESTE DEELTITEL EENHEDE IN PRETORIA VERKOOP HET IS WYD BEKEND.

ONS SPESIALISEER IN DIE VERKOOP EN AANKOOP VAN

* WOONSTELLE
* SIMPLEKSE
* DUPLEKSE
* HUISE

INDIEN U OORWEEG OM ENIGE VAN BOGENOEMDE TE KOOP OF VER-KOOP, KONTAK JOHAN LABUSCHAGNE (W) 437316 (H) 861256

**EG Chapman Properties/Eiendomme**

☎ (012) 43 7316

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Die eerste sê ....

## TOB

TOB is die naam van Tydskrifadministrasie se subskripsie databasis wat die afgelope jaar ontwikkel is. Die naam dui nie op 'n gemoedstemming nie (ons het nie tyd vir tob nie) maar is die prosaïese akroniem vir TYDSKRIFTE OP BESTELLING. Sien, ons moes die oordonderende taak so vinnig deurvoer dat ons kwalik tyd gehad het vir beplanning, wat nog te sê 'n oulike naam uit dink.

Omtrent 'n jaar gelede het mnr. Duminy, gedagtig aan 1985 toe die tydskrifrekening van meer as R2-miljoen eenvoudig al ons geld ingesluk het, versoek dat ons 'n stelsel ontwikkel wat betroubare inligting kan lewer aangaande die geldelike besteding aan ons tydskrifte.

Tot op daardie stadium was al die finansiële gegewens aangeteken op die kardeks sodat 'n mens wel die betalingsgeskiedenis van elke intekening kon sien, maar van 'n geheelbeeld van nagenoeg 6000 intekeninge was daar nie sprake nie. Wat duidelik was, was dat slegs 'n rekenaar die magdom gegewens sinvol sou kon verwerk. Gelukkig was daar die ou tydskriftekatalogus se databasis wat ons kon gebruik.

As eerste stap het ons subskripsie- en betalingsdata bygevoeg en dooie titels en onnodige bibliografiese gegewens geskrap. Intussen het Salomé Schoeman by BUREK begin met die skryf van 'n nuwe program wat hierdie databasis lewe kon gee. Net toe ek gedink het dat sy nooit die a-logika van die tydskrifte en subskripsiewêreld sal verstaan nie, het alles sommer in mekaar begin pas en begin uitwerk.

Nou het ons 'n databasis waarin al die subskripsie-inligting en betalingsgeskiedenis van ons lopende tydskrifte gestoor is. Dit word intyds gebruik om betalings aan te teken. Op grond van die heersende wisselkoers en stygingstendense soos in die VSA en Brittanje bepaal, "voorspel" die rekenaar telkens die prys en kan ons dus sinvol besluit of 'n faktuur aanvaarbaar is of nie.

Die program bied ook die oneindige moeitelose verslagmoontlikhede soos
* projeksies van verwagte uitgawes,
* lyste van ons intekeninge met bedrae bestee verdeel volgens departemente, KOVM kategorieë of handelaars,
* betalingsverslae wat aandui hoeveel geld in 'n sekere periode uitbetaal is en hoe dit vergelyk met die bedrae wat ons verwag het om daarvoor te betaal,
* prysvergelykings tussen die handelaars se pryse en die intekenpryse.

In die praktyk beteken dit onder andere gesonder intekeninge wat minder probleme tot gevolg het, inligting vir begrotingsdoeleindes, inligting vir sinvolle evaluering van en onderhandelinge met handelaars - die moontlikhede is onbeperk en dis lekker om te weet dat beheer moontlik is noudat ons begroting al oor die R4-miljoen strek.


Omdat dit nie 'n beplande doelwit-projek was nie, het ons nie baie begroot vir tyd en mense nie en ook nie rekord gehou nie. Vandag staan ons verstom dat ons so 'n ontsaglike klomp werk saam met ons gewone werk gedoen het. Baie dankie aan Salomé en Elna Greeff wat haar bygestaan het. En almal by Tydskrifte wat hard gewerk het daaraan, veral aan Zéta en Katrien wat deurgaans entoesiasties was, hulleself nooit gespaar het nie en baie oortyd gewerk het.



Van links na regs:
Mev S Schoeman, mev M Hammes en mej Z Roux



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019



REDAKSIONEEL

Die hoofdoelwit van Biblikasie is om 'n blad daar te stel wat gelees word. Ons probeer die balans handhaaf deur die meer profesionele sy van ons werk uit te lig aan die eenkant, en aan die anderkant "Bibflitse" wat op 'n gemaklike leestrant aangebied word. Die berigte onder "Allerlei" is van "alles en nog wat".

Laat ons weet as daar iets gebeur in u afdeling, of skryf 'n berig om iets onder ons aandag te bring. Die Merensky-Biblioteek is lank nie meer 'n "eenmansaak" nie. Die groot personeelkorps maak dit baie moeilik om altyd van alles te weet.

Baie dankie vir al u bydraes. As gevolg van Olivia se berig oor die F Z van der Merwe-musiek versameling weet ons nou wie die persoon was, en van sy belangrike nalatingskap.

Die H A A van Gijbland Oosterhoff-versameling word onder u aandag gebring. Erna Klopper se groot taak gaan nie ongesiens verby nie.

Daar is ook 'n berig wat mense sal laat wonder en bepeins en weer opnuut laat dink ......

Die delemma van die moderne bestuurder word bespreek. Laat ons steeds die "persoon agter die pos" raaksien.

SABINETNUUS

SANB OP SABINET

SABINET-lede verkeer in groot afwagting vir die beskikbaarstelling van SANB op die SABINET-databasis. Daar bestaan egter 'n paar probleme wat eers opgelos moet word voordat hierdie moontlikheid werklikheid sal word.

Probleme bestaan rondom die gelykwaardigheid van parallelle taalvorme van dieselfde hoofwoord. In die huidige stelsel sal so 'n situasie aanleiding gee tot die skep van duplikaatrekords vir 'n enkele item as gevolg van lede se verskillende taalvoorkeure. Dit sal weer tot gevolg hê dat besitsmeldings aan verskillende dokumente gekoppel word, wat gevolglik implikasies vir IBL sal hê.

In die nuwe SAMARC stelsel is die gesagslêer so ontwerp dat 'n skakelmeganisme alle parallelle vorme van 'n naam skakel met alle toepaslike bibliografiese rekords. Uitvoerprogramme sal voorsiening maak vir hoofde in 'n lid se voorkeur taal vir gebruik in rekords aangevra op kataloguskaarte, mikrofiches ensovoorts.

Die SAMARC stelsel sal ook voldoen aan die algemene formaatvereistes van SANB. INDIEN SANB besluit om die SABINET-fasiliteite te gebruik om SANB saam te stel, sal spesiale uitvoerprogramme geskryf moet word om die spesifieke vereistes vir die finale produk te akkommodeer.

Op die oomblik word die laai van beskikbare SANB-bande as 'n aparte databasis ondersoek. Alle gebruikers sal navraagtoegang tot hierdie databasis hê. Geen toevoegings of veranderings sal egter deur buite-instansies aan die databasis gemaak kan word nie. Die Staatsbiblioteek alleen sal verantwoordelik wees vir hierdie databasis. Dit sal ook konflik in die ko-operatiewe gesagslêer voorkom, wat sekerlik sou voorkom indien die SANB-bande outomaties tot die ko-operatiewe databasis toegevoeg sou word.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Databasisstatistiek

Die volgende statistiek dui die grootte van die databasis aan soos op 31 Maart 1987.


| | TOTALE AANTAL REKORDS |
|---|---|
| Bibliografiese rekords | 3 541 482 |
| Gesagslêerrekords | 4 132 054 |
| Besitsmeldings | 2 001 960 |

Bron: SABINET-NUUS

Maart 1987

---

En so vertel ...




SMAAKLIKE ETE!

"U word vriendelik uitgenooi na die verjaarsdagete van Dr Frank Buckland op 17 Desember". Sou jy die uitnodiging aanvaar het as jy geweet het dat gebraaide muis op roosterbrood die voorgereg sal wees, olifantslurpsop bedien sal word, en renosterpastei, gekookte adder en luiperdkotelette die hoofgereg sou vorm? In 1860 sou elke Londenaar wat so 'n uitnodiging ontvang het, oor sy voete geval het om die ete te kon bywoon.

Frank Buckland is op 17 Desember 1826 in die pastorie van Christ Church in Oxford gebore - 'n pastorie wat sterk ooreenkoms met Noag se Ark getoon het, en met 'n pa wat van kleins af sy rare eetgewoontes ook vir sy kinders geleer het. William, Frank se vader, was bekend daarvoor dat hy op 'n stadium aan die gebalsemde hart van Lodewyk XIV geproe het, dat alligator al op sy spyskaart voorgekom het en dat gestoofde bloublasies vir hom die slegste was van alles waaraan hy ooit geproe het. Frank self, was later van mening dat oorkruipers slegter as bloublasies was.

In die pastorie met sy menigte mak diere wat eens op 'n tyd wild was, en los rondgeloop het, opgestopte diere en slange en paddas in hokke in die eetkamer, het Frank 20 gelukkige jare deurgebring. Op vierjarige ouderdom het sy ma vir hom 'n natuurstelletjie as geskenk gegee - seker die nuttigste geskenk wat hy in sy lewe ontvang het. Daarmee het hy klein diertjies en goggas gevang, gedisseketeer, bestudeer, opgestop - en as die honger hom oorval, sommer opgeëet.

Onder sy troeteldiere was 'n uil, 'n jakkalsvoël, 'n wasbeer, 'n kerkkraai en 'n ekster. Tydens sy mediese studies later aan Oxford brei sy kamergenote uit toe slange, muise, paddas, 'n apie, duif en trapsuutjie ook een na die ander intrek. Sy sakke was vol mos gestop, om blyplek te verskaf vir sy wurms, wat keer op keer 'n ernstige gesprek onderbreek het as hulle nuuskierig na buite loer.

In 1847 sluit hy by die St George's Hospitaal aan, en word 'n groot gunsteling onder veral die arm pasiënte, waar hy met sy ywer en humorsin verligting bring in hulle haglike omstandighede.

Hy gaan woon later weer by sy ouers, en dis hier waar hy een aand White Cooper, koninging Victoria se oogarts ontmoet, en hom beïndruk met sy kennis van diere en hulle eienaardighede, en dis White wat hom aanmoedig om sy kennis te publiseer. Die reeks artikels het later sy boek "Curiosities of Natural History" geword, 'n boek wat baie goed verkoop het, en jare lank as gesaghebbende bron aanvaar is.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Frank se huwelik met Hannah was 'n gelukkige verbintenis, met diere as gemeenskaplike faktor. Hannah het dikwels klein en siek diertjies versorg, en hulle rare versameling huisgenote sonder moeite aanvaar. Daar was die ape wat naby die kaggel gebly het en op weeksdae hulle bier, en Sondae 'n sopie Port van Frank gekry het, die mak rotte in die kelder, en 'n menigte ander waarvan die gemiddelde Londenaar nog nooit eers gehoor het nie.

In 1861 begin 'n nuwe tydperk in Frank se lewe. Hy begin 'n visboerdery en lê hom veral toe op die groter voorsiening van die salm. Die feit dat die salm altyd terugkeer na sy geboorteplek, het vir Frank veel plesier verskaf en het hy dikwels vertel dat hy spoedig 'n probleem sou hê want hy het 30 000 salmeiers in sy kombuis laat uitbroei!

In 1867 word hy inspekteur van "H M Salmon Fisheries" en bring sy dae deur in die riviere van Engeland, met die doel om dit vir die salm meer toeganklik te maak. Op moeilike plekke bring hy selfs vir hulle "salmleertjies" aan, en laat soms vir hulle briefies wat geluit het "No road at present over this weir. Go downstream, take the fine turn to the right and you will find good travelling water and no jumping required. F.T.B."

Die vismuseum wat hy eiehandig en hoofsaaklik uit eie fondse begin het, het Koningin Victoria so beïndruk dat sy hom na die paleis genooi het.

Die Nieu-Zeelandse regering rig in Januarie 1878 'n dringende versoek vir salmova. Omdat die tyd vir bevrugte eiers reeds verby was, bring Frank dae in die ysige riviere deur op soek na ova. Hy doen egter asma en longontsteking op, 'n toestand waarvan hy nooit regtig herstel het nie. Hy is op 19 Desember 1880 op 54-jarige leeftyd oorlede, maar die figuurtjie in die flanelhemp, hoog-opgetrekte broek wat letterlik aan sy kort kruisbande hang, sy keil en kaal voete sou nog lank 'n legende in Engeland bly.

In sy testament het sy lewensvreugde weer vir oulaas duidelik geword in die woord: "God is so good, so very good to little fishes. I do not believe He would let their inspector suffer shipwreck at last. I am going for a long journey where I think I shall see great many curious animals ... this journey I must go alone".

Inligting uit:
NICHOLAS, M. The World's greatest cranks and crackpots. London, Octopus, 1984.

MAGRIET LEE





"Not bad for a computer, but the chimpanzee's w
had more feeling."



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

ONS STEL BEKEND ...





Erna Klopper het geen bekendstelling nodig nie. Wat u wel nie kennis van dra nie, is die interessante werk waarmee sy tans besig is. In opdrag van die Direkteur Biblioteekdienste, is Erna besig om die H A A van Gijbland Oosterhoff versameling te orden en te dokumenteer. Die versameling bestaan uit voorwerpe en dokumente. Van die voorwerpe is onder andere waardevolle wit en blou Delft porselein, asook gedenkborde van Gouda en 'n groot munt- en medaljeversameling wat baie skaars is. Die versameling bestaan uit memrobilia met betrekking tot die Huis van Oranje en die Nazi besetting tydens die tweede wêreldoorlog. Die Nazi voorwerpe is onder andere wapens, knopies, hoedjies ensovoorts. Die dokumente is 'n uiteenlopende versameling wat bestaan uit boeke, tydskrifte, koerante, Feesbundels en ander argivale materiaal.

Merensky Biblioteek is verantwoordelik vir die dokumente wat as biblioteekmateriaal beskou word. Die versameling is in sy geheel 'n argivale versameling, wat impliseer dat alles eers uitgepak moet word voordat dit georden kan word. Die materiaal van die versameling openbaar sy eie struktuur namate 'n mens dit uitpak.

Horace Hugo Alexander van Gijbland Oosterhoff is in 1887 in Batavia gebore. Hy was onder andere die redakteur van "De Rijkseenheid." Hy is in 1937 op die ouderdom van vyftig jaar oorlede. By die teraardbestelling het Luitenant-generaal Raëll die volgende gesê "een man van kinderlijk geloof, Godsvertrauwen en reinheid van trau von vaderlandsliefde in Oranje." H A A van Gijbland Oosterhoff het geglo dat 'n Nederland sonder Oranje, 'n verlore land was. Later jare het hy gesê dat "Nederland van tans is een geheel ander Nederland dan dat 20 jaar gelede."

In "De Rijkseenheid" van 1919 het die volgende aanhaling verskyn "Hij het de wereld geken maar de liefde tot sy eie land was hom ingebore..."

In 1932 het hy Suid-Afrika besoek. Dit was sy 54ste land wat hy besoek het. Die Suid-Afrikaanse reis het hy beskou as die beste tyd in sy lewe. Hy het die Afrikanervolk bewonder en ons land gereeld in Nederland geprys. Trouens, hy het van Suid-Afrika gehou, nog voordat hy die land besoek het. "De geneentheid het sterker geword toe hij de reis gedoen het ..."




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

In 1939 het H A Fagan, destyds die Minister van Onderwys, die ou Merensky-biblioteek geopen. Die formele oorhandiging van die Prinses Juliana versameling is namens die familie van H H A Van Gijbland Oosterhoff deur sy edele Z E van Lennup gemaak.

Die ou Merensky-biblioteek van die Universiteit van Pretoria het ŉ vertrek laat inrig, en dit die Van Gijbland, Oosterhoff Kamer genoem. Die gebou was ontwerp deur die argitek Gerhard Moerdijk, en die bouer was C van Dordrecht. ŉ Groot deel van die fondse is geskenk deur Dr H Merensky en die biblioteek is as gevolg van die skenking asook, sy betrokkenheid by die Universiteit van Pretoria, na hom vernoem.

Bron: De Rijkseenheid - Februarie 1937
" " - April 1939
Hollandse weekblad voor Zuid-Afrika 1939.

---




FIVE FINGER EXERCISE

| | | |
|---|---|---|
| Per Schaffér | - | Aande |
| Braam Cilliers | - | Do 23 Julie - |
| | - | Sa 25 Julie |

THE WITNESSES (Grahamstadfeesstuk)

| | | |
|---|---|---|
| Thadeusz Roseweicz | - | Aande |
| Welma Joubert | - | Do 23 Julie - |
| | | Sa 29 Augustus |

****************

In en om Merensky ...

Rynette gaan die 19de Mei in vir ŉ blindederm-operasie - ons wens haar sterkte toe.

****************

SOSIALE KLUB

DANKIE ELIZE

ŉ Groot dankie aan Elize Smit wat soveel moeite gedoen het om vir ons almal op vlak 2 so ŉ pragtige kleedkamer in te rig.


Dis voorwaar ŉ vreugde om daar in te stap, en die pragtige spieël, omraam met fyn kant, die fraai gordyne en kleedjie en die pragtige geblokte "skilderye" te sien.

As ekstra bonus sorg sy ook elke dag vir blomme.

Dit doen ons almal se harte goed om deur mooi dinge omring te word.

Baie dankie daarvoor Elize. Ons waardeer dit baie!

BOKKIE MALAN





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# *Gelukwense....*



JUNIE

1 Mev Celeste Blaauw
(Boekontvangs)

6 Mev Olivia Webb
(Africana)

13 Mej Rita Badenhorst
(6de Vlak)

25 Mnr Corrie du Preez
(Bindery)

27 Mev Anita Lochner
(Medies)



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

TERLOOPS...



Gebouprojek

Ou Merensky word op 3 Junie 1987 in begruik geneem. Prof Gerryts sal die sleutels in ontvangs neem.

Daar is geslaag om met die restorasie die gebou se kultuur-historiese waarde vir die kampus-scenario te behou. Die karakter van die gebou word beklemtoon deur die houtwerk en blokkiesvloer. Moeite is gedoen om die ou houtlessenare te restoreer en af te skuur. Die vlekvrye lessenare sou afbreek doen aan die pragtige vloer en gebou in sy geheel.

Die Ou-Merensky word ŉ integrale deel van Merensky Biblioteek. Die geboukompleks word aangepas om aan die uiteenlopende behoeftes van die studente te voldoen. Daar sal met die minimum hulpbronne, byvoorbeeld personeel, gepoog word om ŉ optimum diens te lewer.

GREPE UIT PROF GERRYTS SE DAGBOEK ...

Prof Gerryts sal van 8 - 10 Junie 1987 nie op kantoor wees nie.

MAANDAG EN DINSDAG - 8 en 9 Junie: Kaapstad: Daar is ŉ vergadering van die Komitee van Universiteitshoofde (KUH) in Kaapstad.

Die moontlikheid van rasionalisasie en samewerking tussen Universiteite op rekenaargebied word bespreek.

WOENSDAG 10 Junie: Vergadering op Stellenbosch van die werkgroep van die Interuniversitêre Biblioteekkomitee (IBK).

- Prof Gerryts tree op as voorsitter. Die Streekkomitee van die IBK moet terug rapporteer op die vergadering. Die ondersoekspan (Prof Gerryts en Dr de Bruin) het vrae aan hulle gestel wat hulle moes opvolg.

- Gesamentlike inligtings- en voorraadbou met die oog op doeltreffende dokumentlewering sal weer verder aandag geniet.

DONDERDAG EN VRYDAG 25 en 26 Junie: Prof Gerryts tree op as simposium-voorsitter by die simposium: NAVORSING OOR DIE BIBLIOTEEK AS INLIGTINGSDIENS. Daar word net ter inligting gemeld dat die simposiumvoorsitter verantwoordelik is vir die goeie gang van sake en die deurlopendheid van die simposium.

*******************

Die Biblioteekdiens en die Departement Biblioteek- en Inligtingkunde van die Universiteit van Pretoria reël op 25 en 26 Junie 1987 ŉ simposium met die tema Navorsing: Die Biblioteek as Inligtingsdiens. Die doel van die simposium is om navorsing in Biblioteek- en Inligtingkunde te bevorder deur

i) die toepassing van navorsingsmetodologie te bespreek en

ii) navorsingsbevindings bekend te stel van die navorsingsprojek: Die Universiteitsbiblioteek as inligtingsdiens.




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Die program sluit onder meer temas in soos:

- navorsingsmetodologie;
- inligtingsdienste vanuit die universiteitsbiblioteek aan die gemeenskap;
- gerekenariseerde onderwerpsontsluiting;
- eksterne rekenaarmatige inligtingsdienste;
- videoteks-toepassings;
- opleiding van gebruikers van inligting en inligtingsbronne.

Verdere inligting is verkrygbaar van mev N Nel, Merensky-Biblioteek telefoon (012) 420-2841.



„Ek dink u boek oor goeie gedrag is uiters revolusionêr . . . !"

Allerlei ...

"TWEEDEHANDSE" ROOK DODELIKER

Dit is gevaarlik om te rook, en nie net vir die roker alleen nie. Die nie-roker wat in dieselfde huis as die roker woon, loop gevaar om kanker te kry van die roker se rook, selfs dood te gaan.

Hoe meer daar in 'n huis gerook word, en hoe meer huismense rook, hoe groter is die kanker- en doodsgevaar, vir roker sowel as nie-roker.

Die rook wat 'n nie-roker, of passiewe roker, van sy rokende huisgenoot inasem, is soms dodeliker as dié wat in die longe van die roker beland.

Die kankers wat nie-rokers op dié manier kan opdoen, is skrikwekkend: kanker van die mond, die keel, die longe, die slukderm, die maag, die blaas; ook borskanker, en kanker van die baarmoedernek (serviks).

Bloedkanker is nie uitgesluit nie; daar is inligting dat leukemie meer voorkom by rokers en by mense wie se huisgenote rook.

Amper ontstellender as die gevare van rook vir die roker, is die lot van die passiewe roker, dié mense wat in die omgewing van rokers moet leef, soos huweliksmaats en kinders in die huise van rokers. Daar is 'n hoë voorkoms van kanker onder sulke huweliksmaats en 'n hoër voorkoms van brongitis en longsiektes onder die kinders.

In 9 Februarie se uitgawe van die gesaghebbende Britse mediese tydskrif Lancet word die uitslag van 'n ondersoek na die uitwerking van passiewe rook deur die National Institute of Environmental Health Sciences in Noord-Carolina, Amerika, gepubliseer wat aanleiding gegee het tot 'n berig in New Scientist (van 7 Maart) onder die opskrif: Passiewe Rook Kan Dalk Bloedkanker Veroorsaak.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Die ondersoek toon aan dat leukemie sewe keer meer dikwels voorkom onder mense wat hul lewe saam met rokers geslyt het (teenoor mense wat nie met rokers saamleef nie). Leukemie is ŉ kanker wat, volgens die ondersoekers, nie normaalweg met rook verbind word nie. Tog was passiewe rokers met drie of meer rokende huisgenote se kans sewe keer groter om dié kanker op te doen as mense sonder die blootstelling aan rook. Die gevaar van borskanker en kanker van die baarmoederhals was onderskeidelik 3,3 en 3,4 keer groter.

Mense met een roker in die huis se kans is 1,4 keer groter om een of ander kanker te kry; met twee rokers is dit 2,3 keer groter, en met drie of meer rokers 2,6 keer.

ŉ Studie in Japan het bevind dat ŉ rokende man se systroomrook die gevaar van longkanker by sy nie-rokende vrou met 60 persent verhoog.

Prof C Rosendorff, direkteur van die M N R se sirkulasie-navorsingseenheid, sê dis onomstootlik bewys dat daar ŉ verband is tussen sigaretrook en kanker by die roker en by die persoon wat die huis met die roker deel.

Die kankergevaar is groter by mense wat lang tye aan rook blootgestel is, byvoorbeeld van kinderdae af tot in hul volwassenheid. Die gevaar vergroot namate meer mense in die huis rook. Die volgende kankers kan opgedoen word: kanker van die mond, keel, slukderm, longe, blaas, en die maag; ook borskanker en kanker van die baarmoederhals.

Dit is bekend dat daar in sigaretrook minstens vierduisend bestandele is waarvan omtrent vyftien as kankerproduserend geïdentifiseer is. Toetse op diere, waarin die teer van sigarette op hul velle gevryf is, het velkanker tot gevolg gehad; teer in hul lugpype het kanker daar laat ontstaan; teer in hul drinkwater het kanker in die blaas veroorsaak.

Van al die kankers wat rook veroorsaak, is longkanker die bekendste en die algemeenste. Maar dit veroorsaak ook emfiseem, andersins bekend as chroniese obstruktiewe lugwegsiekte.

Min kan gedoen word aan rook in private wonings, maar die M N R wil hê rook moet in openbare plekke verbied word en die nadele van rook moet deur ŉ omvattende reklameveldtog bekend gemaak word.


Bron: Fourie, F en Blignaut, L. Tweedehandse rook dodeliker.

---






Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019




SELFBEELD INSTANDHOUDING VIR DIE MODERNE BESTUURDER

\- - - - - -

Die instandhouding van die selfbeeld van die bestuurder is ŉ aktiwiteit wat integraal deel geword het van voortgesette self-ontwikkeling. Die uitdagings wat die moderne bestuurspos verg deur toenames in werksvrag en -spanning noodsaak instandhoudingswerk deur die "self" ten einde effektief te bestuur. ŉ Persoon se selfbeeld is dit wat hy van homself glo, hoe hy homself sien, die idee of beeld wat hy van homself het en die unieke wyse waarop hy homself laat geld. Dit bevat, onder andere sy siening omtrent homself wat betref liggaamlike krag, fisieke aantreklikheid, akademiese status, verstandelike vermoë, sosiale aansien, finansiële posisie, moontlikheid tot toekomstige sukses, die aanvaarding van uitdagings, sy vermoë om suksesvol te wees as bestuurder en leier en die integrering van al hierdie dimensies in sy persoonlike en huwelikslewe. Kortom, jou selfbeeld is dit wat jy van jouself dink op grond van dit wat jy van jouself weet. Die toets hiervoor kom op uit die terugvoering wat ontvang word, beide formeel en informeel, van diegene met wie die bestuurder omgang geniet binne en buite die werkskring.

BESTUURSPOTENSIAAL

Vanweë die kritieke tekort aan bestuurspotensiaal in Suid-Afrika, die gepaardgaande oorlading van bestuur en die versnellende eskalering in die spanwydte van toesig en aanwending van bestuur, word ŉ aantal interessante probleemsituasies gevorm. Onwillekeurig gebeur dit dat bestuur prematuur bevorder word en beroeps-onvolwasse persone hulself in senior posisies bevind. Ook word die bestuurskader ŉ hoogs konkurerende arena waar buitensporige wedywering en prestasiedrif dikwels onstabiliteit tot gevolg het. Verder moet daar vanweë die werksvrag bykans eksklusief gefokus word op prestasie uitsette en die koördinering van ondergeskiktes met die gevolg dat voortgesette selfontwikkeling en -instandhouding verwaarloos word.

ŉ Gesonde selfbeeld word gevoer deur substans en sukses. Wanneer ŉ bestuurder nie ŉ kompromie hoef aan te gaan met onbevoegdheid en gebrekkige prestasievlakke nie, kan hy bestendig en met geloofwaardigheid werk sonder dat verleentheid deel van sy dagtaak en loopbaan uitmaak. Verder bied ŉ gesonde selfbeeld voldoende ruimte vir die integrering van beroeps-, huweliks-, gesins- en sosiale prioriteite en aktiwiteite. Wanneer hierdie dimensies in botsing met mekaar kom, lei dit tot spanning en verwarring wat negatief inwerk op balans en perspektief. Die dominante aard van die beroepsdimensie in die totale profiel van die bestuurder se lewe wek kommer. Navorsing onder bestuurslui het getoon dat die versugting van die moderne bestuurder geensins strook met die wyse waarop hy daagliks funksioneer nie. Die meegaande tabelle toon duidelik die kontras tussen die ideale en die werklike rangskikking van die vier dominante faktore in die bestuurder se lewe.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

| Ideaal | | Werklike | |
|---|---|---|---|
| 1 | Self | 1 | Werk |
| 2 | Eggenoot | 2 | Eggenoot |
| 3 | Gesin | 3 | Gesin |
| 4 | Werk | 4 | Self |

Wanneer krities en selfondersoekend na hierdie rangorde gekyk word, moet afgelei word dat daar 'n element van dwang en onwillekeurigheid is wat bestuurs-energie rig. Bestuur vermeld spontaan dat daar weinig willekeurige optrede is en baie weinig ruimtevryheid waarbinne eie diskresie en self-toegepaste struktuur geld. Om hierdie duister prentjie nog verder somber te maak, kan die aantal ure uit enige tipiese dag versprei word oor die areas waar energie bestee word. Die Suid-Afrikaanse bestuurder werk gemiddeld 11 uur per dag en slaap in die orde van gemiddeld 7 uur per nag. Dit laat slegs 6 ure diskresionêre tyd waarbinne die dimensies eggenoot, huisgesin en self aandag en energie moet geniet. Dit toon duidelik die dominansie van die beroepslewe. Die ope vraag wat dus gestel word, is of die moderne bestuurder besig is met 'n versnellende oorlewingsveldtog en/of 'n sinvolle saamgestelde groeiproses.

In die Executive Survival Manual van Slevin en Bonoma, toon die skrywers duidelik dat bevordering en status en 'n toename in gesag merendeels gepaard gaan met 'n toename in verlies in self-onderhoud en die instandhouding van prioriteite.

Ook toon hulle aan dat die tekens van hierdie gebrek aan beheer uiterlik waarneembaar word in die vorm van irrasionele gedrag, deteriorasie in die fisieke toestand en 'n vervlakking in persoonlike waardes en norme. Hiermee word inderwaarheid gekonstateer dat "belangrikheid dikwels onaansienlik word en dat beroepsukses nie deurgaans elegant is nie".

BEROEPSKULTUUR

Die beroepskultuur waarin bestuurslui gekweek word, is een waar konkurensie, prestasie en sukses primêre bestanddele is. Die revolusionêre aard van beide die ekonomiese- en arbeidsrevolusie vra ongekende ywer en toewyding. Betrokkenheid in hierdie stelsel noodsaak 'n optimale prestasie om hoegenaamd kompeterend te kan wees. Die meesleurende krag van die beroepsisteem neig om besit te neem van die bestuurder in sy totaliteit en hom dan voorskriftelik laat funksioneer. Ongelukkig gebeur dit dan dat die sisteem en sy kultuur verabsoluteer word ten koste van ander prioriteite wat in die proses moet vervaag. Wanneer vir 'n (emosionele) moment gekyk word na lotsbestemming, die einddinge en die werklike opbrengs op die lewensbelegging dan kry die beroepskultuur 'n ander skakering en 'n sekondêre belangrikheid. Verder word dit dan 'n hulpmiddel tot 'n groter doel en 'n aktiwiteitsfeer wat komplementerend inskakel by die totale omvang van lewensprioriteite. Hierbinne word die selfbeeld dan gekonstrueer deur die self en is dit nie die gelaat wat deur die beroepsmilieu aan sy lede uitgedeel word nie.

'n Gesonde selfbeeld vir die moderne bestuurder is dus 'n komprehensiewe en geïntegreerde beeld wat ruimte bied vir alle belangrike lewensprioriteite om vir gesonde interaksie met mekaar te verkeer. Dit fokus op die belangrikheid van positiewe instandhouding sonder die verwaarlosing van sekere dimensies. 'n Gesonder selfbeeld toon die kentekens van rasionaliteit, balans en ruimte waarbinne sukses en arbeidsvreugde plek vind.

Vir die instandhouding van 'n gesonde selfbeeld word nie op die selfbeeld as sodanig gekonsentreer nie, maar op daardie faktore en bestanddele wat 'n gesonde selfbeeld tot gevolg het. Die meegaande oorsiglys kan dien as 'n persoonlike oudit ten einde te bepaal tot watter mate verwaarlosing plaasvind en/of tekortkominge bestaan.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

* Bekwaamheid deur opleiding, ontwikkeling en opvoedkundige kwalifikasies

* Beroepsukses

* Materiële welvaart

* Mag en gesag volgens status en senioriteit

* Leierskap

* Prestasiedrif en energie

* Selfmotivering

* Analitiese vermoë en oordele

* Bestuursvernuf

* Sinryke huwelikslewe

* Sinryke gesinslewe

* Ideologiese duidelikheid

* Voortgesette selfontwikkeling

* Fisiese gesondheid

* Sosiale aanvaarbaarheid en affiliasies

* Vindingrykheid

* Positiewe terugvoering ontvang

* Gesaghebbenheid, deskundigheid en ekslusiwiteit

* Persoonlike trefkrag:
  - Voorkoms
  - Taalvaardigheid
  - Inspraak

* Stabiliteit;
  - bestendigheid en konsekwentheid

* Integrteit deur onvoorwaardelike eerlikheid

* Durf, fermheid en beslistheid

Gesien vanuit ŉ bedryfsielkundige oogpunt, is die behoefte vir selfbeeld-onderhoud groot en toenemend. Hierdie proses van instandhouding kom alleenlik tot stand wanneer die eerste krake gemerk word en die desintegrasie van die fassade onbeheersd geskied.

As voorkomende strategie is voortdurende introspeksie nodig wat dan omgesit moet word in doelgerigte energie. Vanweë werkbeheptheid en gesogtheid, wat gebore word uit skaarsheid, is die deursneebestuurder egter immuun teen dergelike introspeksie en gevolglik, uiteindelik, weerloos teen dergelike kragte wat desintegrasie veroorsaak.


Dit is nodig dat aspirant bestuurders reeds tydens hulle formele akademiese afronding op Universiteit, Technikon en ander tersiêre instellings, bewus gemaak moet word van die kragte en verwagtings wat in aksie is in die werksmilieu. Die unieke karakter van die Suid-Afrikaanse werkplek moet voorgehou word sodat die beginsels van die beroepsfilosofie deel uitmaak van die beroepsmondering en -vervolwassening van die individu. Die bedryfsielkunde is ideaal gestruktureer om hierdie insette in die finale jaar te lewer.

ŉ Gesonde selfbeeld by die bestuurder is ŉ voorvereiste vir optimale produktiwitiwiteit. Dit stel die individu in staat om rustig te gaan oor prioriteite en sonder skuldgevoelens in aksie te kom en te bly op alle fronte. Beroepsbeheptheid ten koste van, byvoorbeeld, huwelik, gesin en self is die eerste stap in die rigting van disintegrasie.

Bron: Coetzee, J. Selfbeeld instandhouding vir die moderne bestuurder

---

Bibflitse ....





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

VEEARTSENYKUNDE

GROEIPYNE

Die week van 13 - 16 April was Trekweek hier op Onderstepoort. Die biblioteek sou sy troeteldierrol verruil vir dié van proefkonyn want hy sou heel eerste die nuwe vyf miljoen rand kompleks betree. Die Dekaan en administratiewe personeel het besluit om eers oor te trek nadat die nuwe telefoonsentrale geïnstalleer is, (21 April was die optimistiese datum, maar die tyd sou leer dat ons eers teen einde Mei 'n telefoondiens kon verwag) daarna (in Mei) sou die studente begin klasdraf in hul nuwe lesingsale.

Teen einde Mei was die Biblioteek die enigste deel wat ingetrek het - en dis waar ons ons proefkonynrol so goed kon vervul.

Die toetse waaraan ons onderwerp was?

1) Sekuriteit van die gebou - as enigste funksionerende afdeling ontdek ons dat ons verantwoordelik is vir die toesluit van allerhande deure, selfs dié buite ons afdeling Hieroor was daar maar baie kopseer.

2) Lugreëling - hoekom kry sommige proefkonyne kouer as ander? Miskien sou Voorklinies eerder aan hierdie 'toets' wou deelneem!

3) Hantering van die kritiek oor die ontwerp van die gebou (in sy geheel, asook ons spesifieke area). Hier speel diplomatieke talente 'n groot rol. Die argitek kan van hulp wees, byvoorbeeld die ongeverfde mure word heel indrukwekkend beskryf as onder meer, die nuwe boukuns. Die mense wat die argitek se mooi hangende muurtuin afgekeur het, moet die skuld kry van die teleurstellende akoestiek (die plante en bakke moes die klank opgevang het - dit is nou die klanke wat van die onderste vlak van die biblioteek, veral die toonbankarea, opstyg na die boonste vlak tot groot steurnis van die studente). Daar word nou daarna gekyk.

4) Uithouvermoë is veral na aanleiding van twee 'toetse' gemeet:

   a) die "twee-weke-bou" aan die toonbank het op die dag wat ons begin trek het, in die biblioteek self begin. Eintlik het hulle dit voor die tyd min of meer gereed gehad, maar moes toe ontdek dat dit nie met die smal trappe bo na die biblioteek gedra kon word nie. Dit is toe heeltemal uitmekaar gehaal en met saagmasjiene ensovoorts in die biblioteek oorgebou. Ons tydelike toonbank is toe op die bibliotekaresse se lessenaar voor die kantoor en naby die fotostaatkamer geplaas. Vanaf 21 April moes ons weer oop wees, en by hierdie lessenaar is die nodige dienste toe verrig. Vanaf hierdie dienspunt moes 'n streng oog oor die ingang/uitgang gehou word aangesien die verklikker nie geïnstalleer kon word voordat die toonbank gereed was nie. Hier kan ons 'n pluimpie uitdeel - Nashau het nie op hulle laat wag nie, en het dadelik op 14 April die fotostaatmasjiene in die nuwe gebou gediens, sodat daar niks met ons fotostaatdienste vanaf die <u>TREK</u> geskort het nie.

   b) Die ontbreking aan 'n telefoondiens. Hier teen 25 Mei kon ons nog nie kla dat ons die skril geroep van 'n telefoon mis nie, maar dit is 'n beslommernis om elke dag jou boodskappe by 'n ander telefoon te gaan haal en jou oproepe te maak. Die naaste telefoon is in die perdestalle (ja, die perde het die varkies nou as ons bure vervang!). Dit was slegs vir "noodgevalle" want dit is in die area waar die studente prakties doen en 'n mens nie 'n oorlas van jouself maak nie. Gewoonlik gaan een van ons eenkeer per dag na ons 'ou' telefoon - die ou biblioteek is nog nie deur 'n departement oorgeneem nie, maar ons parkeerplekke wel!



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Ons tweede pluimpie gaan aan die skakelbordoperatrise van Onderstepoort, mev Marietjie Eygelaar, vir haar oneindige geduld en presiesheid met die oordra van boodskappe.

Ons hoop om teen Junie telefoonparaat te wees!

Die TREK self was 'n belewenis wat ek en Ida (en seker Johannes, ons bode) nie graag weer sal wil beleef nie!

Met Ida by die ou biblioteek en ekself by die nuwe, en Onderstepoort se Swartpersoneel tussen die twee, is die boeke eers in kartonhouers gepak, genommer en gelaai op Onderstepoort se groot vragwa. Daarna is dit afgelaai, met die nuwe gebou se enigste hysbak na vlak vier (biblioteek) geneem, en daar weer uitgepak. Die boeke was nie so 'n groot probleem nie - sowat 400 houers is gebruik en hulle kon redelik vinnig op die rakke in hulle nuwe plekke staan. Dit het twee dae geneem om die boeke, naslaanwerke, GSV, fotostaatmasjiene en mikrofiche-apparaat oor te skuif.

Die inpak/uitpak van die tydskrifte, was meer frustrerend, oor die 800 houers is vir hulle gebruik. Die wisselende groottes het bygedra tot vertraging met die in/uitpak. 'n Verdere knelpunt was om 800 houers in nommervolgorde te hou, totdat hulle by die nuwe tuiste aangekom het.

Aan die manne van Merensky wat ons so vrolik bygestaan het, Louis en Thys, 'n baie groot dankie. Merensky se twee Paulusse word ook bedank vir hulle hulp. Aan mnr Duminy wil ons ook ons waardering uitspreek - veral vir die manier waarop hy op een van die frustrerendste dae sommer sy baadjie uitgetrek het en self boeke begin inpak het.

Die daaropvolgende week is ons verder bygestaan deur Annie en Inligtingsdienspersoneel - Rina, Marilize en Bella van Merensky, en Maureen, Sannie en Abel van Medies. Dankie vir al julle regpak en nagaan van rakke - ek hoop julle word vanjaar van rakkontrole vrygespreek by julle werkspunte! Aan Gideon wat eerder wou trou as trek, jammer vir die ontnugtering die eerste dag na jou terugkoms, baie dankie vir jou hulp.


Laastens moet ek en Ida ook melding maak van die morele bystand en aanmoediging van ons eggenotes wat begrip getoon het vir die na-ure werk, veral oor die langnaweek. Lourina werk nie gedurende die Universiteitsvakansies nie (en sy was buitendien met siekverlof) maar sy het haar kant baie stewig gebring met haar terugkeer. Manlief Koos veral, verdien 'n medalje vir al die ure wat hy rakke herpak het!

Die TREK is verby, die groeipyne word gedokter en die ongelooflike werksdimensie wat ons nou betree in vergelyking met dié van die ou biblioteek, laat ons die toekoms met lus en entoesiasme aanpak.

Kom kuier by ons!

Erica van der Westhuizen

---



The telephone has become such an integral part of ou[r] communications that it is impossible to imagine life without it. Many abuses have become common, and althoug[h] injunctions against them are elementary, people comm[it] them repeatedly.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

VAKANSIERYKE ONDERWERPSONTSLUITING

Seksie Onderwerpsontsluiting het drupsgewyse volgeloop na 'n vakansieryke tyd. Sommige het met Jan Tuisbly-se-karretjie gery terwyl ander na verskillende uithoeke van die land uitgewyk het. Gertrud het die sonnige Mei-weer by die Suidkus geniet en met 'n motor vol skulpe teruggekeer. Elza het 'n draai in Kaapstad gaan maak, terwyl Amelia die Knysna-omgewing platgery het. Karin het saam met haar suster van Duitsland 'n weeklange besoek gebring aan die Hoogland Gesondheidsoord. Hier het Karin ontkom van die gejaag en geraas van die stadsrumoer en sy beveel dit vir enige iemand aan.

"Verandering is net so goed soos vakansie" het die agterblewenes besluit. 'n Grootskaalse verskuiwing het Onderwerpsontsluiting soos 'n splinternuwe sikspens laat lyk. Almal lyk gelukkig met die nuwe werkstasieontwerp en ons poog om ons afdeling nog meer te verfraai.

April/Meimaand het ook sy slagting gehad aan siekes. Ons hoop die siektekieme kies nie weer Onderwerpsontsluiting as hul vakansieplek nie. Mag almal beter gesondheid geniet hierdie winter sodat ons 'n goeie inset kan lewer.

Groetnis

AMELIA EN GERTRUD

---

Foonfratse en -Flaters van Foorklinies:

Daar is seker nog nooit iemand wat nog nooit 'n telefoongesprek gehad het wat nie uitgeloop het op 'n misverstand, verleentheid of die "giggles" nie. Wel, hier by Voo(n)klinies sorg sulke eskapades maar alte dikwels vir ons "comic relief".

Hoe moet 'n mens nou reageer as jy die telefoon ewe vriendelik beantwoord en die stem aan die anderkant sê:
"Is dit dan die Hok?"
"Ekskuus?"
"Is dit die vrou in die Hok?"
"Meneer, lyk my hier's 'n misverstand. Watter nommer het u geskakel? Met wie wil u praat?"
"Agnee, "sorrie" jong - ek wou net die Toonbank bel om 'n boek te hernu, toe beland ek daar by jou in die Hok. Tata."

Die versoeking om albei telefone wat langs mekaar op 'n kassie in die "Hok" staan, tegelyk te beantwoord as hulle terselfdertyd lui, het op 'n dag te groot geword. Met die grys gehoorstuk teen die een oor en die "plaastelefoontjie" (die direkte lyn na ons niggies op Mooimediesfontein) teen die ander oor, sê ek in albei mondstukke tegelyk: "Goeiemôre." Weet julle hoe klink dit as in elke oor 'n ander stem lostrek met sy eie storie waarvan jy nie kop of stert kan uitmaak nie? Hoor net stemme! Na 'n paar sekondes sê ek (weer in albei mondstukke tegelyk): "Ekskuus, bly net 'n oomblik aan - daar lui my ander telefoon." Met 'n beleefde "seker" in albei ore is dit skielik doodstil en moet ek besluit watter telefoon eerste "beantwoord" gaan word!

Dan is daar die boodskappe wat op 'n mens se tafel wag as jy uit was wat jou soms laat skaterlag. Nou die dag kry ek die volgende notatjie: Jou ma het gebel - sê moenie meer bekommer oor glasdeur in jul sitkamer. Sy en Alfred het hom met 'n graaf, koevoet en byl teruggekry op sy spoortjies. (Ai, hoe gerusstellend!)

Verder wag ons nog in spanning vir die uiteinde van een van ons telefoonstories. Op 'n dag bel 'n dokter en vra inligting oor veelvuldige sklerose. Hy gesels so interessant daaroor dat ek met groot belangstelling verder uitvra. My vrae moes hom laat dink het dat ek bang is ek kry self die siekte en hy vra hoe oud ek is. Oombliklik antwoord ek: "Agt-en-twintig" (waarom ek nou juis agt-en-twintig gekies het, weet ek nie; kon net sowel gesê het agttien - ewe vergesog!) Een ding is seker - die dag as die "sklerose-dokter" sy boeke kom haal, kruip die agt-en-twintigjarige mej van der Walt onder haar lessenaar in.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Daar sal sy vashaak soos ons Nashau se laaitjies, geruisloos bly sit soos die lugreëling wat ons nie het nie en asemloos luister na hoe Annette en Pottie verduidelik wat van haar geword het!

MARTIE VAN DER WALT

VOORKLINIES

---

Inflasie en boekbinding

In 1926 het die volgende advertensie verskyn -

"The cost of binding is:

In half calf 11/-
In cloth 7/-"

In 1987 kos dieselfde diens R40!

Groete uit die bindery

CORRIE

Sal vandag se mense nog weet hoeveel 'n "sjieling" werd was? Red.

---

Bibliografies oorval met werk

As gevolg van die baie bestellings wat geplaas moet word en ons personeeltekort het ons na vele samesprekings en vergaderings 'n herindeling van ons werkstate gehad. 'n Paar van ons kollegas by Onderwerpsontsluiting het by ons aangesluit om ons las te verlig.

Makkie is tydelik weer terug by ons om handelaars toe te ken, terwyl Estelle help invoer en Elza en Annatjie katalogiseer. Baie dankie vir die leen van julle personeel, Onderwerpsontsluiting!


Ons nuwelinge is nou al ou hande in ons afdeling en "snap" nou alle nuwe dinge en take vinniger.

Christa het so vinnig siek geword, maar is gelukkig na drie weke nou weer by ons.

Groete

CHRISTA STRYDOM
Bibliografiese Ontsluiting

---






Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

DIE F Z VAN DER MERWE-MUSIEKVERSAMELING


Die F Z van der Merwe musiekversameling van die Merensky-biblioteek, beywer hom vir die versameling en bewaring van alle Suid-Afrikaanse bladmusiek, vir studie- en navorsingsdoeleindes. Dr van der Merwe was die oorspronklike eienaar van dié versameling. Ná sy dood is die versameling aan die Merensky-biblioteek geskenk, wat onderneem het om die versameling verder uit te bou. Dit is gedoen deur persoonlik met die komponiste te skakel, of deur SAMRO of die uitgewers te kontak.

Die spektrum van die versameling strek vanaf ligte Suid-Afrikaanse volksmusiek tot meer ernstige musiek. Die partiture wat ons ontvang, is meestal in gedrukte vorm, vanaf een of ander uitgewer.

Soms is ons gelukkig genoeg om 'n fotostaat van die oorspronklike manuskrip te ontvang met die komponis se handtekening en datum daarby. Hierdie manuskripte is dikwels ryklik versier en die skrif is sõ netjies dat dit moeilik is om te onderskei tussen die handgeskrewe musiek en die gedrukte vorm. Die komponiste doen baie moeite om hul eie individuele stempel op hul komposisies te plaat.

Tot op datum is ± 1 800 Suid-Afrikaanse komponiste se komposisies in die staalkabinette in die F Z van der Merwe-musiekversameling gehuisves - seker een van die volledigste versamelings in die land.

OLIVIA WEBB
TUKKIANA









Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

'N DAG VAN 'N TIKSTER IN DIE MERENSKY-BIBLIOTEEK

Marie se dae by die biblioteek begin nie een dag dieselfde nie. Afwisseling en verskeidenheid van werk is hier nie 'n kwessie nie. Dit behels liassering, tik van rugbeskrywings, tik van briewe, state, tabelle, notules ensovoorts. Dan kan die tikwerk nog op die tikmasjien òf op die woordverwerker óf op die persoonlike rekenaar gedoen word, wat op sig- self 'n afwisseling is.

Beplanning vir die tiksters is amper taboe!

Liassering behels natuurlik liassering van alle korrespondensie wat betrekking het op die betrokke lêers, oopmaak van nuwe lêers, byhou van liasseerstelsel op die woordverwerker en die uitstuur van sirkulasielêers.

Vier soorte rugbeskrywings word gedoen, naamlik spoedboeke, nuwe boeke, vervangings en swart-op-wit rugbeskrywings. Die spoedboeke word daagliks so gou moontlik afgehandel aangesien dit boeke is wat dringend deurgestuur moet word na die betrokke vakbibliotekarisse. Dit word dan onmiddellik gedoen, in die betrokke lêer opgeskryf en afgelewer. Briewe, verslae, notules, Biblikasie, handleidings ensovoorts word op die woordverwerker of die PC gedoen. Hierdie tipe tikwerk word daagliks deur Marie en haar trawante gedoen en so spoedig moontlik afgehandel na die beste van hul vermoë. Biblikasietyd is natuurlik 'n krisistyd op die woordverwerker want dan moet alle ander tikwerk basies gestaak word om die Biblikasie betyds gereed te kry, maar wanneer dringende ander tikwerk inkom moet Biblikasie weer gestaak word en die ander, as eerste prioriteit, word dan afgehandel.

Ander los tikwerkies soos bestellings en geskenkstrokies en vorms wat voltooi moet word, word dan op die gewone elektriesemasjien gedoen.

Insleuteling van bestellings op DOBIS/-LIBIS word ook daagliks op hierdie stadium, soos versoek, deur drie tiksters hanteer, elk vir 1½-2 uur per dag.

Daar moet dikwels afgelos word op drie verskillende punte by die Direkteur en ander Adjunk-direkteure. Dikwels word twee of drie aflosse tegelykertyd gevra. Dan natuurlik, word die werk in hierdie afdeling heelwat vertraag. Daar is selde of ooit 'n dag/week wat "Marie" en haar kollegas tegelykertyd op kantoor is om met 'n "beplande" dag voort te gaan. Almal val maar in waar hul kan, en doen maar wat hulle hande vind om te doen.

Daar word elke dag beplan om 'n bepaalde hoeveelheid werk af te handel, maar dit werk net nooit só uit nie, want pas het "Marie" die take aan elkeen toegesê en dan lui die telefoon:

"Ek is jammer maar kan julle asseblief vir my 'n aflos stuur?" sê die stem aan die anderkant. Skielik stort die hele dag se beplanning in duie. Met die tekort aan een persoon, word daar dan vinnig 'n nuwe program opgestel sodat elkeen dan net weet wat van haar verwag word, tenminste vir dié spesifieke dag. Enige iets is in elkgeval enige oomblik moontlik - dalk nog 'n aflos op 'n ander punt.

Maar vir die tiksters is daar geen probleem te groot om te oorbrug nie. Al hierdie take, verpligtinge, aflosse, insleuteling en nog opleiding op rekenaars ensovoorts word alles met 'n glimlag, vriendelikheid en bereidwilligheid verrig.

Marie en haar span het 'n "wonderwerk", hulle wonder elke oomblik wat die volgende oomblik gedoen moet word... Gelukkig kan elkeen sy plek volstaan sonder haakplekke. Die woordverwysings word só aangestip dat enige persoon op 'n dokument kan ingaan waarmee die ander persoon begin het, en dit voltooi. Al die werk word dan ook so deur Marie ingedeel dat wanneer een persoon "opgeroep" word vir 'n ander taak, die ander tikster net kan oorneem waar die vorige een afgesluit het.

Afgesien van die "wonderwerk" is en bly dit aangenaam om in hierdie afdeling te werk want almal is vriendelik, behulpsaam en gewillig om alle krisisse wat moontlik mag ontstaan die hoof te bied. Marie en Kie is 'n aangename, vrolike en vriendelike familie en geniet elke oomblik om te werk.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

DIS DIE BLOND, DIS DIE BLOU,
DIS AL!
Tiksters

("Marie" is 'n denkbeeldige naam. U sal verniet soek na 'n "Marie" by die tiksters, wat u wel sal kry is 'n groep hardwerkende "Marie's".) Red.

---

## AANSTEEKLIKE SIEKTES

Aansteeklike siektes - dit lôôp weer hier by ons. En dis nou nie iets soos verkoue of griep nie. Dis TREK in 'n mindere of meerdere mate. Ek gaan maar net in my eie huis rondtrek en die chaos van een punt na 'n ander verskuif solank daar geverf en matte gelê word, Clarisse het van woonstel verwissel en Danie gaan sommer binnekort van land verwissel. Met sy klein sakkie nou vol studiebeurse vertrek hy so oor twee maande na Wes-Duitsland waar hy vir meer as 'n jaar lank gaan navorsing doen. So vinnig as wat Clarisse dus uitgepak het, het Danie die kartondose ingepalm om weer te gaan volmaak.

Ons ander hier hoop dat hulle lekker sal bly in hulle nuwe tuistes, en dat die slapies vir Danie ook so vinnig sal verbygaan soos dit vir Clarisse was.

Die dag voor een van die langnaweke is Anita Lochner en haar man, Phil, een middag op pad om die laaste inkopies vir die naweek te gaan doen, toe 'n dame in die spitsverkeer nie vinnig genoeg kon rem nie en hulle nuwe Golfie 'n lelike stamp op die agterstewe gee. Phil moes maar ewe gedwee 'n ruk met die werksmotor ry, maar gelukkig is die Golf nou herstel en lyk hy spiksplinternuut.

'n Week later kom ek een Maandagoggend vroeg van Pietersburg af na 'n familiegeleentheid toe onderaardse geluide van onder my motor my dwing om terug te draai. In plaas van 06h46, kom ek toe 10h15 eers daar weg, en ry daarna nog 'n week lank met 'n baie onwillige motor voordat sy "borskwaal" opgeklaar was.

'n Week later reël Sannie een oggend dringend vervoer werk toe, want haar motor se remme gee probleme en dis 'n groot werk.

Terloops, die ander sê reeds hulle trek nie, en hulle bring nie hulle motors naby ons s'n nie, want dit kan aansteeklik wees. Gelukkig troos die spreekwoord dat ongelukke (en trekke) in drieë kom, dus het ons ons beurt gehad.

Intussen is die boekverkoping ook agter die rug, en sê ons groot dankie aan Laura, Annette, Gideon en sy span werkers vir die groot werk wat hulle gedoen het. Die inkomste was dié keer nie sô goed nie, maar ons gee veel eerder 'n boek aan iemand vir 'n klein bedraggie wat vir hom sal omgee, as om hom tot niet te maak (of te stoor)!

Die nuwe baba het toe ook aangekom. Dis nou van die soort wat 'n muurprop en 'n telefoon nodig het. Die telefax moes toe maar in ons studiehokkie-cum-eridkamer staan en Maureen moes eers orde tussen die klomp kabels skep voordat enige van die masjiene bruikbaar was. Nou moet 'n mens jou varkies bymekaar hou om die regte ding op die regte masjien te doen.

Baie welkom aan Katrien Blomme by Klinikala. Ons hoop jy gaan sommer baie gelukkig wees daar.

Aan ons troetelhond in sy nuwe hok - ons kom een-van-die-dae kyk!

Groete

MAGRIET LEE

---



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019


"MUSIEK EN MUSIEKMENSE"

Toe ek hoor dat ek die pos in die Musiekbiblioteek gekry het, was ek opgewonde. Dit sou heerlik wees om tussen sulke mooi musiek te werk. Ek was egter ook effe skrikkerig. Ek het dan geen musiek-agtergrond nie....


Ek was reg! Dit is baie lekker om heeldag met musiek en "musiekmense" te werk. En die feit dat ek "minus-musiekkennis" is, is toe geen probleem nie, want mooi bly mooi en my kuns-agtergrond help darem om die aanvoeling en interesse lewendig te hou. Buitendien, as jy 'n student kan help om daardie verborge inligting te vind, is hy baie bly. Dan maak dit vir hom geen verskil as jy dink Bartok is mooier as Bach, of andersom nie.

Hier in die Musiek-biblioteek is daar soveel mooi dinge en nog meer wat interessant is. Een van die interessante dinge wat my opgeval het, is die verskil in notasie. Ons ken almal note en elke Sondag sing ons met wisselende graad van gemak uit ons Psalm- en Gesangbundels. Ek wonder egter hoeveel van julle gaan saam met my wonder oor die klanke wat deur die volgende note voortgebring gaan word. Hierdie eerste twee voorbeelde kom uit "Son of Heldenleben" van R Murray Schafer (p 8 en 28).

Die volgende voorbeeld kom uit Luciano Berio se "Sequenza II"



Die volgende voorbeeld is 'n uittreksel uit Richard Rodney Bennet se "Nightpiece" (p 8)







Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

In die volgende uittreksel kom daar weer baie min note voor. Dit is geneem uit Webern se Kontate op 31 (p 35)




In die volgende voorbeeld vorm die note pragtige reëlmatige patrone. Dit is geneem uit György Ligeti se "Continuum für Lembalo" (p 8)






Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Ons laaste voorbeeld kom uit Stockhausen se "Kontakte". Hier het ons 'n verduideliking by wat die note in die partituur verduidelik.




From Stockhausen's score of *Kontakte*




BERIG DEUR:

MAGDA BOTHA



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## ONS GROET

Aan Céu moet ons sê totsiens ...
  Junie is die einde van haar diens
Die Kaapse glorie het haar weggelok
  Of is dit dalk iets anders ôk?

Tussen dale, berge en groen eikebome
  Het sy Aprilmaand al begin te drome
Dit sal ons maar moet weet
  Sy wil ons tydelik vergeet.

Maar is dit werklik die Kaap se mooi
  Of skuil daar iets anders by dié
                                    nooi?
Ons sal maar net moet wag en sien
  Of Paul Roos-Gimnasium haar wel
                                    verdien.

Dalk sal sy Merensky nie vergeet
  En sal ons eendag wel alles weet!
Biblioteekdiens, Opleiding - ons
                              gaan jou mis
Ja-nee, dit is nou maar gewis!


Totsien Céu, ons hoop jy gaan verlang
En na ons terugkeer kort voor lang!!!

ELSA GOUWS

---


As jy eenmaal gefaal het, moet dit nie as patroon vir jouself voorhou nie.

Al voel jy op ŉ Maandagoggend so.




by Gordon Bess

## TREFFERS



### FILMS

### OUTRAGEOUS FORTUNE

Elkeen wat vir ŉ uur of twee heerlik agteroor wil sit en ontspan, kan gerus na die skreeusnaakse komedie "Outrageous Fortune" gaan kyk. Na "Platoon" is "Outrageous Fortune" die suksesvolste film van 1987, en het al byna R80-miljoen verdien.

Die onstuitbare Bette Midler vertolk die rol van Sandy, ŉ lawaaierige rissiepit, wat saam met Lauren (Shelley Duvall) toneelklasse neem. Tussen hulle bestaan ŉ wedersydse weersin wat tot talle lagwekkende situasies lei. Wanneer beide boonop op dieselfde man, die sjarmante Michael, verlief raak, begin die poppe behoorlik dans!

Michael verdwyn spoorloos tydens ŉ bomontploffing. Sandy en Lauren besluit om hom op te spoor, én te laat kies tussen hulle. Hulle raak terstond by internasionale spioenasie betrokke, en moet telkens om hulle lewens vlug.

Tydens die holderstebolder soektog in die duine en vlaktes van New Mexico wys elkeen van watter stoffasie sy gemaak is, én word hulle boonop boesemvriendinne. "Outrageous Fortune" is ŉ goeie keuse vir ŉ aand van pret en plesier!


Jeanette Marais

---



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# PERSONALIA



SANIBONA DUMELANG!

Ephord Seema

Ephord Seema is in 1942 in Pietersburg gebore.

Hy het in Pietersburg grootgeword en daar skool gegaan. Na sy skoolopleiding het hy sy eerste betrekking aanvaar by die Hellenic Hotel as portier. Na vier jaar verlaat hy die diens.

Sy volgende betrekkings was by Mitchel Meubeleerders en by Russell's. Hy het as klerk gewerk en dit was 'n groot uitdaging vir hom.

Rondalia het vir hom 'n betrekking aangebied om Polisse te verkoop. Hy het die werk geniet maar het vir 'n kommissie gewerk. Hy wou eerder 'n vaste inkomste hê en meer sekuriteit.

In 1978 het hy na Merensky-Biblioteek gekom. Hy is baie gelukkig in sy pos want hy het baie dinge geleer in dié tyd wat hy hier werksaam is.

Ephord is getroud met Winnie en hulle het vier kinders. Ons wens Ephord en sy gesin 'n baie gelukkige toekoms toe.

---



Naam: GERDA FRONEMAN - ongetroud
Aangestel by:
Vakbibliotekarisstelsel, Vlak 6
Vorige ondervinding:
Argivaris by Transvaalse Argiefbewaarplek - agtien maande.
Belangstellings:
Musiek, meubelrestorasie en lees.

---

BEDANKINGS

Mev ANITA ROSSOUW van die Musiekbiblioteek verlaat die diens van die Merensky-Biblioteek einde Mei 1987.


Ons sê totsiens en beste wense!

---




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

MNR DUMINY VERJAAR!







UITSTALLING OP VLAK 4



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

BESTUUR VAN DOBIS/LIBIS GEBRUIKERSGROEP S.A.



Links na regs: Mnr T Roberts, Mev E Langkilde, Prof E Gerryts, Mej B Kellermann, Mnr T Larney en Mnr J Fourie

TEENWOORDIGERS BY SAMESPREKING OOR VERSAMELINGBOU EN DOKUMENTLEWERING (TRANSVAALSTREEK VAN IBK)




Links na regs: Dr Henk de Bruin, Mnr Willie Coetzee, Prof Casper Lessing, Prof John Willemse en Prof Peter Lor Prof E Gerryts

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

BESOEKERS BY MERENSKY BIBLIOTEEK







Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## ARCADIA

* Moderne 1 slk. 60 vk.m. Noordsig vir 'n warm atmosfeer in die winter. Matte. Naby koopsentrum, Kunsmuseum en Universiteit. R51 000.

---

* 2 en 3 slaapkamers met 'n onversteurde uitsig op die Uniegeboue. 2slk.=75vk.m en 3slk.= 106vk.m elk met 'n balkon en oopplan kombuis. Matte,onderdakparkering, swembad en braaiarea. By koopsentrum, busroete en naby Universiteit. 2= R57 500, 3= R68 250. 50% uitverkoop.

---

## HATFIELD

DUPLEKS: Stapafstand van Universiteit. Onderdakparkering. 2 slk. met tuin. R68 600

---

## KILNERPARK

DUPLEKS: Pragtige 2 slk. Goedversorgde tuin met boorgat. Toesluit motorhuis. Waskamer. Naby koopsentrum. Baie stil area. Eienaar tree af. Winskoop. R65 500

---

## LA MONTAGNE

SIMPLEKS: 2 slk. 80vk.m Toesluit motorhuis en oulike tuin. Tralies voor vensters en deure. Baie veilig en stil. Noordsig. R65 400.

---

## LYNNWOODRIF

DUPLEKS: Pragtige 3 slk. 145vk.m. Dubbel toesluit onderdakparkering. Naby Pick 'n Pay, en op busroete. Noordsig. Goed opgepas. Slegs R75 000

---

## SILVERTON

DUPLEKS: 2 slk. Baie modern. Oopplan kombuis. Heerlike tuin en braai. Onderdakparkering. 81vk.m. Gebou is 6 maande jonk. Op busroete. Weggee teen R63 300.

* 2 slk. woonstel. Volvloer matte en aparte toilet. Moderne oopplan kombuis. Groot stoep met lieflike uitsig. 98 vk.m. Blok is 18mde oud. Moet gesien word. Op busroete. Noordsig. R58 000

## SUNNYSIDE

* Twee 3 slk. woonstelle in hierdie nuwe blok. 104vk.m 2 badkamers en toilette met 1 stort. Volvloermatte en moderne kombuis. Baie sentraal. Naby Universiteit en koopsentrums. Noordsig. R73 900

* 3 slk met matte. Toesluit motorhuis. Goed geleë. 92vk.m Balkon. R66 000.

---

## VILLERIA

$2\frac{1}{2}$ slk. Blok teen 'n berg met uitsig oor park. Baie stil - plaas atmosfeer. 94vk.m en toesluit motorhuis. R66 000.

---

## WEAVINDPARK

$1\frac{1}{2}$ slk. 72vk.m Matte. Onderdakparkering. Naby busroete. Gemeenskaplike swembad en braaiarea. Weggee teen R43 000.

---

## WONDERBOOM-SUID

Nuwe 1 slk nog in aanbou. 50vk.m Baie modern en uitstekende afwerking. Nuwe stoof met oopplan kombuis en houtkaste. Volvloer matte met oop balkon. Teen 'n berg met uitsig oor natuurreservaat. Baie stil. Garage of onderdakparkering. Sekuriteitstelsel. Wassery. VERKOPER BETAAL ALLE OORDRAGKOSTE. Alreeds 'n paar verkoop. R44 000-R49 000.

---

E G CHAPMAN HET ONGEVEER 1400 WOONSTELLE/ SIMPLEKSE/DUPLEKSE OP VOORRAAD. U MAAK U PRYS EN KIES DIE AREA, EN ONS GEE DIE DIENS.
OORDRAGKOSTE KAN IN MEESTE GEVALLE GEREEL WORD, SODAT U GEEN KONTANT HOEF TE HE NIE.

SKAKEL: JOHAN LABUSCHAGNE (LAPPIES)
W: 437316 H: 861256

**EG Chapman Properties/Eiendomme**

☎ (012) 43 7316

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Universiteit van Pretoria

Biblioteekdiens

# BIBLIKASIE

JUNIE

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# I N H O U D S O P G A W E

* * * * * * *


| | Bladsy |
|---|---|
| DIE EERSTE Sê .............................................. | 1 |
| REDAKSIONEEL .............................................. | 2 |
| SABINETNUUS .............................................. | 3 |
| EN SO VERTEL .............................................. | 7 |
| IN EN OM MERENSKY .............................................. | 9 |
| ONS GROET .............................................. | 10 |
| TERLOOPS .............................................. | 12 |
| ALLERLEI .............................................. | 14 |
| BIBFLITSE .............................................. | 16 |
| VERMAAK .............................................. | 19 |
| RESEPTE .............................................. | 20 |
| VERJAARSDAE .............................................. | 21 |
| PERSONALIA .............................................. | 22 |


* * * * * * * * *

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# I N H O U D S O P G A W E
* * * * * * *

Bladsy


DIE EERSTE Sê .............................................. 1

REDAKSIONEEL .............................................. 2

SABINETNUUS .............................................. 3

EN SO VERTEL .............................................. 7

IN EN OM MERENSKY .............................................. 9

ONS GROET .............................................. 10

TERLOOPS .............................................. 12

ALLERLEI .............................................. 14

BIBFLITSE .............................................. 16

VERMAAK .............................................. 19

RESEPTE .............................................. 20

VERJAARSDAE .............................................. 21

PERSONALIA .............................................. 22


* * * * * * * * *

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

WIL U EIENDOM KOOP OF VERKOOP. ONS REPUTASIE AS DIE MAATSKAPPY WAT DIE MEESTE DEELTITEL EENHEDE IN PRETORIA VERKOOP HET IS WYD BEKEND.

ONS SPESIALISEER IN DIE VERKOOP EN AANKOOP VAN

* WOONSTELLE
* SIMPLEKSE
* DUPLEKSE
* HUISE

INDIEN U OORWEEG OM ENIGE VAN BOGENOEMDE TE KOOP OF VERKOOP, KONTAK JOHAN LABUSCHAGNE (W) 437316 (H) 861256

**EG Chapman Properties/Eiendomme**

**☎ (012) 437316**

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

DIE EERSTE Sê ....

In die Biblikasie van Mei 1980 word ons in 'n artikel deur die Seksie Makro-Ontsluiting meegedeel dat DOBIS en AACR2 op daardie stadium bemeester is, dat hulle angstig wag om DDK19 te implementeer en word verder gemeld:

"Al wat dan oorbly is die onderwerpsontsluitingsprosedure, waaroor finaliteit nog nie verkry is nie."

Ons Biblioteekdiens, en dan by name die nuutbenoemde Seksie Onderwerpsontsluiting, staan tans aan die vooraand van die inwerkingstelling van hierdie prosedure. Om egter tot die daad oor te gaan het ook weer, soos in die geval van die DOBIS-implementering, maande se navorsing en harde werk geverg.

Die subprojek "Gerekenariseerde verbale onderwerpsontsluiting van 'n versameling monografieë in 'n universiteitsbiblioteek met spesiale verwysing na die Universiteit van Pretoria" maak deel uit van die groter projek "Die universiteitsbiblioteek as inligtingsdiens", wat deur die Departement Biblioteek- en Inligtingkunde en die Biblioteekdiens met finansiële steun van die RGN onderneem word.

Vir die subprojek het mej Clarisse Venter in April 1984 al begin met 'n literatuurstudie wat in Julie 1984 deur mev Susan Marsh voortgesit is. 'n Vraelys ter ondersteuning van die literatuurstudie is ook uitgestuur aan universiteitsbiblioteke om inligting in te win oor die gebruik van 'n onderwerpsontsluitingstelsel.

In 1986 het die subprojek ook al deel gevorm van die doelwitte van die Seksie Makro-Ontsluiting. Een van die doelwitte was "Om die evaluering van verbale onderwerpsontsluitingstelsels wat met die DOBIS/LIBIS programpakket bedryf kan word, af te handel." Vir hierdie doelwit is vier groepe persone, elke groep met 'n leier, aangewys om die volgende sake te ondersoek:

- Library of Congress Subject Headings (LCSH)
- Subject Access Project (SAP) soos bedryf deur die Syracuse University in die VSA (ons praat van SOM, Syracuse Onderwerpsontsluitingmetode)
- Die ekserpmodule
- Die taalaspek, wat insluit natuurlike taal en die vertaling van die LCSH in Afrikaans

Die evaluering van al hierdie aksies is hierna deur mev Langkilde gedoen. Literatuurstudie is deur al vier die groepe onderneem. Besoeke is aan verskeie instansies, naamlik die biblioteke van die RGN, PU vir CHO, UNISA en RAU gebring om veral ten opsigte van die LCSH in Afrikaans en Engels en die insleuteling van saakhoofde in DOBIS, inligting in te win. 'n Werkskema is deur elke groep opgestel waarvolgens die verskillende aspekte ondersoek is.

Nadat hierdie voorbereidende werk afgehandel is, het die groepe prakties begin werk op die verskillende metodes. Die aksieplan wat hier gevolg is, was om die metodes in te studeer, besprekings daaroor te hou om probleme op te klaar en daarna self toe te pas. Prosedures is opgestel sodat dit later in 'n handleiding opgeneem kan word.

In Oktober 1986 is die steekproef vir die eksperimentele databasis wat op DOBIS se toetsprogram ingesleutel sou word, getrek. Die steekproef is getrek uit die DOBIS/LIBIS-databasis soos op 12 September 1986. Mev E Jonkergouw, lektrise van die Departement Statistiek aan UP, is geraadpleeg en 'n steekproef van 2300 dokumente wat 5% van die voorgestelde populasie verteenwoordig, is getrek. Die klasse 300 (met 20,533 dokumente) is gekies om verteenwoordigend te wees van die geestes- en natuurwetenskaplike terreine.

Die boeke is van die rakke onttrek en vroeg in November 1986 is begin met die insleuteling van die bibliografiese gegewens nadat kontroles op SABINET gedoen is.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

WINSKOPE VIR JULIE 1987

## ARCADIA

* Moderne 1 slk. 60 vk.m. Noordsig vir ŉ warm atmosfeer in die winter. Matte. Naby koopsentrum, Kunsmuseum en Universiteit. R51 000.

---

* 2 en 3 slaapkamers met ŉ onversteurde uitsig op die Uniegeboue. 2slk.=75vk.m en 3slk.= 106vk.m elk met ŉ balkon en oopplan kombuis. Matte,onderdakparkering, swembad en braaiarea. By koopsentrum, busroete en naby Universiteit. 2= R57 500, 3= R68 250. 50% uitverkoop.

---

## HATFIELD

DUPLEKS: Stapafstand van Universiteit. Onderdakparkering. 2 slk. met tuin. R68 600

---

## KILNERPARK

DUPLEKS: Pragtige 2 slk. Goedversorgde tuin met boorgat. Toesluit motorhuis. Waskamer. Naby koopsentrum. Baie stil area. Eienaar tree af. Winskoop. R65 500

---

## LA MONTAGNE

SIMPLEKS: 2 slk. 80vk.m Toesluit motorhuis en oulike tuin. Tralies voor vensters en deure. Baie veilig en stil. Noordsig. R65 400.

---

## LYNNWOODRIF

DUPLEKS: Pragtige 3 slk. 145vk.m. Dubbel toesluit onderdakparkering. Naby Pick ŉ Pay, en op busroete. Noordsig. Goed opgepas. Slegs R75 000

---

## SILVERTON

DUPLEKS: 2 slk. Baie modern. Oopplan kombuis. Heerlike tuin en braai. Onderdakparkering. 81vk.m. Gebou is 6 maande jonk. Op busroete. Weggee teen R63 300.

* 2 slk. woonstel. Volvloer matte en aparte toilet. Moderne oopplan kombuis. Groot stoep met lieflike uitsig. 98 vk.m. Blok is 18mde oud. Moet gesien word. Op busroete. Noordsig. R58 000

## SUNNYSIDE

* Twee 3 slk. woonstelle in hierdie nuwe blok. 104vk.m 2 badkamers en toilette met 1 stort. Volvloermatte en moderne kombuis. Baie sentraal. Naby Universiteit en koopsentrums. Noordsig. R73 900

* 3 slk met matte. Toesluit motorhuis. Goed geleë. 92vk.m Balkon. R66 000.

---

## VILLERIA

2½ slk. Blok teen ŉ berg met uitsig oor park. Baie stil - plaas atmosfeer. 94vk.m en toesluit motorhuis. R66 000.

---

## WEAVINDPARK

1½ slk. 72vk.m Matte. Onderdakparkering. Naby busroete. Gemeenskaplike swembad en braaiarea. Weggee teen R43 000.

---

## WONDERBOOM-SUID

Nuwe 1 slk nog in aanbou. 50vk.m Baie modern en uitstekende afwerking. Nuwe stoof met oopplan kombuis en houtkaste. Volvloer matte met oop balkon. Teen ŉ berg met uitsig oor natuurreservaat. Baie stil. Garage of onderdakparkering. Sekuriteitstelsel. Wassery. VERKOPER BETAAL ALLE OORDRAGKOSTE. Alreeds ŉ paar verkoop. R44 000-R49 000.

---

E G CHAPMAN HET ONGEVEER 1400 WOONSTELLE/ SIMPLEKSE/DUPLEKSE OP VOORRAAD. U MAAK U PRYS EN KIES DIE AREA, EN ONS GEE DIE DIENS.
OORDRAGKOSTE KAN IN MEESTE GEVALLE GEREEL WORD, SODAT U GEEN KONTANT HOEF TE HE NIE.

SKAKEL: JOHAN LABUSCHAGNE (LAPPIES)
W: 437316 H: 861256

**EG Chapman Properties/Eiendomme**

☎ (012) 43 7316

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

SABINET

## Buitelandse Aanwinste deur Library of Congress

Uit die volgende uittreksel uit die LC Information Bulletin van 23 Februarie 1987 word statistiek aangetoon van al die monografieë wat uit die buiteland deur die Library of Congress gedurende die huidige en vier voorafgaande kalenderjare ontvang is.

Hierdie statistiek gee 'n aanduiding van wat SABINET-lede op die databasis kan verwag, aangesien SABINET ingeteken is op die LCMARC-bande.

Bron: SABINET-Nuus, April 1987

---

## Library of Congress Monograph Receipts for 1985 and 1986

The statistics that follow are for the monographic pieces acquired by the Library of Congress in fiscal years 1985 and 1986, as reported by the Exchange and Gift, Order, and Overseas Operations Divisions. These statistics include only current monographs which are defined as those published in the current and preceding four calendar years. Earlier imprints are considered "retrospective" and are not included in these statistics, except for the People's Republic of China, for which "current" monographs have been defined as those published from 1967 to the present. Serials and other forms of library materials are not included in these figures.

Readers should not infer too much from these statistics. They are not the same as those published in the Librarian's *Annual Report* which show the number of pieces added to the Library's collections, nor do they necessarily reflect the acquisitions policies of the Library, local publishing patterns, or dealer responsiveness. Because the majority of current U.S. imprints are acquired for the Library's permanent collections through copyright deposits and the Cataloging in Publication (CIP) Program, relatively small numbers of U.S. monographs are acquired by exchange, gift, or purchase. The number of books purchased from the United Kingdom has declined during the past ten years because many of these publications are now received through copyright deposit and the CIP Program.

Purchase statistics are derived from payment records and all others are based on receipts. Some figures may be distorted because the receipt of invoices or particularly large shipments of publications may immediately precede or follow the closing date for statistical reporting.

All prices are given in U.S. dollars including special foreign currency purchases from Afghanistan, Bangladesh, Bhutan, Burma, India, Iran, Maldives, Nepal, Pakistan, and Sri Lanka. Some prices include expenses incurred in acquiring or binding the volumes.

Please direct any inquiries regarding these statistics to the director for acquisitions and overseas operations.

Footnotes will be found at the end of the tables.

### Acquisitions of Monographs by the Library of Congress

| PLACE OF PUBLICATION | 1985 | | | | 1986 | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | By Exchange or Gift | By Purchase | | Total Book Receipts | By Exchange or Gift | By Purchase | | Total Book Receipts | % Change |
| | Number | Number | Average Price | | Number | Number | Average Price | | |
| Afghanistan | 11 | 0 | 0 | 11 | 5 | 54 | $1.10 | 59 | 436.4 |
| Albania | 0 | 116 | $6.75 | 116 | 0 | 190 | 7.61 | 190 | 63.8 |
| Algeria | 16 | 184 | 11.09 | 200 | 9 | 167 | 10.38 | 176 | -12.0 |
| Angola | 0 | 0 | 0 | 0 | 1 | 15 | 24.64 | 16 | 0 |
| Anguilla | 0 | 5 | 8.70 | 5 | 0 | 14 | 19.00 | 14 | 180.0 |
| Antigua & Barbuda | 0 | 4 | 7.93 | 4 | 1 | 1 | 1.75 | 2 | -50.0 |
| Argentina | 285 | 1,295 | 12.33 | 1,580 | 400 | 1,847 | 11.48 | 2,247 | 42.2 |
| Australia | 1,271 | 557 | 16.63 | 1,828 | 1,978 | 434 | 16.44 | 2,412 | 31.9 |
| Austria | 3,120 | 814 | 18.06 | 3,934 | 540 | 872 | 25.81 | 1,412 | -64.1 |
| Bahamas | 2 | 22 | 12.92 | 24 | 1 | 11 | 9.67 | 12 | -50.0 |
| Bahrain | 39 | 34 | 13.19 | 73 | 6 | 0 | 0 | 6 | -91.8 |
| Bangladesh | 75 | 307 | 2.29 | 382 | 75 | 1,227 | 1.65 | 1,302 | 240.8 |
| Barbados | 6 | 39 | 13.23 | 45 | 3 | 26 | 10.18 | 29 | -35.6 |



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

| PLACE OF PUBLICATION | 1985 By Exchange or Gift | 1985 By Purchase | | 1985 Total Book Receipts | 1986 By Exchange or Gift | 1986 By Purchase | | 1986 Total Book Receipts | % Change |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Number | Number | Average Price | | Number | Number | Average Price | | |
| Belgium | 289 | 381 | $18 80 | 670 | 459 | 589 | $21.38 | 1,048 | 56.4 |
| Belize | 6 | 7 | 13.36 | 13 | [illegible] | 41 | 11.25 | 45 | 246.2 |
| Benin | 0 | 10 | 15.34 | 10 | 1 | 5 | 9.65 | 6 | -40 0 |
| Bermuda | 2 | 30 | 13 44 | 32 | 4 | 69 | 11.77 | 73 | 128 1 |
| Bhutan | 4 | 55 | 34.73 | 59 | 2 | 26 | 38.75 | 28 | -52.5 |
| Bolivia | 95 | 180 | 8.24 | 275 | 57 | 206 | 9.97 | 263 | -4.4 |
| Botswana | 22 | 0 | 0 | 22 | 21 | 1 | 7.74 | 22 | 0 |
| Brazil | 2,564 | 2,370 | 4.52 | 4,934 | 2,863 | 1,916 | 3.97 | 4,779 | -3.1 |
| Brunei | 2 | 12 | 4.56 | 14 | 2 | 0 | 0 | 2 | -85.7 |
| Bulgaria | 1,639 | 1,008 | 7.58 | 2,647 | 1,568 | 854 | 7.73 | 2,422 | -8.5 |
| Burkina Faso | 3 | 3 | 7.01 | 6 | 1 | 4 | 12.40 | 5 | -16.7 |
| Burma | [illegible] | 12 | 1.67 | 313 | 206 | 16 | 1.32 | 222 | -29.1 |
| Burundi | 18 | 1 | 10.07 | 19 | 95 | 8 | 7.68 | 103 | 442.1 |
| Cambodia | 4 | 0 | 0 | 4 | 31 | 0 | 0 | 31 | 675.0 |
| Cameroon | 4 | 119 | 8.49 | 123 | 4 | 72 | 21.06 | 76 | -38.2 |
| Canada | 5,160 | 1,524 | 15.09 | 6,684 | 5,252 | 1,380 | 15.46 | 6,632 | -0.8 |
| Cape Verde | 0 | 4 | 10.13 | 4 | 3 | 0 | 0 | 3 | -25.0 |
| Cayman Islands | 0 | 23 | 5.20 | 23 | 4 | 0 | 0 | 4 | -82.6 |
| Central African Republic | 0 | 6 | 7.25 | 6 | 0 | 2 | 27.25 | 2 | -66.7 |
| Chad | 0 | 3 | 6.50 | 3 | 30 | 16 | 9.73 | 46 | 1433.3 |
| Chile | 818 | 578 | 9.76 | 1,396 | 603 | 523 | 9.76 | 1,126 | -19.3 |
| China (People's Republic) | 17,564 | 5,799 | 5.76 | 23,363 | 16,681 | 7,875 | 5.63 | 24,556 | 5.1 |
| Colombia | 614 | 513 | 15 25 | 1,127 | 490 | 859 | 13.65 | 1,349 | 19.7 |
| Comoros | 13 | 0 | 0 | 13 | 1 | 0 | 0 | 1 | -92.3 |
| Congo | 1 | 1 | 16.75 | 2 | 1 | 39 | 17.89 | 40 | 1900.0 |
| Costa Rica | 86 | 275 | 13.50 | 361 | 150 | 308 | 14.07 | 458 | 26.9 |
| Cuba | 258 | 220 | 9.94 | 478 | 205 | 179 | 10.85 | 384 | -19.7 |
| Cyprus | 285 | 56 | 16.27 | 341 | 76 | 145 | 13.92 | 221 | -35 2 |
| Czechoslovakia | 675 | 720 | 6.10 | 1,395 | 699 | 666 | 6.05 | 1,365 | -2.2 |
| Denmark | 2,184 | 568 | 15.17 | 2,752 | 3,706 | 603 | 16 15 | 4,309 | 56 6 |

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

| PLACE OF PUBLICATION | 1985 By Exchange or Gift Number | 1985 By Purchase Number | 1985 By Purchase Average Price | 1985 Total Book Receipts | 1986 By Exchange or Gift Number | 1986 By Purchase Number | 1986 By Purchase Average Price | 1986 Total Book Receipts | % Change |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Djibouti | 7 | 5 | $11.31 | 12 | 2 | 0 | 0 | 2 | -83.3 |
| Dominica | 2 | 6 | 1.66 | 8 | 2 | 3 | $21.66 | 5 | -37.5 |
| Dominican Republic | 122 | 299 | 11.72 | 421 | 82 | 333 | 10.64 | 415 | -1.4 |
| Ecuador | 114 | 477 | 9.36 | 591 | 135 | 399 | 9.50 | 534 | -9.6 |
| Egypt | 2,454 | 750 | 7.27 | 3,204 | 5,961 | 1,142 | 3.66 | 7,103 | 121.7 |
| El Salvador | 23 | 169 | 12.59 | 192 | 18 | 125 | 11.88 | 143 | -25.5 |
| Ethiopia | 1,032 | 12 | 3.68 | 1,044 | 702 | 4 | 20.31 | 706 | -32.4 |
| Fiji | 22 | 0 | 0 | 22 | 41 | 2 | 11.95 | 43 | 95.5 |
| Finland | 2,661 | 853 | 18.03 | 3,514 | 2,206 | 460 | 21.13 | 2,666 | -24.1 |
| France | 2,425 | 4,990 | 14.95 | 7,415 | 2,480 | 7,697 | 18.09 | 10,177 | 37.2 |
| French Antilles [1] | 11 | 149 | 15.54 | 160 | 3 | 163 | 13.11 | 166 | 3.8 |
| Gabon | 0 | 1 | 6.25 | 1 | 1 | 6 | 45.16 | 7 | 600.0 |
| Gambia | 0 | 10 | 8.66 | 10 | 2 | 11 | 17.31 | 13 | 30.0 |
| Germany (Federal Republic) | 5,123 | 8,195 | 17.51 | 13,318 | 4,384 | 9,211 | 23.17 | 13,595 | 2.1 |
| Germany (Democratic Republic) | 788 | 468 | 9.02 | 1,256 | 888 | 497 | 13.57 | 1,385 | 10.3 |
| Ghana | 16 | 95 | 2.98 | 111 | 118 | 79 | 7.25 | 197 | 77.5 |
| Greece | 120 | 923 | 6.37 | 1,043 | 110 | 878 | 8.44 | 988 | -5.3 |
| Greenland | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 1 | 14.95 | 1 | 0 |
| Grenada | 5 | 34 | 5.97 | 39 | 3 | 61 | 3.59 | 64 | 64.1 |
| Guatemala | 66 | 71 | 17.95 | 137 | 82 | 123 | 11.42 | 205 | 49.6 |
| Guinea | 0 | 33 | 12.22 | 33 | 15 | 10 | 18.45 | 25 | -24.2 |
| Guinea-Bissau | 18 | 0 | 0 | 18 | 5 | 0 | 0 | 5 | -72.2 |
| Guyana | 0 | 8 | 9.78 | 8 | 7 | 32 | 9.71 | 39 | 387.5 |
| Haiti | 129 | 115 | 9.47 | 244 | 76 | 60 | 14.77 | 136 | -44.3 |
| Honduras | 8 | 168 | 5.78 | 176 | 2 | 91 | 6.80 | 93 | -47.2 |
| Hong Kong | 48 | 999 | 9.76 | 1,047 | 94 | 819 | 10.36 | 913 | -12.8 |
| Hungary | 592 | 1,736 | 8.12 | 2,328 | 755 | 1,469 | 11.82 | 2,224 | -4.5 |
| Iceland | 8 | 5 | 15.39 | 13 | 3 | 101 | 22.35 | 104 | 700.0 |
| India | 2,475 | 5,677 | 8.99 | 8,152 | 774 | 4,334 | 10.13 | 5,108 | -37.3 |

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

| PLACE OF PUBLICATION | 1985 By Exchange or Gift Number | 1985 By Purchase Number | 1985 By Purchase Average Price | 1985 Total Book Receipts | 1986 By Exchange or Gift Number | 1986 By Purchase Number | 1986 By Purchase Average Price | 1986 Total Book Receipts | % Change |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Indonesia | 1,084 | 585 | $4.62 | 1,669 | 1,801 | 2,143 | $3.08 | 3,944 | 136.3 |
| Iran | 214 | 1,304 | 13.32 | 1,518 | 118 | 877 | 17.67 | 995 | -34.5 |
| Iraq | 128 | 125 | 6.99 | 253 | 110 | 364 | 4.40 | 474 | 87.4 |
| Ireland | 163 | 294 | 9.77 | 457 | 76 | 180 | 14.62 | 256 | -44.0 |
| Israel | 546 | 1,755 | 12.74 | 2,301 | 1,049 | 1,797 | 14.85 | 2,846 | 23.7 |
| Italy | 892 | 6,181 | 13.88 | 7,073 | 825 | 6,542 | 18.32 | 7,367 | 4.2 |
| Ivory Coast | 30 | 82 | 12.80 | 112 | 22 | 128 | 27.87 | 150 | 33.9 |
| Jamaica | 21 | 141 | 7.35 | 162 | 20 | 94 | 8.79 | 114 | -29.6 |
| Japan | 2,818 | 8,535 | 14.19 | 11,353 | 2,827 | 12,662 | 19.26 | 15,489 | 36.4 |
| Jordan | 120 | 223 | 5.77 | 343 | 86 | 363 | 7.27 | 449 | 30.9 |
| Kenya | 340 | 96 | 10.25 | 436 | 208 | 195 | 7.54 | 403 | -7.6 |
| Korea (North) | 63 | 263 | 5.86 | 326 | 40 | 256 | 6.65 | 296 | -9.2 |
| Korea (South) | 285 | 3,807 | 13.47 | 4,092 | 373 | 4,742 | 12.22 | 5,115 | 25.0 |
| Kuwait | 84 | 30 | 9.08 | 114 | 323 | 179 | 16.17 | 502 | 340.4 |
| Laos | 2 | 0 | 0 | 2 | 32 | 2 | 2.17 | 34 | 1600.0 |
| Lebanon | 119 | 685 | 12.32 | 804 | 20 | 908 | 9.66 | 928 | 15.4 |
| Lesotho | 2 | 0 | 0 | 2 | 4 | 0 | 0 | 4 | 100.0 |
| Liberia | 1 | 9 | 7.73 | 10 | 15 | 5 | 28.73 | 20 | 100.0 |
| Libya | 14 | 0 | 0 | 14 | 10 | 0 | 0 | 10 | -28.6 |
| Liechtenstein | 1 | 6 | 38.66 | 7 | 2 | 7 | 64.68 | 9 | 28.6 |
| Luxembourg | 788 | 0 | 0 | 788 | 1,525 | 0 | 0 | 1,525 | 93.5 |
| Macao | 8 | 0 | 0 | 8 | 1 | 0 | 0 | 1 | -87.5 |
| Madagascar | 6 | 40 | 11.90 | 46 | 8 | 86 | 5.35 | 94 | 104.3 |
| Malawi | 76 | 5 | 13.06 | 81 | 6 | 2 | 7.58 | 8 | -90.1 |
| Malaysia | 40 | 204 | 7.03 | 244 | 39 | 325 | 7.85 | 364 | 49.2 |
| Maldives | 32 | 0 | 0 | 32 | 41 | 0 | 0 | 41 | 28.1 |
| Mali | 1 | 7 | 5.57 | 8 | 0 | 11 | 11.63 | 11 | 37.5 |
| Malta | 29 | 0 | 0 | 29 | 5 | 2 | 9.73 | 7 | -75.9 |
| Mauritania | 1 | 0 | 0 | 1 | 10 | 1 | 21.25 | 11 | 1000.0 |
| Mauritius | 95 | 3 | 10.95 | 98 | 57 | 27 | 6.03 | 84 | -14.3 |

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

| PLACE OF PUBLICATION | 1985 By Exchange or Gift | 1985 By Purchase | | 1985 Total Book Receipts | 1986 By Exchange or Gift | 1986 By Purchase | | 1986 Total Book Receipts | % Change |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Number | Number | Average Price | | Number | Number | Average Price | | |
| Mexico | 1,057 | 1,334 | $7.71 | 2,391 | 980 | 1,814 | $10.55 | 2,794 | 16.9 |
| Monaco | 0 | 0 | 0 | 0 | 2 | 0 | 0 | 2 | 0 |
| Mongolia | 14 | 1 | 15.00 | 15 | 24 | 0 | 0 | 24 | 60.0 |
| Montserrat | 0 | 0 | 0 | 0 | 12 | 10 | 9.45 | 22 | 0 |
| Morocco | 38 | 331 | 9.18 | 369 | 22 | 371 | 6.74 | 393 | 6.5 |
| Mozambique | 0 | 1 | 8.25 | 1 | 7 | 0 | 0 | 7 | 600.0 |
| Nepal | 73 | 188 | 3.33 | 261 | 79 | 357 | 2.35 | 436 | 67.0 |
| Netherlands | 947 | 1,318 | 13.70 | 2,265 | 1,647 | 1,692 | 17.93 | 3,339 | 47.4 |
| Netherlands Antilles | 28 | 24 | 14.56 | 52 | 25 | 18 | 22.16 | 43 | -17.3 |
| New Caledonia | 0 | 0 | 0 | 0 | 16 | 0 | 0 | 16 | 0 |
| New Zealand | 794 | 112 | 12.88 | 906 | 809 | 37 | 13.77 | 846 | -6.6 |
| Nicaragua | 33 | 153 | 12.66 | 186 | 5 | 176 | 13.98 | 181 | -2.7 |
| Niger | 19 | 4 | 6.75 | 23 | 9 | 14 | 15.34 | 23 | 0 |
| Nigeria | 163 | 377 | 14.47 | 540 | 98 | 1,150 | 8.45 | 1,248 | 131.1 |
| Norway | 425 | 708 | 14.27 | 1,133 | 396 | 758 | 19.22 | 1,154 | 1.9 |
| Oman | 19 | 66 | 8.89 | 85 | 30 | 60 | 6.12 | 90 | 5.9 |
| Pakistan | 1,306 | 703 | 2.49 | 2,009 | 1,189 | 986 | 1.77 | 2,175 | 8.3 |
| Panama | 38 | 69 | 14.78 | 107 | 30 | 84 | 10.94 | 114 | 6.5 |
| Papua New Guinea | 54 | 49 | 7.47 | 103 | 77 | 0 | 0 | 77 | -25.2 |
| Paraguay | 7 | 139 | 9.09 | 146 | 13 | 140 | 9.09 | 153 | 4.8 |
| Peru | 134 | 471 | 8.96 | 605 | 103 | 694 | 7.67 | 797 | 31.7 |
| Philippines | 435 | 493 | 12.61 | 928 | 306 | 531 | 11.79 | 837 | -9.8 |
| Poland | 1,077 | 737 | 10.43 | 1,814 | 1,615 | 643 | 13.07 | 2,258 | 24.5 |
| Portugal | 552 | 889 | 4.75 | 1,441 | 314 | 886 | 7.71 | 1,200 | -16.7 |
| Puerto Rico | 32 | 239 | 6.01 | 271 | 18 | 65 | 7.79 | 83 | -69.4 |
| Qatar | 93 | 30 | 5.17 | 123 | 165 | 3 | .27 | 168 | 36.6 |
| Reunion | 9 | 10 | 23.42 | 19 | 2 | 60 | 8.45 | 62 | 226.3 |
| Romania | 275 | 1,060 | 2.18 | 1,335 | 175 | 873 | 2.04 | 1,048 | -21.5 |
| Rwanda | 28 | 3 | 65.85 | 31 | 29 | 51 | 10.21 | 80 | 158.1 |
| St. Christopher (Kitts)-Nevis | 3 | 1 | 7.25 | 4 | 1 | 5 | 4.80 | 6 | 50.0 |

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

| PLACE OF PUBLICATION | 1985 By Exchange or Gift | 1985 By Purchase | | 1985 Total Book Receipts | 1986 By Exchange or Gift | 1986 By Purchase | | 1986 Total Book Receipts | % Change |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Number | Number | Average Price | | Number | Number | Average Price | | |
| St Lucia | 0 | 9 | $5.47 | 9 | 12 | 2 | $19.49 | 14 | 55 6 |
| St Vincent | 0 | 6 | 11.41 | 6 | 0 | 9 | 14.69 | 9 | 50.0 |
| Saudi Arabia | 183 | 93 | 6.71 | 276 | 221 | 263 | 5.99 | 484 | 75.4 |
| Senegal | 42 | 66 | 12.84 | 108 | 1 | 27 | 19.74 | 28 | -74.1 |
| Seychelles | 10 | 1 | 9.68 | 11 | 0 | 1 | 12.25 | 1 | -90.9 |
| Sierra Leone | 0 | 22 | 8.55 | 22 | 1 | 15 | 9.08 | 16 | -27.3 |
| Singapore | 24 | 142 | 13.61 | 166 | 37 | 226 | 13.25 | 263 | 58.4 |
| Somalia | 100 | 1 | 47.46 | 101 | 16 | 0 | 0 | 16 | -84 2 |
| South Africa [2] | 1,157 | 403 | 8.87 | 1,560 | 886 | 814 | 10.15 | 1,700 | 9.0 |
| Spain | 1,235 | 4,469 | 15.18 | 5,704 | 820 | 4,466 | 18.73 | 5,286 | -7.3 |
| Sri Lanka | 180 | 193 | 2.75 | 373 | 112 | 584 | 2.97 | 696 | 86.6 |
| Sudan | 152 | 16 | 21.03 | 168 | 324 | 20 | 5.55 | 344 | 104.8 |
| Surinam | 3 | 30 | 12.15 | 33 | 26 | 23 | 17.27 | 49 | 48.5 |
| Swaziland | 18 | 2 | 6.51 | 20 | 1 | 0 | 0 | 1 | -95.0 |
| Sweden | 838 | 1,091 | 16.45 | 1,929 | 1,418 | 763 | 19.85 | 2,181 | 13.1 |
| Switzerland | 626 | 2,079 | 19.82 | 2,705 | 788 | 2,168 | 23.24 | 2,956 | 9.3 |
| Syria | 24 | 301 | 8.73 | 325 | 23 | 349 | 8.47 | 372 | 14.5 |
| Taiwan | 1,299 | 4,907 | 13 62 | 6,206 | 2,797 | 3,737 | 14.00 | 6,534 | 5.3 |
| Tanzania | 94 | 10 | 54 90 | 104 | 73 | 2 | 7.74 | 75 | -27.9 |
| Thailand | 1,021 | 569 | 3.71 | 1,590 | 669 | 429 | 4.86 | 1,098 | -30.9 |
| Togo | 0 | 23 | 11.83 | 23 | 8 | 9 | 14.62 | 17 | -26.1 |
| Trinidad & Tobago | 7 | 21 | 19 63 | 28 | 44 | 40 | 16.70 | 84 | 200.0 |
| Tunisia | 114 | 185 | 12.31 | 299 | 37 | 288 | 14.49 | 325 | 8.7 |
| Turkey | 360 | 232 | 4.76 | 592 | 165 | 360 | 6 35 | 525 | -11.3 |
| Turks & Caicos Islands | 0 | 3 | 1.75 | 3 | 0 | 28 | 11.94 | 28 | 833 3 |
| Uganda | 8 | 10 | 29 96 | 18 | 2 | 14 | 6.04 | 16 | -11.1 |
| United Arab Emirates | 11 | 13 | 7.56 | 24 | 210 | 1 | 1.08 | 211 | 779 2 |
| United Kingdom [1] | 1,666 | 3,578 | 17 91 | 5,244 | 1,825 | 4,360 | 18 30 | 6,185 | 17 9 |
| U S A | 2,974 | 21,847 | 17 34 | 24,821 | 3,428 | 13,217 | 23 37 | 16,645 | -32 9 |



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

| PLACE OF PUBLICATION | 1985 | | | | 1986 | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | By Exchange or Gift | By Purchase | | Total Book Receipts | By Exchange or Gift | By Purchase | | Total Book Receipts | % Change |
| | Number | Number | Average Price | | Number | Number | Average Price | | |
| U.S. Misc. Pacific Islands | 0 | 1 | $6.00 | 1 | 0 | 6 | $10 50 | 6 | 500 0 |
| U.S.S.R. | 8,298 | 11,533 | 3.47 | 19,831 | 8,371 | 11,073 | 4 04 | 19,444 | -2 0 |
| Uruguay | 98 | 445 | 11.75 | 543 | 477 | 522 | 9 26 | 999 | 84 0 |
| Vatican City | 0 | 3 | 94.53 | 3 | 2 | 1 | 79 30 | 3 | 0 |
| Venezuela | 421 | 981 | 12.76 | 1,402 | 258 | 815 | 11.31 | 1,073 | -23 5 |
| Vietnam | 358 | 0 | 0 | 358 | 91 | 33 | 9 67 | 124 | -65 4 |
| Virgin Islands (U.K.) | 0 | 6 | 16.37 | 6 | 0 | 9 | 13.44 | 9 | 50 0 |
| Virgin Islands (U.S.) | 4 | 28 | 10.53 | 32 | 1 | 28 | 13.39 | 29 | -9 4 |
| Yemen (Arab Republic) | 0 | 20 | 13.10 | 20 | 0 | 0 | 0 | 0 | -100 0 |
| Yemen (Democratic Republic) | 0 | 1 | 15.03 | 1 | 40 | 1 | 3 00 | 41 | 4000.0 |
| Yugoslavia | 423 | 703 | 4.74 | 1,126 | 458 | 575 | 6.74 | 1,033 | -8 3 |
| Zaire | 5 | 132 | 8.28 | 137 | 2 | 53 | 11.89 | 55 | -59.9 |
| Zambia | 59 | 17 | 5.81 | 76 | 47 | 18 | 9.25 | 65 | -14 5 |
| Zimbabwe | 16 | 75 | 12.63 | 91 | 86 | 43 | 9.51 | 129 | 41.8 |
| TOTAL | 93,189 | 132,260 | 10.87 | 225,449 | 96,817 | 138,139 | 14.22 | 234,956 | 4 2 |

**FOOTNOTES:** [1] Includes: Guadeloupe, Martinique, Guyane (French Guiana), St. Martin and St. Barthélemy.
[2] Includes figures for Namibia.
[3] Includes: Great Britain (England, Scotland, and Wales), Northern Ireland and miscellaneous island possessions

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

EN SO VERTEL......

"MA WORD BIBTANNIE"

ŉ Kandidaat in ŉ algemene verkiesing - ag, dis sommer speletjies! Dis immers ŉ groepsgeveg, jy is een van ŉ span en buitendien word jou argumente en debatspunte vooraf vir jou uitgewerk. Kom en begewe jou egter nader na die "hartklop van die Universiteit van die land vir ŉ werkie, - dis ŉ perd van ŉ ander kleur! Laat ek voor begin.

Ek het ewe kordaat gaan staan en aansoek doen vir ŉ pos by die Merensky Biblioteek. Dit was ŉ geheim, sommer ŉ groot geheim op ons tuisdorp Warmbad, want ek het regtig skuldig en astrant gevoel om so hoog te mik. Sê nou maar net my aansoek (en ekself natuurlik ook) is ŉ mislukking. Nee, niemand moes weet nie!
Is dit nie dalk te veel verwag dat ŉ Bosvelder soos ek met net ŉ onderwysdiploma, ŉ man en vyf kinders, vir so ŉ pos mag skiet nie? Daar is seker honderde in die grote stad Pretoria wat baie bekwaam en bevoeg is om vir so ŉ instansie in aanmerking te kom. Die Engelse sê mos "Fools rush in, where angels fear to tread". Doller as kop af kan dit nie gaan nie, en my aansoek is in!

Hoe ŉ student moet voel wanneer hy hoor dat die eksamenuitslae opgeplak is, weet ek vandag baie goed. Op ŉ helder sonskyn dag in Februarie kry ek ŉ oproep van die Biblioteekhoof (personeel) se sekretaresse. Onnodig om te sê, my senuwees was aan flarde! ŉ Onderhoud word gereël en ek begin myself geestelik voorberei vir die rit na Pretoria en die daaropvolgende.

Op my geliefde ou plattelandse dorpie ken ons almal mekaar, vanaf die wieg tot die laaste rit. Niemand dink ooit aan getuigskrifte of so iets nie - meeste weet nie eers hoe om dit te skryf nie! Behalwe vir die indiening van al my goeie en slegte hoedanighede, moet ek my ook gaan onderwerp aan ŉ volskaalse inkwisisie. Om nog ŉ ekstra knippie sout in die wonde te vryf, is die Stadsraad van Pretoria vinnig by om ŉ ou nog verder te trap as hy lê. ŉ Parkeerkaartjie in Roperstraat!!

Met daardie einste onderhoud word die wind toe skoon uit my seile geneem. Ek het as ŉ verslae wese daaruit gekom - al my voornemens en self-opswepery het soos mis voor die son verdwyn. Die vrae was nie net billik en vriendelik nie, maar dit het vir my gevoel of ons almal in die martelkamer "ou vriende" is. Ek wou nog lekker gesels - toe is die onderhoud oor en uit.

Die sekretaresse se vriendelike stem ŉ paar dae later oor die telefoon, het die stempel op alles geplaas.

Ma word uiteindelik ŉ Tukkie! Die oriëntering en die geselsie met die hoof van die ganse biblioteek asook met die seksiehoof en ander seniors, het my duidelik laat besef hoe belangrik en verantwoordelik enige werk in so ŉ inrigting is. ŉ Biblioteek is inderdaad die "trots" van enige universiteit!!

Nuwe struikelblokke kon ek nou met meer vertroue en vrymoedigheid aapak. ŉ Dobis/Libisrekenaar was nog altyd vir my net ŉ naam en nou moes ek met hom praat en in die gesig kyk. Hoe jammer voel ek nie vir die mense wat die blikbrein nie kan verstaan nie - foeitog! Een feit is seker, daar is baie te leer van al die vertakkinge van die werksaamhede van die Merensky. Wanneer ek nou na vier maande aan al my kollegas dink verstaan ek waarom "ons" Biblioteek so hoogaangeskrewe staan.

Die kersie op die koek was egter toe ek aan die einde van my eerste amptelike werksdag, my voordeur oopstoot en in my jongste vyftienjarige seun se gesig vaskyk. "En toe, hoe het dit met die Bibtannie gegaan?"

Ek het ŉ dankgebedjie opgesê, want toe het ek geweet - my kop is deur!

RINA HERMAN
BOEKONTVANGS.


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## DIE VELKOMBERSIE WAT DIE HART WARM HOU.

'n Student wat uit die Noordwes-Kaap kom, het nou die dag kom dankie sê vir hulp wat hy hier in die Instituut gekry het. Hy gebruik toe die volgende woorde: "Ek kom net dankie sê, want die woord "dankie" is die velkombersie wat die hart in die winter warm hou".

Hi_rdie woorde het my weer laat besef hoe maklik dit is om hierdie velkombersie aan almal met wie ek in aanraking kom te gee. Dinge word so maklik as vanselfsprekend aanvaar. Dit is nie noodwendig konkrete dinge waarvoor ons moet dankie sê nie. Daar is so baie mense vir wie ons kan sê dankie dat jy vir my omgee, dankie dat jy my met al my gebreke en foute as vriend aanvaar, dankie dat jy saam met my na musiek kan luister en dit waardeer, dankie vir 'n skouer om op te huil en vir trooswoorde.

Is ons altyd bewus van alles wat ons onverdiend besit? Ons het oë om mee te kan sien, ore om mee te kan hoor, ons kan loop, werk, ons daaglikse brood verdien en het 'n huis en warm klere in die winter. Is ons altyd opreg dankbaar daarvoor of neem ons dit as vanselfsprekend aan? Ons is almal mnense met foute en tekortkominge, maar kom ons probeer om hierdie velkombersie elke dag vir ons medemens te gee.

JO BREED
KULTUURHISTORIESE INSTITUUT

Ask God's blessing on your work but do not also ask Him to do it.

WAGGERL

## OM ELKE GELEENTHEID AAN TE GRYP

Ek het nog nooit gesien dat my pa 'n geleentheid nie aangegryp het nie. Ek bedoel nou soos wat Paulus vir die Kollosense skryf in 4:5 "Tree met wysheid op teenoor die mense wat nog buite die gemeente is. Maak die beste gebruik van elke geleentheid." Ek praat veral nou van hierdie laaste stukkie, alhoewel my pa dit volgens my mening wel met wysheid doen.

Ons as Christene het mos 'n roeping: "Maak dissipels van al die nasies en ....." Of ons aan hierdie roeping gehoor gee, is 'n ander vraag. Nou klink hierdie stukkie vreeslik ernstig, wat dit inderdaad is, maar as dit ernstig is gaan u waarskynlik nie verder lees nie en dit wil ek nie hê nie, want die preek kom eers na die storie.

Die feit dat my pa elke geleentheid aangryp is goed, maar die manier waarop hy dit aangryp is beter, Dis nou volgens my, want nog nooit het ek gesien dat iemand vir hom kwaad geword het as hy hulle probeer reghelp het nie. Soos die ou by die "scrap yard". Ek en my pa staan daar en gesels met die baas. Intussen het een van sy werknemers luidsprekers uit 'n motorwrak gehaal en nadergestaan. Die baas het die luidsprekers geneem en fronsend daarna gekyk met die opmerking: "Ag nee man, dis sommer 'n klomp %&*? die !" My pa het soos blits daarop gereager: "My aarde, ek dag dis luidsprekers?" Die vraende uitdrukking op die man se gesig was uitsonderlik toe hy vra "Nou maar wat het ek dan gesê is dit?" "Jy het gesê dis sommer %&*?!" was my pa se antwoord, waarop sy vrou uit die kantoor skreeu: "Dis reg meneer, sê hom, hy wil mos nie luister oor sy gevloekery nie". Die ou was so uit die veld geslaan dat hy nie eers kon kwaad word nie, en ons is daar weg sonder om te preek maar ons het wel 'n boodskap agtergelaat.

By 'n ander geleentheid gaan koop ons 'n elektriese motor en toebehore vir die pomp op die plot. Wat my pa egter van elektriese dinge weet is uiters gevaarlik, soos 'n meganiese ingenieur langs ons by die toonbank oombliklik besef het en nader gestaan het om die nodige, ongevraagde, maar uiters welkome raad te gee: "Nee £?%%@%@, meneer jy kan dit nie so doen nie! Jy moet 'n skakelaar by die pomp ook hê".



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

"Ag nee wat", sê my pa "Ek sit 'n skakelaar net in die huis, dan hoef ek nie elke slag tot by die pomp te loop om die affêre aan die gang te sit nie." "Meneer dit is nou *&@@*= dom, veral as jy aan die pomp wil werk en iemand in die huis, wat nie weet jy's besig met die &*%@%£ ding nie, besluit dis tyd om *&@£?+$ water te pomp, dan is jy in jou &*%@£ in, nee meneer, not a *&%@£, doen die ding reg, luister nou na professionele raad!" Die hele tyd het my pa met belangstelling geluister en ag geslaan op die ou se raad. Ek ken my pa, as hy so 'n glimlaggie kry dan weet ek dat hier gaan iets kom. "Nee, maar dankie ek sal doen soos jy sê, maar luister jy ook nou eers 'n bietjie na professionele raad: moenie so baie vloek nie!" Die ou het ook maar net gelag. My pa het sy raad gevolg en hom ook sommer raad gegee. Hopelik het hy dit ook ter harte geneem.

Ek moet sê my pa het 'n besondere vermoë om so 'n boodskap oor te dra. Sonder om 'n ou die harnas in te jaag, gryp hy elke geleentheid aan. Dis eintlik so maklik om 'n boodskap uit te dra sonder om mense kwaad te maak, en dan gehoorsaam ons ook mos ons opdrag, of hoe.....

JAPIE JORDAAN

---

IN EN OM MERENSKY

Liewe Merensky-vriende

Wat 'n wonderlike plek om te werk wanneer 'n mens deur 'n tyd van hartseer gaan.

Baie dankie vir al julle ondersteuning met my pa se dood.

Psalm 23 en ook Johannes 14:1 - 4 het nou vir my nuwe betekenis.

Met Liefde
Rina de Vos.

---

By die graf van 'n vriend

Droefheid is naby vreugde
Smart naby heerlikheid,
Die neerdaal in die graf net voor die poorte van u stad.
Ek glo in die wederopstanding van die vlees.

Uit: "Manna oor die duine" van
I L de Villiers

---

Gebed vir Paasmôre

Verrese Heiland
Die kerkklokke lui vanoggend anders.
Hulle is Paasklokke.
Hulle lui oor die vallei.
Hulle lui oor die stad.
Hulle lui oor die wêreld.
Die Here het opgestaan!
Ja, Hy het waarlik opgestaan!

Saam met Christene oor die wêreld,
al u kinders,
wil ek aanbid, Oorwinnaar!
Saam met die klokke wil ek juig
oor die wonder van 'n graf in 'n tuin
wat oopgegaan het om nooit weer toe te gaan nie.

Daar's 'n pad getrap deur die dal van die dood.
U het dit uitgetrap.
U het bloedspore getrap.
Die pad gaan deur die dood
na die ewige lewe.
Ek gaan diè pad volg as U my roep.

Ek het saam met U opgestaan,
Here Jesus.
Hierbinne in my hart is dit al anders.
Ek was met U in aanraking.
U het my aangeraak.
Ek sal nooit sterf nie.

Want U leef!
U leef!
Ek juig oor u, Here Jesus.
Ek juig saam met die Paasklokke.
Ek juig in hierdie môre,
oor 'n nuwe môre
wanneer die klokke nie sal ophou nie,
wat sal môre bly
en nooit sal aand word nie.
Amen.

Uit: "Manna oor die duine" van
I L de Villiers

---


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Ons innige simpatie aan Gaby Fischer en haar man, Claus met die afsterwe van haar skoonvader.

---------------

Hannie Bezuidenhout word 'n spoedige herstel toegewens.

---------------

Ons wens Susan Olivier alle voorspoed toe met haar operasie.

---------------

Sterkte en simpatie aan almal wat siek was met griep en verkoue. Die winter gaan weer verby!

--------------

Ons wens Prof Gerryts 'n spoedige beterskap en 'n volkome herstel toe.

--------------



The most important piece of luggage is and remains a joyful heart.

HERMANN LÖNS

ONS GROET....

TOTSIENS AAN DIE MERENSKY

My afskeid aan die Merensky-biblioteek laat so 'n hol pyn in my binneste knaag net asof 'n belangrike stuk van my liggaam verwyder is. Miskien daag ek nog weer 'n keer voor my tagtigste verjaardag hier op om so 'n klein werkie te kom soek. Maar laat ek verduidelik waarom ek so 'n sagte plekkie vir hierdie instelling het.

In 1954 het ek reeds as eerstejaar-student met die biblioteek kennis gemaak, maar soos dit 'n goeie student betaam nie 'n oorlas van myself gemaak nie. Nadat ek in Desember 1956 my finale eksamen vir die BA-graad afgelê het, is ek terug plaas toe met die vooruitsig om die volgende jaar vir voltydse nagraadse studie in te skryf. Daar het egter gedurende die vakansie 'n advertensie in die koerant verskyn vir biblioteek-assistente en omdat ek maar redelik verveeld was, het ek aansoek gedoen en 'n betrekking bekom.

Op 2 Januarie 1957 het ek in die ou Merensky-biblioteek begin werk. Vra maar vir Anne van Zijl om te vertel hoe ons in die ou kelder geswoeg het. Spoedig het ek Marië Rautenbach (getroud met die bekende mnr Jaap Marais) se regterhand in die Bestel-afdeling geword. Ons twee het tesame met Rita Langner, die tikster, die hele afdeling uitgemaak.

Sonder biblioteekkwalifikasies was daar egter nie veel vooruitsigte vir 'n jongmens nie en ek het dus aan die einde van 1957 die biblioteekdiens verlaat. Saam met my het egter die beeld van die bibliotekaris gegaan soos wat dit deur prof P C Coetsee versinne-beeld is,en ook reeds by baie van die jonger garde deurgeskemer het - mense wat nie net wyd nie, maar ook intensief gelees het en baie interessant oor 'n groot verskeidenheid onderwerpe kon gesels. Daar was nog nie vakbiblio-tekarisse nie, maar ek het groot bewon-dering gehad vir die mense wat so kon "kat en klas".



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Sedert 1958 het ek by verskeie organisasies as Inligtingsbeampte gewerk maar die werk was heel verskillend van aard. As ek in Engels geskryf het sou ek gesê het dat ek as "Information Officer" sowel as "Intelligence Officer" gewerk het. Dit verduidelik dalk waarom ek glad nie beïndruk is met die nuwe neiging van bibliotekarisse om hulleself Inligtingsbeamptes te noem nie - dit is 'n te vae begrip. Sommige sogenaamde Inligtingsbeamptes verskaf byvoorbeeld maar hoofsaaklik informasie oor sekere handelsprodukte. 'n Bibliotekaris daarenteen is 'n kundige persoon wat daagliks met wysheid, geleerdheid en ontwikkeling omgaan!

Ek het eers in 1979 die geleentheid gehad om my droom van 'n biblioteekkwalifikasie te verwesenlik en die sewe jaar wat ek sedert 1980 in die Merensky-biblioteek gewerk het was vir my 'n hoogtepunt in my lewe. Die bietjie arbeid (waarvoor ek in elk geval finansieël vergoed is) wat ek verrig het, was 'n kleinigheid in vergelyking met al die vriendskap en bystand wat ek van my kollegas ontvang het. Baie dankie daarvoor! Baie van die gebruikers wat voor my toonbank vertoef het, het my inderdaad geestelik ryper en ryker gemaak. Dan het die wêreld van die Africana-boek ook nog voor my oopgegaan.

Dit was vir my 'n daaglikse ontdekkingsreis en ek is so dankbaar dat ek soveel kennis en vreugde in diè verband met my kan saamneem.

My bewondering vir bibliotekarisse sal ek seker altyd behou, want as ek onder andere dink aan almal wat die verskriklikste en ingewikkeldste vakke bestudeer net om beter diens aan hulle gebruikers te kan lewer, is ek verstom. Maar ek het oor die loop van die afgelope dertig jaar ook grenslose bewondering vir die vrouegeslag in die algemeen opgebou. Dit is nie grappies om 'n huishouding, man en kinders en voltyse buitenhuise werk te kombineer nie, maar die oënskynlike gemak waarmee baie vroue dit doen, laat 'n mens amper sprakeloos.

Mnr Duminy sal my dalk nie glo nie maar ek het nogal uitgesien daarna om weer so half en half na die ou Merensky terug te trek, want in 1957 het ek mos gehelp om uit die ou Merensky na die nuwe aanbouing te trek. Maar as ek dan nie my Merensky-loopbaan afsluit waar ek dit begin het nie, aanvaar 'n mens nog steeds dat daar 'n Hoër Hand is wat jou lewe beskik. Binnekort skryf ek vir julle uit die Kaap om almal te nooi vir 'n koppie tee - net nie almal gelyktydig nie!

Weereens 'n Groot Dankie aan die Topbestuur en al hulle ondergeskiktes vir die baie aangename paar jaar wat ek hier kon deurbring.

JORIET COETZEE

---

AS HULLE MAAR GEWEET HET .....

Om nat te wees, of 'n wind te hê, word gesê, is die een probleem wat die Kaap en babas in gemeen het. En as Joriet en Céu en Anita gedink het hulle gaan die chaos van hierdie eeu se groot skuif vryspring, het hulle nie rekening gehou met die winderige nattighede wat vir hulle wag nie. Nietemin vertrou ons dat hulle elkeen die mas sal opkom en hulle seile na die wind sal kan span wanneer hulle hierdie windstil hawe verlaat.

Anita Rossouw wat as oud-Kovsie op 1 September 1979 in die Musiekbiblioteek begin werk het, is vanaf Junie vanjaar tuis om self hulle eerste kindjie te versorg. Mag hierdie voorreg vir haar veel vreugde verskaf.

Joriet Coetzee verhuis saam met haar man na die werklike Kaap - waar die Berg en die See is. Na byna sewe diensjare hier, eers in Makro-ontsluiting en vanaf Oktober 1980 in Africana, word sy 'n goeie verblyf en nog baie gesonde jare in die nabyheid van die Berg en die Kaapse Dokter toegewens. --- Africana op sy beste!



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Cẽu Agostinho, met die naam wat baie mense probleme gegee het, tot sy gesê het ... S i a a u soos m i a a u... en A-gho-stin-hou --- sal voor enige iets anders die seuns van Paul Roos-Gimnasium op Stellenbosch, die rympie moet leer. Daarna sien ons uit om hulle as biblioteekgeletterde studente hier te sien.

Cẽu het in Januarie 1984 vanaf Swakopmund by Onderwerpsontsluiting ingeval en vanaf Februarie 1985 tot Junie 1987 as vakbibliotekaris vir Opvoedkunde gewerk. Later was dit ook haar taak om nuwe personeel te ontvang en die eerste fase van indiensopleiding waar te neem.

Ons groet die drie mense met waardering vir wat hulle hier gedoen het. Mag wat hulle hier kon leer en aan ervaring kon wen, ook vir hulle 'n bate wees in die omgewing waar hulle nou gaan woon en werk.

THEA HECKROODT

---




'The blue one complements Fifi's eyes . . . does it speak DOGGIE?'

**TERLOOPS...**



REKENAARGEBRUIKERS IN KAAPSTAD

Sowat 250 rekenaargebruikers aan universiteite in Suid-Afrika het vanaf 7 tot 9 Junie in Kaapstad 'n konferensie van die Komitee van Universiteitshoofde se Rekenaarkomitee bygewoon. Benewens voordragte, is die konferensiegangers in nege gebruikersgroepe, waaronder ook biblioteekdienste, ingedeel wat in groepverband beraadslaag het. Op hierdie wyse kon aandag geskenk word aan bestaande gerekenariseerde stelsels, die versoenbaarheid en uitruilbaarheid van stelsels en toekomstige behoeftes.

Binne die geledere van die universiteitsbiblioteke is die sentrale rol van SABINET weer deeglik besef; ook die noodsaaklikheid van deeglike beplanning van interne stelsels en die uitruil van inligting hieroor. Daar is uitgewys dat biblioteke reeds intensiewe gebruikers van rekenaar- en telekommunikasienetwerke is en veral 'n netwerk wat universiteite en instansies soos die WNNR, GRN, MNR en staatsdepartemente betrek, goed sal kan benut. Die noodsaaklikheid van 'n inligtingstrategie vir elke universiteit en die ontwikkeling van personeel en gebruikers tot volwaardige rekenaareindgebruikers is ook uitgewys.

Verteenwoordigers van universiteite buite Wes-Kaapland is per bus na Kaapstad en terug vervoer. Dit het vir heelwat opwinding gesorg - veral vir die Vrystaatse kollegas wat die Saterdagnag in die koue op die bus moes wag en toe tot hul verdere ontsteltenis moes uitvind dat hul bepaalde bus



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

toevallig nie lugreëling het nie. Die hulpvaardige organiseerders, onder leiding van mnr Willie Fryer van BUREK, het egter die saak vinnig reggestel vir die terugrit. UP se Biblioteekdiens is verteenwoordig deur prof Gerryts en die uwe.

H DE BRUIN

---

Op 6 Julie 1987 vind ŉ Simposium oor voortgesette opleiding plaas wat gereël word deur mevv Norrie Nel en Monica Hammes.

Uit ŉ gesprek met prof Gerryts blyk dit dat daar tans aandag geskenk word aan die organisasiestruktuur van die biblioteek. In die besonder word gelet op ŉ afdeling vir Stafdienste. Daarbinne word voorsiening gemaak vir ŉ Seksie Personeelbestuur.

Volgende maand verskaf ons meer inligting oor die aangeleentheid.

---

Ons het reeds van prof Gerryts verneem dat mnr Rolf Tönsing genooi is om tydens die Algemene Jaarvergadering van die Internasionale Dobis/Libis gebruikersgroep, ŉ referaat te lewer. Die vergadering vind in Nice, Frankryk plaas. NRB Rekenaarstelsels het reeds ŉ bedrag van R200,00 geskenk om sy verblyfskostes te help delg. Ons hou duime vas vir nog skenkings.

Verlede jaar is ŉ bydrae van R4500,00 van ISM ontvang om Prof Gerryts in staat te stel om die vergadering by te woon.

---

ŉ Nederlandse Professor, prof Loonstra van Den Haag het sy boekery van meer as 600 bande aan die Merenskybiblioteek geskenk. Prof Gerryts is van voorneme om tydens sy oorsese besoek in September, besoek af te lê by prof Loonstra, en te reël vir die versending van die boekery na Suid-Afrika.

Volgende maand plaas ons ŉ artikel oor Prof Loonstra.

---

Prof Gerryts en dr de Bruin was in Stellenbosch waar hulle die vergadering van die Kommitee vir Universiteitshoofde oor die samewerking tussen Universiteitsbiblioteke bygewoon het. Volgens prof Gerryts was dit ŉ baie vrugbare vergadering waartydens die hoofde van Universiteitsbiblioteke ook ŉ uitgebreide vraelys voltooi het oor hulle standpunte ten opsigte van verskeie aspekte van samewerking. ŉ Finale verslag word voorberei vir die vergadering in Oktober.

---

KOLLEGAS

Die volgende werke word reeds ŉ geruime tyd van die Huishoudkunde Naslaanrak vermis. Indien enigiemand hulle dalk het of weet waar hulle hul bevind, sal u dit asseblief spoedig terugbesorg. Daar word talle navrae na hierdie boeke ontvang:

PONT, R : Die goeie gasvrou, ŉ omvattende Suid-Afrikaanse onthaalgids.
Klasnommer N642

SPAARWATER, E : Binneversiering in Suid-Afrika
Klasnommer N645

Asook die volgende:

Schwarzenegger, A: DOBBINS B.: Encyclopedia of modern body building.
Klasnommer N646.75

Dankie vir u vriendelike samewerking.

ANSIE WATKINS

---

'N GESELLIGE AAND BY DIE STAATSTEATER

Een en sestig Merensky-kollegas en hul gesellle het ŉ heerlike aand op Saterdag 13 Junie by die Staatsteater deurgebring. Dit was ŉ besondere geleentheid omdat ons almal heerlik kon ontspan en na aangename musiek kon luister. Die uitvoering was baie goed en tydens die pouse het ons almal oor ŉ lekker koppie koffie of ŉ glasie wyn met mekaar gesels.


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Sulke geleenthede soos hierdie gee ons almal 'n kans om met mekaar buite werksverband te verkeer, en ons leer mekaar ken as mense en dit is tog belangrik. As ek my eie tuin gehad het sou ek vir Bokkie 'n groot ruiker geel blomme gestuur het. Dankie Bokkie vir al jou moeite om vir ons so 'n fees te organiseer. Mag daar nog sulke aande wees en mag ons getalle nog groei, sodat almal deel kan hê aan onderlinge gesellige verkeer.

JO BREED

---

ALLERLEI ....

DIE EETGEWOONTES VAN DIE INDIëRS


Die eerste Indiërs het in 1860 as kontrakarbeiders vir die suikerboere, na Suid-Afrika gekom. Hulle kon na verstryking van hul kontrakte in Suid-Afrika agterbly en die meeste het gebly as gevolg van die armoede en oorbevolking in hul eie vaderland. Die Indiërbevolking het spoedig vermeerder sodat hulle vandag ongeveer 3% van die totale bevolking uitmaak. Die meeste Indiërs woon vandag binne 'n radius van 150 km om Durban, terwyl 2/3 van die res in die Witwatersrand-Pretoria kompleks woon.

Die Indiërs se eetgewoontes maak deel van hul geloofslewe uit. Die meeste Indiërs is Hindoes terwyl ongeveer 20% Moslems is. Elk van die gelowe het hul eie regulasies met betrekking tot eetgewoontes.

<u>Die Moslems</u>

Die Islamitiese geloof het volgens oorlewering ongeveer 1000 jaar na Christus tot stand gekom en die dieët-regulasies is in die Koran en Sannah aangeteken. Die individu eet sodat hy sterk en gesond kan wees om te kan werk sodat hy in sy eie sowel as behoeftiges se behoeftes kan voorsien.

Moslems mag alle voedsel, tensy dit spesifiek verbode is, eet. Die volgende voedsels word deur die Koran verbied: bloed, varkvleis en varkby-produkte, vleis wat aan 'n ander god opgedra is, vleis wat op 'n ander manier as die voorskrif gedood is, alkohol en dwelmmiddels. Alkohol en dwelmmiddels word verbied omdat dit die mens verhinder om aan God te dink. Vanieljegeursel en medisyne met 'n alkoholbasis, word hierby ingesluit. Die uitsondering is wanneer 'n Moslem die verbode voedsel onder dwang, per ongeluk of ter wille van oorlewing eet. Diere, uitgesonderd seekos en vis moet in die naam van God geslag word. Die dier se keel word aan die voorkant gesny en die bloed moet dan heeltemal dreineer. Hierdie gebruik herinner die Moslem dat God die beskikker oor lewe en dood is, en dat God hulle toestemming gee om die diere vir voedsel te slag. Die Koran beveel die gebruik van heuning, melk, dadels, vleis, seekos, soetgoed en plantolies aan. Reg oor die wêreld word die "Halaal" teken op voedselprodukte aangebring sodat die Moslem weet die voedselproduk is vir hom toelaatbaar.



"HALAAL"

Die Moslems vier twee belangrike feeste naamlik die Eid-ul-Fatr, die fees van die Liefdegawes en die Eid-ul-Adha, die fees van Opoffering wat hulle herinner aan die groot opoffering van die Profeet Abraham, toe hy so te sê sy seun Ismael uit liefde vir God geoffer het. Dit is tydens laasgenoemde fees dat die Moslems wat dit kan bekostig, 'n pelgrimsreis na Mekka moet onderneem. Die meeste probeer egter om ten minste eenkeer in hul lewe diè reis te onderneem.

In die negende maand van die Islamitiese kalender, wat twaalf dae korter is as die kalender wat ons gebruik, vind die Ramadan plaas. Hierdie maandlange vastyd het vanjaar in Mei plaasgevind.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Daar word heeltemal tussen sonopkoms en sonsondergang gevas. Die vas word dan gebreek deur dadels te eet en melk te drink. Na afloop van die aandgebed word die aandete bedien. Daar word addisioneel tot die maandlange vas ook drie dae in elke maand, gewoonlik op Maandae en Donderdae, gevas.

Moslems beskou voedsel as ŉ gawe van God en dit mag dus nie gemors word nie. Hulle word ook aanbeveel om nie meer as 2/3 van hul normale eetlus te bevredig nie. Hande word voor elke maaltyd gewas en die ete begin in die naam van God. Voedsel word tradisioneel met die vingers van die regterhand geëet omdat die linkerhand die liggaam was, en dus nie skoon genoeg is om te gebruik nie.

## Die Hindoes

Voedsel speel ŉ belangrike rol in die lewe van die Hindoe. Die ou Sanskrit geskrifte beweer dat voedsel God is en dat dit soos God lewe behou. Die Hindoevrou het tradisioneel die grootste deel van haar dag in die kombuis deurgebring waar sy haar toegewy het aan die versorging van haar gesin. Voedselvoorbereiding is ŉ kunsvorm wat met hart en siel beoefen word. Vandag is beide die vrou en die man broodwinners wat meebring dat daar van die tradisionele gebruike afgewyk word.

Die eet van vark- en beesvleis is vir die ortodokse Hindoe taboe, omdat die koei ŉ heilige dier is en die vark onrein is. In Suid-Afrika is die taboe teen die eet van beesvleis besig om af te neem as gevolg van verwestering en ekonomiese redes. Die byprodukte van die koei naamlik melk, ghee (verhelderde botter) en die wrangel van dikmelk word as reinigend beskou. Vegetarisme wat ŉ protes teen die neem van lewe is, kom algemeen onder Hindoes voor.

Daar word geen vleis tydens fees- en vasdae geëet nie. Die maand Aypasi is ŉ vrolike maand waartydens huwelike plaasvind asook die belangrikste tradisionele fees, die Dipavali. Dit is die fees van die ligte wat die oorwinning van goed oor kwaad simboliseer. Op die vooraand van die fees word olielampe in en langs die ingangspaadjie na die huis aangesteek. Op die feesdag gee vriende geskenke van ryk gegeurde soetvleis aan mekaar. Die meeste huisgesinne offer ook twee dae in die week aan spesifieke huisgode. Die huis word op diè dag van hoek tot kant skoongemaak en elkeen neem ŉ rituele bad. Hulle probeer op die dae so min as moontlik eet. Vas is ŉ rituele gebruik wat selfbeheersing simboliseer.

Die Indiese kookkuns word vanaf moeder na dogter oorgedra, daarom is daar so min Indiese kookboeke. Voedsel word tradisioneel op ŉ ronde, gepoleerde metaal skinkbord, ŉ thali genoem, bedien. Die mans en gaste word volgens tradisie eerste bedien, dan die kinders en laaste die vroue. Die Indiervrou beskou dit nie as verkleinerend nie, maar eerder as ŉ mooi gebaar van wellewendheid.

Kruie en speserye is aanvanklik gebruik om voedsel te preserveer, te geur en as medisyne. Dit word vandag hoofsaaklik vir die geur van voedsel gebruik. Speserye word in verskillende geregte gebruik. Saffraan en kaneel word in soet vleisgeregte gebruik en vars kruie soos koljander en kerrieblare is essensieel vir sommige geregte. Hoe meer rissies by die gereg gevoeg word, hoe "warmer" word die gereg. Geen Indiër sal voorbereide kerriepoeier gebruik nie omdat elke masala, ŉ mengsel van varsgemaalde speserye, ŉ kenmerkende smaak moet hê. Die geur van kruie en speserye moet subtiel wees en brandrissie moet nooit die smaak oorheers nie. Speserye kan die mees eenvoudige voesel in eksotiese meesterdisse omtower.

Biryani is die koninklike gereg van die Indiese kookkuns. Dit het ŉ basis van hoender, lamsvleis, vis, steurgarnale of groente wat vooraf in karringmelk tot smeltsag gemarineer word. Gebraaide uie, lensies en aartappels word dan in lae in ŉ vuurvaste oondskottel gerangskik en by ŉ matige oondtemperatuur gaargemaak. Die gewildste brood in Suid-Afrikaanse Indiërhuise is roti. Roti is ŉ ongesuurde brood gemaak van wit of bruinmeel, min smeer en vloeistof. Die deeg word dan in dun sirkels uitgerol en op ŉ goed gegeurde tava (rooster) gerooster. Indiërs is baie lief vir soetgoed en dit word op talle



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019


maiere geëet. Die Rosgoolla is die gewildste nagereg in Indië en is Indië se antwoord op Suid-Afrika se melktert. Klein sagte balletjies ongesoute maaskaas word in 'n dik suikerstroop gekook tot dit net die regte tekstuur het.

Die voorgereg by 'n vegetariese maal is gewoonlik 'n warm, soet gereg omdat dit volgens die Indiërs die aptyt stimuleer. Rys vorm die hart van die vegetariese maal waarby een of meer van die groot verskeidenheid peulgroente soos bone, ertjies en lensies bedien kan word. By 'n nie-vegetariese maal kan die eerste gereg uit 'n soutgereg soos samoosas met blatjang bestaan. Die laaste gang van die maaltyd sal dan uit iets soet soos ryk roomys of vrugte bestaan. Die maaltyd word afgesluit deur paan te kou. Paan bestaan uit 'n ferm groen betelblaar waarin 'n stukke betelneut en allerlei interessante goed soos anys, gekleurde klapper, lemmetjiepasta en vir die kenner tabak toegedraai is. Die betelblaar word in 'n driehoek gevou en met 'n kruienaeltjie vasgesteek. Paan verkleur die lippe tydelik rooi, maar dit verfris die mond en bevorder spysvertering.

Die Indiërs in Suid-Afrika het baie verwesters. Almal dra nie meer die tradisionele kleredrag nie en hulle maak van westerse kookgereedskap gebruik. Die gesinne eet ook nie meer apart nie en gebruik in openbare eetplekke westerse eetgerei. Die geloof met die onderskeie tradisies het egter, wat die dieetregulasies betref, min of meer dieselfde gebly.

Bronne:
Frank, Marainne de V (1982): Cultural differences in eating habits of SA Indians. Tydskrif vir Dieet- en Huishoudkunde 10(2): 58 - 61. Parhoo, Ramola (1985): Indiese kookkuns vir Suid-Afrika. Vertaal deur Anna Jonker, Kaapstad. Don Nelson.
Sakr, AH (1971): Dietary regulations and food habits of Muslims. JADA 58 (2): 123 - 126.

ADRI DE KOCK



BIBFLITSE

BESPARING

Weereens word daar 'n beroep op u gedoen om asseblief te bespaar waar u kan. Gebruik ou koeverte wanneer daar pos in Merensky en na Takbiblioteke gestuur word. Moet asseblief nie 'n "Jiffykoevert" of 'n gewone nuwe koevert gebruik nie. 'n Groot "Jiffykoevert" kos ± R3,00. Briewe of vormpies kan selfs net vasgekram en met 'n naam daarop gestuur word.

Vra ou koeverte vanaf Algemene Administrasie aan as u nie het nie.

A MYBURGH
ALGEMENE ADMINISTRASIE

There are two tragedies in life:

not to get what the heart desires | the other: to get it.

GEORGE BERNARD SHAW



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## ALGEMENE INLIGTING EN EVANGELISASIE

Van al die interessante vrae wat ek al moes beantwoord, was hierdie een nogal ŉ uitklophou.

ŉ Teologiese student kom sit voor my en vra baie ernstig : "Sê my mevrou, hoe gaan dit met u geestelike lewe?" "Goed dankie Meneer" sê ek "en met u eie?". Ek dink vinnig. Ja wag, hier is iemand wat my sien as evangelisasie-objek.

"Nee" hou hy vol "as u moet sê lou, warm of baie warm, wat sal u sê?"

Ek hou my "pose" en dink "Ag nee, Meneer, jy oefen op die verkeerde persoon."

"Baie warm, Meneer" sê ek en vra "En as u so ŉ vraag moet beantwoord, meneer wat sal u sê?" (Sien ek weet ook darem van evangelisasie).

"Gaaf Mevrou, baie gaaf, want u moet vir my bid!! Ek doen eksamen oor Moltman se boek en die Vader weet, ek verstaan niks van die boek nie".

Eers toe merk ek die twee maats wat agter die plant staan en lag.

PEPSI NEL

---

## ONDERWERPSONTSLUITING AAN DIE WOORD ...

In "Die Eerste Sê" is u ingelig oor die deel van die RGN-projek wat deur die Seksie Onderwerpsontsluiting onderneem is, naamlik gerekenariseerde onderwerpsontsluiting. Die doel daarvan is dan ook om onderwerpsontsluiting as prosedure saam met klassifikasie die taak van die Seksie te maak. Om dit moontlik te maak is die prosedure katalogisering weggeneem uit die Seksie en oorgeplaas na die vorige Seksie Voorontsluiting wat nou Seksie Bibliografiese Ontsluiting heet. Hulle prosedures is die hantering van die bestellings vanaf die Inligtingsbeamptes en die insleuteling daarvan op DOBIS asook die katalogisering van boeke na ontvangs. Dit was dan ook die funksies wat hulle hanteer het terwyl Seksie Onderwerpsontsluiting met die RGN-subprokjek besig was. Boeke het dus op twee plekke gestaan voor afhandeling en versending na die rakke, naamlik by Seksie Bibliografiese sowel as Seksie Onderwerpsontsluiting. Seksie Onderwerpsontsluiting het slegs die prosedure klassifikasie verrig waarna boeke deurgestuur is vir rugbeskrywing en versending na die rakke. Ons wil graag veral aan ons kollegas in Inligtingsdiens bekend maak dat hierdie prosedure ook gaan geld vanaf die datum van implementering van onderwerpsontsluiting. Neem dus asseblief kennis dat indien u ŉ nuutbestelde boek dringend soek, u dan by albei die seksies daarvoor moet gaan aanklop.

Op die huidige oomblik is die klok so effe teruggeskuif en wel om die volgende twee belangrike redes:

- Vanweë die bedrag geld wat toegewys is vir die aankoop van boeke sowel as die gunstiger posisie van ons geldeenheid is dit die taak van Bibliografiese Ontsluiting om so vinnig moontlik bestellings te verwerk en in te sleutel in DOBIS. In diè proses ly die katalogiseringsprosedure skade as gevolg van gebrek aan tyd en is daar van Topbestuur se kant besluit om die katalogiseringsaksie tydelik terug te verplaas na Onderwerpsontsluiting. Al die boeke wat tot dusver by Bibliografiese Ontsluiting gestaan het is dus tans by Onderwerpsontsluiting vir die afhandeling van die katalogiserings- en klassifikasieprosedures. Op die huidige oomblik (16 Junie 1987) is dit ongeveer 1500 bande.


- Die verwerking van die resultate van die RGN-subprojek is nog nie afgehandel sodat ŉ besluit geneem kan word oor wat in die toekoms gedoen moet word nie. Op 25 - 26 Junie 1987 word die Simposium : Navorsing oor die Biblioteek as Inligtingsdiens gehou waarvoor die twee sleutelpersone vir ons subprojek, mevv. Langkilde en Marsh lesings moet voorberei. Die verwerking van die resultate neem ook langer tyd in beslag as wat be-oog is en dra ook by tot die vertraging. Die implementering van onderwerpsontsluiting hang dus af van wanneer ŉ besluit geneem kan word.

Albei ons seksies het die beplanning, hoewel met teleurstelling, tog met entoesiasme aanvaar. Dit is per slot van rekening vir ons belangrik om die inligting wat ons gebruikers benodig so vinnig moontlik aan hulle beskikbaar te stel.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

SO WERK ONS AAN DIE PROJEK



Piet de Kock en Miemie Vink



Anne van Zijl en Amelia Breytenbach



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

ONTSLUITING

Eerstens wil ons aan Ouma Makkie baie, baie geluk sê. Sy en Dirkie het die trotse grootouers van AGT kleinkinders geword. Voorwaar ʼn besondere prestasie!! (Hul Bassethond het hierdie vriendelike bydrae gelewer)

Aan Mala wat tandloos en tonglam is - kan ons nou nie sê 'vasbyt' nie, want haar tande is te min. Sterkte jong - ons hoop die seer is gou weg en vergete. (Sy het haar verstandtande laat verwyder).

Erna hou vir drie weke vakansie - iets waaroor ons ander almal langlippe het.

Die res van ons handhaaf ʼn baie lae profiel - wat al hoe laer raak, namate die dag vorder en Dobis warmer raak, en snags droom ons drome en sien gesigte wat weereens om Dobis met sy groen letters geweef is - nagmerries op sy ergste!
Wanneer ons profiel dalk hoër is volgende maand, sal die gesels meer wees.

Groete tot dan!

LOURETT OOSTHUIZEN

---

Talent word in die eensaamheid ontwikkel, maar karakter in die stroom van die lewe.


(Oorgeneem)

---

Vind jy ʼn pad sonder struikelblokke, weet dan dat dit waarskynlik nêrens heen lei nie.

(Oorgeneem)

---




FILMS : THE FOURTH PROTOCOL

Vir diegene op soek na interessante vermaak om gedagtes oor koue en verkoue te help verderyf, is "The Fourth Protocol" net die regte medisyne. ʼn Spannende kombinasie van spioenasie en die voortdurende konflik tussen Rusland en die Weste, tesame met ʼn mini-atoombom wat ʼn Amerikaanse lugmagbasis in Engeland gaan vernietig, bied geloofwaardige en boeiende kykvermaak aan rolprentgangers.

Michael Caine vertolk die rol van die eiewyse en hardkoppige FBI-agent knap en oortuigend, terwyl die kil en onmenslike Majoor Petrofsky (Pierce Brosnan) wreedheid uitstraal. Joanna Cassidy maak ʼn kort ên vuurwarm verskyning as die bouer van die atoombom. Selfs Suid-Afrika kry vermelding, hoe oneervol dan ook al!

"The Fourth Protocol" is ʼn verwerking van die boek deur Frederick Forsythe. Hierdie rolprent bied aangename en ontspannende genot vir die hele gesin, en behoort groot byval te vind.

JEANETTE MARAIS

---



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

RESEPTE

HAWAIÏESE VIS MET VRUGTE EN NEUTE

750 g Sea Harvest-skelvisdiksnitte
50 ml botter
1 klein pynappel, opgesny
50 ml rosyne
12 sprietuie, gekap
125 ml neute, gekap
5 ml fyn koljander
2,5 ml rooipeper
500 ml Tastic Rys, geweek vir 30 minute
sout en peper
625 ml hoenderaftreksel
2 hardgekookte eiers, opgekap

Braai pynappel, rosyne en sprietuie in botter, voeg neute, koljander, rooipeper, rys en hoenderaftreksel by. Plaas vis bo-op en prut vir 35 minute. Wanneer gaar, vlok vis, voeg eier by en roer liggies deur. Dien onmiddelik op.

BAK POTBROOD IN DIE OOND

1 koeke (25g) vars, saamgeperste gis, verkrummel, of 10 g (15 ml) aktiewe droë suurdeeg
12,5 ml bruinsuiker
1 l sterk lou water
1 kg (8 x 250 ml) witbroodmeelblom van Snowflake
500 g (4 x 250 ml) Nutty Wheat-volkoringmeel van Snowflake
15 ml sout
275 g (500 ml) koekmeelblom van Snowflake

Meng die suurdeeg, suiker en 250 ml van die water. Laat dit eenkant staan totdat dit skuimerig is.

Meng die witbroodmeelblom en volkoringmeel. Meng die sout met die oorblywende 750 ml water.

Maak ŉ holte in die meelmengsel en gooi die suurdeegmengsel en soutwater daarin. Meng dit met die een hand tot ŉ slapperige deeg. Strooi nou die koekmeelblom oor en knie dit deur totdat die deeg glad en elasties is. (Voeg ekstra koek- of witbroodmeelblom by as die deeg te slap is, of ekstra lou water indien te styf.)

Fatsoeneer twee derdes van die deeg in ŉ mooi ronde brood. Plaas dit in ŉ goed gesmeerde middelslag-ysterpot met ŉ plat boom, (en sonder pote). Smeer die deksel van die pot aan die binnekant ook goed en plaas dit op die pot.

Laat die deeg rys totdat dit amper aan die rand van die pot raak.


Voorverhit die oond tot 200°C (400°F). Plaas die pot (met die deksel op) in die oond en bak die brood 15 minute. Stel die oondtemperatuur op 180°C (350°F) en bak die brood ŉ verdere 50 minute of tot deurgebak.

Keer die gaar brood dadelik uit op ŉ doek. Smeer ŉ bietjie botter/margarien oor die kors en maak dit warm toe.





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019



*Ons sê vir u:*

# *"Veelsgeluk met u verjaarsdag!"*

JULIE

2 Mev Wilna Marais (Musiek)

12 Mev Annette Prinsloo (Skenkings)

13 Mev Hannetjie van der Westhuizen (GSV)

14 Mnr Gideon Roets (Finansiële Administrasie)

18 Mev Mariana Nieuwoudt (Bibliografiese Ontsluiting)

19 Mej Ina Boon (Toonbank)

22 Mev Marie Bredell (Toonbank)

24 Mnr Danie Veldsman (Medies)

24 Mev Cathy Gainsford (Bindery)

30 Mev Gerda Beukes (Navorsing en Ontwikkeling)

---



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

PERSONALIA

HELEN MATILA



Helen Matila is op 1 Januarie 1937 in die ou Mamelodi te Pretoria gebore. Helen is 'n Tswana. Sy gaan skool in Pretoria en slaag st 5. Sy het drie jaar by 'n mev Erlank gewerk en daarna by mev Chantla in Capitalpark.

In Mei 1979 begin sy as skoonmaker by die Universiteit van Pretoria werk. Gedurende Maart 1984 word sy oorgeplaas na die Merensky Biblioteek waar sy in die kombuis werk.

Helen is getroud met Herman en hulle het een dogter. Sy het een kleinkind, Danny wat twee jaar oud is.

Helen geniet dit om in haar huis te werk, en veral om te stryk.

---

ONS Sê TOTSIENS



Mev Joeriet Coetzee (AFRICANA) verhuis na Kaapstad


---





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019




Prof Gerryts en mnr D J A Booyens (Fasiliteite Beplanning) kyk na die voltooide produk in Ou Merensky nadat Prof Gerryts die sleutels van die voordeur ontvang het.









Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019



Merensky in rep en roer




Met al die veranderings.






Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Hermie van Zyl steur hom min aan al die gewerskaf.



UITSTALLING OP VLAK 6




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Universiteit van Pretoria

# Biblioteekdiens

# BIBLIKASIE


JULIE

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# I N H O U D S O P G A W E

| | Bladsy |
|---|---|
| DIE EERSTE Sê ........................................ | 1 |
| REDAKSIONEEL ........................................ | 2 |
| EN SO VERTEL ........................................ | 3 |
| SIMPOSIUM : NAVORSING OOR DIE BIBLIOTEEK AS INLIGTINGS-DIENS ........................................ | 5 |
| IN EN OM MERENSKY ........................................ | 6 |
| ALLERLEI ........................................ | 8 |
| TERLOOPS ........................................ | 10 |
| BIBFLITSE ........................................ | 15 |
| TREFFERS ........................................ | 17 |
| GELUKWENSE ........................................ | 21 |
| PERSONALIA ........................................ | 22 |
| UITSTALLINGS ........................................ | 24 |
| GESELLIGE VERKEER BY SIMPOSIUM ........................................ | 25 |

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019



PROF P C COETZEE 21 JUNIE 1905 - 12 JULIE 1987

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

DIE EERSTE Sê.......

## 'N HULDEBLYK AAN

## PROF P C COETZEE
(21 JUNIE 1905 -
12 JULIE 1987)

Op Donderdag 16 Julie 1987 is prof P C Coetzee by die Willem Prinsloo Landboumuseum ter ruste gelê. Wyle prof P C Coetzee was 44 jaar aan die Universiteit van Pretoria verbonde en talle van sy oudstudente beklee vandag van die voorste poste in die biblioteekberoep. So het 17 van die 59 professionele bibliotekarisse in ons Biblioteekdiens op een of ander stadium in hulle loopbaan onder hom studeer.

Petrus Carolus Coetzee is op 21 Junie 1905 in Pretoria gebore waar hy sy opleiding ontvang en trouens ook sy volledige professionele loopbaan volg. Sy lewenslange verbintenis met die biblioteekberoep begin reeds in 1926 toe hy assistent-bibliotekaris van die destydse Transvaalse Universiteitskollege word. Hy speel 'n leidende rol in die biblioteek se "Groot Trek" van die Ou Lettere-gebou na die destydse nuwe Merenskybiblioteek. In 1931 word hy hoof van die Merensky-Biblioteek: 'n pos wat hy vir 27 jaar tot in 1958 met sy aanstelling as Hoof van die Departement Biblioteekkunde aan UP beklee. In dié tyd is hy ook 'n aktiewe lid van die Afrikaanse Studentebond en dien op die bestuur van die UP-tak, saam met prof E M Hamman, vorige rektor van UP, en prof J M Kritzinger, bekende sendeling en teoloog.

Hoewel vir sy hele loopbaan bibliotekaris en biblioteekkundige, verwerf prof P C Coetzee sy gevorderde akademiese kwalifikasies in die Wysbegeerte - 'n agtergrond wat vir die wetenskaplike grondlegging van die Biblioteek- en Inligtingkunde van besondere waarde was en nog steeds is. Hy behaal in 1939 sy MA-graad in Wysbegeerte en in 1952 die D.Phil-graad aan die Universiteit van Suid-Afrika, met 'n proefskrif getiteld: <u>Bedoeling en reduksie by Husserl en Hartman</u>.

In 1982 ken dié Universiteit ook 'n Eredoktersgraad in die Lettere en Wysbegeerte aan hom toe op grond van sy bydrae tot die uitbouing van Biblioteek- en Inligtingkunde in Suid-Afrika.

Gedurende die dertigerjare beywer hy hom met groot erns vir die akademieswetenskaplike opleiding van bibliotekarisse. As gevolg van die algemene beskouing destyds dat die biblioteekberoep niks meer as diplomastatus regverdig nie, staan hy grootliks alleen in die stryd. Sy stryd was egter nie tevergeefs nie. In 1939 word UP die eerste Suid-Afrikaanse Universiteit wat formele universitêre opleiding in Biblioteekkunde aanbied en word prof Coetzee benewens hoof van die universiteitsbiblioteek ook hoof van die Departement Biblioteekkunde. Hy pak man-alleen die ontwikkeling van die leerplan aan en maak 'n diepgaande studie van die Franse, Hollandse en Duitse literatuur. Net iemand soos prof Coetzee kon 'n gedetailleerde leerplan vir die Leserkunde, Ontsluitingsleer, Wetenskapskunde en Historiese Biblioteekkunde heeltemal op sy eie uitwerk!

Met sy verstommende kennis van boeke en van die wetenskap in sy geheel is prof Coetzee in daardie jare 'n "bibliotekaris", in die ware sin van die woord. Daarvan getuig die gehalte van die versameling wat UP onder sy leiding kon opbou. Dit het die belangrike wetenskaplike werke van dié tyd bevat en verskeie


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

oorsese wetenskaplikes het die voorraad as iets besonders vir sy tyd beskou. Vir alle praktiese oplossings in die biblioteekpraktyk moet daar vir P C Coetzee 'n teoretiese fundering wees.

Sy uitgangspunt was: "As die teorie reg is, moet dit in die praktyk werk, anders was die teorie nie reg nie, of onvoldoende uitgewerk". In alles wat hy aangepak het, het hy van 'n wetenskaplikfundamentele standpunt uitgegaan. Daarvan getuig ook onder andere sy katalogiseringsreëls en sy metodologie vir trefwoordvorming. Die internasionale naam wat prof Coetzee verwerf het, is hoofsaaklik gegrond op sy twee werke: Titelbeskrywing en Notasies en Trefwoorde. Hierin spel hy op 'n logiese wyse die beginsels van katalogisering en inhoudsontsluiting uit. Op grond van sy katalogiseerreëls kon die Suid-Afrikaanse Nasionale Bibliografie, waarvan die Staatsbiblioteek op 8 Augustus 1984 die 25ste jaargang aan die Minister van Nasionale Opvoeding oorhandig het, met geringe wysigings heel aan die begin, reeds volgens internasionale standaarde saamgestel word. Sy Notasies en Trefwoorde dien vandag nog as basis vir die wetenskaplik-analitiese benadering tot die inhoudsontsluiting van inligtingsbronne. Die gebruik van die tegnologie in die biblioteek is altyd deur prof Coetzee nagestreef. Hy was verantwoordelik vir die invoer van meganisering van die kaartproduksie hier by die Merensky-biblioteek; hy was 'n dryfveer by die rekenarisering van die Suid-Afrikaanse Nasionale Bibliografie en die plasing van die Gesamentlike katalogus op mikrofiche.

Sestien jaar lank was prof Coetzee lid van die Raad van die Staatsbiblioteek, 12 jaar as voorsitter. Sy grondige bydrae tot die herorganisering van die nasionale funksies van die Staatsbiblioteek, sal voortleef in die nuwe konsepwetgewing vir Nasionale Biblioteke wat in 1985 aan die Parlement voorgelê is.


Hy was ook aktief betrokke by sy beroepsvereniging en was vanaf 1961 - 1968 redakteur van Suid-Afrikaanse Biblioteke, vaktydskrif van die destydse Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging.

As eerste en tot 1982 die enigste ontvanger van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Biblioteek- en Inligtingkunde se Navorsingsbekroning, word hy ook deur sy beroepsgenote as navorser erken en vereer.

Op 20 Augustus 1984 is 'n borsbeeld van wyle prof P C Coetzee by die Biblioteekdiens, Universiteit van Pretoria onthul. Dit was 'n blyk van waardering vir sy bydrae tot die Afrikaanse wetenskaplike Biblioteekkunde.

Mag sy lewe en werk alle toekomstige studente in die Biblioteek- en Inligtingkunde inspireer om die wêreld van kennis en geleerdheid te verken en te verower.

---



## REDAKSIONEEL

In hierdie uitgawe van Biblikasie plaas ons 'n huldeblyk aan Prof P C Coetzee, waaruit sy roemryke loopbaan duidelik blyk, sowel as sy besondere betekenis



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

vir die Universiteit van Pretoria, waaraan hy vier en veertig jaar verbonde was.

Daar is 'n verskeidenheid van berigte wat in ieder en elk se smaak sal val. Indien u weer 'n dag wil afneem, lees gerus "a day off ...." As u "moeg word vir die lewe in die stad ..." lees wat Marielize Goldie daaroor te vertel het. Jo Breed gesels oor die belangrikheid van boeke in ons lewens.

Benewens belangrike professionele inligting en beriggewing, vind u ook interessante afdelingsnuus in hierdie uitgawe van Biblikasie. Lees dit, én geniet dit!

Baie dankie aan al my staatmakers wat so hard aan Biblikasie gewerk het. 'n Spesiale woord van dank aan Jeanette Marais wat gehelp het tydens my afwesigheid

---

EN SO VERTEL ....

SES-EN-TWINTIG LETTERS - DIE BOEK IN U LEWE

Alles wat gelees en geskryf word, bestaan uit ses-en-twintig letters wat gerangskik en oor en oor gebruik word om uitdrukking te gee aan dit wat uit die mens se gees ontspring.

Boeke reis met ons deur die lewe; droom ons drome; vergesel ons in ons daaglikse arbeid; deel in ons lewe, ons vreugde en smart. Die mens leef saam met boeke. Hy word geïnspireer, skryf dit, versorg dit, beskerm, lees en begryp dit. In die begin is dit net letters, uit die letters groei die boek, deur sorgsame hande geskryf. Letter vir letter begin 'n nuwe wêreld, deur die boek geskep, oopgaan. Boeke leer ons maniere: "Dit is verbode om in die klas met jou voete te skuifel". Vir die kind word die sprokie werklikheid. Die boek slaan die vensters van die lewe oop. Deur middel van die boek gaan die kind, soos Alice, 'n wonderwêreld in, voortgedryf op die wind van avontuur.

Die boek besing die liefde en die geliefde in alle tale: "Ek is verlief op die voshaarkind" (Louis van Rensburg)

"Klaertje wat heeft er uw hartje verlept" (PC Hooft). "My Luve is like a red, red rose" (Robert Burns)

Met boeke gaan die mens aan die werk. Inligting in boeke en tydskrifte word daagliks, dwars oor die wêreld, deur miljoene mense geraadpleeg om hul arbeid en daaglikse werk meer doeltreffend te kan verrig. Aan die mens wat werk en soek, skenk die boek 'n onverganklike teken.

Die Groot Boek troos en vertroos:
"Die Here is my herder
Niks sal my ontbreek nie

God is 'n toevlug en 'n rotsvesting
as hulp in benoudheid is hy in hoë mate beproef.

Die meetsnoere het vir my
in lieflike plekke geval."

As jy nie self verre lande of plekke kan besoek nie, kan jy in jou leunstoel met 'n boek in die hand, enige reis onderneem. Die boek verskaf ontspanning en baie boeke amuseer tydgenoot en nageslag. Verhale kom, verhale gaan, maar boeke het geen einde nie.

Ons sou arm van gees wees sonder die helpende boek.

JO BREED

---


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

EN SO VERTEL ...

.....<u>AS EK MOEG WORD VIR DIE LEWE IN DIE STAD</u> ....

Sondagaand wurm ek styfstyf die bad in, water en seep brand soos klein perdebystekies in die krap en skaafplekke, en uit die spieël kyk 'n rooi velaf gesig terug na my - waarom doen ek <u>dit</u> aan myself!

Die lou-warm water spoel oor my tot die seer en styf weg is, en my gedagtes begin die lang pad loop.

Die son sit reeds laag as rugsakke vir die eerste keer afgehaal word. 'n Vinnige kykie opwaarts verseker dat tente nie nodig sal wees nie. Stewels word verruil vir tekkies en plakkies ... en dan 'n bottel 1976 Cabernet word stil-stil deur 'n groepie vriende tot by 'n asemrowende uitkykpunt gesmokkel.

Jou rug vind 'n gemaklike holte in 'n rots, jou bene word behaaglik voor jou uitgestrek, wynkoppies word volgemaak. Dan, die stadig verkleurende wolke, die rustigheid van, skemer en ... die praat word min.

As die son plek maak vir sterre word rivier toe gestap vir 'n was en dan kamp toe, waar benzienstofies reeds gesellig raas en gaslampies vreemde skadus gooi.

Eettyd is geselstyd, stiltyd, singtyd, lagtyd en sommer net ontspantyd, en dit hou aan tot net so skuins voor middernag wanneer slaapsakke oopgerol word en vir oulaas met vaak oë na miljoene sterre gekyk word.

Die son jaag jou vroeg uit die vere (letterlik - dons) en 'n wonderlike dag begin.

Kristalhelder poele nooi uit, en van die walle word vir die apies se manewales gelag (tot hulle jou kos steel!). Die Magaliesberg se ryk plantegroei word bespreek en wilde vrugte beproef.

Wildsbokke word opgemerk en 'n paar skaars Kaapse aasvoëls kom selfs oë wys.

Te gou - soos altyd - moet opgepak en motors toe gestap word.

Seer skrape? Velaf neus? Dit sal altyd, weer en weer die moeite werd wees (Soos soveel van my medestappers in die biblioteek sal getuig).

MARIELIZE GOLDIE


---






Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Van links na regs: Prof J A Boon, Prof A B Boshoff, Prof E D Gerryts en Dr H de Bruin



## SIMPOSIUM: NAVORSING OOR DIE BIBLIOTEEK AS INLIGTINGSDIENS

ORGANISASIE EN VERLOOP

Die Simposium waarvoor daar so hard gewerk is, is verby en was 'n groot sukses!

Vir meeste van die betrokkenes (van die Departement Biblioteek- en Inligtingkunde van UP en die UP Biblioteekdiens) het dit seker gevoel soos vir 'n ma, wat weke lank moeite doen vir die Kersfees-ete, wat dan binne 'n uur verdwyn. Maar soos met 'n heerlike kersmaal sal die goeie indrukke, die gesellige atmosfeer en die voedingswaarde lank na die tyd nog bly.

Mev Norrie Nel het die reuse verantwoordelikheid gehad om die registrasie van die bykans 200 deelnemers, en die goeie gang van sake te hanteer. Te danke aan haar, en almal wat haar gehelp het, het alles glad verloop, en was die deelnemers nie bewus van enige haakplekke nie. Sy was so besig, dat ons nooit 'n foto van haar kon neem nie! Ons moes haar eintlik afgeneem het waar sy saam met die ander altesaam meer as 'n 1000 koppies en pierings gewas het!

Mev Bokkie Malan het weereens gesorg vir pragtige blomme (die tulpe was wonderlik!), en 'n heerlike skemeronthaal.

Die simposiumvoorsitter, prof Gerryts, die sprekers en die sessievoorsitters het natuurlik 'n ander vorm van harde werk en spanning gehad.

Miskien het die drie-jaarlange navorsing wat gedoen is by tye vir die sprekers soos niks gevoel teen die feit dat daar nou, in 'n professionele vergadering met 200 deelnemers van oor die hele land, oor die navorsing verslag gedoen moes word nie. En dan nog die onbekende vrae wat gedurende besprekingstyd gevra kon word!

Al ons sprekers het hulle goed van hulle taak gekwyt, en geen tekens van angs is bespeur nie. Sprekers het die belangrikste resultate van hulle subprojekte uitgelig, en die simposium ingelig oor watter navorsingsmetodes gebruik is. Waardevolle inligting is weergegee.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Daar is van goeie visuele hulpmiddels gebruik gemaak: skuifies, transpirante, gesimuleerde intydse demonstrasies en uitstallings. Volgens my was die transpirante meestal goed, en beslis baie beter as van die wat op die vorige SAIBI-kongres gebruik is.

'n Aangename gees van deelname het die simposium oorheers, met heelwat gesprekvoering gedurende besprekingstye en ook tee- en etenstye. Die stiptelikheid waarmee alles verloop het, het die deeglike beplanning beklemtoon.

'n Mens voel trots om deel te wees van 'n organisasie wat so 'n simposium kon aanpak, en deurvoer.

RINA DE VOS

---

IN EN OM MERENSKY

SUID-AFRIKAANSE INSTITUUT VIR BIBLIOTEEK- EN INLIGTINGWESE (SAIBI)

BESTE STUDENTE 1986

Soos ons reeds verneem het, het Erna Meyer die toekenning van die Noord-Transvaalse Tak van SAIBI vir die beste finalejaarstudent in Biblioteek- en Inligtingkunde aan die Universiteit van Pretoria vir 1986, ontvang.

Die toekenning is op 8 Julie 1987 op die Algemene Jaarvergadering van die Noord-Transvaalse Tak aan Erna oorhandig.


Prof J A Boon, Hoof van die Departement Biblioteek- en Inligtingkunde, UP, het die vergadering ingelig oor wie Erna is, en waarom sy die mooi toekenning ontvang het. Mej N M Lodder, voorsitter van die tak, het die toekenning oorhandig.

RINA DE VOS

Ons innige simpatie aan Monica Hammes en haar gesin by die afsterwe van haar moeder en haar neef.

********************

Joy Roos en Johan Labuschagne het op die 15de Julie verloof geraak. Baie geluk, en alles van die beste vorentoe!



Japie Jordaan van Toonbank het op 27 Junie in die huwelik getree met Annemarie Nortjé.

**************

Juléne Vermeulen was betrokke in 'n motorongeluk. Ons is jammer om van die skade te hoor, maar is dankbaar dat sy weer veilig terug is by Tydskrifte.

**************


Ons weet van die volgende persone wat onlangs verhuis het na nuwe tuistes: Elsa Roos, Elma Kock, Rynette Steyn, Japie Jordaan en Gerda Pretorius. Ons hoop julle gaan baie lekker bly in die nuwe omgewing.

****************




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Geluk aan Louise en Napoleon Mayer met die geboorte van hulle seuntjie.




---

## vermaak



Die Dramadepartement
Universiteit van Pretoria
bied aan
Jaarlikse kinderteater
Ten Magic Rubies
deur : Derrick Hurlin
Regie : Prof L Odendaal
in : Die Masker
Dins 18 Aug - Sat 29 Aug
BEDAGS
COMPUTICKET

********************

Die derde konsertseisoen van die Departement Musiek, Universiteit van Pretoria begin in Julie vanjaar en soos gewoonlik word daar 'n aantal etensuurkonserte op Donderdae aangebied. Die Saambou-etensuurkonserte vind plaas op Donderdae om 13h10 in die Musaion, Universiteit van Pretoria. Toegang is gratis en lede van die publiek word uitgenooi om die volgende konserte by te woon:

DONDERDAG, 6 AUGUSTUS 1987:

Die FAK-beurswenners, Willemien Kurpershoek (klavier) en Deon Agenbach (Orrel)

DONDERDAG, 13 AUGUSTUS 1987:

Hesta van Wyk (klarinet)

DONDERDAG, 20 AUGUSTUS 1987:

Ad Libitumkoor onder leiding van Ansa du Toit

DONDERDAG, 27 AUGUSTUS 1987:

Die hoogtepunt van vanjaar se etensuurkonserte vind op hierdie datum plaas met die Saambou Prestige-konsert waartydens Christa Kuun (klavier), Olive Coetzee (klavier) en Arend Brink (tjello) sal optree.

Hierbenewens bied die Departement Musiek nog twee ander konserte ook aan:

DONDERDAG, 13 AUGUSTUS OM 17H15:

Stefans Grové-huldigingskonsert, waartydens die Derek Ochse-Erika Bothma Duo, Hanna van Niekerk, Jeanne-Louise Moolman en Susan Mouton sal optree. Werke van Grové wat uitgevoer sal word, is Sonate op Afrika - motiewe vir viool en klavier, die Ingrid Jonker-liedere en die Duo vir altviool en tjello. Hierdie konsert vorm deel van die jaarlikse kongres van die Musiekwetenskapvereniging van Suid-Afrika.


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

WOENSDAG, 26 AUGUSTUS OM 19H30:

Heidi Litschauer (tjello) en Albie van Schalkwyk (klavier). Hierdie konsert beloof om die hoogtepunt van die Departement Musiek se aanbiedinge vir 1987 te vorm. Werke van Beethoven, Locatelli, Schumann en Brahms word uitgevoer.

Laasgenoemde twee konserte word aangebied met die vriendelike medewerking van Die Oude Meester Stigting vir die Uitvoerende Kunste.

Besprekings kan by Computicket of die Departement Musiek, tel: 420-2248 gedoen word. Verdere navrae tel: 420-2019.

Mej Litshauer sal ook meesterklasse in tjello aanbied op die volgende datums en tye:
Do 27 Aug: 10h00 - 13h00, 14h00 - 1700
Vry 28 Aug: 14h30 - 17h30, 18h30 - 21h30
Sa 29 Aug: 10h00 - 13h00, 14h00 - 17h00

Hierdie meesterklasse vind plaas in die Musaion asook in die kapel, Universiteit van Pretoria. Navrae kan gedoen word by Piet Moolman, tel: (012) 420-2019.

Die meesterklasse word ook geborg deur Die Oude Meester Stigting vir die Uitvoerende Kunste.

---

## ALLERLEI

### JOGGERS BEWARE

Each time a jogger takes a step forward, his leg bones take on the stress lines of a Gothic cathedral exposed to high winds his eyeballs bounce slightly in their sockets, and his heart slams backwards like a football beinh kicked by a heavy boot -

Bodanis, D - "Being Human : a day in the life of the human body"

- The World Almanac and Book of Facts, 1987, p 925

---

### HEAD OF SOUTH AFRICAN LIBRARY GROUP DISPUTES ALA VIEW

During the 1986 Annual Conference in New York City, ALA Council adopted a resolution that invited "library colleagues in South Africa to tell American librarians how we may help them achieve a free flow of information, open and responsive library service, and a more just and humane society". (AL, July/ Aug., p 520).

Among other "resolves" in the document were that ALA oppose future membership in the International Federation of Library Associations and Institutions (FLA) for the "South African Library Association in its new guise as the South African Institute for Librarianship and Information Science" (SAILIS); and that ALA urge bibliographic utilities and other cooperative ventures not to invest in or expand services in South Africa.

The president of SAILIS, Anna Louw, responded to the resolution. In a letter to ALA Executive Director Thomas Galvin, Louw says "the executive committee of the SAILIS Council is pleased to know that the ALA resolution implies SAILIS does not have open membership. Louw says that on September 18, 1986 ("well before the terms of the ALA resolution came to our atten-


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

tion"), SAILIS adopted a resolution confirming it as "a body above political or ideological doctrine, which grants membership irrespective of race, color, sex, or creed, and accepts and allows differing views amongst members".

The same resolution states that quality of library service should be maintained regardless of the race, color, sex, or creed of members using it. Further, "status, salary, recognition, and opportunities for promotion of library staff members should be determined according to their abilities, experience, and qualifications without regard to race, color, sex, creed, national origin, or political affiliation."

Louw says the South African government is "well aware" of the disparity between library services for blacks and whites "and financially supports its rectification." There is still a political problem in opening all public libraries to all users, but the basis of action by SAILIS has been clearly stated."

How can ALA help South African Librarians? By not imposing its own bans and censorships on South African libraries and librarians, Louw says. ALA can also help by assisting the entry of SAILIS into IFLA "to ensure open and responsive attitudes on both sides"; by not urging utilities and cooperative ventures to avoid South Africa, because the products of such ventures give librarians time for building quality library services in developing communities; by supporting South African library funding requests for development projects; and by keeping channels of communication open by apposing bans on exporting books and other information sources to South Africa.

"The ALA seems to hold a strong bias against the professional librarians of South Africa," Louw observes in conclusion. It is "very clear from your phrase 'the South African Library Association in its new guise as the (SAILIS).'"

She maintains: "Without foreign prompting, the South African community of white librarians signaled in the srongest possible terms its departure from previous apartheid principles by creating a new professional association with a new constitution and a new name. The ALA, however, persists in raking up the past by innuendo ... I would like to go on record as sincerely regretting this slur on the integrity and deeply held convictions of the 2,250 personal members of SAILIS. The ALA will hardly gain credibility or influence by such an illconsidered utterance."

"However, your present approach to us gives us hope that we shall be able to develop a position of trust in the fairness and responsiveness of the ALA to South African librarians."

BRON: AMERICAN LIBRARIES 18:4, APRIL 1987, p 243

---

A DAY OFF

So you want the day off. Let's take a look at what you are asking for.

There are 365 days per year in which you already have two days off per week, leaving 261 days available for work. Since you spend 16 hours each day away from work, you have used up 170 days, leaving only 91 days available. You spend 30 minutes each day on coffee breaks that ac


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

counts for 23 days each year, leaving only 68 days available. With a one hour lunch period each day, you have used up another 46 days, leaving only 22 days available for work. You normally spend 2 days per year on sick leave. This leaves you only 20 days available for work. We are off for 5 holidays per year, so your available working time is down to 15 days.

We generously give you 14 days vacation per year which leaves you only 1 day available for work and I'll be ....if you're going to take that day off!!!

BRON: BURO BRIEWE / BUREAU LETTERS

Ingestuur deur Monica Hammes

---

**TERLOOPS...**



Dr Henk de Bruin sal waarneem as direkteur tydens prof Gerryts se afwesigheid.

******************

Prof Gerryts sal vanaf 1 Augustus tot 31 Oktober met studieverlof wees.

'n Bedrywige tyd lê vir hom voor waarin hy onder andere twee tydskrifartikels moet skryf, 'n referaat voorberei, die KUH-ondersoek afhandel, die Saibi-Konferensie bywoon sowel as 'n besoek oorsee aflê.

Ons wens hom alle voorspoed toe.

********************

Die Begroting van die Merenskybiblioteek dien op 30 Julie 1987 voor die Sentrale Begrotingskomitee.

********************

BOEKVERKOPING

24 Augustus 1987

Grondverdieping
OU MERENSKY

Die UP Biblioteekdiens ontvang sporadies boekskenkings uit verskeie oorde onder andere van oudstudente, die plaaslike gemeenskap, vooraanstaande persoonlikhede, bepaalde instansies en selfs van individue, instansies en universiteite uit die buiteland.

Sommige skenkings bestaan uit etlike honderde bande terwyl ander skenkings uit minder of selfs een boek bestaan.

Die biblioteekdiens aanvaar hierdie skenkings met groot dankbaarheid en vind dikwels waardevolle werke waarmee die vakversamelings aangevul kan word. In geval van duplikate word omruilings dikwels gedoen aangesien baie van die materiaal wat geskenk word in 'n beter toestand is as die eksemplaar wat in besit van die biblioteek is en wat deur herhaaldelike gebruik redelik gehawend raak.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Die Biblioteekdiens verkry ook tydens onderhandeling in verband met die skenkings die toestemming van die skenker om met die materiaal wat nie in die voorraad opgeneem kan word nie na goeddunke te handel. In die verlede is van dié materiaal aan ander biblioteke aangebied maar in die lig van die huidige ekonomiese klimaat het die Topbestuur van die Biblioteekdiens besluit om van die werke tydens 'n boekverkoping wat vanaf 24 Augustus 1987 gehou sal word, aan die UP universiteitsgemeenskap asook aan omliggende biblioteke te koop aan te bied.

Tydens die verskuiwing van die Buitemuurse voorraad na Merensky in Desember 1985, is daar 'n groot aantal boeke onttrek, wat ook tydens die verkoping aangebied gaan word.

Geld wat op die wyse gegenereer word sal dan aangewend word om nuwe werke vir die verskillende vakversamelings aan te koop

*********************************

Mev Tamir van Israel het op 27 Julie 1987 die biblioteek besoek. Sy is 'n bibliotekaresse verbonde aan die Jerusalem van Leer-Instituut. Hierdie instituut doen navorsing oor die verhoudinge tussen die Arabiere en Israeliete.

Sy was baie beïndruk met ons moderne opset. Sy het haar man, wat professor in Opvoedkunde is, op 'n besoek aan Suid-Afrika vergesel.



Masker verberg 'mens'

"As oorspronklikes word ons gebore; as afdrukke sterf ons". So het die Duitse filosoof, Lichtenberg, die dilemma van die moderne mens in 'n neutedop saamgevat.

Truter de Wit sê: "Kyk ons indringend na die twintigste-eeuse mens en wat 'n legio kragte en faktore in ons samelewing tans aan sy individualiteit en geestesewewig doen, moet daar helaas toegegee word dat Lichtenberg se stelling inderdaad nie oordrewe is nie."

Die mens word voortdurend onderwerp aan 'n intense gelykmakingsproses wat van hom uiteindelik 'n "gesiglose" massamens probeer maak. As hierdie proses sy bose kringloop voltooi het, bly daar van waagmoed, individualiteit en kreatiewe denke feitlik niks oor nie. Met die jare word die individu dan eenvouding 'n identiteitlose massaproduk, 'n "mens-in-die-skare".

Elke mens moet af en toe homself tot stilstand dwing, ten einde 'n eerlike voorraadopname te kan maak van presies wat prysgawe van jou individualiteit en die meedoënlose aftakelingsproses van depersonalisering (met ander woorde die verlies van dit wat uniek aan jou eie menswees is) in werklikheid aan jou eie persoonlikheid doen. Jy moet bo alles poog om eerlik vas te stel of jy hou van die soort mens wat al die drukgroepe en samelewingsinvloede besig is om van jou te maak. Dit beteken dat jy objektief en eerlik-totop-die-been so half van 'n afstand na jouself sal moet kyk, ten einde vas te stel of jy tevrede is met die "masker" wat bogenoemde samelewingsinvloede vir jou aangeplak het, sodat die werklike mens -die unieke jy - wat daaragter



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

skuil, bykans onherkenbaar vermom geraak het."

Ingestuur deur Marié Rautenbach
Voorheen: Boekontvangste

Bron: De Witt, T. Mens tot Mens. Die Vaderland, Maart 1987.

******************

MIDDELEEUSE BOEK BELEEF UNIEKE 'HERDRUK'

New York - The Book of Kells, die verstommende middeleeuse verligte manuskrip en Ierland se waardevolste nasionale skat, gaan nou 'n "herdruk" beleef.

'n Switserse maatskappy wat daarin spesialiseer om geloofwaardige afdrukke van meesterstukke te maak, beplan om 1480 kopieë van die manuskrip vir museums, biblioteke en versamelaars te maak. Alles teen 15000 dollar 'n kopie - wat dit die duurste "herdruk" ooit sal maak.

Die eerste vier bladsye van die "herdruk" is tydens 'n perskonferensie hier vertoon, voordat dit op seremoniële wyse aan Phillippe de Monte-bello, direkteur van die Metropolitaanse Museum van Kuns, oorhandig is. Dié museum sal ook die eerste volledige "herdruk" ontvang wanneer dit in 1990 gereed sal wees.

The Book of Kells, 'n kleurvolversierde transkripsie van die vier evangelies in die Nuwe Testament in Latyn, beslaan 680 bladsye en is met groot sorg deur Ierse monnikke in die 8ste eeu saamgestel.

Spanne van middeleeuse skrywers en vakmanne het jare gewy aan die skepping van dié soort manuskripte, met hul enigste oogmerk om die lewe van Christus te verheerlik en eertydse kennis te boekstaaf.

Hul werk verskaf vandag kontak met 'n beskawing wat omtrent vir alle praktiese doeleindes verlore vir die nageslag geraak het, en kenners vandag beskou dié werke as meesterstukke van Westerse kuns.

Van al die werke wat behoue gebly het, word "The Book of Kells" as die voortreflikste uitgesonder.

Die presiese oorsprong van die boek is nie bekend nie. Dit is in die 8ste eeu voltooi, maar kenners verskil oor presies watter klooster vir die werk verantwoordelik was.

Die bestaan van die boek het eers bekend geword toe dit in 1006 gesteel is. Drie maande later is dit gevind waar dit in die tuin van die Great Stone Church of Kells begrawe was.

In 1966 is dit na Trinity College in Dublin geneem waar die boek vandag nog bewaar word.

Nou, na jare van argumente en oorreding, het dié kollege se bibliotekaris, Peter Fox, ingestem, dat afdrukke gemaak kan word.

Vir Urs Duggelin, die man wat die afdrukke gaan maak, is dit "'n droom wat bewaarheid is".

Groot versigtigheid sal tydens die "herdruk"-proses aan die dag gelê word. Weens ouderdom en verwering kan onberekenbare skade aangerig word en spesiale toerusting sal vir die "herdruk" gebruik word.

Die "herdruk" sal presies dieselfde grootte as die oorspronklike wees, met die bladsye 24 x 33 cm groot.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

"Dit maak nie saak hoe goed die reproduksie is nie, dit sal nooit met die oorspronklike meesterstuk kan vergelyk nie," het De Montebello met trane in sy oë gesê.

Bron: Die Transvaler, 4 Junie 1987.

*******************

VROUE BANG VIR DIé BESTRALING

In moderne tye word van moderne middele gebruik gemaak, waaronder miljoene rekenaarterminale tel. Sowat tagtig persent hiervan word deur vroue gebruik.

Tog is daar verskeie gevalle waar dié terminaaloperateurs òf hul babas verloor het, òf die kinders is met genetiese defekte gebore.

In Kanada is 'n rekenaarterminaaloperateur, Laura Moore, maar een van die vele wat glo die strale kan ernstige gevolge vir vroue hê. Sy het opgehou rook en die drink van alkohol en koffie gestaak toe sy hoor sy is swanger. Ondanks al haar voorsorgmaatreëls is haar seun met 'spina bifida' gebore.

In 'n ander geval het sewe uit dertien terminaaloperateurs van die Kanadese lugdiens hul babas verloor terwyl vier uit sewe swangerskappe by terminaaloperateurs by die Toronto Star geboortedefekte tot gevolg gehad het.

Of die strale wat uitgestraal word deur die terminale, bekend as video-vertoonterminale (VVT's) of video-vertooneenhede (VVE's) skadelik is of nie, het 'n groot vraag geword.

'n Durbanse maatskappy het onlangs die eerste Suid-Afrikaanse maatskappy geword om 'n skerm te verkoop wat tagtig tot negentig persent van die bestraling met langtermynblootstelling aan VVT's geassosieer word, uitskakel.


Vir vroue is die moontlike gevare verbonde aan bestraling 'n groot bron van kommer en veral die aanhoudende assosiasie van genetiese defekte, probleme met swangerskap en verhoogde kankerrisiko met die strale wat deur VVT's uitgestraal word. Hoewel die Departement van Gesondheid hier en ook in Amerika kategories gesê het daar is geen bewys dat die strale gesondheidsgevare inhou nie, is daar aanduidings dat vroue hier besluit het om liewer aan die veilige kant te bly.

Bron: Beeld, 12 Mei 1986.

*******************

BESONDERE VOORWERPE UIT DIE SKATKIS VAN DIE ONDERWYSMUSEUM

Die Sitvlakbeskermer



Dat die kweperlat vroeër 'n onmisbare deel van 'n onderwyser se toerusting was, blyk duidelik uit die ou kweperlatte wat aan die museum geskenk is.

Die seuns het egter hulle eie oplossing vir die praktyk gehad - 'n sitvlakbeskermer was die antwoord. Die sitvlakbeskermer is van rubber gemaak (gesny uit 'n ou motorbinneband) en deur 'n



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

seun wat slae verwag het, onder sy boek gedra.

Mnr T G Barnard, voormalige hoof van Laerskool Pierneef, Pretoria, het hierdie buitengewone voorwerp in 1968 geskenk

Oorgeneem uit: MUSEUM No 22

*****************

DAGMENSE, NAGMENSE

"Staan nou op toe!"
"Mmmmmm......."
"Kom ons gaan slaap toe!"
"Nou-nou."

DIE wêreld word bevolk deur nagmense en dagmense, en dit sou 'n veel gelukkiger plek gewees het, het die spul nooit bymekaar uitgekom nie. Hulle irriteer mekaar grensloos, is op sulke volkome verskillende golflengtes ingestel dat 'n mens jou verwonder dat daar hoegenaamd kommunikasie kan wees.

Maar as 'n mens so vinnig opname maak, kom jy agter dat dagmense en nagmense byna sonder uitsondering of met mekaar getroud is, of dat die botsende persoonlikhede in een gesin voorkom. En daar word verwag dat hulle darem redelik beleef teenoor mekaar moet wees. Ha!

Dagmense word wakker as die son opkom en hulle is onmiddellik vrolik soos vlindertjies. Glimlaggies speel om hul monde, hulle sing in die stortbad. Luide stemme roep om groot borde spek en eiers en twee snye roosterbrood. "En as daar pap is, sal ek so 'n klein bordjie pap ook eet."

Hul gesigte blink, daar is kleur in die wange en hulle is kapabel en vertel grappies. Interessante stukkies en brokkies word uit die koerant voorgelees, die wakker oog en die helder brein snap die politieke nuus, en Fanus Rautenbach is as't ware 'n huisvriend.

Nagmense lyk asof hulle in die slaap verdrink het. Bleek van aangesig, dof van verstand, steun en kreun hulle in 'n poging om die trae ooglede oop te maak, om die willose liggaam aan die gang te kry. Hulle is nors, morrig en mateloos verveeld met die vrolikheid van die vroegopstanders. Dis natuurlik te sê as 'n mens hulle kan wakker kry.

Maar hier teen tienuur in die aand, as die dagmense lang gape begin gaap en duidelik dink aan donskomberse en 'n koppie warm melk om die spiere te ontspan, begin die nagmens lewe. "Kattemaai," brom dagmens bitter. "Lewe, liewe vriende, lewe," sê nagmens lustig.

Bron: Van Biljon, M
Uittreksels uit "Kwellings en Kwinkslae.

---




*I suppose all librarians are like this at breakfast are they?*
*From: Private Eye*



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## BIBFLITSE



BIBLIOGRAFIESE ONTSLUITING

Dit lyk vir my Juliemaand is of grieptyd of vakansietyd in Merensky.... Nadat die griepkieme omtrent almal in Bibliografiese ontsluiting tydelik buite aksie gestel het, het diegene wat nie deurgeloop het nie, besluit om maar 'n welverdiende blaaskansie te neem.

Totsiens aan Mala en Erna wat besluit het om hulle vlerkies te sprei en die grote biblioteekwêreld buite Merensky so 'n bietjie te gaan verken. Ons sal julle vriendelike gesiggies mis.

Gelukkig kan ons op hierdie stadium darem berig dat ons op datum is met die plasing van bestellings.

'n Verdere stukkie goeie nuus is dat ons afdeling so 'n meter of wat "Lebensraum" gewen het met die verskuiwing van 'n ry rakke na "Kerkstraat" se kant toe.

DIE WEL EN WEE VAN IBL

By IBL is dit nou die geval van elke silwer wolk het 'n donder randjie! Ons is nou al gewoond aan die personeeltekort wat maar altyd deel van ons is en Mei, Junie en Julie is dit vererger as gevolg van persone wat verlof moes neem en siektes wat ons die een na die ander neergetrek het.

Begin Junie het ons egter almal vir Hannatjie Erlank met ope arms verwelkom. Sy is immers 'n ou bekende in die biblioteek, 'n goeie werker en iemand op wie 'n mens kan staat maak. Hannetjie help ons vir drie maande (Junie - Augustus) terwyl Louise op kraamverlof is.

Ons vreugde was egter van korte duur, want op 22 Junie het ons verhuis, vir hoe lank weet ons nie!

Christie hou die fort by die teleks terwyl ons ander "op die stoep" sit volgens prof Kritzinger. Menige gebruikers is verbaas oor ons nuwe tuiste en kommentaar wissel van "O hier is julle!" (gebruiker baie bly om ons te sien).

"O aarde ek moes myle loop om julle te kry" (uitasem gebruiker).

"Kan 'n mens êrens vir mev de Klerk kry?" (bekommerde gebruiker en 'n stem antwoord van agter die skerms "hier is ek") tot "Siestog, hoekom sluit die biblioteek nie maar nie?" (ons wonder sommige dae self!)

Om tot ons ongerief by te dra, het die hysbak gebreek en moes ons die brandtrappe op en af draf en verder is ons in die posisie dat ons op die 4e vlak sit, maar die apparatuur wat ons daagliks gebruik, op die 3de vlak is.

Maar nou ja, 'n mens is 'n aanpasbare wese en ons is al amper gewoond aan die gehamer, getimmer, gekap, geboor, die skerp verf- en politoerreuke.

Intussen droom ons van pragtige, nuwe, goed-beplande, oop wye ruimtes vir IBL en wie weet, dalk kry ons nog die einde van



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

die maand spesiale "ontberingstoelaes" van die universiteit!!!

M GROBBELAAR

---

**ONDERWERPSONTSLUITING**

Van onderwerpsontsluiting in Seksie Onderwerpsontsluiting en bibliografiese ontsluiting in Seksie Bibliografiese-ontsluiting, is daar tans geen sprake nie. Aan die begin van Junie is daar besluit om die las van Seksie Bibliografiese-ontsluiting te verlig deur die katalogiseringsaksie terug te plaas na Seksie Onderwerpsontsluiting. 'n Massapoging is aangewind om al die boeke wat nog by Seksie Bibliografiese ontsluiting gestaan het, by hulle regte ontsluiters te kry, en prioriteit nommer een is nou om al hierdie boeke so spoedig as moontlik op die rak te kry. Aangesien die RGN-projek in die afrondingstadium is, kan die ontsluiters nou hul onverdeelde aandag wy aan die groot hoeveelheid boeke wat instroom.

Die winter eis ook sy tol en die minder dapperes onder ons het verlof geen, in stede van om die koue te trotseer. Magda en Susan se dagmoeder het ook 'n blaaskansie nodig, en die twee moes hul inisiatief tot die uiterste beproef om self hul kinders te vermaak. Annatjie en Miemie se verlof was dalk eerder harde werk, want met twee dogters wat matriek skryf is dit gewoonlik die ma se senuwees wat ingee. Sjeuwke is ook weer volstoom aan die werk na vyf weke se huishou, tuinmaak en verpleegster speel. Welkom ook aan Hannie na haar onlangse operasie en ons wens haar sommer ook 'bon voyage' toe met haar komende reis. Aan Louis wil ons ook net welkom heet in ons afdeling en hoop hy vind die teenwoordigheid van soveel lede van die vroulike geslag nie intimiderend nie.

**LANDBOU NUUS**


Net om gou te laat weet dat dit goed gaan hier by Landbou. Dit is heerlik rustig en stil met 'n mooi uitsig op die ver berge en die kaal bome. Ons hou om die beurt vakansie, ons viooltjies is vol in die blom, ons het "spring cleaning" gehou in "mid winter" en nou wag ons vir die studente en die tweede helfte van die jaar.

Ons stuur sterkte en goeie wense aan die Merensky-personeel, en veral die personeel op Grondvloer, met die vreeslike dinge wat daar aan die gang is. As ons die gewoel en gewerskaf so bekyk, dan wonder ons of die aansoek vir verbetering en vernuwing hier by die Landbou-biblioteek regtig noodsaaklik was. Moet ons nie maar vasbyt met wat ons het nie? Maak dit regtig saak dat Oom Paul nog by hierdie toonbank boeke uitgeneem het? Hier was verlede week 'n ingenieur van Newcastle wat graag wou sien hoe lyk die gebou waar hy 30 jaar gelede in St 2 gesit het. Hy het die gebou nog herken, gou tuis gevoel en heel nostalgies geraak oor sekere hoekies en gaatjies. Ons het die die gebou daarna met nuwe oë en groter agting betrag.

Wel, alles mag nou so rustig op die oppervlak lyk, maar nugter weet wat Prof & Kie reeds besig is om te bedink vir ons hier oorkant die straat.

Groete tot later.


ANNE VAN ZIJL





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# TREFFERS




SOUTH AFRICAN CHRISTIAN HANDBOOK 1986/1987

In Suid-Afrika bestaan daar minstens 155 kerkverwante tehuise vir bejaardes met 'n totaal van meer as 10 000 beddens. In 137 daarvan word blanke bejaardes versorg, 9 is vir Kleurlinge en 7 vir Swartmense. Vir Indiërs is dit sosiaal onaanvaarbaar om anders as deur hul eie familie versorg te word.

Daar is ook ten minste 86 kinderhuise in die land wat huisvesting en versorging bied vir byna 7 000 kinders. Net soos by tehuise vir bejaardes is daar voorsiening vir verskillende rassegroepe maar Indiër-kinders word ook nie geïnstitusionaliseer nie. Hulle word volgens Indiëropvatting in gesinne opgeneem.

Teologiese opleiding geskied by 'n minimum van 96 instansies terwyl 160 boekwinkels voorsiening maak vir hierdie spesifieke behoefte.

Dit is voorbeelde van interes sante gegewens wat inleidend gegee word in die betrokke afdelings van die South African Christian Handbook 1986/87. Dit is die eerste van sy soort in die afgelope 50 jaar en hoewel dit nie te kenne gegee word nie, dui die 1986/87 op moontlike opdatering in die toekoms. Dit is 'n bruikbare naslaanwerk vir enige iemand wat geïnteresseerd is in die werk van kerke in die land. En hoewel daar niks op aarde is waaraan mense die hand het, wat nie 'n pessimistiese prentjie skilder nie, is hierdie boekie tog 'n beeld daarvan dat die kerk se werk voortgaan.

Die Handbook is sistematies ingedeel in agt afdelings met onderafdelings en is voorsien van 'n alfabetiese register. Die volgende terreine word gedek: Kerke, evangelisasie-instansies, Sendinggenootskappe, Opleidingsentra, Media, Diensorganisasies, Leierskap en Akkomodasie. Belangrike inligting soos adresse, titels, getalle en kontakpersone word gegee. Die indeling geskied, waar toepaslik, volgens denominasie of geografiese streek, en is tipografies so versorg dat dit maklik gebruik.

Dit is 'n handige naslaanwerk wat kennisname van kerke en kerklike werkgroepe in die land wil bewerkstellig. En, skryf prof David Bosch in die voorwoord ..."it is to be hoped the Handbook will be a modest instrument in fascilitating contact and perhaps even cooperation between various Christian agencies."

As u 'n adres soek of sommer net wil sien waar oral teologiese opleiding plaasvind, of u plek in 'n tehuis vir bejaardes wil bespreek, vind u die boekie by N202.568 SOUTH. Dit is verruimend om agter te kom wat daar nog is, behalwe jou eie.

THEA HECKROODT.

Bron: *FROISE, M. ed 1986. South African Christian Handbook 1986-87 Florida (Tvl), World Vision of South Africa.

---



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

ROLPRENTE TE KUS EN TE KEUR OP FEES

'n Rolprentfees word van 24 Julie vier weke lank in Pretoria en Halfweghuis deur die Technikon Pretoria se Filmskool aangebied.

Die 48 rolprente wissél van klassieke goue oues tot nuwe treffers, van kultusflieks tot kunsrolprente en van tekenprente vir kinders tot kommersiële prente wat 'n groot sukses by die loket was.

Die rolprente behoort aan 'n wye verskeidenheid voorkeure onder die fliekpubliek te voldoen. Van "Sound of Music" (1965) tot "Kiss of the Spiderwoman" (1986) sal te sien wees, insluitende rolprente soos "Lady Hawke", "The year of living dangerously", "The Wall", "The Killing Fields", "Fame", "Amadeus", "Birdy", "The Rocky Horror Picture Show", "Tess", "Sophie's Choice", "The Deerhunter" en "Hair".

Die rolprentfees word met die samewerking van SterKinekor tot 20 Augustus aangebied by die Transvalia in Pretoria en die Constantia in Halfweghuis.

Die program vir die Transvalia is:

1 Augustus: Jungle Book (10.00); Lady Hawke (12.00); The Sound of Music (2.30); Quest for Fire (5.30); Rocky Horror Picture Show (7.45) en The Killing Fields (10.00)
3 Augustus: Caravan of Courage (12.00); The Natural (2.30); The Year of Living Dangerously (6.00) en Reds (9.00)

4 Augustus: Birdy (2.30); Man from Snowy River (6.00) en All that Jazz (9.00)

5 Augustus: The Natural (2.30); Quest for Fire (6.00) en A Soldier's Story (9.00)

6 Augustus: Reds (2.30); Quest for Fire (6.00) en Hair (9.00)

7 Augustus: The Year of Living Dangerously (12.00); Fidler on the Roof (2.30); The Big Chill (5.30); All that Jazz (7.45) en The Deerhunter (10.00)

8 Augustus: The Secret of Nimh (10.00); The Black Couldron (12.00); Rocky Horror Picture Show (2.30); Hair (5.30); Birdy (7.45) en Amadeus (10.00)

10 Augustus: The Dresser (2.30); Diva (6.00) en Tootsie (9.00)

11 Augustus: Georgie's Friends (2.30), The Wall (6.00) en Birdy (9.00)

12 Augustus: A Soldier's Story (2.30); Georgie's Friends (6.00) en The Big Chill (9.00)

13 Augustus: Tootsie (2.30); The Dresser (6.00); en The Verdict (9.00)

14 Augustus: The Verdict (12.00); The Killing Fields (2.30); Jonathan Livingston Seagull (5.30); The Big Chill (7.45) en Sophie's Choice (10.00)

15 Augustus: Caravan of Courage (10.00); The Secret of Nimh (12.00); Rocky Horror Picture Show (2.30); Jungle Book (5.30); Class (7.45) en The Wall (10.00)

17 Augustus: Monsignor (2.30); All of Me (6.00) en Taxi Driver (9.00)

18 Augustus: Sophie's Choice (2.30); The Great Gatsby (6.00) en Amadeus (9.00)

19 Augustus: Taxi Driver (2.30); Man from Snowy River (6.00) en The Deerhunter (9.00)


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

20 Augustus: The Great Gatsby (2.30); Monsignor (6.00) en Diva (9.00)

---

## WORDAGE

THERE IS ONLY one way to review a dictionary properly, which is to have it lying around the house or workplace for a few months in company with the other dictionaries, and see if it goes on being used. A good dictionary is one that gets taken down from the shelf a lot.

Now, this doesn't necessarily mean a dictionary that provides the answers. Whenever I have gone to Brewer's Dictionary of Phrase en Fable, with a mysterious fable or phrases to look up, I have veryseldom found that it was there or that a convincing explanation was given, but I have browsed through the book for hours on end with complete satisfaction. My favourite dictionary of all time was one given to me by my old French master, Joe Richardson, the Larousse Illustre of 1954 (Nouveau Petit), which not only had a whole dictionary and a guide to proper names and encyclopaedic pictures of flags, part of the body, kinds of Louis XV sofa, etc but a section in pink paper on foreign sayings.

So, there really isn't any way I can review a dictionary, short of having it for two years and reporting back in 1988, except by applying a few random tests. This I have done.

I always, for instance, look up "pisco", the name of this Peruvian spirit, to test a dictionary. I have never known a dictionary pass the test, and Collins is no exception. I always look up "maven", a word occasionally used by Russel Baker, and whose meaning I do not know, chiefly because it too has been in no dictionary I have ever consulted. This is not entirely wasted labour, as after I have failed to find "maven" I am always reminded that "mavis" is an old word for songthrush.

My more recent test is to look up three words which occur depressingly often in health food shops, "miso", "tofu" and "tempeh", to describe those slabs of organic putty which help to make health food sandwiches so vile. The new Longman Dictionary, an excellent rival to Collins, has one of them. Collins has two. Neither has "tempeh", but they both have "tofu" and in the definition field I'm afraid Collins wins by a knockout. Collins: "Unfermented soya-bean curd, a food with a soft cheeselike consistency made from soyabean milk (from Japanese)."
Longman: "Bean curd".

If you detect a bias towards Collins, you are right. I have had the previous edition of Collins in my house for several years and it did become the sort of book you like using; this edition is even better.

I tell a lie. Collins does have "soca". It's Longman who doesn't. Longman also doesn't have "mimulus", which Collins does. They both have "jo", that maddening Scottish word for sweetheart which is only ever used by know-all Scrabble players who have bought a copy of "Short Words Ideal for Scrabble, Containing one or more High-Value Letters", Volume I. What I would like to know, though, is whether any of these words ever creeps into our vocabulary. Now that you are the proud possessor of the knowledge that "mavis" means "songthrush", will you ever use it? No, of course not. And nor have I. I once found out that S J Perelman's favou-


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

rite word for oily was "pinguid", but on the few occasions that I have used it, nobody has had the faintest idea what I was talking about.

Well it is pretty clear by now that I am not the sort of person to give you a systematic review of a dictionary, but what I can do is testify that Collins is very user-friendly. It has told me the correct way to spell Senator McCarthy, it has informed me what Muddy Waters's real name is, and it contains the most valuable word in medicine, "iatrogenic", which refers to any disease caused by the doctor's treatment of your previous disease. What it can't do is tell me what "pisco" is, which I already know, and what a "maven" is, which only Russel Baker knows.

I even like the feel of this Collins dictionary; it sits easily in the hand and the print is soft on the eye.

Bron: Kington, M. Wordage. Punch October, 1986, p.65

**NUWE INTERNASIONALE EMBLEEM VIR BIBLIOTEKE**



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# Gelukwense....



**AUGUSTUS**

2 Mej Andrea Bosman (6de vlak)
Mev Ina Roos (Tydskrifte)

6 Mej Elna Stapelberg (6de vlak)

11 Mev Leza Putter (Tydskrifte)
Mev Christa Kruger (Sekretaresse)

13 Dr Tamal Trichardt (5de vlak)

16 Mev Karin Förtsch
(Onderwerpsontsluiting)
Mev Hannie Bezuidenhout
(Onderwerpsontsluiting)

18 Mej Estrellita Weyers (5de vlak)

19 Mnr Thys van den Berg
(Algemene Administrasie)
Mev E D Gouws (5de vlak)

26 Mej Rita Potgieter (Voorklinies)


28 Mev Riekie Lotz (IBL)

29 Mev Pepsi Nel
(Algemene Inligting)

31 Mev Annatjie Greyling
(Makro-ontsluiting)

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# PERSONALIA



## EDWIN DIMBO

Edwin Dimbo is in Pinetown gebore. In 1957 verhuis hy na Pretoria.
Edwin woon nog al die jare in Mamelodi waar hy dan ook skoolgegaan het. In 1981 trou hy met Margaret en hulle het een dogter.

Edwin het by verskeie instansies gewerk. Onder andere was hy 'n kelner by die H F Verwoerd-Verpleeginrigting en 'n stoorman by die Pretoria Dieretuin.

In 1979 aanvaar hy 'n betrekking by die Merensky Biblioteek as algemene bode.

Edwin is gelukkig in sy werk en hy hou van al sy verskillende take.

---

## BEDANKINGS

Erna Meyer en Mala Mouton verlaat ons aan die einde van Julie, beide om as bibliotekarisse by die Openbare Biblioteek te gaan werk. Ons wens julle sukses en voorspoed toe vir die nuwe uitdaging wat voorlê.







Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Lida Strydom verlaat ook die Merensky-biblioteek aan die einde van Julie.




Mnr Danie Veldsman (Medies) vertrek na Duitsland vir verdere studie 31 Julie 1987.



Johan Botha verskuif na die Mediese Biblioteek reeds vanaf 13 Julie 1987.

NUWE AANSTELLINGS

Naam:
Richard McKenna
Wewenaar, drie kinders
Aangestel as hoof van Bindery.
Vorige ondervinding: Werksaam by Unisa, en binneversiering
Belangstellings:
Die restourasie van antieke meubels en ou boeke.





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UITSTALLINGS









Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

GESELLIGE VERKEER BY SIMPOSIUM







Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

WIL U EIENDOM KOOP OF VERKOOP. ONS REPUTASIE AS DIE MAATSKAPPY WAT DIE MEESTE DEELTITEL EENHEDE IN PRETORIA VERKOOP HET IS WYD BEKEND.

ONS SPESIALISEER IN DIE VERKOOP EN AANKOOP VAN

* WOONSTELLE
* SIMPLEKSE
* DUPLEKSE
* HUISE

INDIEN U OORWEEG OM ENIGE VAN BOGENOEMDE TE KOOP OF VERKOOP, KONTAK JOHAN LABUSCHAGNE (W) 437316 (H) 861256

EG Chapman Properties/Eiendomme

☎ (012) 43 7316

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Universiteit van Pretoria

Biblioteekdiens

# BIBLIKASIE

AUGUSTUS

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# I N H O U D S O P G A W E


Die Eerste sê .............................. 1

Sabinet .................................... 6

Redaksioneel ............................... 7

En so vertel ...............................

.... Sommer so oor lekker woorde ........... 7

.... Gedagtes en Karakter .................. 9

In en om Merensky .......................... 10

Terloops .................................. 15

Treffers ................................... 23

Vermaak .................................... 24

Verjaarsdae ................................ 25

Personalia ................................. 26

Uitstallings ............................... 28


*****************

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

EERSTE Sê

MINISIMPOSIUM : VOORTGESETTE OPLEIDING

Op 5 - 6 Maart 1987 het mevv Nel, Hammes en Vink die Simposium oor Voortgesette Opleiding wat aangebied is deur die Medunsa Biblioteek, bygewoon. Twaalf lesings is voorgedra en groepbesprekings oor die doel en behoeftes van voortgesette opleiding (VO) is gehou asook paneelbesprekings oor wie verantwoordelik is vir VO.

Opsommenderwys is die lesings die volgende:

- Continuing education: definitions, aims and challenges - Dr D J J van Rensburg, Rector, Technikon Pretoria.

  VO beteken dat volwasse leerders onderrig voortsit nadat formele opleiding afgehandel is en dat dit 'n lewenslange proses behoort te wees.

- The needs of the adult learner - Dr J Elliot, Director of Teaching and Learning, Medunsa.

  Ouderdom in volwassenheid bring nie mee dat die leerproses verswak/vertraag nie. Die leerbehoeftes van volwassenes behoort die leeromgewing en leermetodes te bepaal.

- Continuing education for the library profession in Southern Africa: an overview and some problem areas - Miss C M Walker, Lecturer, Department of Librarianship and Information Science, University of the Witwatersrand.

  Voortgesette opleiding en professionele ontwikkeling in die biblioteekprofessie gaan hand aan hand en metodes vir die ontwikkeling word genoem. Bibliotekarisse in Suid-Afrika behoort die doel van VO duideliker uit te spel sodat verantwoordelikheid deur bevoegdheid ontwikkel kan word.

- Indiensopleiding as 'n vorm van VO met spesiale verwysing na biblioteekpersoneel - Mnr C M Vink, Universiteitsbibliotekaris, Medunsa. "Indiensopleiding is noodsaaklik vir alle personeel om hulle toe te rus met die nodige kennis, vaardighede en ook om 'n positiewe gesindheid te skep". Slegs die werkgewer kan sy personeel oplei om die spesifieke take in sy biblioteek te verrig. Verskeie opleidingsmetodes kan gebruik word.

- The necessity for continuing education in rural areas - Miss M M Mathibe, Deputy University Librarian, University of Bophuthaswana.

  Die verandering van die plattelandse swart gemeenskappe vanaf landelike na semi-stedelike gebiede lei tot ander opleidings- en sosio-ekonomiese behoeftes, veral ook omdat voorsien moet word vir professionele persone, ongeskoolde werkers en studente en skoolkinders.

- Afstandsonderwys as 'n metode vir VO - Prof J A Kruger, Mede-professor, Departement Biblioteek- en Inligtingkunde, Unisa.

  Afstandsonderwys, soos byvoorbeeld deur Unisa aangebied, as 'n metode vir VO bied voordele vir sowel die praktiserende professionele persoon wat verouderde teoretiese kennis wil opknap, as vir die tydelik nie-praktiserende professionele persoon, soos huisvroue, wat tot die



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

beroep wil terugkeer.

- Telekonferensies as 'n metode vir VO - Dr J J Jacobs, Senior Lektor, Departement Maatskaplike Werk, Unisa.

  VO kan deur middel van telekonferensiegeriewe aangebied word en negatiewe faktore soos afstand, vervoerprobleme, gevoel van isolasie en beperking op die aantal deelnemers word uitgeskakel.

- Practical hints when planning for continuing education - Mr J S van Niekerk, Senior Librarian, Medunsa.

  By vasstelling van die leerbehoefte moet die VO-aktiwiteit beplan word. Verskeie belangrike administratiewe aspekte moet ook aandag geniet.

- Evaluering van VO na aanbieding - Mej R M Louw, Adjunkdirekteur, Biblioteekdienste, Departement Nasionale Opvoeding.

  Kennis van evaluering is nodig sodat inligting vir die toekoms ingewin kan word. Evaluering moet bepaal in watter mate die doelwit van VO bereik is ten opsigte van die groei en ontwikkeling van kennis, insig, vaardighede en gesindheid van die kursusgangers.

- Opleiding van opleiers - Mnr A Viljoen, Direkteur : Opleidingsbevordering, Kommissie vir Administrasie. Toesighouers is verantwoordelik vir die opleiding van personeel en behoort dus as deel van hul eie opleiding onderrig te ontvang in die metodiek van funksionele opleiding.

- The role of the employer, national libraries and SABINET in continuing education - Miss N M Lodder, Director of Library Services, CSIR.

  Werkgewers moet aan werknemers die geleentheid bied om deel te hê aan VO-aanbiedings wat oor die algemeen indiensopleiding sal insluit.

- Die rol van biblioteekskole in VO - Mev F Terblanche, Lektrise, Departement Biblioteek- en Inligtingkunde, Unisa.

  Universiteite en veral biblioteekskole moet VO aan hul eie afgestudeerde en ander gegradueerde praktisyns bied veral met die oog op die snel veranderende tegnologiese en sosio-ekonomiese toestande.

Die volledige lesings is beskikbaar by Miemie Vink.

Voortvloeiend uit wat ons ontvang en geleer het by hierdie simposium het ons 'n minisimposium oor VO op Maandag 6 Julie 1987 in die biblioteeklaboratorium vir ons personeel aangebied. Die teikengroep het bestaan uit 2 persone uit Topbestuur, 11 persone uit die Inligtingsdiens, 9 persone gesamentlik uit Tydskrifte, Boekontvangste, Bibliografiese en Onderwerpsontsluiting, 2 persone uit IBL, 1 persoon uit Beplanning en 2 persone van die Departement Biblioteek- en Inligtingkunde.

'n Vraelys oor VO is vooraf aan die persone (uitgesonderd dié van die Departement) uitgedeel en is na ontvangs verwerk sodat die resultate beskikbaar was voor aanbieding van die minisimposium. Agtien vraelyste is terug ontvang.

Resultate van die vraelys:



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

1. Hoe belangrik dink u is voortgesette opleiding om professioneel by te kan bly?

| | | |
|---|---|---|
| BAIE | = | 17 |
| REDELIK | = | 1 |
| OORSKAT | = | - |
| WEET NIE | = | - |

2. Hoe belangrik is voortgesette opleiding om u werk goed te kan doen?

| | | |
|---|---|---|
| BAIE | = | 14 |
| REDELIK | = | 4 |
| OORSKAT | = | - |
| WEET NIE | = | - |

3. Voel u dat u self 'n behoefte het aan voortgesette opleiding?

| | | |
|---|---|---|
| JA | = | 18 |
| NEE | = | - |

4. Indien ja, dui aan watter areas van u werk die meeste daarby sal baat.

---

1. BESTUURSOPLEIDING
   - PERSONEELBESTUUR
   - TYDBESTUUR
   - BEPLANNING EN ORGANISASIE VAN WERK
   - FINANSIëLE BESTUUR
2. OPLEIDINGSVAARDIGHEDE
3. ONTSLUITING
4. KLASSIFIKASIE
5. REKENAARKUNDIGHEID EN -VAARDIGHEID (DOBIS, SABINET)
6. INLIGTINGHERWINNING EN -VOORSIENING VERAL ERID
7. GEBRUIKERSOPLEIDING
8. BEMARKINGSTEGNIEKE
9. NUWE TEGNOLOGIE
10. INDEKSERING (VERAL REKENAAR MATIG)
11. NAVORSINGSVAARDIGHEDE
12. ALGEMENE AGTERGROND TEN OPSIGTE VAN BIBLIOTEEKDIENS, VERAL MET OOG OP BEHEER NAUURS
13. SPESIFIEKE SPESIALITEITSAREAS BYVOORBEELD MEDIESE BIBLIOTEEKWESE
14. LOOPBAANONTWIKKELING

---

5. Wie dink u is verantwoordelik vir voortgesette opleiding?

| | | |
|---|---|---|
| BIBLIOTEEKDIENS | = | 14 |
| SAIBI | = | 8 |
| DEPARTEMENT B EN I | = | 8 |
| SELF | = | 10 |

6. Sou u bereid wees om self vir voortgesette opleiding te betaal?

| | | |
|---|---|---|
| JA | = | 13 |
| NEE | = | 5 |

---

Tydens die minisimposium is 'n kort verslag gelewer oor die Medunsasimposium waarna drie groepe gevorm is vir bespreking van die "uitdagings vir die biblioteekberoep". Elke groep het daarna geleentheid ontvang vir terugrapportering. Die besprekingspunte en sake wat ten opsigte van elkeen geopper is, is as volg:

1. OM 'N BEWUSTHEID TE SKEP VIR DIE BEHOEFTE AAN VOORTGESETTE OPLEIDING

1.1 Wat behels VO alles en wat is die relatiewe belangrikheid van elke komponent?



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Simposia; kursusse; indiensopleiding - lokaal en by ander instansies; groepbespreking; demonstrasies; lesings; gerekenariseerde opleiding; leeswerk.

1.2 Watter sake moet aangespreek word deur VO?

Alle sake soos bepaal deur missie van biblioteek; bestuursopleiding waaronder personeelbestuur, tydbestuur, beplanning en organisasie van werk, finansiële bestuur; opleidingsvaardighede; ontsluiting, onder andere klassifikasie; rekenaarkundigheid en -vaardigheid (DOBIS, SABINET); inligtingsherwinning en -voorsiening (ERID); gebruikersopleiding; bemarkingstegnieke; nuwe tegnologie en ontwikkeling; indeksering (veral rekenaarmatig); navorsingsvaardighede; algemene agtergrond ten opsigte van die Biblioteekdiens; spesifieke spesialiteitsareas byvoorbeeld mediese biblioteekwese; loopbaanontwikkeling.

1.3 Wie kwalifiseer vir VO?

Almal deurlopend.

1.4 Hoe kan die idee en belangrikheid van VO bemark word?

Ingesluit word by werksvoorwaardes; opleidingsinstansies kan dit propageer; SAIBI kan dit propageer; werkgewers en werknemers moet bewus gemaak word van die voordele daarvan.

1.5 Hoe kan die behoeftes aan VO bepaal en opgevolg word?

Deurlopende evaluering; antisipasie van behoeftes en verandering deur opleidingsinstansies en SAIBI; personeellid self.

1.6 Wat is die werkgewer se verantwoordelikheid?

Struktuur daarstel; beleid formuleer; opleidingsbeampte aanstel; toesighouers oplei; geleenthede skep; finansies, tyd en geld; werknemers bewus maak van leemtes.

1.7 Hoeveel werkstyd kan aan VO afgestaan word?

Een uur per week; afhangend van behoefte; daar moet perke aan wees.

1.8 Wat is die werknemer se verpligting?

Self behoefte uitspreek; leeswerk tuis; gesindheid; formele studie; selfontwikkeling; professionele ingesteldheid as voorvereiste.

1.9 Hoe kan VO ingespan word om tuisblyers terug te lok?

Kursusse - waar ook al; indiensopleiding met gerusstelling; besoeke aan biblioteke; vryskutopleiers.

2. OM DIE PROFESSIONELE BEELD VAN DIE BEROEP TE BEVORDER

2.1 Watter professionele kundigheid onderskei die bibliotekaris en hoe kan dit deur VO uitgebou word?

Teoretiese opleiding van die inligtingstussenganger - opknapping van teoretiese kennis; debatteerbaar - gesprek oor professionaliteit nodig.

2.2 Hoe vinnig verander die biblioteekberoep en wat impliseer dit?

Baie vinnig en immer versnellend - VO raak toenemend belangrik. Is ons professionele voortbestaan op die spel?



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

2.3 Wat is die redes vir gebrek aan motivering, belangstelling en gesindheid ten opsigte van professionaliteit?

Gaping tussen basiese opleiding en praktyk te groot - entoesiasme verdwyn; damesberoep : tyd beperk weens huislike verpligtinge, werkgewers se persepsie van die vroulike werknemer beperk - inperkende chauvinisme, loopbaanbeplanning ontbreek; oorbelading van werk; onkunde oor wat professionaliteit is.

2.4 Moet VO en heropleiding vereis word vir die behoud van professionele status?

Ja.

2.5 Speel die feit dat dit oorwegend 'n damesberoep is, 'n rol?

Kyk 2.3

3 OM BIBLIOTEEKSKOLE AS VENNOTE TE BETREK BY VOORTGESETTE OPLEIDING

Is die praktykervaring van Biblioteek- en Inligtingkundestudente voldoende?

Nee.

Hoe kan hulle betrek word by VO?

Betrek by kursusse, simposia, ensovoorts; opstel van leerplanne; spesialiteitskursusse vir byvoorbeeld terugkommers, vaardighede, bepaalde rigtings.

4 OM KUNDIGES BUITE DIE BIBLIOTEEKBEROEP TE BETREK

Moenie alles self probeer doen nie; wisselwerking baie bevrugtend.

5 OM DOELBEWUS TE BESTUUR IN DIE RIGTING VAN VERANDERING

Alle bestuursvlakke moet bewus wees van verandering as 'n realiteit en altyd dinamies daarop ingestel wees; oorweeg byvoorbeeld tuiswerkers.

Na die terugrapportering was daar 'n kort algemene bespreking. Onder leiding van dr De Bruin is belangrike sake ten opsigte van VO geïdentifiseer en van gewigte voorsien:

| GEWIG | SAAK |
|---|---|
| 52 | BELEID |
| 23 | STRUKTUUR |
| 14 | BEPLANNING |
| 13 | BEHOEFTEBEPALING TEN OPSIGTE VAN EIE POS |
| 10 | MOTIVERING INSLUITEND TYDTOEDELING |
| 10 | BEGROTING |
| 8 | GESPREK OOR HUIDIGE STAND VAN INDIENSOPLEIDING |
| 6 | TUSSENTYDSE MAATREëLS |
| 3 | GESINDHEID VAN WERKGEWERS EN WERKNEMERS |
| 3 | BETROKKENHEID VAN DIE DEPARTEMENT BIBLIOTEEK- EN INLIGTINGKUNDE |
| 1 | EVALUERING VAN PERSONEEL |
| 0 | DIENSVOORWAARDES |

Na afloop van die minisimposium is 'n kort verslag vir Topbestuur opgestel waarin aanbeveel is dat 'n werkgroep vir voortgesette opleiding daargestel word.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

SABINET

SABINET bied op 'n gereëlde basis kursusse in die gebruik van die verskillende funksies van SABINET aan. Dit sluit die volgende in:

a Navraagkursus:

Die navraagfunksie is die basiese intydse funksie wat toegang tot die databasis verleen en sodoende alle ander funksies ondersteun. Met behulp van die navraagfunksie kan onderwerpsoektogte uitgevoer word, bibliografiese inligting asook besitsmeldings van Suid-Afrikaanse Biblioteke herwin word. Om bogenoemde inligting te herwin kan van verskeie soekmetodes gebruik gemaak word. Die navraagkursus bied 'n deeglike agtergrond van die verskillende soekmetodes wat gebruik kan word.

b Gevorderde Navraagkursus

Aangesien die navraagfunksie so 'n gesofistikeerde fasiliteit is, het die behoefte by lede ontstaan aan 'n gevorderde navraagkursus, waar spesifiek gekyk word na die gebruik van die mees doeltreffende soekstrategieë om inligting te herwin.

c Recon-Kursus

Die "Batch Retrospective Conversion" of "Recon" subsisteem, verskaf aan SABINET-lede 'n lae koste metode om tot die intydse Besitmeldingslêer standnommers en staanplek inligting aan dokumente wat in die Bibliografieselêer voorkom te koppel. Die Reconproses vereis dat die terminaaloperateur volgens gestelde standaarde minimaal identifiseerbare inligting asook die biblioteek se standnommer vir 'n dokument in die WYLBUR-lêer, wat 'n intydse teksredigeer sisteem is, in te voer. Inligting word in die WYLBUR-lêer gestoor totdat dit met behulp van bondelprosessering tot die databasis toegevoeg word.

d Interim-kursus

Hierdie kursus handel oor die toevoeging van interimrekords tot die databasis. 'n Interimrekord is 'n kort bibliografiese rekord wat as plekhouerrekord in die Bibliografieselêer dien totdat 'n volledig gekatalogiseerde rekord geskep is, wat die interimrekord kan vervang. Biblioteke se besit kan intyds aan 'n interimrekord gekoppel word.

e Input/Edit-kursus

Die kursus handel oor die wyse waarop 'n dokument volledig op SABINET gekatalogiseer word.

f SABIPOS-kursus

SABIPOS is 'n elektroniese posstelsel en die kursus handel oor die gebruik van hierdie fasiliteit.

g SABINET/TISAB-Recon-Projek

Hierdie projek behels die retrospektiewe omskakeling van die ou TISAB-databasisrekords na die SABINET-databasis deur bereidwillige SABINET-ledebiblioteke en met die ondersteuning van die Staatsbiblioteek. Die UP-Biblioteekdiens is een van die bereidwillige ledebiblioteke wat deel het aan die projek. 'n Kursus is vir hierdie doel aan die deelnemende biblioteke by SABINET aangebied. Die volgende van die Merensky-biblioteek perso-



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019


neel het die kursus bygewoon: Mevv Leza Putter, Elisabeth Viljoen en Magda Coetzee.

Die volgende personeel het die kursusse by SABINET bygewoon:

Mev Magda Coetzee : Recon, Input/Edit, SABIPOS
Mev Yzelle Roets : Interim
Mev Susan Marsh : Navraag, Recon, Input/Edit
Mnr Mike Volschenk : Interim
Mev Rita Botes : Interim
Mej Sjeuwke Agema : Interim
Mev Bella Odendaal : Navraag, Gevorderde Navraag, SABIPOS
Mej Joy Roos : Gevorderde Navraag, SABIPOS
Mev Mariana Nieuwoudt : Navraag, Gevorderde Navraag, Interim, SABIPOS
Mej Rita Badenhorst : Navraag, Gevorderde Navraag
Mev Denise Wheeler : SABIPOS
Mej Gerda Pretorius : SABIPOS

MARIANA NIEUWOUDT

---



REDAKSIONEEL

Met die somer net om die draai, voel mens sommer weer lus om te lewe. Ons hoop dat almal nou ontslae is van verkoues en griep, en vol moed is vir die oorblywende maande van 1987!

Baie dankie vir al die bydraes. Die filmfeeskalender was verlede maand voorwaar 'n treffer. Dit was heerlik om al die ou flieks weer te kon sien.

Hierdie maand lewer Miemie Vink verslag oor die minisimposium oor voortgesette opleiding, en Ray vertel hoe hulle die nuwe gereserveerde studieversameling beleef. Magriet Lee lewer op haar sprankelende wyse 'n kostelike bydrae oor "lekker woorde".

Ons is almal bly dat die bouprojek nou feitlik afgehandel is. Dit lyk nie net mooi op vlak 3 nie, maar ook baie funksioneel en effektief.

Voorspoed aan almal wat oorsee gaan of reeds daar is, en aan die tuisblyers : "Lekker lees!"

---

EN SO VERTEL .....

SOMMER SO OOR LEKKER WOORDE

Hulle rol elke dag by ons monde uit - soms rinkel hulle soos fyn glas, of soms smaak hulle na kruie. Ons maak, breek en gebruik hulle so in oorvloed dat ons byna nooit daaroor dink nie, net as iemand 'n besonder mooi een gebruik, of as jou ore skielik seerkry oor die taaltor wat skielik daarin gevlieg het, luister jy weer 'n slag na wat jy self, of die mense om jou sê.

Onder kindertaal kom van die mooiste woordwonderwerke uit, seker omdat hulle nog met 'n beperkte woordeskat, onbelemmerd daardie woord kan uitdink, wat soos in "Pendoring Edms Bpk" twee sinne met een woord saamvat. 'n Tweejarige spruit in ons familie het die stort 'n "staanbad" gedoop, praat van Oupa se "oogbaard" in plaas van ooghare, noem 'n koggelmandertjie 'n "kommegaatjie" en die neonligte by die kafee is "hardloopliggies". 'n Ander blommetjie van nie veel ouer nie, het van haar ma se mikrogolfoond as 'n "kostelevisie" gepraat.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

'n Hollandse gebruiker het eendag hier in die mediese biblioteek, nadat die gaatjiepons al weke stukkend was, gevra of die "gatstamper" dan nog nie reg is nie, en terwyl ons nog vol lag die situasie geniet het (die gebruiker was al weg) het Anita vertel van die dame wat by haar man en sy vennote se spreekkamer opgedaag het, en vir die gatgeoloog in die praktyk gevra het. Na 'n paar versigtige vrae, is vasgestel dat sy eintlik op soek was na die ginekoloog!

Gesegdes loop seker breë paaie deur elke familie, en so het Ouma, wat al 'n hele paar jaar oorlede is, se gesegdes onsterflik gebly.

Toe Kleinboet een middag baie lui opstaan om te gaan koffie maak nadat Pa hom aangesê het om dit te doen, het hy gevra of Ouma dan ook wil hê. Soos blits was die antwoord "Wie vra, gee nie graag". My broers se stryery oor 'n paar sokkies wat die een dan kwansuis vir die ander gegee het, en toe weer wou terug hê, het 'n "Eers gegee en dan geneem, is erger as gesteel" van haar kant af uitgelok.

Die simposium oor die RGN-projek het 'n hele handvol lekker woorde - en 'n sak vol taaltorre opgelewer. So was "kieslys" in plaas van Engelse "menu" of direkte spyskaart by die rekenaar 'n goeie keuse, maar die klompie taaltorre wat kop uitgesteek het, was genoeg om jou voete onder jou in te trek en jou vingers van vrees in jou ore te steek.

"Effisiënt" het toe weer soos Bobby van Dallas uit die dode opgestaan nadat hy 'n jaar of wat gelede nek omgedraai is en die baie meer doelmatige "doelmatig" voorgestel is. Ek weet die tor is in een of twee woordeboeke (gelukkig nie in almal wat ek nageslaan het nie) maar wààrom moet ons hom in ons raadsale toelaat as hy regtig onder die trap tuishoort. Die een verklarende woordeboek gee die verklaring van die woord aan as "doeltreffend" en "doelmatig" en die twee woorde word in praktyk nie eers as sinonieme gebruik nie. As ek in my lewe drie woordwense kon wens, sou een daarvan wees dat ek die tor se "doodsberig" in die volgende uitgawe van die woordeboek sal lees.

Woorde laat my somtyds wonder. Inflasie laat my altyd voel asof iets kort. Ek is seker dis inflamasie in my beursie wat my rande opvreet. Hoekom praat ons van Boolese logika, en sommer nie net van Boolse logika nie? Gaan apparaat en program nie dieselfde werk doen as apparatuur en programmatuur nie? Lyk 'n speelfilm anders as 'n gewone film, en as 'n film gebeeldsend word, word 'n simfoniekonsert of radiodrama dan geklanksend, of word alles nie sommer net uitgesaai nie. As 'n plaasboer op sy plaas boer, wat doen sy eweknie op sy stadsgrondjie? 'n Boer boer mos net. Rekenaarterminale (reg, volgens die woordeboek, en aanvaar in die volksmond), word mos sommer net gekoppel, dis mos nie nodig om dit op te koppel nie. In die meeste gevalle geskied die koppeling mos horisontaal en nie vertikaal (op) nie.

Ons sukkel nog altyd met "Public Access" - waarom nie "Algemene Toegang" nie? Dit is mos die lêer waartoe almal toegang het in die rekenaarstelsel.

Nog 'n kriewelgogga, is die "afsit" van die skakelaars. Jy kan hom met jou ken of elmboog afdruk, selfs "afneus" of "afknieg" as jou hande vol is, maar afsit" - aikôna - daarvoor is 'n mens se anatomie net nie gemaak nie. Skakel maar liewer die hele lot af - dis veel makliker.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Met taal kan 'n mens toor en troetel, maar ook mors en moor. 'n Mens kan sonder lang betoë in duur raadsale 'n taal se ondergang of voortgang bepaal. Hoe wil dit vir my lyk of lekker woorde maak vandag hoofsaaklik tot voorskoolse spruite beperk is.

MAGRIET LEE

---

GEDAGTES EN KARAKTER

Die aforisme dat die mens is wat hy van homself dink, geld nie net sy innerlike lewe nie, maar is so ingrypend dat dit elke toestand en omstandigheid van die hele lewe beïnvloed. 'n Mens is letterlik wat hy dink, en sy karakter is die eindresultaat van al sy gedagtes.

Soos 'n plantjie uit die saadjie ontspruit en nie sonder die saadjie kan ontstaan nie, ontkiem elke handeling van die mens uit die verborge saak van sy denke. Dit geld in gelyke mate vir dade wat as spontaan en onwillekeurig bestempel word en dié wat ons as willekeurig of doelbewus beskou.

Handelinge is die bloeisels van denke. Vreugde en lyding is die vrugte. Daarom oes jy die soet én bitter vrugte uit jou eie kwekery van gedagtes.

Denke maak van jou die mens wat jy is; dit vorm en omvorm jou. Op onaangename gedagtes volg, so seker as wat die nag die dag volg, pyn. Op mooi gedagtes volg geluk - soos jou skaduwee.

Die mens word grotendeels deur wette gevorm en is nie die produk van toevallighede nie. Oorsaak en gevolg is net so 'n onvoorwaardelike wet in die verborge gedagtewêreld as in die sigbare, konkrete bestaan. Edelmoedigheid en vroomheid kan nie toegeskryf word aan die lot of toeval nie; dit is die natuurlike gevolg van volgehoue pogings tot mooi en opheffende gedagtes.

Die mens kan homself maak of breek. In die arsenaal van sy gedagtes smee hy wapens waarmee hy homself kan verwoes; hy smee ook middele waar mee hy hemelse wonings van vreugde en krag en vrede kan bou. Deur sy gedagtes reg te kies en kundig aan te wend, bevind hy hom op die pad na volmaaktheid; deur misbruik en die verkeerde aanwending van gedagtes daal hy af na die vlak van veragtelikheid. Tussen hierdie twee uiterstes lê die menslike karakter met al sy graadverskille - en met die hulp van God is die mens skepper en meester daarvan.

Pragtige waarhede word vertel oor die siel wat in ons dag en tyd gered en herstel is; maar daar is niks wat verblydender en vrugbaarder is nie as die Goddelike belofte dat die mens beheer het oor sy eie gedagtes, oor die skepping van sy eie karakter; dat hy self - onder die leiding van die Gees van God - sy eie omstandighede en bestemming kan bepaal.

Die mens is 'n wese met krag, intellek en liefde; hy is ook baas van sy eie denke. Hy is in beheer van elke situasie en kan verander en homself herskep tot die mens wat hy wil wees.

Hy is altyd die meester - selfs in sy swakste en mees verlate oomblik. Maar in sy swakheid en vernedering is hy ook die dwase meester wat sy huis wanbestuur. Wanneer hy egter oor sy toestand besin en naarstiglik soek na dit wat sy gees beheer, word hy die wyse meester wat sy energie met insig kanaliseer en sy gedagtes vrugbaar maak. Dis wat die bewuste meester doen. 'n Mens kan die voorbeeld net navolg deur in jouself die wette van denke te ontdek en so 'n ontdekking is altyd te danke aan toewyding, selfontleding en ondervinding.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Goud en diamante word ontdek en ontgin deur jare van navorsing en deur diep te grawe. Deur diep in sy eie siel te delf, ontdek die mens die kosbare goud- en diamantdraende are van sy persoonlikheid. Hy kan bewys dat hy, menslik gesproke, volkome in beheer is van sy lewensvorming en -bestemming as hy sy gedagtes kundig beheer, rigting gee en fyn let op die invloed wat hulle op sy sin vir die lewe en omstandighede kan hê. Dit is moontlik deur oorsaak en gevolg geduldig te ondersoek en te ontleed en alle ervaringe, selfs die kleinste alledaagse gebeurtenissies, fyn dop te hou om sodoende kennis van homself in te win. So sal hy begrip, wysheid en krag vind. Hier geld die waarheid dat "Hy wat soek, sal vind; vir hom wat klop, sal oopgemaak word", want slegs deur geduld, oefening en onvermoeide-toewyding kan die mens toegang tot die tempel van kennis verkry.

(word vervolg)

Uit: Soos die mens dink
James Allen

- Vir wat dit werd is!-

SUSAN OLIVIER

---

**IN EN OM MERENSKY**




NZASM 100

Op 23 Julie 1987 het die Kultuurhistoriese Instituut 'n skyfievertoning en lesing oor die NZASM gehou. 'n Uitstalling van foto's, planne en publikasies kan tans besigtig word in die Biblioteek.

Die Nederlandsche-Zuid-Afrikaansche-Spoorweg-Maatschappij was 'n private Nederlandse onderneming met Nederlandse en Duitse kapitaal, wat voor 1900 die meeste hoofspoorlyne, asook 'n enkele taklyn in die Zuid-Afrikaanse Republiek aangelê het.

Mnr Robert de Jong, hoofmuseumgeesteswetenskaplike, het skyfies vertoon van ou stasiegeboue, brûe, huise en rollende materiaal, en ook 'n lesing gelewer. Hy het gewys op die betekenis van NZASM op die gebied van die ekonomie en op die skepping van 'n moderne infrastruktuur. Op die politieke terrein het NZASM bygedra tot die bevordering van Transvaalse selfstandigheid. Op sosiale terrein het die Nederlandse invloed versterk vanweë talryke Nederlandse werknemers. Op die tegniese terrein is die stoomklepmeganika ontwikkel.

Op die kulturele terrein is die boukuns verryk. Die kultuurlewe het verryking ondergaan danksy die Nederlanders se deelname aan sport, toneel en musiek.

Nederlands is as voertaal op die spoorweë gebruik en ons gebruik vandag nog terme wat direk uit Nederlands afkomstig is soos: ploegbaas, duiker (culvert), skameltrok (bolster truck).

Die S A Vervoerdienste is die erfgenaam van NZASM. NZASM is in 1908 ontbind maar sal in die herinnering bly voortleef. Kom ons bewaar die NZASM erfenis want soos die 1985-gedenkboek



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

dit gestel het : "die nationale spoorweg was een zegen voor land en volk".

JO BREED

---



IBL

Hierdie maand word daar van twee personeellede afskeid geneem by IBL.

Denise Wheeler verlaat ons na 'n lang dienstydperk. Sy het in Oktober 1976 as hoof van IBL hier begin werk en verlaat ons nou aan die einde van Augustus. Sy gaan by die WNNR in die Afdeling Gebruikersdienste werksaam wees en sal gemoeid wees met IBL en ook as skakelpersoon dien tussen die hoofbiblioteek van die WNNR en die biblioteke van die institute.


Ons het Denise leer ken as 'n kalme, bedaarde, vriendelike persoon wat ten spyte van talle krisisse nog altyd haar beste gelewer het en IBL se personeel sal haar beslis mis. Ons wens haar alle sukses en voorspoed toe in haar nuwe werksomstandighede.

Ons neem ook afskeid van Hannatjie Erlank wat ons vir drie maande kom help het. Hannatjie, baie dankie vir al die harde werk en ons hoop ons sal in die toekoms weer van jou dienste gebruik kan maak.

IBL is ook weer na twee maande se verblyf op die vierde vlak se "stoep" terug na die derde vlak. Alles is nog nie heeltemal klaar nie en on het nog nie al ons meublement nie, maar ons werk baie lekker in die nuwe en beslis groter en ruimer IBL!.

MARA GROBBELAAR

---



VEEARTSENYKUNDE

Dit was vir ons 'n voorreg om die Mediese Biblioteekgroep se Julievergadering in ons nuwe tuiste te kon hou.

Bibliotekarisse van Johannesburg en omgewing en van Medunsa was teenwoordig asook ons eie MED-kollegas.

Dr E S Miller, Senior Lektor in die Departement Infeksiesiektes van hierdie Fakulteit het 'n interessante demonstrasie van rekenaargesteunde onderrig gegee. Ons was geïmponeer deur ons nuwe OV-toerusting en hoe doeltreffend



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

die skyfie-projektor met die TV-monitor saamwerk.

Dr Miller het sy eie mikrorekenaar gebruik om die proses van RGO te verduidelik.

Die kameelatlas, opgestel deur twee dosente van ons Departement Anatomie, proff Smuts en Bezuidenhout, het nou die lig gesien. Ter ere van die boek (dis die wêreld se eerste!) het ons 'n uitstalling gereël met behulp van Anatomie se Biomediese kunstenares, mev C van Vuuren. Die skelet van 'n kameelkop is deel daarvan, asook die drukkersproewe van sekere van die illustrasies.

Die nuwe gebou is steeds aan't ontwikkel. Die studente het die begin van Augustus in die lesingsale begin klasdraf. Dit het meer lewe in die gebou gebring. Met die Dekaan en die Admin-personeel se oortrek gedurende die tweede week in Augustus is die gebou nou waarlik beset en ons nie meer so afgesonder nie. Die telefone is ook nou geïnstalleer. Die vyf telefone in die biblioteek klink soos 'n mondvol maar ons kan hulle programmeer om net by een uitbreiding te lui indien nodig. Ons moes so baie aanvra weens die uitgestrektheid van ons biblioteek en die min personeel. Die personeellid by die toonbank, byvoorbeeld, kan nou die bode na die werkskamer laat kom om 'n fotostaatmasjienprobleem op te los, sonder om van die toonbank weg te beweeg.

Die enorme plantebakke wat in die ingangsportaal op vlak 2 en onder op vlak 1 van die gebou staan, is in Augustus gevul en die gebou is in 'n lushof omskep.


Die afgelope maand word aan die tuin en parkeerareas gewerk - dis padskrapers, teermasjiene, stof en klippe net waar jy kyk (en loop)! Rotse word in interessante formasies afgelaai, inheemse bome geplant en die sproeiers werk oortyd om die nuwe gras aan te moedig - alles moet reg wees vir die Groot Opening, op 25 September, van die ARNOLD THEILER-gebou.

Groete

ERICA VAN DER WESTHUIZEN




SANLAM SKENKING



Mnre Rossouw, Strydom, Snr Streekbestuurder, Chris van Onselen en Prof Gerryts



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Sanlam skenk oor 'n tydperk van vyf jaar R80 000,00 aan die biblioteek.Die jaarlikse paaiement van R15 000,00 is in Augustus oorhandig.

In oorleg met die Fakulteit Ekonomie en Staatswetenskappe is besluit om hierdie eerste paaiement aan te wend vir boeke wat hoofsaaklik gaan oor Navorsingsmetodiek.

Terwyl die universiteit navorsing tans baie beklemtoon is ons van mening dat die boeke wat aangekoop is, baie sal bydrae om die navorsingsmetodologie̋ op alle vakgebiede te bevorder.

---

FINANSIëLE ONDERSTEUNING VIR BYWONING VAN OORSESE KONFERENSIE

Vanweë die swak kwaliteit van die "delta A" lynkode wat vanaf 1983 in die boeke van die biblioteekdiens gebruik word en ook vanweë die verwagting dat hierdie stelsel nie meer baie lank deur IBM ondersteun sal word nie, het die Afdeling Navorsing en Ontwikkeling reeds 'n geruime tyd ondersoek ingestel na die oorskakeling na 'n moderne standaard lynkodestelsel, naamlik "Code 39". Telkens is gestuit teen die feit dat slegs die IBM lynkodeleser die "delta A" lynkode goed genoeg kan lees en alle ander lesers wat getoets is baie swakker gevaar het, hoewel hulle "code 39" weer baie goed gelees het. Die IBM leser kan ongelukkig glad nie "code 39" lees nie. Met die ontwikkeling van die <u>laser</u>-lynkodeleser is daar uiteindelik 'n leser gevind, die LS 7000 II, wat beide "delta A" en "code 39" etikette bevredigend kan lees. Nadat mev Yzelle Roets en mnr Louis Botha ook die nodige program geskryf het om "code 39" lynkodes op 'n koste-effektiewe manier met behulp van die mikrorekenaar te druk, kon die Biblioteekdiens in Mei vanjaar oorskakel na die gebruik van "code 39" lynkodes in sy nuwe aanwinste. Mnr Rolf Tönsing, wat met die ondersoek in verband met lynkodes gemoeid was, is nou gevra om op die Sesde Algemene Jaarvergadering van die Internasionale DOBIS/LIBIS-gebruikersgroep in Frankryk in September oor bogenoemde ontwikkelinge van UP te rapporteer. Gelukkig vir hom was die firma Barcodes, wat die LS 7000 leser bemark, bereid om die koste verbonde aan sy bywoning te dra. Mnr Ian Beswick en mnr Carlos Ferraz van die firma Barcodes het die tjek hiervoor tydens 'n geselligheid op 30 Julie aan die Biblioteekdiens oorhandig.

---



ONS NUWE GERESERVEERDE VERSAMELING

O O P S T E L L I N G - Sal dit werk of nie - dit is die miljoendollar vraag.... Dit kan nou beantwoord word. Ja, dit WERK!!

Maar om by die begin te begin : 07h00 Donderdag 23 Julie het die trek vanaf ons tydelike blyplek op Vlak 2 terug na Vlak 3 begin, maar hierdie keer na ons pragtige nuwe glaskas toe. 'n Ander vraag het opgeduik - sal daar plek wees




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

vir alles en almal? Ja - maar NET. Voor middagete was ons oop vir diens! Die eerste gebruikers kom stadig in en loer met groot oë na al die veranderings. Daar is verskillende reaksies as hulle hoor dat hulle self hulle benodighede gaan soek. Ek glo dat die groot meerderheid van ons gebruikers baie tevrede is, en van die personeel se kant voel ons meer gelukkig oor die diens wat ons lewer. Daar is nou meer tyd om die wat vasbrand te help en die hele seksie voel meer soos 'n biblioteek, nie na 'n soort algemene handelaar soos voorheen nie. En as ons na ons statistiek kyk en vergelyk met verlede jaar, dan wonder ons hoe ons die groeiende gebruik sou hanteer het. Maandag 17 Augustus het ons 1511 uitreikings aangetoon (hoogste in Augustus 1986 was 982 op een dag); die kontakte by die toonbank tussen 16h00 - 23h00 was 705 en in een half-uur (19h30 -20h00) was 71 mense gehelp deur ons twee aandpersoneellede - glo 'n rekord. Goeie nuus vir ons voete en beentjies ook - hulle kry meer kans om te rus!

Om af te sluit, sê ons baie dankie aan almal. Stephen en sy span wat so vinnig en vrolik ons heen en weer geskuif het; al die personeel by Vlak 2 wat so vriendelik en behulpsaam was; al die persone wat by die beplanning en verandering betrokke was. Almal voel bly dat dit op die ou end so goed uitgewerk het.





GEBRUIKERSFRUSTRASIES

BEL EERS

Indien 'n boek volgens Dobis of die kaartkatalogus, by een van die takbiblioteke is, moet daar eers vasgestel word (op Dobis) of dit nie uitgereik is nie.

Indien dit nie uitgereik is nie, moet eers telefonies vasgestel word of die boek wel op die rak is, as dit by een van die takbiblioteke ver van die hoofkampus is. Die frustrasie van 'n student/dosent wat al die pad soontoe ry net om uit te vind dat die boek nie beskikbaar is nie, kan begryp word.

Die student/dosent kan self bel, maar moet die volledige en korrekte standnommer verskaf, sodat direk op die rak gekyk kan word.

Ons gebruikers se tyd (en petrol) is ook kosbaar!

610 - 619

Daar is wel 'n paar mediese boeke op die sesde vlak in die Merensky!

RINA DE VOS



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

A penny a day, the fine comes to .....

A rare 328 year old book, which had been borrowed from the Pennsylvania state library in the last century, was returned in the library book-drop bin. The book, a volume of British laws enacted in 1656 and 1657, was originally purchased for the General Assembly by Benjamin Franklin, who was ordered to develop the state library.

Officials estimated that the book was borrowed sometime between 1823 and 1900.

- The World Almanac and Book of Facts 1987, p.924.

---

Terloops ...


Die bouprojek is feitlik afgehandel en slegs enkele afrondingswerk moet nog gedoen word.

Die diensure is as volg:

Vanaf Maandae - Vrydae is Merensky II vanaf 7h30 tot 23h00 oop. Op Saterdae vanaf 8h00 tot 18h00.

Merensky I is 24 uur per dag oop vanaf Maandae tot Sondae vir studiedoeleindes...







Op Maandag 17 Augustus het die groot trek van min gebruikte materiaal na Merensky I begin. Onder leiding van mevv Hammes, Putter, Roos en mejj Vermeulen en Roux word die saak hanteer. Dit sal egter 'n rukkie duur aangesien gedeeltes van reekse na die vlakke verskuif word. Die afsnydatum is 1980. Alle min gebruikte materiaal voor 1980 word dus oorgeskuif na Merensky I.







Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019













Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019




Die jaarlikse Lentedagfunksie vir UP-Personeellede en hul gesinne vind vanjaar plaas op Woensdag, 16 September 1987.

Behalwe die laatmiddag vleisbraai, word 'n middag se vermaak vir die HELE gesin aangebied. Daar sal onderling meegeding word in sport en boeresport en kindervermaak soos verfwerk, poppeteater en 'n rolprentvertoning sal aangebied word.

Mnr Gideon Roets is ons skakelpersoon vir al die sport. Vleisbraaivure word reeds vroeg aangesteek en die vleispakkies is beskikbaar vanaf 17H00 by die UITSPANTERREIN teen R3,50 vir volwassenes en R2,00 vir kinders. Pap-en-sous, 'n verskeidenheid slaaie, broodrolletjies, botter, tee en koffie word voorsien en is ingesluit by die prys van die vleispakkies.

Dit is 'n gulde geleentheid om saam deel te neem aan sport (toeskouers is net so belangrik en kan ook pryse wen) en dan laatmiddag en aand gesellig saam te verkeer.

Ons doen veral 'n beroep op Merensky-personeel om die funksie in groot getalle by te woon. Dit is BAIE gesellig en ons wil graag die takbiblioteke se mense ook daar by ons hê.

Verder is daar GROOT pryse om te wen soos byvoorbeeld:
Twee vliegtuigkaartjies (retoer) tussen Jan Smuts en Luxemburg.
'n Naweek se gratis verblyf te Waterbergpark.
Gratis vliegtuigkaartjies en verblyf (spesiale pakket).
'n Naweek se gratis verblyf te Dikhololo.

Ons benodig nog mense om te help met die inskep van slaai vanaf 17h30. Kom HELP asseblief.

BOKKIE MALAN



REPROGRAFIESE DIENSTE

Dit is vandag die 19de Augustus en die son skyn warm en vriendelik deur die klein glasvenstertjie van Reprografie. Baie dankie vir hierdie groot voorreg om nou na buite te kan kyk.

In ons opgewondenheid om 'n boom en die son te kan sien was ek verbaas toe iemand sê: "Haai, julle kyk uit op die teëls van die badkamergebou!"

Dit het my laat dink aan die ou gesegde:

> "Two people looked out through the prison bars.
> One saw the mud and one saw the stars."




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Waarop kyk ons elke dag uit en wat sien ander as hulle ons sien? 'n Glimlag? 'n Bemoedigende woord? 'n Grappie? Of is daar nooit tyd vir so iets nie, behalwe om suur te lyk, te kritiseer of af te kraak?

Baie mooi en gelukkige lentegroete!

THYS EN DORIS









Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

ARE YOU A WINNER OR A LOSER?

* A winner is always part of the answer
  A loser is always part of the problem
* A winner always has a programme
  A loser always has an excuse
* A winner says "let me do it for you"
  A loser says "that's not my job"
* A winner sees an answer for every problem
  A loser sees a problem for every answer
* A winner sees a green near every sand trap
  A loser sees a sand trap near every green
* A winner says "it may be difficult but it is possible"
  A loser says "it may be possible, but it's too difficult
* A winner says "let's find out"
  A loser says, "nobody knows"
* When a winner makes a mistake he says, "I was wrong"
  When a loser makes a mistake he says, "it wasn't my fault"
* A winner goes through a problem
  A loser goes round it and never gets past it
* A winner makes commitments
  A loser makes promises
* A winner says "I'm good, but not as good as I ought to be"
  A loser says, "I'm not as bad as a lot of other people"
* A winner tries to learn from those who are superior to, or better than him
  A loser tries to tear down those who are superior or better
* A winner says, "there ought to be a better way to do it"
  A loser says, "that's the way it's always been done here"
* A winner says, "it can be done"
  A loser finds reasons why it can't be done.

---

'N BLIK OP DIE MIDDELEEUE

Die program: 'n Blik op die Middeleeue neem 'n aanvang met die amptelike opening op Maandagaand, 31 Augustus 1987. Dit duur tot Vrydag, 11 September. 'n Hele reeks referate word aangebied oor verskeie aspekte van die Middeleeue. Daar sal onder andere uitstallings wees deur die Museumkunde-studente, 'n uitstalling in die biblioteek van die Kultuurhistoriese Instituut, en 'n uitstalling op Vlak 3 van Merensky-biblioteek. Almal word hartlik uitgenooi om die referate by te woon en die uitstallings te besigtig.

DINSDAG 1 SEPTEMBER

10h00 : Prof C H F Ohlhoff, Departement Afrikaans, U.P.
Onderwerp: "Rondom Elckerlijc"

11h00 : Prof E W Funcke, Departement Duits, U.P.
Onderwerp: "Offisiële geloof en kettery in die Middeleeue as tema rondom Umberto Eco se verhaal Die naam van die roos"

WOENSDAG 2 SEPTEMBER:

10h00 Dr Estelle Maré, Departement Kunsgeskiedenis, UNISA
Onderwerp: "Die Middeleeuse stad as kunswerk"

11h00 Prof A J Antonites, Departement Wysbegeerte, U.P.
Onderwerp: "Die denke en wetenskap van die Middeleeue"



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

19h00 Dr Charles Malan, SENSAL, R.G.N.
<u>Onderwerp</u>: "Verbande tussen die Middeleeuse alchemie en die eietydse letterkunde"

20h00 Prof L Peeters, Departement Frans, U.P.
<u>Onderwerp</u>: "Lees in die Middeleeue: met liggaam en siel"

DONDERDAG 3 SEPTEMBER

19h00: Dr A Meyer, Departement Argeologie, U.P.
<u>Onderwerp</u>: "'n Argeologiese vertolking van die Middeleeue"

20h00: Dr B K S Dijkstra, Oor-, neus- en keelspesialis
<u>Onderwerp</u>: "Wat die skeletreste van die Hollandse grawe en gravinne van die Middeleeue aan ons vertel"

VRYDAG 4 SEPTEMBER

10h00: Dr A F Meiring, Departement Wiskunde, U.P.
<u>Onderwerp</u>: "Wiskunde in die Middeleeue"

11h00: Dr A E Duffey, Departement Kunsgeskiedenis, U.P.
<u>Onderwerp</u>: "Die kunstenaar in die Middeleeue"

MAANDAG 7 SEPTEMBER

19h00: Mej C Landman, Departement Kerkgeskiedenis, UNISA
<u>Onderwerp</u>: "Die regverdiging van geweld in die Middeleeue"

20h00: Dr P.R. Smith, Departement Kriminologie, U.P.
<u>Onderwerp</u>: "Misdaad en straf gedurende die Middeleeue"

WOENSDAG 9 SEPTEMBER

10h00: Mev E Burroughs, Departement Engels, U.P.
<u>Onderwerp</u>: "Die siening van die vrou in die Middeleeuse Engelse letterkunde"

11h00: Prof Edith Raidt, Departement Afrikaans en Nederlands, Universiteit van die Witwatersrand
<u>Onderwerp</u>: "Sterwensbegeleiding in die Middeleeue: <u>Een scone leeringe om salich te sterven</u>"

19h00: Inklings, Departement Engels, U.P.

<u>Opvoering</u>: "<u>Noah's Flood</u>" en "<u>The Second Shepherd's Pageant</u>" <u>Filmvertoning</u>

DONDERDAG 10 SEPTEMBER

10h00: Dr J E H Grobler, Departement Geskiedenis, U.P.
<u>Onderwerp</u>: "Die alledaagse lewe van die Middeleeuse mens"

11h00: Mnr W M Botha, Departement Biblioteek- en Inligtingkunde, U.P.
<u>Onderwerp</u> "Die rol van die Middeleeuse biblioteekwese in die bestendiging van die Westerse kultuur"

20h00: Kunstedepartemente, U.P.
<u>Opvoering</u>: 'n Aand van voordragte, uitvoerings, musiek en visuele voorstellings



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

VRYDAG 11 SEPTEMBER

10h00: Prof D G Kleyn, Departement Regsgeskiedenis, Regsvergelyking en Regsfilosofie, U.P.
Onderwerp: "Die regsontwikkeling in die Middeleeue"

11h00: Mnr J H Potgieter, Departement Semitiese Tale, U.P.
Onderwerp: "Die rol van die Midde-Ooste in die Middeleeue"

AL DIE VERRIGTINGE VIND PLAAS IN DIE KAPEL, DUXBURYWEG

---

DIE KUNSTENARES ANNA VORSTER

'n Tentoonstelling van die bekende kunstenares ANNA VORSTER kan vanaf 1 tot 11 September in die Intersaal van die Ou Letteregebou by die Universiteit van Pretoria besigtig word. Die uitstalling sal bestaan uit skilderye in bruikleen van privaatversamelaars, om 'n verskeidenheid fasette van die kunstenares se oeuvre te verteenwoordig, asook grafiese werke en akwarelle wat te koop aangebied sal word.

Anna Vorster is in 1928 by Hartebeesfontein in Transvaal gebore. Na haar studies aan die Universiteit van die Witwatersrand is sy met 'n nagraadse studiebeurs na Londen om aan die Slade School of Arts te studeer. Sy het ook aan die kunsakademie van André L'hôte in Parys studeer en het daarna 'n onderwysdiploma aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat verwerf. Sy het later die etskuns by die Graphic Workshop van Kevin Atkinson geleer. Haar honneursgraad se verhandeling wat sy aan die Universiteit van die Witwatersrand afgelê, het gehandel oor "The development of landscape painting through the ages". Sy was as dosent verbonde aan die Johannesburgse en Pretoriase Tegniese Kolleges en die Universiteit van Suid-Afrika en op 'n deeltydse basis aan die Universiteit van Pretoria. Sy is ook bekend as kunsresensent en -skrywer.

Anna Vorster het deur die jare 'n eiesoortige intellektuele en emosionele vertolking gegee van die essensie van 'n milieu soos sy dit onder meer in die buiteland waargeneem het in Rome, Parys, Israel en Griekeland. Haar belangstelling in die misterie van die argeologie was as student geprikkel deur prof T H Haarhoff se lesings in die Griekse en Romeinse kultuur, en het gelei tot tekeninge en skilderye van rotsformasies en argitektoniese oorblyfsels in Griekeland. Sy ken ook die metropolis van Johannesburg, die Hoëveld en die hawetonele van die Kaap.

Sy beklemtoon skerp omlynde visuele indrukke waarin samehang die sleutelwoord is en waar dit aan die verstand oorgelaat word om te ondersoek. Haar pensketse en waterverfstudies is meer sprankelend.

Sy word telkens geboei deur nuwe horisonne en deur die uitdaging om gestalte te gee aan die grootsheid van die Afrika-natuur, die Oos-Vrystaat, die Drakensbergse rotsformasies, die Namib-woestyn, die see en berge van die Boland en ook die mensvorm. Sy abstraheer vorme, versterk dit met ekspressiewe kleur, maar bly 'n figuratiewe skilder.

Die tentoonstelling kan vanaf 1 tot 11 September op weeksdae besigtig word vanaf 09h00 tot 16h00.

DIRKIE OFFRINGA

---



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UYS KRIGE

Uys Krige, ons sonklong, is dood. Op sewe-en-sewentigjarige ouderdom het ons geliefde troebadoer van die Afrikaanse taal, na 'n ryk en kleurvolle lewe, sy laaste asem uitgeblaas.

'n Volledige verslag van sy lewe en wedervaringe, sowel as sy werke, gaan ek nie hier gee nie. Veel eerder wil ek 'n paar aanhalings uit sy werke weergee, waaruit sy onblusbare vitaliteit, sy soekende swerwersgees en sy romantiese lewensdrif duidelik spreek.

"want dis 'n prettigheid om net te leef,
'n vreugde en voorreg sonder fout of vlek,
wat steeds 'n tintelende blydskap wek

Want dis 'n joligheid om net te leef
as mens jou vry voel, deur geen land gebonde ...."
(Uit "Romanza")

"Die blye dag
bruis oor van lig,
één vreugde tot
die verste vergesig ...."
(Uit "Primo Mattino")

"Jou liefde vir my!
O sëen op my lot!
Sku soos die hinde in haar skroomvalligheid,
diep soos 'n moeder se lieftalligheid,
ewig standvastig nes in 'n gebod"
(Uit "Afspraak")

"Ek sou die lug wil wees om pal
my arms om jou te slaan,
Veral sou ek die bloed wil wees
wat deur jou are gaan"
(Uit "Droom")

"O Aldarin! o name, o versugting!
Op Pelgrimsrus in die Transvaal
wil ek weer hoor hoe klink my taal
skoner, welluidender as Provencal.

En ek wil gaan na Avignon,
en ek wil sien hoe smeul die son
in die herfsblare by Tarascon"
(Uit "Tram-ode")

"O mense van my ras, ondanks alles wat ons skei,
steeds aan my gees, my siel, my hart verwant,
wees groot en ruim en sterk, wees vry,
vol lig en stilte, soos dié suiderland!"
Uit "Verre blik")

Ook somberheid en lyding, pyn en weemoed, afskeid en dood, wat onlosmaaklik deel van die lewe is, vind hartroerend gestalte in sy werk.

"O drome, o verlange
wat nou treur en sing
hul droewe sange
van herinnering..

Maar die hart ken sy verdriet
oral, in elk landgebied,
in Kaapstad sowel as in Madrid.

Ek voel die Tyd soos 'n gewas wat aanhou vreet.
Waar is die dag? Waar die geluk?
Wie weet?"
(Uit "Tram-ode")

"Wat sing die see?
Wat kla die wind?
Wat roep die meeu?
Wat snik die hart
aaneen
alleen?"
(Uit "Die Seemeeu")

"Hy ween om die hartseer
wat die teerste vesels raak
Hy ween om die dood
wat oor alle dinge waak.

Hy ween om dinge
ver, ver weg:
die drome, sugte, fluisteringe
ongeseg
van die mens verlore
langs sy eensame weg."
(Uit "Kitaar")




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Uys Krige, ons groet jou. Jou stem is nou stil, maar jou woorde lewe. Jou nalatenskap is kosbaar.

JEANETTE MARAIS

---



TREFFERS

BOEKE: SO LONG A LETTER

Lofliedere oor rakkontrole sal ek nooit sing nie, maar soms kom 'n mens tog op 'n juweeltjie af wat die urelange kontak met die rakke die moeite werd maak! Ek het die boek "So long a letter" deur Mariama Bâ met vreugde gelees, en het veel insig en kennis oor die Islamitiese gemeenskap en tradisies daaruit geput.

"So long a letter" vertel die lewensverhaal van Ramatoulaye in 'n brief wat sy aan haar boesemvriendin, Aissatou skryf. Haar brief word 'n getuienis van haar geloof, haar liefde vir haar gesin, haar vreugdes en haar smart.

Wanneer haar man 'n tweede vrou neem - 'n handeling wat deur die Islamitiese geloof goedgekeur word - is sy totaal verpletter. Haar vertroue in haar medemens is tot niet, omdat sy voel dat haar lewenslange opofferinge, getrouheid en liefde verneder en verwerp word.

"So long a letter" beeld die vrou in die Moslem-gemeenskap deernisvol uit; haar stryd teen die onderdrukkende maatreëls en tradisies waaraan sy onderwerp word. Ramatoulaye se waardigheid en dapperheid dien as voorbeeld vir alle vroue, ongeag ouderdom, ras, kleur of geloof.

JEANETTE MARAIS

---

FILMS

'N WêRELD SONDER GRENSE

'n Opdrag vir Septembermaand. Gaan kyk na die film " 'n Wêreld sonder grense". Dit is om twee redes baie belangrik om hierdie film te ondersteun.

Dit is 'n produk van die Suid-Afrikaanse filmbedryf. Om films van hoogstaande gehalte te kan lewer, het ons filmbedryf elke greintjie ondersteuning nodig. Daarbenewens is dit 'n Afrikaanse film. Afrikaans, ons pêrel van groot waarde, sal slegs tot sy reg kom as Afrikaans korrek gepraat word, as Afrikaanse boeke gekoop én gelees word, én as daar na Afrikaanse films gekyk word.

"'n Wêreld sonder grense" is gebaseer op die gelyknamige debuutbundel van Alexander Strachan, wat uit nege aaneengeskakelde kortverhale bestaan wat gesamentlik 'n oorlogsverhaal vorm. Hier gaan dit om die Suid-Afrikaanse grensoorlog en die daaglikse stryd om oorlewing. Die lewe van die jong soldaat word treffend uitgebeeld; sy vrees en pyn, sy aanpassingsprobleme, die geweld waarmee hy gekonfronteer word, die brutaliteit van oorlogsvoering en die emosionele letsels wat sy ervarings op hom laat.




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Weer-eens gaan kyk na "'n Wêreld sonder grense". Geen Suid-Afrikaner, en veral, geen Afrikaner kan dit bekostig om dit nie te sien nie.

JEANETTE MARAIS

---

vermaak



VIERDE KONSERTSEISOEN

VRYDAG, 11 SEPTEMBER 1987 OM 19h30

Pretorium Trust Beurswennerskonsert

WOENSDAG, 16 SEPTEMBER OM 19h30

Marian Friedman (Klavier)

WOENSDAG, 23 SEPTEMBER OM 19h30
WOENSDAG, 30 SEPTEMBER OM 19h30

UP-Simfonieorkes Concerto Fees

ETENSUURKONSERTE

DONDERDAG, 3 SEPTEMBER

Innes en Franna Benadé (ligte musiek)

DONDERDAG, 10 SEPTEMBER

Karin Petrick (klavier) Imme Holm (tjello)

DONDERDAG, 17 SEPTEMBER

Pieter Jacobs (Klavier) Elmarie du Plessis (altviool)

DONDERDAG, 24 SEPTEMBER

UP-Simfonieorkes olv Alan Solomon Concerto Fees

DONDERDAG, 1 OKTOBER

Lizanne Barnard (klavier)
Amanda Bosch (fluit)
Charl Lamprecht (kitaar)






Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# *Gelukwense....*



**VERJAARDAE - SEPTEMBER**

3 Mnr Dirk Bezuidenhout (Regte)

7 Mev Annatjie Myburgh (Algemene Administrasie)

9 Mej Diana Minnaar (6e Vlak)

15 Mnr Dawie Hughes (Bindery)

18 Mej Katrien Blomme (Klinikala)

19 Mej Sophia Möller (Medies)

23 Mev Annemarie Pienaar (Tiksters)

24 Mev Marielize Goldie (Vlak 5)

27 Mev Erica van der Westhuizen, (Veeartsenykunde),
Mev Ria Viviers (Regte)

28 Mev Laura Pienaar (Skenkings),
Mev H D Stinnes (Bibliografiese Ontsluiting)

29 Mev Ronell Mostert (Tydskrifte)

30 Dr Henk de Bruin (Onder-direkteur)



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

PERSONALIA

NUWE AANSTELLINGS


NAAM: Mev Caroline Badenhorst

Getroud, 3 kinders

Aangestel by Toonbank

Vorige ondervinding : Assistent-bestuurder van Weefwerkswinkel Irene Homes.

Belangstellings: Weef, lees, musiek en naaldwerk
Voorsitster van Wewersgilde




---

NAAM: Mnr Johan Wiesner

Getroud

Vorige ondervinding: Verpleegadministrasie en skakelwerk by Weskoppies Hospitaal

Belangstellings: Tennis, Atletiek, Perdesport, Skaak en Tuin




---



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# BEDANKINGS



Henk Schoombie - Toonbank



Dina Terblanche - Boekontvangs



Denise Wheeler - IBL



Wilna Marais - Musiekbiblioteek



Bella Odendaal - Vakbibliotekarisstelsel - Vlak 5

Die wandellus neem haar toe weg.

Bella Odendaal wat in Januarie 1982 in die Merensky Biblioteek begin werk het, het na 5 jaar en 7 maande besluit om nader aan haar huis te gaan werk. Sy het alreeds die stokkie by haar Vakbibliotekarisdienspunt, Sosiale Wetenskappe en ERID-opleiding, aan Lourett Oosthuizen oorgegee. Haar dienste gedurende die tyd wat sy hier was, word waardeer en vreugde word haar toegewens op haar werk in die Openbare Biblioteek.

## VERSKUIWINGS

Mev Helène Fourie is vanaf 1 Augustus aangestel as Vakbibliotekaris by Musiek.


Mev Magda Botha van Musiek na Tydskrifte

Dankie aan mev Hannetjie Erlank wat vir drie maande uitgehelp het by IBL.




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UITSTALLINGS OP VLAK 6












Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Universiteit van Pretoria

# Biblioteekdiens

# BIBLIKASIE

SEPTEMBER

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

DIE EERSTE Sê

## DIE 1987 KONFERENSIE TE WINDHOEK IN OëNSKOU

Toe daar besluit is om die 1987 Konferensie in Windhoek te hou, was daar ernstige bedenkinge of dit 'n wyse besluit was. Noudat die konferensie verby is en dit in oënskou geneem word, blyk dit tog dat dit 'n baie goeie keuse was.

Weliswaar was daar nie soveel afgevaardigdes as wat die geval met die meer populêre sentra soos Kaapstad, Durban, Johannesburg en Pretoria is nie, nietemin is die konferensie deur meer as driehonderd afgevaardigdes bygewoon.

Vir die biblioteekwese in Suidwes-Afrika het die konferensie baie beteken. Die algemene publiek het terdeë kennis geneem van die biblioteekwese in die algemeen, en in besonder die biblioteekwese in Suidwes-Afrika. Geweldig baie publisiteit is dan ook deur die pers, radio en televisie aan die konferensie verleen. Selfs inleidingsartikels is in die dagpers daaraan afgestaan.

Die tema van die konferensie was: Beplanning vir verandering : die uitdaging vir die Biblioteek- en Inligtingsberoep. Die klem het dan ook geval op die rol van die biblioteek in die ontwikkeling van Suider-Afrika.

Verskeie insiggewende referate is gelewer en dit sou moeilik wees om te sê watter die beste was, hoewel sommige sprekers soos prof L Schlemmer, dr C F Garbers en prof P C Fourie uitstekende voordragte gelewer het.

Baie tyd is bestee aan 'n ontleding van 'n verslag wat Unisa op versoek van SAIBI opgestel het, getiteld "The use of Libraries for the development of South Africa". Alle biblioteeksoorte is hierby betrek, maar dit gaan veral die Openbare Biblioteke wees op wie die soeklig uiteindelik gaan val.

Die Konferensie het besluit om die verslag na die individuele biblioteke en hulle beheerliggame te verwys vir bestudering en aanbevelings vir verdere bespreking by die volgende konferensie.

Ook die sosiale sy van die konferensie is nie afgeskeep nie. Afgesien van die vingerete tydens die openingsaand, Maandag, is afgevaardigdes die Dinsdagaand op 'n baie gesellige vleisbraai soos alleen die Suidwesters kan doen, deur die Burgemeester van Windhoek, onthaal. Dit was baie plesierig en gesellig. Woensdagaand kon 'n bierbrouery besigtig en beproe word.

Erelidmaatskap is aan dr H J M Retief toegeken en socius lidmaatskap aan mnr P E Westra en prof M Bester. Die Katrine Harristoekenning vir kinderboekillustrasie is toegeken aan Niki Daly. Ander toekennings wat gedoen is was die navorsingsbekroning aan dr B Fouche en die Bibliografiese toekenning aan die RSANB.


Ten slotte kan dit maar gesê word dat dit 'n vrugbare en genotvolle konferensie was.

W W Duminy



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

REDAKSIONEEL



Baie dankie aan al my staatmakers wat so hard gewerk het in my afwesigheid. Biblikasie moet aangaan al kuier die redakteur oorsee!

In hierdie uitgawe kan u lees van my vakansie en 'n kort blik kry van die "ander wêreld".

Ons wil graag al die mense bedank wat so getrou hulle bydraes stuur. Onthou Biblikasie is net so goed soos die bydraes wat ons ontvang. Sonder die personeel is daar net nie 'n Biblikasie nie!

Ons wil ook saam met Bokkie sê, "Dankie" aan die Hemelse Vader wat oor ons waak. Ons is almal bly oor Riaan se vordering.

---

WHAT IS WORK?

"Work is love made visible.
And if you cannot work with love but only with distaste, it is better that you should leave your work and sit at the gate of the temple and take alms off those who work with joy".

KAHILL GIBRAN
-Prophet.

Ray Smithers
GSV

---

SABINET

In die afgelope twee weke is daar heelwat probleme met aftyd op Sabinet ondervind. As gevolg van lynprobleme was die stelsel vir 'n paar dae nie beskikbaar nie. Vir die seksies soos IBL, Bibliografiese Ontsluiting en Tydskrifte wat daagliks afhanklik is van Sabinet se beskikbaarheid, was dit baie ongerieflik.

Almal was verheug toe hulle weer kon werk - maar dit was van korte duur omdat daar weer probleme ontstaan het, dié keer met die sentrale modem wat toe vervang moes word.

Op die oomblik gaan dit klopdisselboom en ons almal hou duim vas dat dit so sal aanhou.

Joy Roos

NB: Die drukkersduiwel het sy kop uitgesteek in die SABINET-berig van verlede maand. Let asseblief op die volgende regstelling: SABINET/TISAB - Recon-Projek moet lui: SABINET/TISAB - Retcon-Projek.

---



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

ALLERLEI

## OPLOSSINGS WEL MOONTLIK VIR BOEKBOIKOT

Die beskikbaarheid van akademiese handboeke vir studente is 'n al groter wordende probleem. Boekhandelaars staan magteloos hierteenoor, aangesien boikotte deur die buiteland toeneem.

Disinvestering is 'n tendens wat eers redelik onlangs in Suid-Afrika voorgekom het nadat die Amerikaanse Kongres besluit het om sanksiewetgewing teen Suid-Afrika te aanvaar om politieke druk uit te oefen. Die gevolg was dat 'n hele aantal bekende maatskappye, onder meer General Motors, òf uit die land onttrek het, òf onder 'n ander naam met ander bestuur voortgegaan het.

Wat die boekbedryf betref het Collier MacMillan 'n jaar gelede sonder enige opspraak uit Suid-Afrika onttrek. 'n Nuwe maatskappy met 'n ander naam is bloot gestig en Collier MacMillan se publikasies is nog steeds beskikbaar in Suid-Afrika. McGraw-Hill, die grootste akademiese uitgewer in die wêreld, het met 'n groot geskal 'n paar maande gelede aangekondig dat hulle die Suid-Afrikaanse mark gaan verlaat, maar maak gebruik van tussengangers en plaasvervangermaatskappye.

Die beskikbaarheid van boeke is sodoende beïnvloed. Met die instelling van die Sullivan-kode en die daaropvolgende disinvesteringsaksie van die Amerikaners het die boekbedryf behoorlik onder skoot gekom. Die sigbaarheid van die boekbedryf op die kampusse het veroorsaak dat baie Amerikaanse uitgewers druk ondervind om te disinvesteer - baie van hulle teen hulle sin. Konglomerate besit groot uitgewershuise wat ook uit die land moes onttrek aangesien dié besluit deur hul moedermaatskappy geneem is.

Die feit dat maatskappye disinvesteer, is bloot die piek van die ysberg en die totale omvang van die invloed van disinvestering in die boekbedryf kring veel wyer uit. Boekhandelaars in Suid-Afrika word as 'n kredietrisiko beskou en boeke net gelewer nadat vooruitbetaling ontvang is. Sekere maatskappye weier prontweg om boeke aan Suid-Afrika te lewer, maar doen darem die moeite om 'n bestelling van Suid-Afrika na 'n agent in New York deur te stuur vir uitvoering.

Suid-Afrika word inderdaad besonder hard getref deur disinvestering in die boekbedryf. 'n Boek is enig in sy soort op die betrokke vakgebied, en kan nie sommer met die naaste soortgelyke publikasie vervang word nie.

Die situasie word ingewikkelder weens die feit dat, hoewel die meeste boeke wel nog verkry word, heelwat ander faktore as blote verkryging ter sprake is. Hierdie faktore sluit aspekte in soos koste, wat kan wissel van die bykomende kostes verbonde aan tussengangers en voorsiening langs omweë, tot moontlike probleme om van onverkoopte eksemplare ontslae te raak.

'n Ander uiters belangrike faktor is die beskikbaarheid op die regte plek en die regte tyd, teenoor om bloot 'n boek in die hande te kan kry, al dan nie. Dit is 'n probleem, want 'n boek kan uit druk, in herdruk, tydelik uit voorraad of op pad na die boekhandelaar wees. Veral met akademiese boeke is dit noodsaaklik om boeke betyds te bekom, want die boekhandelaar loop die risiko dat die boek miskien 'n jaar lank op die rakke onverkoop bly en dalk nie weer voorgeskryf gaan word nie. Met die aankoop van boeke langs 'n omweg is beide die kosteen die tydfaktor miskien groter probleme as die blote beskikbaarheid.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Maar boeke is geredelik beskikbaar, disinvestering ten spyt. Selfs in die geval van sekere Nederlandse uitgewers, wat al jare lank weier om boeke te voorsien, of die Skandinawiese lande, is dit nie totaal onmoontlik om die betrokke boeke te bekom nie.

Dit is ook so dat in lande soos Australië daar, ten spyte van teenkanting van regeringskant, deur uitgewers geglo word aan "a free flow of ideas and a free flow of knowledge".

Die spesifieke probleme is dus geredelike beskikbaarheid teen 'n redelike koste binne die bepaalde tyd.

In dié proses ondervind die boekhandelaar groot probleme, is hy aan aansienlike risiko's blootgestel en verkeer hy ook onder verbruikersdruk.

Met enige disinvestering is die werklike vraag nie of 'n produk bekom kan word of nie, en of dit met 'n ander vervang kan word of nie. Die bepalende faktor is bloot hoe koste-effektief die probleem hanteer kan word. 'n Oplossing wat te duur is, is nie meer 'n oplossing nie.

Die boekhandel is dus besonder kwesbaar. Die boekhandelaar self het min of geen beheer oor die verskeidenheid faktore wat 'n invloed kan uitoefen nie. En die werklikheid is dat die betreklik geringe disinvestering wat wel plaasgevind het, 'n weerspieëling is van 'n aansienlike wêreldwye tendens wat reeds hard tref.


Bron: De Villiers, P J
<u>Publicare</u> Vol 1, No 2
Julie 1987 p 1-2

VISUELE STRES KOM VAN TE VEEL IN SKERM KYK

Saam met gejubel oor die wonder van die moderne rekenaar-tegnologie wil-wil die trane ook deesdae loop: letterlik. Dit is omdat die skerms waarteen derduisende werkende mense deesdae vaskyk, allerlei gesondheidsprobleme vir die individu kan skep.

So algemeen raak klagtes oor veral oogprobleme, dat oogkundiges daarna verwys as visuele stres. En dié week het die Optometriese Vereniging van Suid-Afrika inligtingstukke oor die korrekte gebruik van rekenaartoerusting versprei.

Mnr Sam Schneider, voorsitter van die Advieskomitee van die Vereniging, sê aan Rapport die gebruik van rekenaars en die vaskyk teen 'n skerm met data, beteken geweldige aanpassings vir die mens. Ongelukkig word die belangrikheid van die korrekte beligting, posisie van sit, en die regte meubels nog in 'n groot mate onderskat.





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Hy sê meer as die helfte van alle rekenaargebruikers ondervind simptome van oogstres, hoofpyne, belemmerde uitsig, jeukerige of dowwe (blurring) oë, dubbele visie en slaaploosheid. Hulle kan ook probleme ondervind met konsentrasie en kan daarby buitengewoon baie foute met die rekenaar maak.

Ook ander gesondheidsprobleme kan deur die man en vrou ondervind word wat heeldag voor 'n rekenaar sit. Dit is onder meer spanning in die nek en skouers, rugpyn, buitengewone fisieke tamheid of toenemende irritasie terwyl hulle voor die skermpie sit. Pyne in die arms, gewrigte en skouers is ook algemeen.

Die mens se oë is gemaak om in die verte te kyk, soos boere en jagters in vroeëre geslagte, terwyl rekenaarwerk nou intense konsentrasie op 'n kort afstand vereis, sê mnr Schneider.

Mense wat effe versiende is, kan normaalweg bestuur en lees sonder voorskriflense, maar wanneer hulle voor die rekenaar sit, mag hulle dit dalk nodig hê vir belemmerde uitsig en algemene visuele ongemak.

Mense wat op ouderdom 35 of 40 vind dat hulle nie meer so doeltreffend kan fokus nie, mag dalk ook vind dat die rekenaar hul verplig om voorskriflense vir die kyk op die skerm aan te skaf.

Gewone leesbrille wat spesiaal vir rekenaargebruikers voorgeskryf word, mag doeltreffend genoeg wees, maar bi-fokale lense moet spesifiek ontwerp word met die skerm in gedagte.

Mnr Schneider sê rekenaargebruikers word aangemoedig om hul oë gereeld te laat toets en om alle ongerieflikhede wat hulle ondervind, onder die oogkundige se aandag te bring. Deur die korrekte advies in te win, oogoefeninge te doen en met die regte bril of lense, kan die probleem gelukkig in toom gehou word.

Nietemin bly beligting, die korrekte meubels en rusperiodes van 15 minute na elke twee uur van aanhoudende gebruik van die rekenaar, en 'n addisionele 15 minute na elke uur van harde konsentrasie, ook baie belangrik, sê hy.

Rapport, 6 September 1987

---

## EN SO VERTEL

### KOM REIS SAAM ....

Die wêreldkongres vir Veeartsenykunde word elke vier jaar in 'n ander land gehou. Ons was bevoorreg om die kongres, wat vier jaar gelede in Perth, Australië gehou is, by te woon. Daar is toe besluit dat die volgende kongres in Montreal, Kanada gehou sal word.

Vanaf 1983-1987 het ons toe 'n voortdurende spaarpoging geloods om die kongres in September 1987 te kan bywoon. Die politieke situasie in Suid-Afrika vereis dat 'n visum na 'n ander land nodig is om ons eindelike bestemming, naamlik Kanada, te kon bereik. Ons het op die geliefde wêreldstad, Parys besluit en 'n grasie van vyf dae toegelaat in dié stad om ons visums te kon reël. Met SAL is ons weg Parys toe - uiteindelike "rustigheid" na dae van skarrel om reëlings tuis af te rond.

Uiteindelik Parys - totaal Frans "onmagtig", maar positief. Die visums het ons net 'n halwe dag by die Kanadese Ambassade besig gehou. Ons kon dus bykans al ons tyd gebruik om Parys te sien



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

- deel van die sewe-en-'n-halfmiljoen hoogseisoen-toeriste! Met die Metro-moltreinstelsel onder die knie, kon ons met gemak reis waar ons wou. Ons het alles beleef: van die Mont Marte (die kunstenaarsbuurt), tot die alombekende Eifeltoring. Die modewinkels is 'n fees en "volgende jaar" se modes is alreeds beskikbaar. Ons het regte Parysenaars geword: half-twee soggens in die bed en ontwaaktyd eers teen tienuur die oggend. Baie opmerklik is dat Parys skóón is van rommel (die strate word gewas en gestofsuig) - hulle het dus nie 'n volstruis nodig om hulle op te voed oor "zippit in die zee-bee-blik" nie!!

Vyf dae later, en ons is oppad na Montreal: om agt ure te verloor op die tydsone. Quebec, die Franse deel van Kanada is ons bestemming - dus nog steeds 'n taalprobleem vir ons twee Suid-Afrikaners.

Kanada is 'n mooi, groot, oop en groen land; omring deur 'n oorvloed water. Die mense van Quebec is half-Frans, half-Amerikaans - dus eintlik in 'n "identiteitskrisis" gedompel. Die Franse stempel is duidelik gelaat op die eetplekkies (met tipiese lang, Franse brode), maar net soveel tipiese Amerikaanse wegneemeetplekke is orals te kry.

Die Veeartsenykunde Kongres was egter ons eintlike doel in Quebec. 'n Kongres met 2 300 afgevaardigdes (waarvan agt Suid-Afrikaners was) bymekaar in hierdie mooi land. Tussendeur interessante referate van wêreldgehalte, is daar geleentheid gegee vir besigtigingstoere. 'n Bootreis op die Laurencerivier was 'n hoogtepunt vir Kongresgangers. Ons was ook gelukkig om die Rogozen-uitstalling van Bulgarye te kon sien. Die "skat" is eers in 1986 ontdek. Die uitstalling behels 'n duisendstuks gebruikersartikels in suiwer goud, gevind in opgrawings in Bulgarye, van die artikels ouer as die (Piramidiese) Egiptiese tydperk. Dit is die eerste keer dat die uitstalling buite Bulgarye vertoon is. Alreeds halfpad om die wêreld, besluit ons om na die elf dae in Montreal by my suster in Australië te gaan kuier. Eintlik 'n vlug "rondom" die wêreld!

Na 'n vlug van ses-en-dertig uur (onder andere twee ure huisarres in Amerika vir die visumlose Suid-Afrikaners) is ons doodmoeg en deurgereis in Paraburdoo, Australië. Dié klein dorpie in Wes-Australië het 'n inwonertal van slegs 2 000. Daar is 'n rustigheid in dié plattelandse dorpie: geen handearbeid beskikbaar, geen eiendom wat gedurig agter slot en grendel beskerm moet word nie en fietsry so algemeen soos ons motorry. Die natuur is wonderlik - kangeroes, swerms papegaaie en budgies was vir ons besonders.

Met 'n vierwielaangedrewe-voertuig, het my familie ons aan die dele van Australië bekendgestel wat ons met die kongres vier jaar gelede nie kon sien nie. Koraalstrande met suiwerwit sand, 200 km lank en 'n verskeidenheid van 143 koraalsoorte, het vir ons twee Suid-Afrikaners daar werklikheid geword en storieboekmooi. Die see is meerstil en branderloos. Afstandsgewys is daar 'n "ons wys julle gou"-rit tot by Exmouth, 800 km ver van Paraburdoo. Sydney is 10 000 km van Paraburdoo - 'n afstand wat mense daar met gemak aflê. (Hulle ry plus-minus tien dae lank).


Wes-Australië platgery, en afskeid geneem van ons ver-ver-weg familie, is ons op pad terug na Suid-Afrika.

Tuiskoms was wonderlik, maar die hartseer om te sien hoe ons land rommelbestrooi is, ....(van die kampus praat ek nie eers nie).

Die tyd oorsee is 'n ondervinding wat lank deel sal wees van ons herinneringe.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019




Om u net 'n idee te gee van h
groot Australië werklik is. D
donker pyl is die afstand wat o
gereis het. Wes-Australië is o
geveer so groot soos Suid-Afrika.




race occupied an immense territory starting at the Aegean Sea, up the Danube
the Carpathian Mountains, and from Macedonia to the Black Sea and the Dnie-
r River; and via the Hellespont into Asia Minor. The Thracian steppe was the


Die uitstalling van Thrace wat
ons bygewoon het. Die kaart toon
aan waar die gebied geleë was.

Kanada is die eerste land wat die
uitstalling vertoon het.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019




The Gold of the Thracian horsemen will challenge your credulity as these rich and flamboyant works of art, some dating as far back as six millennia ago, relate a previously untold story of a mysterious people who walked with the ancient Mesopotamians, Egyptians, Greeks and Romans.




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019


Kanada







Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019



---

WINDHOEK

Wat? Konferensie bywoon uit eie keuse? In Windhoek? Per KOMBI? Stapelgek(!) Bitter Professioneel (?!) Wie sal weet?

Windhoek - "die plek waar die wind jou in 'n hoek waai". En hierdie keer het hy meer as 300 bibliotekarisse opgestapel in een hoek.

Die natuur in Suidwes-Afrika is natuurlik pragtig en baie interessant. Dit spreek duidelik uit die verskillende toere wat die reisagentskap adverteer: "Wild West adventure" "Wild reflections" "The Living Desert" "Desert Delights". Ons het al hierdie dinge beleef: "adventure, reflections, living, delights".

Na minister Dirk Mudge se openingsrede het ons almal geweet wat in SWA-Namibië aangaan. Na die Burgermeestersonthaal, 'n baie informele braaivleis in die Brouerysaal en met die nodige versterking vooraf, het die Suidwesters weer alles geweet wat by onsin die RSA aangaan. Kyk, die manne van ons beroep kan sing, hoor. Met Brian Brink as voorsanger het die liedjies ook natuurlik in enige taal ter Afrika's plaasgevind.

Die temas van die referate weerspieël presies hoe dit met ons gegaan het tydens hierdie besoek.

"<u>Excellence in Practice</u>"

Dit is nou mnr Jan Swart en dr Adriaan Swanepoel as bestuurders van die kombi's. Kilometer na kilometer, uur na uur, kalm en uitstekend.

"<u>Aiming for excellence</u>"

Dit is nou ons ander wat hulpbestuurders was. Twee se voete was maar bietjie swaar in die hoek, maar die ander kan gaan, en is nader aan "excellent".

"<u>Present problems</u>"

Eintlik moet die tema wees "Absent problems". Die een kombi eindig in Postmasburg in plaas van Upington, en die ander ry die wêreld vol op soek na hulle. "Absence makes the heart ..."

"<u>Future perspectives</u>"

Die paaie in SWA loop reguit - lynreguit! Niks versteur jou uitsig nie en jy kan v-é-r en duidelik in die toekoms sien.

"<u>Samewerking by versamelingbou en dokumentlewering</u>"

Oral langs die pad is daar baie mooi voorbeelde van sulke "samewerking" en "bou". Dit is interessante versamelvoëls met hulle massiewe versamelneste. Wat "dokumentlewering" aan betref - die wit strepe en kolle onder die bome ...



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

"Bevolkingsontwikkeling" en "Die gebruik van biblioteke vir die ontwikkeling van Suid-Afrika"

Die nuwe bedeling van die biblioteek as sosiale, maatskaplike instelling én die verpligtinge wat hiermee saamgaan het mens maar net laat wonder: "Skoenmaker, skoenmaker, waar is die lees waarby jy jou moet hou?" Dat ons beroep in die toekoms vreemd maar interessant gaan wees, is gewis.

Verder was daar ook mosies - slim mosies en slinkse mosies en sommer net mosies en verslae en bedrae, en sienings en menings, en lekker gesels en baie gelag, en koffie gedrink laat in die nag.

Maar Windhoek het ook winkels met klippe, julle weet.


Hoeveel referate het ek bygewoon? Wie sal weet!

Groete

Anne van Zijl

---

## Vermaak



MUSIEKBLYSPEL RIP (TUKS 87)
deur Jannie du Toit
regie Brenda Potgieter
in die AULA.

SPESIALE PERSONEELAANBOD
TOEGANG: R3 - personeel en volwassenes. R2 - studente en skoliere.

---

VERANDER 'N VYAND IN 'N VRIEND

'n Sagte antwoord laat woede bedaar ... (Spreuke 15:1)

As daar ooit in die Bybel 'n praktiese riglyn neergelê is om deur die Christen in sy elkedagse lewe toe te pas, is dit dié in hierdie vers. Talle probleme in die huwelik, tussen kollegas, in besigheidsverhoudinge en in vriendskappe begin met 'n snedige opmerking. In plaas daarvan om dit te ignoreer of vriendelik te beantwoord, word dan op soortgelyke wyse teruggekap en die vet is in die vuur. Een harde woord lei tot 'n ander totdat dit eindig in totale verwydering tussen mense. Somtyds is dit uiters moeilik om so 'n breuk te heel. En volg jy die spoor van die breuk terug tot by sy begin, lê die oorsaak in 'n harde woord wat geval het.

Ons kan baie spanning in onderlinge verhoudinge vermy as ons ons teksvers prakties uitleef. In eie krag is niemand egter daartoe in staat nie. Ons oorwinning lê in Jesus Christus wat, toe hy beledig is, nie terug beledig het nie (1 Petrus 2:23). Dis alleen deur Sy inwoning in u lewe dat Hy self u in staat sal stel om ook die opdrag in 1 Petrus 3:9 te kan uitvoer: "Moenie kwaad met kwaad vergeld of belediging met belediging nie. Inteendeel, antwoord met 'n seënwens, want daartoe is julle geroep, sodat julle die seën van God kan verkry". 'n Heerlike belofte vir diegene wat hulle nie deur die kwaad laat oorwin nie, maar die kwaad deur die goeie oorwin (Romeine 12:21).

Here Jesus, skryf u asseblief hierdie vers in my hart. Ek gee myself opnuut aan U oor sodat U my vandag in staat sal stel om in die moeilike verhoudinge waarin ek staan hierdie beginsel prakties uit te leef tot u eer.

Bron: Die Bybel

SUSAN OLIVIER



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

ONS Sê DANKIE

Ons as gesin kan getuig van die goedheid en die genade van ons Hemelse Vader.

Februariemaand het ons die verpletterende nuus gekry dat klein Riaan klierkanker in die derde graad het.

Die afgelope sewe maande was 'n baie moeilike tyd met gereelde chemoterapie behandeling. Sommige dae het dit beter gegaan en ander dae baie slegter en soms wou ons amper moed verloor, veral toe sy witbloedtelling twee weke na mekaar te laag was vir enige behandeling. Boonop het hy aanmekaar gewig verloor en op 'n stadium net meer as 16kg geweeg.

Net na hierdie laagtepunt gebeur die wonder en daar kom 'n skielike keerpunt wat so wonderlik is dat die chemoterapie gestaak kon word.

Oor 'n maand sal hy nou weer teruggaan hospitaal toe vir 'n reeks volledige toetse en ons vertrou dat hy "skoon" sal wees.

Ons as gesin sê baie dankie vir almal in Merensky se simpatieke meelewing en belangstelling en vir AL die gebede wat daar vir Riaan opgegaan het. Dit het vir ons geweldig baie beteken en ons kan weer saam met die Psalmdigter uitroep:

"Aan die Here kom die lof toe, want Hy het my smeekstem gehoor.
Die Here is my sterkte en my beskermer, op Hom het ek vertrou.
Hy het my gehelp"
Psalm 28:6

Bokkie Malan

---

LENTEDAG

So het nog 'n lieflike Lentedagviering gekom en gegaan.

Soos voorheen was daar weer baie organisasie aan verbonde om alles glad te laat verloop.

Die dag voor Lentedag het ek en Elsa Roos vroegoggend na die groot mark gegaan om blomme te koop. Dis altyd pret om die knoppie betyds gedruk te kry (soos in Flinkdink) en die beste "prys" vir 'n kartondoos vol blomme te betaal. Dit was 'n louter vreugde om met die massa kleurvolle blomme terug te kom. Elsa Roos, Doris Botha, Susan Olivier en Rina Herman het my baie fluks gehelp met al die rangskikkings. Die blomme was 'n fees vir die oog en almal sê BAIE BAIE DANKIE daarvoor. UPP (UP Personeelvereniging) se mense het gesorg vir lekker verversings en 'n heerlike braai vir middagete so tussen die werk deur!

Baie dankie aan almal wat gehelp het met die uitdeel van vleispakkies en die inskep van slaaie, en die pap met sous. Alles het sonder haakplek verloop en daar was geen opeenhopings en lang toue nie.

Die hele Uitspan-terrein het te pragtig gelyk met die tente, blomme, mooi tafels en al die gesellige braaivleisvure.

'n Heerlike lentebui het veroorsaak dat mense gouer as wat beplan is, huistoe gegaan het, maar'n hele klomp mense het tot laat in die tente gekuier en die musiek geniet!



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Nogmaals baie dankie vir al die helpende hande. Volgende jaar maak ons DV weer so!

Groete

Bokkie Malan

RINA HERMAN EN BOKKIE MALAN BESIG MET DIE BLOMME VIR LENTEDAG OP 16 SEPTEMBER BY DIE UITSPAN TERREIN.





BOEKVERKOPING 24-26 AUGUSTUS 1987

Skenkings het in die Ou Merensky 'n permanente verkoopslokaal gekry waar daar van tyd tot tyd boeke verkoop sal word. Aangesien dit op die grondvlak geleë is met 'n deur na buite is die lokaal baie geskik vir die doel. Die feit dat alles nie altyd na 'n verkoping opgepak hoef te word nie, spaar baie tyd en moeite.

Daar is deur Topbestuur besluit om 'n groot aantal boeke wat afgeskryf is uit die Buitemuurse voorraad, saam met die geskenke wat nie opgeneem kon word nie, te verkoop.

Soos met vorige verkopings het mense al 'n halfuur voor die tyd buite die deur gewag. Deurgaans was daar baie belangstelling, alhoewel ons die eerste oggend sowat 60% van die totale verkope afgehandel het.

Letterkunde het veral byval gevind, sowel as Plant en Dierkunde, Kuns, Argitektuur en Teologie. Daar was heelwat navrae oor regsboeke, wat nie op die verkoping was nie maar op 'n latere stadium aangebied sou word.

Die verkoping kan as suksesvol beskou word, finansieel sowel as andersinds. 'n Bedrag van R4,500, wat aangewend sal word vir die aankoop van boeke, is ingewin. 'n Gesellige atmosfeer het deurgaans geheers terwyl die dosente en studente en ander "bibliomane" rondgesnuffel het. Baie het weer en weer opgedaag, en oor die algemeen was die reaksie van die kopers baie gunstig en entoesiasties.

Baie wou weet wanneer ons weer gaan verkoop, omdat hulle nie alles gelyk kon bekostig nie. Na afloop van die verkoping is steeds baie navrae ontvang. Dit wil voorkom asof die boekverkopings 'n bydrae lewer tot 'n positiewe ingesteldheid teenoor die Biblioteekdiens.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

TERLOOPS



NA-UURSE DIENSLEWERING

Die jaar staan al op sy kop en nog steeds steek almal vas by die boek - "die na-uurse".

Die oorspronklike rooster is in my kantoor en ALLE veranderings moet VROEGTYDIG en BETYDS daarin aangebring word.

Geen name mag in die diensregister doodgetrek en verander word nadat ek die boek daagliks geskryf en in die teekamer neergesit het nie. Doen die veranderinge ASSEBLIEF VOOR DIE TYD in die rooster. Daar is nog steeds gevalle waar personeel vir my kom sê dat hulle nie op 'n Saterdag kan werk nie, want hulle het nie daarvan geweet nie.

Ek skryf slegs die rooster oor soos ek dit ontvang en besorg dit dan aan elke afdeling.


Dit is elke personeellid se EIE verantwoordelikheid om te kyk of hy 'n diensbeurt in 'n betrokke week het - dis nie my plig om elke persoon daaraan te herinner nie - dis erg genoeg dat ek ELKE dag persone moet herinner om die boek te teken.

Tree asseblief verantwoordelik op.

Ek maak staat op u samewerking.

Bokkie Malan

PROEFNEMING



Ou Merensky is vanaf Augustus vir 24 uur van elke dag oop vir studiedoeleindes.

Dit lyk of party gebruikers goed daarvan gebruik maak!

---






Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# *Gelukwense..*



OKTOBER

2 Mev Hetta Malan (Tydskrifte)

6 Mev Annette Booysen (Voorklinies)

15 Mnr Piet Smit (Bindery)

22 Mev Elrien van der Bank (Bibliografiese Ontsluiting)

23 Mev Lourette Oosthuizen (Vlk 5)

24 Mev Christa Strydom (Bibliografiese Ontsluiting)
Mev Rina Herman (Boekontvangs)


25 Mej Erna Klopper

26 Mev Susan Marsh (Voorklinies)
Mev Elma Kock (Africana)



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

BIBFLITSE



DIS HEERLIKE LENTE ....

Twee van die onderwerpsontsluiters was gedurende die maande Augustus/September op 'n "veilige afstand" van die Merensky-Biblioteek verwyder. Karin Förtsch was darem nog binne die grense van Afrika, maar Hannie Bezuidenhout het heeltemal oor die grense heen gevlieg. Karin het die skoonhede van Suidwes-Afrika en in die besonder die Skeleton Coast besigtig en Hannie het haar voetspore nagelaat op Europese, Kanadese en Australiese bodem. Suidwes-Afrika was nie alleen vir Karin 'n trekpleister nie, ook Gertrud en "mede-Merenskianers" het die reistog aangepak om die SAIBI-Konferensie in Windhoek by te woon.

Net toe ons begin dink Susan Marsh gaan 'n volwaardige ontsluiter word (sodra die RGN-projek voltooi is), lê die Voorkliniese Biblioteek beslag op haar. Mag die nuwe werksomgewing vir jou genotvolle werksvreugde meebring.

Aan die bedrywige Miemie Vink, gelukwensinge van ons kant vir die slaag van die blokfluiteksamen en die mooi prestasie behaal.

Vir Elza Keyter: vir die "nuwe lewe" wat daarbinne in jou woel, mag die tyd van afwagting 'n blye verwagting wees.

Na al die lange tyd van arm teen die lyf gespalk, is die gebreekte arm van Estelle Els nog nie suksesvol herstel nie. 'n Operasie was noodsaaklik en ons wens van harte dat elke skroef en pen sal bydra tot die volkome herstel van haar arm.

Met die somer in die vooruitsig mag die lentelied weerklank vind in ieder en 'n elk van ons harte - "Dis heerlike lente, die winter is verby. Weer nodig die velde, vir jou en vir my ..."

Sjweuke Agema en Yzelle Roets

---

BIBLIOGRAFIESE ONTSLUITING

Aangesien daar nog net twee maande van die jaar oor is om bestellings vir boeke te plaas, word ons nou toegegooi met bestellings wat instroom. Dit het Vrydag hier soos 'n boekwinkel gelyk met al die opsigboeke wat aangekoop moet word.

Mariana Niewoudt en Susan de Wet het 'n demonstrasie van die bestelfunksie op SABINET bygewoon. Van ons seksiehoofde het 'n kursus in verband met opleiding in prestasiebeoordeling bygewoon wat deur mnr Jan Beetge van die Afdeling: Organisasie Ontwikkeling aangebied is. Na die kursus was ons almal baie entoesiasties om ook hierdie taak volgende jaar te verrig.

Lourett Oosthuizen het reeds na die vakbibliotekarisstelsel geskuif en Christa Strydom gaan vanaf November haar gewig by die Openbare Biblioteek ingooi. Aan albei wil ons baie dankie sê vir



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

al hulle ywer en harde werk! Mag julle baie gelukkig wees in julle nuwe werkkring!

M Botes

---

HERNUWINGSKENNISGEWINGS!

Elke dag stroom honderde, nee duisende gesigte sonder name hier by ons verby. Kan ek die boeke uitneem asseblief? Soms spot jy en sê: "Hoekom?" Dit bly egter slegs 'n gesig sonder 'n naam, as jy te lui is om op die skerm te kyk wat sy naam is.


Elke aand stuur jy duisende aanmanings vir name sonder gesigte. Elke aand vervies jy jou vir die name wat nie hulle boeke betyds kan terugbesorg nie. "Meneer ek het hierdie "HERNUWINGSKENNISGEWING" in die pos ontvang, kan jy asseblief my boeke hernu?" "Seker dame, jou nommer asseblief?" "My Registrasienommer?" Asof sy nog nooit boeke uitgeleen het nie. Skielik kry die naam 'n gesig en die gesig 'n naam. 'n Naam wat jy verwens het, word voor jou oë nie net 'n gesig nie, maar 'n hele MENS. 'n Persoon wat bestaan. Iemand wat net vergeet het om sy paar boekies te hernu. Ons help graag, ons is ook mens, ons het ook gesigte en name, altyd. Ons vergeet ook. Die klok lui soms nadat jy 'n boek uitgegee het, want jy het vergeet om die boek te demagnetiseer. "Jammer Meneer". "Ag dis nie die ergste nie, enige mens kan iets vergeet!!" "Meneer vergeet maar om jou boeke terug te bring, jy kan dalk ook maar vergeet omdat jy mens is!"


Later leer jy die name van die gereeldes ken sonder dat jy ooit 'n gesig kry wat by hom pas. O, dis alweer hy. Jy leer hom vinnig ken want hy vergeet altyd. Miskien is sulke onbelangrike dinge vir hom vermoeiend om te onthou. Wie weet? Maar soos klokslag kom die woorde: "Ek het hernuwingskennisgewings van julle in die pos gekry, mag ek my boeke hernu?" Darem snaaks dat sommige mense nooit hulle self as die sondebokke kan beskou nie. AANMANINGS word vir hulle KENNISGEWINGS. Wonder of 'n gewone kennisgewing nou vir hulle aanmanings sal kan word?


Japie Jordaan (Toonbank)

---

OEFENING VIR DIE TOONBANKPERSONEEL







red:
Miskien help hierdie oefening vir die frustrasie!



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

ONS BESOEK VEEARTSENYKUNDE BIBLIOTEEK



Erica sukkel met 'n ou ketel.

HIER DRINK ONS SAAM TEE ....





.... EN HIER DEMONSTREER ERICA VAN DER WESTHUIZEN VIR ONS VAN DIE NUWE APPARAAT.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

'N BESOEK AAN DIE TAKBIBLIOTEKE

Om maar net te hóór Veeartsenykunde het 'n nuwe biblioteek is net nie genoeg nie ....

Op Vrydag 4 September het Bokkie 'n sewetal van ons na die takbiblioteke geneem met Gideon Roets as bekwame bestuurder. Die doel: om nader te gaan kennis maak met die res van die Merenskyfamilie, wat wyd en syd oor ons grote stad versprei lê. Een vir een het ons by hulle aangery. Voorklinies met sy gesellige teekamertjie, heel "vooruit" fotostaatgeriewe en water al spuitende op die groen grasperke rond- om. Toe met die nou hospitaalstraatjie tot bo teen die bult uit en weer af met H W Snymangebou se trappe tot onder in die mediese biblioteek - 'n redelike groot takbiblioteek met baie mediese tydskrifte aangesien dit ook buiten studente deur baie dokters gebruik word. Hierop volg toe, sal ons maar sê die hoogtepunt van ons besoeke: Veeartseny. En dit nie net oor die heerlike koek en tee wat ons daar geniet het nie, maar ook ter aanskoue van die pragtige nuwe en moderne gebou en geriewe so tussen die stalle van Onderstepoort. Waar mnr McKenna byna by al die punte die gewildste besoeker was die dag (elke biblioteek het mos maar sy behoefte aan die bindery), was dit hier by Veeartseny toe Gideon wat net moes bontstaan met die probleem van dié nuwe moderne gebou en hulle oú ketel wat nie wil werk nie.

Terug op die hoofkampus het ons beter kennis gemaak met twee lede van die familie wat ons miskien meer sien, maar nie noodwendig veel van weet nie: Landbou, wat onder andere ook 'n skat van ons eeue-oue boeke daar by hulle bewaar en dan die klein gesellige musiekbiblioteek waar personeel en gebruikers byna soos één groot familie funksioneer.

Na hierdie baie aangename en betekenisvolle besoek weet ons "nuwes" ook nou van beter. Met 'n meer volledige "familiefoto" weet ons ook nou aan wie en waarhéén om te dink wanneer daar mét en oor ons takbiblioteke gepraat word.

Hermie van Zyl

---




KAAS-EN-UIETERT

Kors

140 g (250 ml, ongesif afgemeet) koekmeelblom
10 ml bakpoeier
5 ml witsuiker
2 ml sout
75 g (80 ml) botter/margarien, by kamertemperatuur
125 ml melk



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Vulsel

25 g (30 ml) botter/margarien
25 ml sonneblomolie
3 groot uie, gesnipper
125 ml room/melk
1 eier
100 g (250 ml) grofgerasperde kaas

Voorverhit die oond tot 220°C (425°F). Smeer of bespuit met kleefwerende kossproei 'n oondvaste tertbak van ongeveer 22 cm in deursnee.

Sif die meel, bakpoeier, suiker en sout saam. Frummel die smeer daarin totdat dit soos growwe mieliemeel lyk. Voeg die melk by en klop goed totdat 'n slap deeg gevorm het. Smeer die deeg met 'n slaplemmes teen die wand en op die boom van die tertbak en hou dit eenkant tot benodig.

Verhit die smeer en olie in 'n groot braaipan en soteer die uie daarin tot lekker sag. Skep die uie in die rou kors. Klits die room/melk en eier saam en giet dit oor die uie. Strooi die kaas bo-oor.

Bak die tert ongeveer 20 minute. Sit dit warm voor.

Lewer 'n middelslag-tert.

***************************

HOENDER PROVENCALE

Bestanddele:

(Let wel: pas gerus hoeveelhede en geurmiddels by persoonlike behoeftes aan)

1 Hoender
12 Klein uitjies (heel)
1 Blik Tamaties
2 k Hoenderaftreksel
1 eetlepel Worcestersous
500 g gesnyde Sampioene
1 k room
250 g spaghetti
Sout en peper na smaak
250 g gerasperde chedder
1 eetlepel gekapte pietersielie
1 huisie knoffel
Tiemie en basiliekruid

Metode


Geur hoender na smaak en kook tot sag. Verwyder van bene en sny in kleiner stukkies.

Prut tamaties en hoenderaftreksel totdat vloeistof met die helfte verminder. Voeg geurmiddels en kruie by. Braai sampioene net effens in twee eetlepels botter, dreineer en voeg tesame met vleis by sousmengsel. Roer twee eetlepels meelblom by sampioenbotter, voeg room en helfte van die kaas by. Roer versigtig tot 'n dik witsous, geur met sout en peper en voeg by tamatie en hoendermengsel. Kook spaghetti gaar, roer sous by en sit in kasserol. Sprinkel kaas oor en bak by 300° - 350° totdat gereg warm genoeg is.

Hierdie gereg is ideaal vir ons werkende moeders wat spesialiseer in disse wat 'n dag of twee vooraf berei kan word, en as die geleentheid daarvoor vra is so paar lepels sjerrie net die ding om van die gereg iets besonders te maak.


Elma Kock

---





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019



Het olifante elmboë? Outobiografiese verdigsels soos bygelieg deur P G du Plessis.

Met 'n titel soos wat u pas gelees het en 'n nimlike outeur soos P G du Plessis, het die boek beswaarlik 'n gloeiende resensie nodig.

Dis 'n boek wat eers jou nuuskierigheid prikkel met sy helder stofomslag en eienaardige titel, en as jy hom eers opgetel en begin deurblaai het, is die koeël deur die kerk. Een van die weinige boeke wat mens nie kan neersit nie, al wil jy ook. Die stories groei op jou, wil jou laat huil, en dan weer diep uit die maag uit laat lag. Stories van ons mense en ons land; die hele spektrum van die lewe word bekyk en mens voel lus om dankie te sê vir skrywe wat so kan roer.

Elma Kock

---




BOEKE

"84 Charing Cross Road" - Helene Hanff

Op soek na heerlike leesstof vir 'n reënerige aand? Die boek "84 Charing Cross Road" deur Helene Hanff bied aangrypende, interessante en verrykende leesgenot. Op die koop toe laat dit 'n mens weer goed voel oor die mensdom in die algemeen, en die kwaliteit van menswees in die besonder.

Helene Hanff se lewe vind gestalte in die jarelange korrespondensie tussen haar en Frank Doel, bestuurder van die boekwinkel Marks & Co in London. Helene, 'n skryfster, kan in New York, haar tuisstad, nie die antikwariese boeke vind waarin sy belangstel nie. Wanneer sy haar uit radeloosheid wend tot dié boekwinkel in London, ontstaan daar 'n lewenslange vriendskap, gestut deur volgehoue korrespondensie, tussen haar en Frank. Hulle is geesgenote wat 'n gemeenskaplike belangstelling deel: boeke én 'n liefde vir boeke.

Hulle besonderse vriendskap word baie treffend deur die volgende aanhaling vergestalt: "Lovers are always talking to one another about their love; Friends hardly ever about their friendship. Lovers are normally face to face, absorbed in each other; Friends, side by side, absorbed in some common interest" (C S Lewis).

Die boek "84 Charing Cross Road" is die resultaat van die publikasie van hulle lewenslange korrespondensie. Ons sien Frank en Helene as twee individue wat werklik geleef het; twee 'egte' mense elk in 'n unieke lewensopset en lewenspatroon; twee mense van vlees en bloed.

Lees die boek, en gaan kyk na die skitterende rolprent "84 Charing Cross Road" wat op dié roman gegrond is. Dit is louter genot.

Jeanette Marais



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

GOLD REEF CITY -

"Built just for the fun of it!!"

Gold Reef City verdien 'n besoek - 'n daglange besoek! Pret en plesier is hier getooi in die frilletjies en valletjies van 'n ou myndorpie, en behang met 'n kleed van Victoriaanse grasie en styl. Moet egter nie 'n geskiedenisles of 'n museumbesoek verwag nie: in Gold Reef City is die tydsgees van die Victoriaanse era opgediep en afgestof. Hier gaan dit om die uitleef van verbeelding en fantasie in 'n uitbundige karnavalatmosfeer.

Begin jou besoek met 'n rit op die outydse stoomtrein. Klim daarna op 'n perdekar en verkyk jou aan die realistiese ou-wêreldse uitbeelding van die goudmynbedryf en die gepaardgaande myndorp wat voor jou oë ontvou. Die outydse straatlampe, geboue met outydse gewels, sinkdakke en versierde Victoriaanse stoeptralies verplaas jou na die vroeë jare van ons "goudstad".

Gaan kuier by die "Market Heights"-losieshuis, die Barmoral Chop House en die Gold Reef City Hotel. Loer in by die Johannesburgse aandelebeurs, die CNA, die Star en Barclays Bank se interessante uitstalling. Gaan drink tee by die Victoriaanse "Tea Shop" na 'n besoek aan "Toys of Yesteryear", "The Broekie Lace Shop" en "Olthaver House", wat 'n replika is van die woning van 'n mynbestuurder.

Moenie vergeet dat dit hier gaan om die uitbeelding van die goudmynbedryf nie. Besoek die ondergrondse myn, waar jy 200 meter diep in 'n mynskag afdaal én dan op 'n ondergrondse besigtingstoer geneem word. Kyk na die giet van goudstawe, en die reusagtige uitbeelding van die werking van 'n goudmyn, "The Johannesburg Experience", en "The Mine Model Building". Besoek "Gold Reef City Mint", "Gold Reef Potters" en die "Loco Shed" vir modelle van treine.

Gaan speel rond in die outydse pretpark en beloon jouself met 'n suiglekker of sjokolade uit die verskeidenheid te kus en te keur by die lekkergoedwinkels. Klere, juweliersware en aandenkings word verkoop in die groot aantal winkels. Dit is egter baie duur. Gaan kyk na die stamdanse van die "Gold Reef City Tribal Dancers", én gaan luister na die blaasorkes op die dorpsplein terwyl jou moeë voete bietjie rus.

Onthou, moet jou nie vroegdag heeltemal uitput met al die vermaaklikhede om jou nie! Die aand, met al sy verleidelikhede, lê nog en wag ... Begin vroegaand kuier by die "Pioneer Beer Garden" en les jou dors met 'n yskoue bier. Besoek daarna die "Consolidated Saloon" vir 'n ligte aandete en 'n kort besoek van die "can-can"-dansers. Gaan loer dan in by "Barney's Tavern", of gaan proe 'n glasie wyn by "The Loose Bridle Wine Bar". Die hoogtepunt lê egter nog voor - om 20h00 of 22h15 móét jy by "Rosie O'Grady's" wees, waar 'n lewendige kabaretvertoning met sang, asook "can-can"-danse op die kroegtoonbank aangebied word. Kuier daarna rustig verder om die kroegtoonbank tot laataand, voor die pad terug na Pretoria aangepak word.

Beloon jouself na 'n moeilike week. Gaan geniet 'n plesierige dag by Gold Reef City - dit is pret!

Jeanette Marais



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# PERSONALIA

## NUWE AANSTELLINGS

Naam: Mev Willie Fouché
Getroud, 3 kinders
Aangestel by Tydskrifte.
Vorige ondervinding: Werksaam by Ouditeurgeneraal, Nasionale Intelegensiediens.
Belangstellings: Lees en brei graag.



*******************

Naam: Mev Elda Smit
Getroud, 3 kinders.
Aangestel by IBL (halfdag).
Vorige ondervinding: Staatsbiblioteek en WNNR.
Belangstellings: Lees en handwerk.





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Naam: Mev Hermien Wium
Getroud
Aangestel as vakbibliotekaris assistent by Musiek Biblioteek.
Vorige ondervinding: Musiekonderwyseres.
Stokperdjies: Tennis



---


VERSKUIWINGS

Mev Susan Marsh verskuif na Voorkliniese Biblioteek as Vakbibliotekaris vanaf 1 Oktober 1987.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

MEV HELéNE FOURIE BY HAAR UITSTALLING IN MUSIEKBIBLIOTEEK




UITSTALLING: MIDDELEEUE




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UITSTALLING: MIDDELEEUE



VOORBEREIDINGS



EINDPRODUK







Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

KULTUURHISTORIESE INSTITUUT





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Universiteit van Pretoria

# Biblioteekdiens

# BIBLIKASIE

OKTOBER

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# I N H O U D S O P G A W E


| | BLADSY |
|---|---|
| DIE EERSTE SÊ ........................ | 1 |
| REDAKSIONEEL ........................ | 4 |
| SABINET ........................ | 4 |
| ALLERLEI ........................ | 5 |
| EN SO VERTEL ........................ | 9 |
| IN EN OM MERENSKY ..................... | 16 |
| TERLOOPS ........................ | 18 |
| BIBFLITSE ........................ | 19 |
| TREFFERS ........................ | 30 |
| PERSONALIA ........................ | 31 |
| GELUKWENSE ........................ | 32 |
| UITSTALLINGS | |


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

DIE EERSTE Sê

DOBIS/LIBIS 1.4

Die installering van 'n nuwe weergawe van Dobis/Libis in die Biblioteekdiens is nou reeds ou nuus, maar nou ontstaan die vraag of so 'n oorskakeling na 'n nuwe weergawe vir ons as instansie hoegenaamd enige voordeel inhou?

Met elke nuwe weergawe van Dobis/-Libis wat verskyn, poog die stelselontwikkelaars om leemtes in die vorige weergawe, veral dié wat deur die gebruikers geïdentifiseer is, te vul. Wat dit betref is die 1.4 weergawe van Dobis/Libis geen uitsondering nie. Aan elkeen van die bestaande modules is verander en, net om te wys dat hulle idees nog nie op is nie, het die stelselontwikkelaars toe nog vir ons 'n elektroniese posfunksie ook bygevoeg!

Hier volg nou 'n kort opsomming van die vernaamste veranderinge in Dobis/Libis 1.4:

1. KATALOGISERING:

- voorsiening word gemaak vir MARC-velde vir films, kaarte, manuskripte en musiekmateriaal. Die velde vir monografieë en tydskrifte is ook op datum gebring.

- die lêer vir LC-nommers is verander na "National bibliographic record number" sodat die toegangspuntlêer internasionaal gebruik kan word.

- die lêer "Other numbers" se naam is verander na "Other entries" en maak onder andere nou voorsiening vir verslagnommers, patentnommers en regeringspublikasies.

- by katalogiseringsinstandhouding is voorsiening gemaak vir 'n funksie om leë inskrywings uit die lêers te verwyder. Dit bring mee dat leë inskrywings in byvoorbeeld die titellêer nou almal outomaties uitgewis kan word deur van dié funksie gebruik te maak.

- wanneer die "verkeerde" vorm van 'n inskrywing, waar 'n kruisverwysing aan gekoppel is, tydens katalogisering gebruik word, neem die stelsel outomaties die regte vorm van die inskrywing oor.

2. BESTELMODULE

- die bibliografiese poel is 'n nuwe fasiliteit wat die instansie in staat stel om rekords in 'n lêer te stoor wat gedurende die bestelfunksie na gekyk, en indien nodig, oorgeneem kan word.

- die notaveld by die bestelfunksie, wat altyd net 60 karakters lank was, is nou uitgebrei na tien notakeuses wat elkeen 'n volle skerm tot sy beskikking het. Korrespondensie van die handelaars af behoort nou met gemak op die stelsel aangeteken te kan word.

- take wat vir lang periodes 'n eindpunt kan beset, byvoorbeeld "claim overdue orders" en "pay invoices", vra nou almal vir bevestiging om te verhoed dat so 'n funksie nie per abuis ge-aktiveer kan word nie.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

3. SIRKULASIE

- 'n matriks is geskep wat 'n beperking plaas op die hoeveelheid boeke wat 'n gebruiker mag uitneem. (Ons het dit in die verlede deur middel van 'n plaaslike verandering beperk). Die aantal kere wat 'n lener 'n boek mag hernu kan ook nou beperk word.

- voorsiening is gemaak vir telefoniese hernuwings van boeke. Boeke wat op bespreking is, kan glad nie hernu word nie. Die boodskap: "No renew, on hold" verskyn en die leenstatus van die boek bly onveranderd. Boeke wat reeds laat is wanneer die gebruiker dit wil hernu, moet eers teruggelees word en dan weer aan die gebruiker uitgeleen word.

4. SOEKFUNKSIE

- wanneer daar slegs een dokument aan 'n inskrywing gekoppel is, vertoon die stelsel nie meer 'n kort beskrywing nie, maar slegs die volle beskrywing.

- 'n verandering waaroor ek weet al die vakbibliotekarisse juig, is die moontlikheid om van die kopierekord af weer terug te gaan na die naam- of titellêer met "w show file", in plaas van om weer van voor af te moet soek.

- wanneer bestellings wat nog nie ontvang is nie, se kopiedata aangevra word, word die bibliografiese data net oor en oor vertoon.

- uitgawenotas word nou in hakies na die titel vertoon op die kort opsomming. Wanneer daar dus van een boek 'n 2de sowel as 'n 3de uitgawe in die biblioteek is, kan die gebruiker dit reeds op die kort beskrywing sien.

  Byvoorbeeld:

  Hoffnung, G
  1. The maestro
     (2nd ed)
     1980

  2. The maestro
     (3rd ed)
     1983

- wanneer 'n boek se rekordtipe nie monografies is nie, byvoorbeeld musiek, word dit op 'n soortgelyke wyse as die uitgawenota vertoon.

- wanneer op die "verkeerde" vorm van 'n kruisverwysing gesoek word, byvoorbeeld Merwe A van der in plaas van Van der Merwe A, vertoon die stelsel outomaties die kruisverwysing. Dokumente wat aan die inskrywing gekoppel is, kan dan direk nageslaan word.


5. OPENBARE TOEGANG

Dié funksie se hele aangesig het verander. Sommer al waar ons die funksie moet aktiveer, doen ons dit nou deur middel van LIBI in plaas van die PAI sleutel. By die bibliografiese gegewens verskyn nou ook kopie inligting sowel as 'n aanduiding dat die boek uitgeleen is. Gebruikers kan ook nou self hulle boekbesprekings doen.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Anders as wat dit dalk vir u mag klink, het die oorskakeling na Dobis/Libis 1.4 nie seepglad en sonder probleme verloop nie. Die ontsluiters en bestellers moet tydelik sonder die diagnostiese skerm klaarkom. Gebruikers word daagliks met foutiewe opskrifte en boodskappe wat nie sin maak nie, gekonfronteer, byvoorbeeld "Cataloging incomplete" vir 'n gebruikersnommer wat foutief ingesleutel is, en die gebruikers ontvang al vir drie weke lank geen aanmanings nie!!




Ten spyte van al bogenoemde en nie genoemde klagtes, is Dobis/Libis 1.4 'n groot stap vorentoe vir die Biblioteekdiens.

MAGDA COETZEE

VAN LINKS NA REGS
YZELLE, ELNA, JULIUS, MAGDA, MIKE, MARIANNA

ONS HET GEWERK






ONS HET ONTSPAN



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019



SABINET

Daar is tans 89 biblioteke, regoor die land, aan SABINET gekoppel.

Op 3 Februarie 1987 was daar vir die eerste keer meer as honderd terminale gelyktydig op SABINET aangeteken.

Die onderstaande grafiek gee 'n aanduiding van die stelsel se gebruik vanaf April 1984 tot en met Augustus 1987. Die gemiddelde aantal terminale aangeteken en die gemiddelde aantal aktiewe lede per maand word aangetoon.


REDAKSIONEEL

"Dit is die maand Oktober die mooiste, mooiste maand ..."

Die lente is in die lug en Biblikasie is propvol leesgenot!

Rölf skryf van sy ervaring in Nice, Frankryk en Rina de Vos kan nie uitgepraat raak oor Suid-Wes nie. Hermie skryf ook van sy heerlike tyd in Botswana. Erica van der Westhuizen en haar personeel sal die Staatspresident se besoek lank nog onthou. Terwyl u lees aan die kookkuns as deel van ons kultuurerfenis, dink ook 'n bietjie na oor 'n dag in die lewe van 'n aflosser in Merensky I.

Sit terug en lees Biblikasie en wees dankbaar u is nie 'n matriek ma nie!






Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## Stelselstatistiek

a Databasis

Statistiek vir Augustus 1987

| | Totale aantal |
|---|---|
| Bibliografiese rekords | 3 652 037 |
| Gesagsrekords | 4 278 954 |
| Biblioteekrekords met besitsmeldings | 732 147 |
| Besitsmeldings | 2 217 626 |

| | Rekords bygevoeg: |
|---|---|
| LCMARC-rekords | 21 376 |
| Oorspronklike katalogisering | 2 765 |
| Besitsmeldings | 31 730 |

| | | |
|---|---|---|
| b | Intydse navrae | 198 916 |
| c | SAMARC-rekords op band verskaf | 14 782 |

Bron: SABINET-Nuus Augustus 1987

MARIANA NIEUWOUDT

---

## ALLERLEI

### KOOKKUNS AS DEEL VAN 'N VOLK SE KULTUURERFENIS

Die koskultuur is deel van 'n volk se kulturele erfenis. Sekere voedselsoorte en hul voorbereiding is die erflating, deur die voorgeslagte, aan die bewoners van 'n bepaalde streek. Leipoldt wys in sy boek "Leipoldts Cape Cookbook" daarop, dat die geregte wat in Suid-Afrika bedien word, verband hou met iets soortgelyk in die lande van herkoms van die mense wat 'n invloed op ons volksplanting gehad het. Uit die vermenging van die kookerfenis van verskeie volke het sekere dinge gebly en gegroei en andere vervaag en verdwyn. So het 'n kookkuns ontstaan wat gepas het by die leefwyse, behoeftes en omstandighede van ons mense.

Ons kooktradisie moet gesien word teen die agtergrond van die Kaapse geskiedenis en die bevolkingsgroepe wat daar saam kom woon het. Die kookgewoontes van die trekboere het veral gedurende die 19de eeu met die Groot Trek ten volle ontwikkel. Die aanvanklike geregte was egter dié van die lande van herkoms, en Nederlandse, Franse en Duitse kookgewoontes is beoefen. Hierdie kookgewoontes is mettertyd by plaaslike omstandighede aangepas en met Maleiergeregte aangepas en later ook met Engelse geregte. So het 'n eie Suid-Afrikaanse kookkuns onder verskillende invloede tot stand gekom.

Holland was in die 16de eeu reeds bekend vir die kweek van groente, en gevolglik is mildelik van groente gebruik gemaak van groente in die Kaapse kookkuns. Terte en pasteie was uiters gewild in die 17de eeuse Holland en het ook in die Kaap gewilde versnaperinge geword. Later sou die tradisionele Kaapse pasteie soos wildshoender en rugstringpasteie 'n spesiale plek op die spyskaart gekry.

Oblietjies het ons van die Franse geërf. Oblietjiepanne is in 1698 saamgebring na die Kaap deur die Hugenote. Deur middel van hul kennis van wynbou en die verbetering van die produksie van vrugte het die Hugenote die droog van rosyne tot 'n fyn kuns ontwikkel. 'n Besondere nalatenskap van die Franse was die tradisionele boerejongens en boeremeisies. Dit is rosyne en appelkose wat in brandewyn gepreserveer is. Ons Franse



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

voorouers het die bewerking van wat ons vandag as "afval" ken, as erfenis aan ons nagelaat.

Ons het ons woord "poeding" geërf uit Engels. Die ou-Engelse woord was "pudden". Die ryk vrugtestoompoedings het ons van die Engelse gekry, wat dit "plumpudding" genoem het en wat tradisioneel 'n groot kersmaal afgesluit het. Die ontbyt wat ons voorvaders geëet het, was nie die gebruiklike broodjie en koppie koffie van hul Dietse voorvaders nie, maar eerder 'n tipiese Engelse ontbyt met pap, vleis, vis of eiers by.

Van die Maleier-slawe het ons die gebruik van geurige geregte uit die Ooste geërf. Vinkel, borrie, kerrie, mosterd, peper en pypkaneel is 'n paar van die vele speserye wat deur die Maleiers aan ons voorvaders bekend gestel is. Atjar en blatjang is ook deur die Maleiers na die Kaap gebring. Die vleisgeregte van die Maleiers het groot inslag gevind en bobotie, sosaties en bredies is steeds van ons gewildste geregte. Die Maleier-geregte het so deel van ons kultuur geword, dat bobotie met geelrys en rosyne as die verteenwoordigende Suid-Afrikaanse gereg opgeneem is in 'n internasionale resepteboek, wat in 1951 deur die V V O gepubliseer is. Die Maleiers het uitgeblink as vissers en smoorsnoek, gerookte snoek en soutsnoek is deur hulle aan ons oorgedra.

Blaai maar self deur ou en nuwe kookboeke en daar sal steeds spore van alle nasies in ons kookkuns opgemerk word.

Bronne:

Coetzee, R
Spys en drank; die oorsprong van die Afrikaanse eetkultuur.
Kaapstad, Struik, 1977.

Faul, L en Heard V
Cookery in South Africa; traditional and today
Kaapstad, Books of Africa 1977.

Kemp, C
Kom ons eet boerekos
Pretoria, Van der Walt, 1986.

JO BREED
Kultuurhistoriese Instituut

---

BIBMA'S SKRYF MATRIEK

Beskrywingspunte soos die eier of die kuiken, die pen of die swaard is outyds, in elk geval vir sommige van ons meer ondervindingryke ouers en meer in besonder, vir ons matriek-ma's. Die in ding wat beskrywingspunte aanbetref, is deesdae: Matrikulant of ma - wie deurstaan die stryd die beste?

Die Bib-tannies het hierdie jaar nie minder as nege matrikulante in die veld nie. 'n "Formidabele" span gemeet aan alle standaarde! Die hoofbespreking onderling behoort natuurlik te wees of die arme bloedjies wel gaan slaag of nie. Maar nee, word hierdie punt aangesny, daal daar 'n oomblik van stilte neer en soek 'n oog verlangend na Susan de Wet en Susan Olivier, wie se dogters die sterre onder die martelare is.

Vraestelle van vorige jare word al van vroeg versamel en uitgeruil soos kosbare seëls. Ma Elize doen die aanvoorwerk en gedurige navrae namens almal. Ma sorg vir spesiale eetgoed en drinkgoed in die kamer en op 'n bystand-grondslag in die spens! Ma sorg vir vrede en stilte in die huis. Stilte!! Weke na die eksamen verby is, sal Pa, ouboet en die huishulp nog in fluisterstemme praat. Die televisie se tjank is afgetrap, Boela het sy



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

blaf verloor!

Maar Ma? Ma is leeggetap van idees en voorstelle wat gewoonlik afgekeur is. Ma se voete is sat van straat op en af agter die regte uitrustings en "Miami Vice" pakke aan. Ma is gekritiseer en beskuldig van outyds en onsimpatiek wees. Waar is Pa dan?

Ag, en die onsekerheid oor die toekomstige loopbaan. Toetsing en keuring, wik en weeg, kopkrap en bladskud! Miskien is Bokkie die beste af met haar Leon wat eers diensplig gaan doen. Elize kan vir Adri bystaan met haar B.Bibl. graad, en Michelle van Annette se pad is duidelik uitgestippel met haar rigting in die beeldende kunste. Die ander ma's het al bloed gesweet met die beroepskeuses, registrasie en verblyf. Ons dink aan Miemie, Annatjie, Rita en Rina met hulle verantwoordelikhede, Karin, Suzan, Amalia, Flippie en Fanie.

Julle ma's wat nou vir die eerste keer matriek skryf - hou moed - die kompensasie gaan kom! Wanneer ouboet of kleinsus, nadat alles verby is, huistoe kom en die arms om ma se nek sit, en sê: "dankie ma" - dan is al die geswoeg en gesweet vergete en ma het, met 'n kalme rustigheid in haar oë, weer matriek geslaag.

RINA HERMAN
Boekontvangste

---

'N GEBED VIR DIE EKSAMENTYD

"O BRON VAN ALLE WARE WYSHEID EN KENNIS,
Gee aan my in hierdie tyd U vrede-
Die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan;
Versterk my en skenk aan my kalmte onder druk;
Wees nou in my hart sodat ek rustig en bedaard kan wees terwyl ek verantwoording doen;
Wees in my oë sodat ek met onderskeiding sal kan lees en verstaan;
Wees in my hande om hulle sterk te maak en ferm vir die oordra van my verworwe kennis;
Wees in my gedagtes, sodat ek hulle kan orden en sal kan weergee wat ek geleer het.
Dankie vir almal wat in liefde aan my dink en vir my bid.
Wees in hierdie tyd vir my elke dag die weg, die waarheid en die lewe, deur Jesus Christus, my verlosser en saligmaker.
Amen."

-Solly Ozrovech

MATRIEK-MA'S

---

GEDAGTES EN DOELWITTE

Voordat gedagtes nie verbind word aan doelwitte nie, is intelligente lewenskundigheid onmoontlik. Die meeste mense laat hul gedagtes doelloos ronddryf op die lewensee. Doelloosheid is 'n ondeug en as jy nie op katastrofe en vernietiging wil afstuur nie, moet jy doelloosheid vermy.

As daar geen sentrale doel in 'n mens se lewe is nie, word jy baie maklik die prooi van klein bekommernisse, angste, probleme en selfbejammering wat net soos doelbewuste sonde lei na mislukkig, ongelukkigheid en verlies, want swakheid kan nie geduld word in 'n wêreld waarin mag en krag so 'n groot rol speel nie.

'n Mens moet jou 'n doelwit voor oë stel en volhard in jou pogings om dit te bereik. Dié doelwit moet die middelpunt wees waarom al jou gedagtes draai. Dit mag 'n geestelike ideaal wees of 'n



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

wêreldse oogmerk - afhangende van jou ingesteldheid. Maar wat jou doelwit ook is, jy moet al jou gedagtes onwankelbaar op daardie doelwit fokus en dit jou belangrikste plig ag om dit met toewyding na te streef en nie toe te laat dat jou gedagtes afdwaal na klein, sinlose verlangetjies, fantasieë en giertjies nie. Bly op die hoofpad na selfbeheersing en ware konsentrasie van gedagtes. As jy keer op keer faal in jou pogings om jou doel te verwesenlik - en jy sal misluk totdat jy jou swakhede oorwin het - sal die sterk karakter wat jy verwerf het, die ware maatstaf van jou sukses wees en 'n nuwe beginpunt vir toekomstige krag en oorwinning bied.

Diegene wat nie bevatlik is vir 'n verhewe doelwit nie, moet hul gedagtes bepaal by die foutlose uitvoering van hul pligte, al lyk hul taak ook hoé onbeduidend. So sal hulle hul gedagtes bymekaarbring en fokus en doelgerigtheid en energie daaruit ontwikkel wat sal verseker dat alle doelwitte bereik word.

Die swakste mens wat sy eie swakheid ken en glo dat krag net deur inspanning en oefening ontwikkel kan word, sal begin om homself te verbeter. Die een poging sal tot die volgende lei, geduld sal geduld en krag sal krag voortbring. Hy sal nooit ophou ontwikkel nie en sal uiteindelik bomenslik sterk word.

Soos die fisiek swakke sy spiere kan versterk deur 'n noukeurige oefenprogram, kan die mens met onsuiwere gedagtes ook sy denke versterk deur doelbewus en pligsgetrou goeie gedagtes te beoefen.

As 'n mens doelloosheid en swakheid van jou wegstoot en doelgerig begin dink, tree jy toe tot die geledere van die sterk mense wat mislukking beskou as een van die sporte van die leer na sukses. Dan sal jy ook alle moontlikhede tot jou voordeel gebruik, sterk dink, vreesloos optree en meesterlik slaag.

As 'n mens net eers vir jou 'n doelwit gevind het, is jou volgende stap om 'n reguit paadjie te beplan reguit na daardie doelwit toe. Twyfel en vrees moet met wortel en tak uitgeroei word. Hulle is afbrekende elemente wat toewyding verwring en opoffering nutteloos maak. Gedagtes van vrees en twyfel bring niks goeds tot stand nie. Hulle lei altyd na mislukking. Doelgerigtheid, energieke optrede, werkkrag en positiewe gedagtes vlug weg wanneer twyfel en angs verskyn.

Die wil om handelend op te tree, ontspring uit die besef dat 'n mens dit kàn doen. Twyfel en vrees is die aartsvyande van kennis en wie twyfel en vrees aanmoedig en hulle nie vernietig nie, is sy eie vyand.

Die mens wat twyfel en vrees oorwin het, het mislukking hokgeslaan. Elke gedagte is 'n bondgenoot van krag en hy kan al sy probleme moedig en wyslik oorkom. Sy doelwitte word op die regte tyd gesaai; hulle blom en dra vrugte wat nie ontydig afval nie.

Vreeslose en doelgerigte gedagtes word uiteindelik 'n skeppingskrag, en die mens wat dit weet, is gereed om 'n wese te word wat baie meer is as net 'n bondel onsekerheid en wisselende gewaarwordings. Hy word die bewuste en intelligente operateur van sy eie geesteskrag.

Uit: Allen, J
Soos die mens dink

- Vir wat dit werd is! -

SUSAN OLIVIER



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

EN SO VERTEL

DIE ALGEMENE JAARVERGADERING VAN DIE INTERNASIONALE DOBIS/LIBIS GEBRUIKERSGROEP, OF "NICE IS NICE

Dit was 'n groot voorreg om vanjaar die 6de algemene jaarvergadering van die Internasionale DOBIS/LIBIS Gebruikersgroep in Nice, Frankryk, te kon bywoon.

'n Verdere baie groot voorreg was dat my vrou Christel kon saamkom. Dit het ook die byvoordeel gehad dat haar kennis van Frans in menige situasie uiters handig te pas gekom het. In Nice het 'n goeie mengsel van die professionele en die sosiale gesorg vir 'n onvergeetlike ervaring.

Reeds ons aankoms in Nice op Dinsdagmiddag, 8 September was 'n ervaring: ons het met 'n klein gehuurde Ford Fiesta vanaf Duitsland oor Oostenryk, Switserland en Italië na Nice gery, wat aan die kus in die suid-oostelike hoek van Frankryk, langs Monaco, geleë is. Nadat ons die eerste snelweg-afrit na Nice gemis het, het die tweede afrit ons na die lughawe van Nice gebring, wat pragtig so te sê op die strand, tussen Nice en die see lê. 'n Franse dame beduie toe dat ons nie hoef om te draai nie, maar "reguit aan"; en dan om die lughawe kon ry om by Nice te kom. "Reguit aan" het ons baie gou by 'n oop ingang gebring en toe die hekwag in sy huisie nie reageer op ons wuif nie, maar aanhou lees in sy boek, ry ek maar voort - maar nie vir lank nie! Skielik sien ons voor ons die landingstrook van die vliegtuie en agter ons hoor ons die skril geskel van 'n fluitjie, en die hekwag kom soos 'n vlakhaas agter ons aangehardloop! Gelukkig het hy nadat hy sy asem teruggekry het, ook spoedig weer sy Franse sjarme herwin, en aan ons verduidelik hoe om by die middestad te kom. Met die inry op die kuspad, die "Promenade des Anglais", was ons eerste indruk die ongelooflike diepblou kleur van die see, wat die benaming "Côte d'Azur" (blou kus) ten volle bevestig, en waarskynlik veroorsaak word deur die glashelder water in hierdie deel van die Middellandse See. 'n Tweede indruk was die digtheid van die verkeer, selfs nadat die hoogseisoen van die Europese somervakansies al verby was, en die parkeerkunstenaar wat mens moet wees om in die nou straatjies jou motor in die kleinste opening te kan indruk.

In een van hierdie nou straatjies was ons hotel, die "Mulhouse" geleë: klein, oud, ingedruk tussen die ander geboue, maar baie gesellig. Skaars aangekom, het die konferensieprogram begin met 'n besoek by die Médiathèque, die nuwe gebou van die openbare biblioteek van Nice, die "Bibliothèque Municipale de Nice", wat ook as gasheer vir die konferensie opgetree het. Behalwe 'n kort blik op hul interessante versamelings boeke, bande en videos, het ek ook, met Christel se hulp, gesprek gevoer met menere Cavarero en Junac oor hul produksie van "code 39" lynkodes vir DOBIS/-LIBIS - die tema van my referaat by die jaarvergadering. Hierna het 'n baie interessante begeleide staptoer deur die ou gedeelte van die stad, die sogenaamde "vieille ville", gevolg met nog nouer straatjies, ou geboue gedeeltelik nog uit die Middeleeue, kerke, 'n magdom klein restourante en 'n gids wat interessante staaltjies uit die geskiedenis van Nice vertel het.

Die algemene jaarvergadering self het op die volgende dag, 9 September, in die nuwe konferensiesentrum van Nice, die "Acropolis", wat as een van die modernste konferensiesentrums in Europa beskou word, begin. Die konferensie is bygewoon deur 133 afgevaardigdes uit 19 lande dwarsoor die wêreld. Konferensietaal was


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

hoofsaaklik Frans, maar 'n baie goeie onmiddellike tolkdiens het daarvoor gesorg dat referate en besprekings gelyktydig in Frans, Engels, Duits en Italiaans gehoor kon word. Heelwat tyd is op die eerste dag gewy aan verslae van verskillende formele DOBIS/LIBIS-groepe oor hul aktiwiteite. Die voorsitter van die Raad, mnr Schulthess, het onder andere die 13 nuwe installasies van DOBIS/LIBIS die afgelope jaar voorgestel, en ook verslag gedoen oor 'n beoogde "task force" om gebruikers se behoeftes in verband met DOBIS/LIBIS opnuut te sistematiseer en met IBM daaroor in onderhandeling te tree. Mnr H Clasper van IBM-Europa se "Academic and Information Systems" het onder andere aangekondig dat DOBIS/LIBIS-ondersteuning deur IBM verleng is tot minstens einde 1989, en dat IBM reeds met 4 DOBIS/LIBIS-gebruikers in België, Brittanje, Spanje en Swede ooreenkomste aangegaan het om as ondersteuningsentra ("support centres") op te tree, en verder onderhandel met nog twee in Ierland en Saudi Arabië. Weergawe 1.5 van DOBIS/LIBIS word egter eers in 1988 verwag. Drie van die ondersteuningsentra het ook verslag gedoen: Terwyl die sentrum by die Universiteit van Leuven (België) op internasionale vlak funksioneer, konsentreer die sentra by die universiteite van Liverpool (Brittanje) en Navarra (Spanje) meer op die nasionale vlak. Al drie bied kursusse, demonstrasies en hulp aan. Van die 6 nasionale gebruikersgroepe het 2 op 9 September gerapporteer. Die nuwe Noord-Amerikaanse Gebruikersgroep is onder andere besig met spesifikasies vir statistiese verslae uit DOBIS/LIBIS. Prof Gerryts het oor Suid-Afrikaanse ontwikkelinge, onder andere interskakeling tussen DOBIS/LIBISgebruikers in Suid-Afrika gerapporteer.

Drie referate is op hierdie dag gelewer. Behalwe my eie referaat het G Montanari van Italië oor die moontlikheid om bibliografiese rekords vanaf die UNIMARC-na die interne DMARC-formaat oor te skakel gepraat en het U Pincelli oor 'n interessante ontwikkeling by die Universiteit van Modena, Italië, om gedeeltes van DOBIS/LIBIS, naamlik ontsluiting, instandhouding en soektogte, op mikrorekenaar beskikbaar te stel gerapporteer in sy referaat <u>The MICROBIS project</u>. Die dag is afgesluit met 'n kort skemeronthaal in die "Acropolis", wat ons almal baie geniet het.

Donderdag 10 September was heelwat meer referate op die program. In sy referaat, <u>Emory University MARC to DOBIS conversion facility</u> het J Kruse uit die VSA, oorskakeling van OCLC-rekords na DOBIS/LIBIS beskryf. Dit is gevolg deur 'n beskrywing van verskillende OCLC-dienste aan biblioteke deur D Buckle. J Peters het in haar referaat, <u>DOBIS/LIBIS SSX: Black box or bête noire?</u>, die ernstige probleme beskryf wat die Bristol Polytechnic Library met hierdie sogenaamde "turnkey" stelsel ondervind het - die SSX weergawe is intussen van die mark onttrek. Hoe gemaak om bibliografiese rekords op rekenaar te kry in 'n skrif wat van 10 000 tot 20 000 karakters gebruik maak, sonder dat daar 'n vaste orde van karakters bestaan en sonder dat individuele woorde deur spasies van mekaar geskei word?! Dit is van die probleme wat A Saito van die Waseda Universiteit in Japan bespreek het in sy referaat oor die ontwikkeling van 'n Japanese DOBIS/LIBIS. Oplossings is egter reeds gevind en sluit onder andere dat 'n 2-greep kode vir Japanse en 'n 1-greep kode vir Romeinse skrif gebruik word, wat as byvoordeel toelaat dat al 700 diakritiese tekens deur die ALA geïdentifiseer, asook Griekse en ander skrifte, direk op die skerm vertoon kan word. 'n Moedige poging. R Barth van Switserland het in sy kort referaat die



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

moontlikheid om internasionaal via die telefoonnetwerk in te skakel op die DOBIS/LIBIS katalogus van die biblioteek, Universiteit van Zürich/Irchel bespreek. Die biblioteek versamel hoofsaaklik natuurwetenskaplike en mediese literatuur.

Die ander 4 nasionale gebruikersgroepe, naamlik dié van Brittanje/Ierland, Switserland/Oostenryk, Frankryk en Italië het ook op hierdie dag geleentheid gekry om kortliks te rapporteer. Interessant was veral die Britse groep se aandag aan leenfunksie-verbeteringe.

Die dag se verrigtinge is afgesluit met 'n besoek aan die Matisse-museum, waar daar egter op daardie tydstip hoofsaaklik 'n uitstalling van die Italiaanse kunstenaar Tiepolo te sien was, en 'n besoek aan die Romeinse ruines by Cemelenum, die vroeë Romeinse nedersetting by Nice. Die argeoloog se akkurate beskrywing het die ruïnes sommer weer lewendig laat word voor mens se geestesoog, met sy steenstrate, handelaars, termiese baddens en goeie watertoevoer- en dreineringsisteme. Die aand is afgesluit met 'n genoeglike buffetete langs die ruïnes, wat almal terdeë geniet het - die besondere ligging en keur van Franse wyne het sekerlik ook bygedra tot die genot.

Vrydag, 11 September is begin met 2 referate oor die tydskrifmodule van DOBIS/LIBIS: J Dumaz-Hanssen het die oorskakeling na hierdie module by die sentrale biblioteek van IBM Duitsland beskryf, en beklemtoon dat, behalwe die inset om alle data in te voer, die moeilikste deel die uitwerk van die korrekte voorspellingspatroon ("prediction pattern") vir die aankoms van individuele nommers van 'n tydskrif is. Die ontvangs van tydskrifnommers by die biblioteek van I N S E E. (die Franse Nasionale Instituut vir Statistiese en Ekonomiese Navorsing) is deur F Darbonville bespreek - interessant is 'n aanpassing om die 2 heeltemal aparte aksies wat gedoen moet word vir ontvangs en sirkulasie van tydskrifnommers as 1 aksie te laat plaasvind.

Nog 'n nuttige aanpassing is deur J Vanautgaerden in sy referaat Automated production handling in DOBIS/LIBIS beskryf: Die 10 verskillende biblioteke wat reeds inskakel op die Universiteit van Leuven in België se DOBIS/LIBIS-netwerk het veroorsaak dat drukwerk al meer tyd in beslag geneem het. 'n Nuwe funksie, "Start mask selected DMARC output", hanteer nou al hierdie take outomaties, as agtergrond-take - die funksie hoef slegs 1 keer per dag ge-aktiveer te word.

'n Besprekingsessie oor die hantering van oudiovisuele materiaal op DOBIS/LIBIS het aangedui dat die beperking van 10 name en titels per DOBIS/LIBIS-rekord veral by plate en bande 'n probleem skep. Die dag is afgesluit met 'n referaat deur W Jonckheere oor verskillende maniere van onderwerpsontsluiting met behulp van DOBIS/LIBIS wat by die Universiteit van Leuven ontwikkel is. Met 'n uitnodiging na die volgende algemene jaarvergadering by die Emory Universiteit in Atlanta, Georgia, VSA is die kongres beëindig, en het ons ietwat hartseer alle ou en nuwe vriende wat ons daar ontmoet het, gegroet.

Onsself het eers Saterdagoggend vertrek en het dus nog Vrydag kans gehad om weer in een van die nou straatjies van die "vieille ville", die La Calade Restaurant te besoek, waar ons onder andere die heerlike Nice-slaai, saamgestel uit verskillende blaarslaaie komkommer, radyse, vis en ek weet nie wat nog alles, tesame met wyn spesiaal vir die restaurant gebottel, geniet het, en lank gesprek gevoer het met die eienares en 'n



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

ander Duitse egpaar langs ons oor SA, Frankryk en Duitsland, die "Kirchentag" in Frankfurt, en oor nog vele ander onderwerpe ...

Ook oor die kleredrag-sedes van Nice het ons ons soms verwonder: terwyl ons een aand laat in 'n ander restaurant/diskoteek, omelet eet en die verfrissende Franse granaat-koeldrank geniet moes Christel vir 'n jong Duitse toeris in kortbroek tolk, en hoor toe van die kelner dat geen diskoteek in Nice 'n man in kortbroek sal toelaat nie. Daarenteen bevind meeste dames op die strand hulle in 'n heeltemal "topless" toestand. Dit lyk egter nie asof dit die mans "mindless" maak nie - trouens mens besef saam met Wilhelm Busch: Das Nackte kann die Tugend stärken" - meeste mense lyk tog maar beter met klere, as sonder klere!

Ons het in elk geval nog op Saterdag 12 September heerlik gaan swem in die verfrissende blou waters van Nice, 'n besoek by die wonderlike blommemark van Nice afgelê, en daarna die langpad gekies terug Duitsland toe.

ROLF TöNSING

---

SWA - 'N HELE MAAND LANK!

Vir die keerste keer in my lewe was Pretoria vir hierdie Pretorianer tè groen.

Dis nie dat ek ondankbaar is oor die welkome reën en my skielike pragtige tuintjie nie; maar na 'n maand in Suidwes mis 'n mens die geel vlaktes en die sand.

Miskien is dit nie die groen wat pla nie, maar die gebrek aan oop ruimtes en vars lug in die ou stad van ons. 'n Mens se visie moet eers weer vernou na betonmure, glas en teerstrate. Ek begin darem nou weer die blomme raaksien!

Windhoek

Die konferensie in Windhoek was heerlik. Die "ver weg" konferensies is definitief iets spesiaal.

Die myle se ry en die blyery in die WOK-koshuis het gesorg dat ons klomp hier van UP mekaar beter leer ken het. Dit was lekker om ook departement Biblioteekkunde se mense beter te leer ken.

Op die konferensie het ek weer besef hoe 'n belangrike rol ons beroep speel in die ontwikkeling van Suid-Afrika; nie net op opvoedkundige gebied nie, maar ook op tegnologiese gebied.

Windhoek is 'n mooi stad, so tussen die heuwels. Dit bied iets vir elke smaak: winkels, bierfeeste, lekker uiteet, koffie drink en 'n wildtuintjie. Dit het te gou gevoel toe die twee kombi's weer Pretoria toe vertrek. Ek was effens spyt dat ek die gesellige terugry moes mis, en nie weer na die interessante klipberge sou kon kyk nie.

Etosha

Die pad Noorde toe van Windhoek af is baie interessanter as wat ek my voorgestel het. Heelwat heuwels en berge, "bosveldbome" (sommige in blom), geelgras en voëls. Die sprokiesbome naby Tsumeb was ook in blom!

Die Etosha is so wonderlik soos wat almal sê, en die drie toeriste kampe is elk 'n oasis, elkeen met sy eie karakter. En 'n mens sien baie wild: klein Damara dikdikke en leeus!

Die hoogtepunt is die watergat by Okaukuejo-ruskamp wat deurnag



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

verlig word. Die tweede nag het ek tot 02h00 wakkergebly en is beloon met ongeveer dertien olifante wat ure lank water drink (so naby dat 'n mens hulle mae kan hoor roggel), jakkalse, 'n leeu en twee renosters wat kom water drink het.

SAS-reise is aan te bevele en die ongeveer 30 bibliotekarisse van verskillende plekke en tipes biblioteke het mekaar leer ken deur saam voëls te kyk, te lag en ervarings te deel.

Gobabis

Twee-en-'n-half weke in die Namib is soos hemel op aarde en genoeg om 'n mens vir 'n lang ruk na ruimtes te laat verlang.

Gobabis is 'n ekologiese navorsingstasie in die Namibwoestyn, ongeveer 120km suidoos van Walvisbaai. Dit is geleë langs die meestal droë Kuisebrivier, tussen die gruisvlakte en die duinewoestyn.

Daar is gewoonlik tussen vyftien en twintig mense op die navorsingstasie. 'n Mens het 'n spesiale permit nodig om hierdie stasie te besoek en dit is geleë in die Namib/Naukluft natuurreservaat.

Biblioteek in die woestyn

Daar is heelwat boeke en tydskrifte in die biblioteek op die navorsingstasie - dit vorm deel van die WNNR se biblioteek.

Dit was my derde besoek aan Gobabis, en is moontlik gemaak deurdat ek help om die bibliotekie te organiseer.

Herdrukke en toepaslike tydskrifartikels (reeds meer as 7 000) is geïndekseer op 'n mikrorekenaarstelsel. Die keer het ek gehelp om soektogte te vergemaklik, deur te bepaal hoe die resultate van 'n soektog oorgedra kan word op WORDSTAR, en dus op diskette gestoor kan word en met WORDSTAR geredigeer en gedruk kan word. Ek het ook ongeveer 20 soektogte vir die navorsers gedoen. Ek het ook 'n paar keer saam gaan goggas vang in die rivierloop of gehelp met goggaeksperimente in die duine.

Verder kon ek heerlik alleen in die duine loop, die voëls en steenbokkies in die riverloop met sy groot anabome, tamariske, ebbehout en kerriebosse bewonder, en sommer twee keer 'n dag swem.

Ek het in 'n klein karavaantjie onder 'n groot kameeldoringboom gebly. Soms ook lekker by die ander geëet en gekuier, en 'n paar keer uitgery met sonsondergang om in die duine 'n "sundowner" te drink en te sien hoe die duine se kleure verander. Onverwagse koue was daar, baie wind en sand soms oral; maar vir my weereens drome wat waar geword het: 'n "ver weg" konferensie, Etosha en Gobabis.


RINA DE VOS

---





"Die bib het al jare probleme met kennisgewings"


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019



SUIDWES IS MOOI





EN LEKKER!



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## BOTSWANA - BUIG OF BARS

Vanuit die stofvrye (relatief gesproke), lugversorgde Merensky, het ons op Vrydag 2 Oktober die sand, stof, wind en waters van Botswana gaan aandurf.

Met petrolkanne, spaarwiele, genoeg kos en verversings vir 'n safari van 12 dae en 13 jong lewenslustiges is die twee vierwielaangedrewe bakkies gelaai. Die eerste paar dae van ons besoek aan dié land van kontraste, was 'n 3 dae-lange toer deur die eilande van die Okavango-delta. Op Maun, die groot dorp aan die oewers van die delta, aangekom (reeds byna toé onder die stof), is ons per vliegtuig, en asemrowende uitsigte oor die moerasse, na Chief's Island, sentraal in die delta geleë. Van daar is ons dieper die delta in: tweetwee op 'n uitgeholde boomstomp ('n makorro genoem) en 'n swartman wat dit aandryf ('n poler genoem). Dit was 'n belewenis om jou vir drie dae te verlustig in 'n natuurskoon wêreld van kruis-en dwars strome, gras- en palmbedekte eilande, groot troppe wild, visarende wat roep en die mooiste sonsondergange ...

Maar, ons moes verder. En groot was die ontnugtering toe ons met seer songebrande lywe die lowergroen van die delta moes verruil vir die stof en die sand van die Moremi - en Chobe-wildtuine. Dit is nou 'n baie droë tyd van die jaar. Maar dis mos safari! En op Safari wou ons gaan! Sommer die tweede dag van dié rit tref ons al 'n stofstorm dat mens nie tien treë agter die bakkie kan sien nie. En in daardie stof slaan ons elfuur die nag kamp op. En nog dieselfde nag saai die hiënas byna verwoesting in die kamp. Die volgende oggend moes ons eetgery, gasstofies en 'n tent, van die goed halfpad opgevreet, oral in die veld rondom optel. (Gelukkig was daar niemand in die tent nie).

Stadig maar seker het ons nou van dag tot dag deur die sand gevorder. Hoe nader ons egter aan die groot waters van die Choberivier gevorder het, hoe meer wild het ons begin sien. Troppe van tot dertig olifante, vyftien leeus, heelwat buffels, kwaggas, kameelperde, en verskillende boksoorte Uiteindelik het ons die noordoostelike grensdorp, Kasane, bereik - die eerste bietjie beskawing na sowat vyf dae. Hier het ons ook ons toer afgesluit met 'n onvergeetlike besoek aan die Victoria Waterval, sewentig kilometer in Zimbabwe in.

Nou was die pad net terug, terug na die ou Transvaal - en gelukkig darem teerpad sodat ons kans kon kry vir herstel.

Botswana was 'n land met vriendelike mense, maar 'n land met kontras in die natuur, en juis daarom 'n land wat ek graag weer sal besoek.

HERMIE VAN ZYL

---

## MOEDERS WAT WERK

As pastoriekind met 'n skrywersma was ek gewoond daaraan dat my ma nie altyd beskikbaar was nie; tog was daar soms 'n tikkie verwyt en het ek altyd gedink "ek sal daar wees as my kind my eendag nodig het". Dan is dit skielik "eendag", en by die vreugde om te hoor dat jy swanger is, kom die skok - "Wat nou, ek het 'n loopbaan wat ek geniet, waarvoor ek hard gewerk het; ons het pas huis gebou, is maar pas 'n jaar getroud. Alles in ag genome, kan ek nie ophou werk nie - al wil ek. Na 'n bietjie rondvra en gesels, blyk dit ek is verreweg nie die enigste vrou met dié dilemma nie. Deesdae moet die meeste vroue met kinders werk, ondanks baie druk en kritiek van buite, en baie selfverwyt.


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Na baie wik en weeg tref ek reëlings dat Mary, wat twintig jaar by my ma gewerk het, en meer 'n vriendin as 'n huishulp is, na my toe kom. Sy was uit die staanspoor baie lief vir Jamie, en gee hom al haar aandag en tyd. Uiteindelik is ek gerus en tevrede. Maar by 'n vriendin se kinderpartytjie word ek weer heftig gekritiseer oor my besluit en "selfsugtigheid", deur ma's wat bevoorreg genoeg is om tuis te kan bly, en ook minder welgestelde ma's wat klaarblyklik nie buitenshuis wil werk nie. Na baie oplees oor die onderwerp het ek tot die volgende gevolgtrekking gekom, wat ek met julle wil deel: As jy kinders het en werk, doen die beste wat jy kan vir jou kind se welsyn en versorging, gee hom genoeg liefde en aandag, en hou op om gedurig skuldig te voel! Jou besluit was in sy (en jou eie) beste belang. Dit is per slot van rekening jou persoonlike besluit en geskied beslis nie sonder opoffering nie.

En die ma's wat nie hoef te werk nie, of wat by die huis kon bly toe hulle kinders klein was, of die vrouens wat nie kinders het nie - moet asseblief nie oordeel nie, verstaan tog dat dit nie vir ons maklik is nie, of dit nou 'n baba of 'n skoolgaande kind is. As ons met rooi oë by die werk rondloop - dink tog daaraan dat dit dalk van 'n slapelose nag met 'n skreeuende baba is, of van huil omdat jy nie teenwoordig kan wees by jou kind se aktiwiteite nie. Respekteer ons besluit, en begryp dat ons twee dinge na die beste van ons vermoë probeer doen, naamlik ma-wees en beroepsvrou wees.

Aan al die Merensky-ma's: "vasbyt", aan al die IBL-dames, baie dankie dat julle so baie van my werk gedoen het tydens my afwesigheid. Ek waardeer dit baie.

LOUISE MAYER

## IN EN OM MERENSKY

### CAROLINE VAN DER MERWE STAL UIT

'n Tentoonstelling van beeldhouwerk, etse en tekeninge deur Caroline van der Merwe sal op Dinsdag 3 November 1987 om 18h00 deur dr Enrico Guicciardi van die Italiaanse Ambassade in die Intersaal, van die Ou Letteregebou by die Universiteit van Pretoria geopen word. Caroline van der Merwe is die bekende Kaapse kunstenares wat haar naam gevestig het onder die internasionale beeldhouers wat gereeld in Italië werk.

Caroline van der Merwe is in 1932 in Tansanië gebore. Sy het haar kunsopleiding aan die Universiteit van Kaapstad ontvang en in 1976 vir die eerste keer in Carrara in Italië gaan werk. Sy het ook veel in Amerika en Europa gereis. Sy het weer in 1983 en 1984 in Pietrasanta in Italië gewerk waar sy 'n ateljee en huis aangeskaf het om daar sowel as in Suid-Afrika te kan werk.

Sy het verskeie eenmantentoonstellings gehou, onder meer in Viarezzio, Italië in 1984 en sy het aan talle groeptentoonstellings deelgeneem, onder meer die tentoonstelling van beeldhoukuns deur vroue in Pietrasanta. Sy was ook uitgenooi om uit te stal onder tema Beelde uit die lewe van Dante: sy verhale en legendes by die sewende internasionale Dante Biennale in 1985 in Ravenna waarvan die President van Italië die beskermheer is.

Gedurende die sestigerjare en begin van die sewentigerjare het sy bekend geword vir sensuele abstrakte beeldhouwerk wat aanvanklik op voëlvorms en die vrouefiguur gebaseer is.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

IL VOVO (1986)
(Brons)



Na haar terugkeer uit Italië in 1976 het haar benadering aansienlik verander. Haar onlangse beeldhouwerk, hoofsaaklik die manlike figuur, is gemoeid met die konflik tussen die verganklike en die spirituele aspekte van die lewe en maak gebruik van beeldhoukundige eienskappe soos ruimte, gewig, volume en tasbare kwaliteite.

Die tentoonstelling sal tot 20 November duur en kan op weeksdae besigtig word vanan 09h00 tot 16h00.

Alle navrae in verband met die uitstalling kan gerig word aan: Dirkie Offringa by (012) 420-2224.



DRAPED YOUTH (1986)
(Statuario marmer)



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

TERLOOPS...



DIE STAATSBIBLIOTEEKSTIGTING

Die Staatsbiblioteek wil graag in sy eeufeesjaar kontak bewerkstellig met die gemeenskapsleiers van Pretoria.

Die doel is om die biblioteek stewig in die gemeenskap te vestig en die funksie van die Staatsbiblioteek as 'n inligtingsentrum uit te bou. Die Staatsbiblioteek het fasiliteite en bronne van inligting wat uniek in Suid-Afrika is. Die volle gebruik van die 2 miljoen dokumente en van die dienste van die Staatsbiblioteek is in belang van die Suid-Afrikaanse gemeenskap as geheel, maar veral van die mense van Pretoria.

Dienste van die Staatsbiblioteek

Inligting kan deur die Staatsbiblioteek verskaf word uit die versameling van Suid-Afrikaanse publikasies, wat volgens die Wet op Pliglewering van Publikasies, almal aan die Staatsbiblioteek gelewer moet word. Die unieke en bytydse versameling van die staatspublikasies van die Verenigde State van Amerika, en die versameling publikasies van die Verenigde Volke, bevat waardevolle inligting.

Die inhoud van die Staatsbiblioteek word reeds terdeë benut. Meer as 17 000 persone gebruik jaarliks die Naslaanseksie om inligting te verkry. Die biblioteek het ook 'n Studieseksie wat jaarliks sowat 30 000 besoeke van studente ontvang.

Die Staatsbiblioteek publiseer kwartaalliks 'n indeks tot die staatskoerante van die Republiek en van die TBVC-lande. Die biblioteek stel katalogusse saam van boeke en tydskrifte wat in Suid-Afrikaanse biblioteke is, sodat biblioteke en persone vinnig kan vasstel presies waar 'n publikasie beskikbaar is. Saam met die Johannesburgse Openbare Biblioteek word 'n indeks tot die artikels in die belangrikste Suid-Afrikaanse tydskrifte saamgestel.

Die Staatsbiblioteek is verantwoordelik vir 'n stelsel waardeur boeke tussen biblioteke geleen kan word, sowel in Suid-Afrika as internasionaal. Sowat 11 000 publikasies word jaarliks deur die Staatsbiblioteek van oorsese biblioteke aangevra vir Suid-Afrikaanse gebruikers.

Wet op Nasionale Biblioteke, 1985

Die oogmerke van 'n Nasionale Biblioteek is om deur die versameling, bewaring en toeganklikstelling van gepubliseerde en ongepubliseerde materiaal die lewering van inligtingsdienste aan die bevolking van die Republiek te bevorder.

Rol van die Stigting

Die Staatsbiblioteek wil graag verneem:

* watter inligtingbehoeftes in Pretoria bestaan waaraan die biblioteek aandag kan gee, en
* op watter wyses die nodige fondse verkry kan word om sy dienste doeltreffend te kan lewer.


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Ons wil graag ook vasstel hoe u verlang om saamgesnoer te word vir gesamentlike optrede, met moontlik die aanwysing van 'n klein bestuur.

Die Staatsbiblioteek wil graag ook van sy kant voordele aan lede verskaf. Moontlikhede is: leiding met die vind van inligting, 'n afslag op die Staatsbiblioteek se eie publikasies, vergaderings en kursusse oor onderwerpe wat die lede interesseer, en so meer. U kommentaar oor hierdie aspek sal ook waardeer word.

Ons is seker dat u 'n belangrike bydrae sal kan maak tot die denke oor die vooruitgang van die Staatsbiblioteek.


---


EEUFEESVIERING VAN DIE STAATSBIBLIOTEEK

Die Staatsbiblioteek, een van die twee nasionale biblioteke van Suid-Afrika, het op 11 Oktober 1987 sy honderdjarige bestaan herdenk. Dit was die dag waarop pres Paul Kruger die amptelike reëls en regulasies van "de Staats-Biblioteek" honderd jaar gelede onderteken het.

---

**Bibflitse ....**






Let asseblief daarop dat alle verlore besittings direk by die hooftoonbank vlak 3, ingegee moet word. Sodoende word een sentrale punt daarvoor geskep.

---

Geluk aan Karen Förtsh die wenner van die Eeufeesvasvrae van die Staatsbiblioteek.

---

Welkom terug aan Bokkie. Jammer dat jou vakansieverlof toe siekverlof geword het!

---

Rampfonds R236,46
Baie dankie aan almal wat bygedra het.

---

Die personeel wil graag prof Gerryts terug verwelkom na 'n afwesigheid van drie maande. Prof Gerryts het sy navorsingsverlof baie goed benut en baie werk afgehandel, onder andere die skryf van drie artikels en 'n besoek aan die buiteland.

---

DIE STAATSPRESIDENT, SIR ARNOLD, ISRAELIETE EN DONKIES

Die week waarin die opening van ons nuwe gebou plaasgevind het, was een vol spanning, drama, miernesbedrywighede en samewerking met 'n hoofletter S. Die Sondag voor die opening vind die inbraak plaas. Maandag was 'n hele dag gewy aan polisie- en UP


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Die verrigtinge begin die oggend met tee om 10h30. Ons laat die biblioteek en sy skatte in die sorg van sekuriteitswagte (hulle het eers die hele plek deursoek met die bekwame hulp van hul hoogs gespesialiseerde kollega, 'n Duitse herdershond). Ons neem toe ons plekke in by die lesingsaal waar die opening sou plaasvind. Die Staatspresident word deur sy aide-de camp aangekondig, en ons staan almal terwyl die eregeselskap hulle plekke inneem.

Mev Botha was geklee in 'n roomkleurige pakkie met 'n fyn swart strepie in die materiaal. Tussen al die formaliteite van die toesprake en onthullings van gedenkplate het sy 'n tikkie informele menslikheid aan die verrigtinge verleen toe sy skielik besef dat 'n dame wat in die persbanke sit, begin stik-hoes en sy 'n lekker uit haar handsak neem en dit via die Dekaan aan haar oorhandig.

Die Dekaan, professor Coubrough het in sy toespraak verwys na die feit dat die eerste Dekaan, sir Arnold Theiler nie met onderdane onderhandel het as daar probleme was nie, maar sy donkiekar ingespan het en reguit na die Eerste Minister gery het. (Moenie glo daar is nie vandag nog donkiekarre op Onderstepoort nie; die Instituut vervoer steeds hulle voer na die diere met 'n perdewa!)

Die Staatspresident het ook telkens verwys na sir Arnold maar ook vertel hoe groot Onderstepoort se bydrae vandag steeds is rakende veesiektes en die voorkoming en behandeling daarvan, selfs buite die grense van die Republiek.

Die Rektor het in sy toespraak die interessante feit genoem dat hierdie die enigste amptelike tweetalige fakulteit van UP is en hy het namens UP 'n spesiale gedenkplaat, om die goeie samewerking tussen die Afrikaans- en Engelssprekendes aan te toon, aan die Fakulteit geskenk.

Daarna is die eregaste in groepe ingedeel en op besigtigingstoere van verskillende dele van die Fakulteit geneem. Dit was vir my 'n voorreg om hierdie gaste die mooi biblioteek te kon wys.

Professor en mevrou Gerryts was in een van die groepe en toe hy sien dat ek reeds besig was met rondleiding het hyself sy groep rondgelei.

Hulle was skaars by die deur uit toe die Staatspresident se groep instap. Ons groot oomblik en geen fotograaf byderhand nie! Ek is aan president Botha voorgestel en terwyl 'n lang man sy hand na my uitsteek en "Cruywagen" sê, groet die President vir Ida en Lourina oor die toonbank. (Lourina het heeldag daarna nie hande gewas nie!)

Mevrou Botha het intussen Ida se lentevars pronkertjies wat op die toonbank gestaan het, opgetel en diep daaraan geruik. So is Ida se hart verower!

Die Rektor en mevrou Joubert en die Dekaan en mev Coubrough was die ander lede van die groep. Ek is gevra om die onderste vlak van die biblioteek aan hulle te wys. By die perde-uitstalling het hulle stilgestaan waar President Botha in besonder die aambeeld opgemerk het. Die Arnold Theiler-uitstalling met die geskiedkundige foto van Generaal Louis Botha en Theiler in 1908 afgeneem, het heelwat belangstelling uitgelok.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019


sekuriteitswag-ondersoeke en verklarings. Vingerafdrukke is wel gevind by die plek van inbraak (die damestoilet se louvre-venster), maar tot op datum is die dief nog nie gevind nie.

Dinsdag, Woensdag en Donderdag is toe aan die uitstallings en finale afronding van die biblioteek gewy. Hier kan daar met lof van Samewerking gepraat word - ons kollegas van die biblioteek van die Navorsingsinstituut vir Veeartsenykunde (NIV), het gereël vir die geskiedkundige foto's van Sir Arnold Theiler (1897 - 1927). Ek het dit veral geniet om sy boekversameling te kon deurdsnuffel om items te leen vir ons uitstalling. Toe sy versameling aan die biblioteek van die NIV bemaak is, het ons biblioteek ongelukkig nog nie bestaan nie.

Verder wil ek ook Merensky-personeel bedank vir hulle gewillige hulp met die letterwerk vir die uitstallings en die leen van materiaal en 'n glaskas. Estrellita en Marlize, baie dankie!

Ons het ook 'n interessante uitstalling oor perde-geneeskunde gehou, opgerig deur ons vorige aanddienspersoneellid, Carel de Bruin. Die Departement Chirurgie het Carel apparaat geleen om die kuns van die hoefsmid uit te beeld en hy het sy eie perdetuig ook gebruik om ons boek-, tydskrif- en kassetmateriaal verder op te kikker.

---



[Ruini: Anatomy of the Horse. 1598].

Donderdag was die miernes op sy bedrywigste. Buite word die tuin finaal afgerond en die markee vir die noenmaal, 'n blomme-paradys. Binne word vloere blinkgevryf, mure afgevee en kunswerke gehang. Soos die Dekaan aan my gesê het na ek soos Genis ietwat "beswaard" gevoel het oor die naakte studies wat in die biblioteek hang, hierdie Sir Arnold Theiler-gebou sal bekend wees vir sy kunsversameling. Werke van die volgende kunstenaars hang nou in die biblioteek: Miriam Friedland, Marcella de Boom, Jean Kotze Louw en Anna Vorster. Almal is abstrakte werke. Ons gunsteling is die werk van Jean Kotze Louw. Knorrige gebruikers word gou na dié skildery gestuur, want dié het beslis 'n strelende uitwerking op 'n mens se gemoed.

Hierdie werke is deur die kunstenaars aan die Fakulteit se nuwe gebou geskenk.

Die argitek het sy kunsbydrae aan die biblioteek gelewer toe hy inderhaas twee pragtige geglasuurde plantpotte deur Digby Hoets hier afgelewer het. Ongelukkig is hulle slegs tydelik aan ons geleen. (Of wil iemand nie 'n geldskenking aan ons maak nie - hulle kos R480 elk!)

Maar dit was by die klassieke veterinêre boekuitstalling met die rare atlas van die anatomie van die perd waar die Staatspresident my 'n vraag gevra het wat my nou nog pla:

"Hoekom het die Israeliete nooit perde gebruik nie? Mens lees net van donkies in die Bybel"

Die gaste kon toe die noenmaal geniet (waar daar glo baie vlieë was, maar die plaasatmosfeer is mos deel van Onderstepoort se sjarme!) Die middag het ons met ons werk voortgegaan. Die studente het natuurlik die dag vakansie gehou. Diè wat belang gestel het, kon die opening in 'n ander saal via videogeriewe besigtig.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Julle samewerking en bereidwilligheid om onder moeilike omstandighede altyd vriendelik en behulpsaam te wees het nie ongemerk verby gegaan nie. Baie, baie dankie.

Beste groete
Personeel en gebruikers van die Musiekbiblioteek

---

ONDERWERPSONTSLUITING

Gee ons net so 'n paar weke kans, en ons almal hier in die afdeling het die DOBIS/LIBIS 1.4 onder die knie. Amelia het ons met bewondernswaardige geduld vertroud gemaak met die nuwe fasette betreffende katalogisering. En so kon ons op Maandagoggend, 5 Oktober, met gemoedsrus weer begin boeke invoer en foute regmaak, nadat ons met die oorskakeling vir 'n volle week lamgelê was. Maar meer daaroor van Magda Coetzee.

Ons almal was baie bly om Estelle terug te hê. Een van die dae sal sy haar arm weer ten volle kan gebruik. Sy doen gereeld haar oefeninge, sy was 'n dapper pasiënt en saam met haar wens ons, dat haar probleem een van die dae iets van die verlede sal wees.

Voltallig is ons so te sê nooit nie. Nou is dit Gertrud, wat "rondloop", kuier, rus, swot.
Ook Makkie het vir 'n week lekker gerus op Margate se strand.

En wat lê nie alles en wag vir die ontsluiters nie? Die kaartkatalogus moet aangepak word, daar wag klassifikasieveranderings by rekenaarswetenskappe, sosiologie en statistiek, en so nou en dan "stroom" ook nog boeke in en wag spoedboeke om afgehandel te word.

Maar toe maar ...

KARIN FÖRTSCH




'N GROET AAN ALLE HALFDAG-WERKNEMERS

Lees ek tog onlangs nogal 'n interessante stukkie statistiek. Almal weet: die jaar het 365 dae, waarvan 2 dae uit die 52 weke nie gewerk word nie. Dan bly 261 werksdae oor. Aangesien ons net 5 ure per dag werk, kan ons 19 ure vir elke dag ook nog aftrek, wat 207 dae beloop. 55 dae bly oor. Vat ons drie weke verlof, bly 40 dae oor. Trek jy die daaglikse teetyd af, wat nog tien ure of twee werksdae omvat, bly 38 dae oor. Trek nou nog 6 openbare vakansiedae, 2 dae vir die tandarts en 3 dae vir die besoeke by die dokter af, wat bly oor??? Lekker werk!!

---

TUKKIANA

Twee Tukkie-dosente, proff Malie Smuts en Braam Bezuidenhout het die onderskeiding behaal om die eerste volledig geïllustreerde



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

teksboek oor die Dromedariskameel te skryf.

Tans kuier die kameelpens by Tukkiana tot tyd en wyl dit vroeg in 1988 uitgestal word, wanneer Tukkiana 'n uitstalling hou in samewerking met die VSR-Joolkomitee.

Om die uitstalpronkstuk in so 'n toestand hier aan te hou sonder dat ons gasmaskers benodig om te oorleef, is die volgende metode gevolg:

Die vars maag is opgeblaas met 'n akwariumpomp sodat dit in sy opgeblaasde toestand kon uitdroog. Daarna is die maag met vernis bespuit.

Enkele interessanthede in verband met die kameel:

'n Kameel kan so lank as vyftien dae sonder water klaarkom. Rede? Hy kan tot 120 liter sluk by 'n waterbron, en dié word blykbaar in die spasies tussen die liggaamsweefsels gestoor. Die niere is ook spiraal aangepas om vog te behou.

Kamele vreet enigiets wat onder woestyntoestande groei soos soutbos, kameeldoring en akasiasoorte - selfs die dorings word gevreet. As plantegroei nie byderhand is nie word plastieksakke en kartondose ook "verslind".

Vet word in die boggel gestoor. Wanneer voedsel volop is, is die boggel groot. Dit word egter kleiner in droogte tye wanneer dié vet as energiebron gebruik word.

OLIVIA WEBB



*"I understand you've written a book."*

IBL-NUUSBROKKIE

Die volgende inligting, geneem uit 'n artikel van prof P J Lor, werp lig op die belangrike diens wat deur IBL gelewer word. Wat die prestasie nog groter maak, is dat die diens op 'n 24-uur omkeertyd gelewer word.

THE VOLUME AND DISTRIBUTION OF INTERLENDING WITHIN THE SOUTHERN AFRICAN INTERLENDING SCHEME

Received February 1987

Because of the decentralized nature of the Southern African Interlending Scheme, very little factual information has until recently been available on the volume and distribution of the interlending traffic between libraries in this region. Such information is needed for the scientific management of the scheme on which libraries may have to rely increasingly as they become more dependent on resource sharing. This article presents a brief analysis of the membership of the scheme during 1985 with reference to the geographical distribution of members and the types of libraries participating. Based on monthly statistical returns collected during the National Interlending Survey, 1985, an estimate is



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

traffic, and the distribution of the traffic by type of library and by geographical area. It is shown that the interlending burden is not evenly distributed among the members of the scheme, and that a large proportion of the requests are directed to a small number of institutions. Some implications of the imbalance are discussed.

## Distribution of the interlending burden

Data presented so far suggests that the interlending 'burden' is not evenly distributed among all the member libraries of the Scheme, but rather tends to fall more heavily on libraries of certain types and in certain areas and regions. A similar pattern emerges when we consider the volume of traffic handled by individual libraries. Frequency tables produced by SAS using the UNIVARIATE procedure for variables 1 and 5, show that requests received are concentrated quite heavily on a small number of libraries, with a large number of libraries receiving no requests or very few. In fact, the first eight libraries (approximately 1% of the membership) listed in Table 17 received 41,4% of the requests, while 43,2% of the libraries (352 libraries) reported receiving no requests at all.

The distribution of requests sent is similar, but less steep. A list of members arranged in descending order by the number of requests sent, would be headed by some 15 libraries (1,8%) each sending more than 5 000 requests in 1985 (highest value 9 278), followed by 48 libraries (5,9%) with 1 000 - 4 999 requests, 222 (27,3%) with 100 - 999, 350 (43,0) with less than 100 requests, and 179 (22,0%) with no requests at all.

small number of suppliers is illustrated by Table 17, which lists the 11 libraries which together received half of the requests in 1985.

Table 17 does not give the full picture regarding the burden placed on the institutions maintaining these libraries, since the table only gives totals for the universities' main libraries. Branch libraries registered as members of the Scheme in their own right, are listed separately. In Table 18 totals are given for institutions, including all branches or sister libraries listed as members of the Scheme. This includes CSIR institutes and unites in all parts of the country, and both the Durban and Pietermaritzubrg campuses of the University of Natal. Most university libraries appear to have at least one branch which is delinquent in submitting interlending returns, so that some of the figures are estimates.

Table 18 illustrates the concentration of interlending demand on a small number of institutions, all but one of which are located in the three major urban regions. The biggest concentration is in Pretoria, where four institutions receive some 29% of all requests.


| Rank | Library | Number of requests received | Percentage of total | Cumulat percenta |
|---|---|---|---|---|
| 1 | University of S.A. | 28 396 | 8,6 | 8,6 |
| 2 | CSTI | 20 838 | 6,3 | 14,9 |
| 3 | Univ. Witwatersrand | 17 362 | 5,3 | 20,2 |
| 4 | Univ. Pretoria | 16 825 | 5,1 | 25,3 |
| 5 | Univ. Stellenbosch | 16 275 | 5,0 | 30,3 |
| 6 | State Library | 13 477 | 4,1 | 34,4 |
| 7 | Johannesburg Public Library | 12 434 | 3,8 | 38,2 |
| 8 | Univ. Potchefstroom | 10 435 | 3,2 | 41,4 |
| 9 | Univ. Natal, Durban | 9 828 | 3,0 | 44,4 |
| 10 | Rand Afrikaans University | 9 233 | 2,8 | 47,2 |
| 11 | Univ. Cape Town | 9 077 | 2,8 | 50,0 |



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Table 18 Ten institutions receiving most requests in 1985

| Rank | Institution | Number of requests received | Percentage of total | Cumulative percentage |
|---|---|---|---|---|
| 1 | University of Pretoria | 31 200 | 9,5 | 9,5 |
| 2 | University of S.A. | 28 500 | 8,7 | 18,2 |
| 3 | Univ. Witwatersrand | 23 530 | 7,2 | 25,4 |
| 4 | CSTI | 22 700 | 6,9 | 32,3 |
| 5 | Univ. Stellenbosch | 21 000 | 6,4 | 38,7 |
| 6 | Univ. Natal | 18 400 | 5,6 | 44,3 |
| 7 | Univ. Cape Town | 15 600 | 4,7 | 49,0 |
| 8 | State Library | 13 477 | 4,1 | 53,1 |
| 9 | Johannesburg Public Library | 12 434 | 3,8 | 56,9 |
| 10 | Univ. Potchefstroom | 10 435 | 3,2 | 60,1 |




## OP DIE GEESTESWETENSKAPLIKE FRONT - VLAK 5

Die oorlog van 1987 is besig om in intensiteit af te neem. Daar is nou tyd om verslag te lewer oor die slagvelde, gevegte, gesneuweldes en oorwinnaars, en natuurlik ook wie aan watter kant - biblioteekpersoneel of gebruikers ...

Die begin van die akademiese jaar het soos gewoonlik met 'n groot geskal begin; die studente was in oorvloed, en die enigste faktore wat in die personeel se guns getel het, was ervaring, en die vermoë om te sien wanneer om "dekking te staan" en natuurlik die feit dat die nuwe rekrute nog in 'n mate aan bomskok ly as gevolg van oriëntering: 'n vinnige bevel kon dié mense dus vinnig laat hakskene wys.

Die eerste semester se take het 'n paar gewondes in ons geledere gelaat (wat darem ook nie verbasend is, as na die vyand getalle gekyk word nie - 1:2000 in die guns van die gebruikers! Boeke vir die spesifieke take is gou uitgeput, en die vyand het met hernude aggressiwiteit aangeval. Die voorsprong wat personeel in die eerste paar weke gehad het, het gekrimp aangesien die vyand nou besef dat hulle REGTE het. ('n Baie belangrike woord in 'n student se woordeskat).

Die oorlog het voortgewoed, deur dag en nag. Soms was die skaal in ons guns, maar meestal was die vyand aan die wen. Gemoedere was laag, skietgoed min en praatjies van muitery het begin kop uitsteek.

Net voor alles verlore was, het die Julie-skietstaking begin.


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Dinge het beter gegaan, nuwe en beter strategieë is beplan. Sommige van ons leiers het begin sê dat "die oorlogsveld agter gelaat is". Party ervare oor logsmanne het ons in die tweede semester verlaat, maar verskeie het gebly en nuwe offisiere is aangestel.

Ons was reg vir hernude aanvalle. Die vyand het egter 'n nare manier om ons na 'n skietstaking te ontsenu met bomaanvalle, in die sin van nuwe take, terwyl die kleiner koëlsarsies van "die-boek-is-nie-op-die-rak-nie-en-hy-is-ook-nie-uitgeneem-nie" gate in ons verdediging laat. Maar ons is sterker as die vorige semester en ons kanonne is opge stel, landmyne is geplant ... en die vyand is voorspelbaar!

Ons bondgenote in GSV het hulle kragte by ons ingegooi, en keer op keer is die vyand gepootjie deurdat daar genoeg boeke beskikbaar was. Ons dank aan die mense daar, hier vanaf die slagveld.

Nou is die akademiese jaar amper op sy rug, en die vyand se gees is geknak - daar is net te veel antwoorde op hulle vrae en genoeg boeke vir werkstukke, alhoewel dit van vraag tot vraag varieer!

Die nuwe skietstaking lê voor die deur, en dit is tyd vir ammunisie bymekaar maak en wonde verbind, sodat die oorlog van 1988 met nuwe krag tegemoet gegaan kan word, want eintlik hou ons almal tog maar van ons "vyand", én geniet ons die stryd!

MARIELIZE GOLDIE



'N DAG IN DIE LEWE VAN 'N AFLOSSER IN MERENSKY I

Skarrel, skarrel ... gryp, gryp. Twee bondels onder die arms en daar trek ek. Op pad om my dag in "Ou Merensky" of Merensky I te verwyl!

Halfpad stap om my "kassie" op te tel. Amper daar - het nog die meter! Enkele treë van my bestemming af tuimel my twee torings van Babel ineen en lê kassie, meter, papiere en penne verspreid oor die aarde. Optel, optel ... ai, 'n trollie sou darem handig gewees het!

Die eerste deur word oopgesluit, die tweede deur word oopgesluit. Ek rig myself in vir die dag wat voorlê, sit die kleingeld in hul hokkies, lees my instruksies en pak my werk uit.

"Goeie môre, meneer". "Ek soek 'n tydskrif". "Vul asseblief hierdie vormpie in met alle besonderhede en die volledige titel". "Sal maar soveel inskryf as wat ek weet." "Verskoon my meneer, maar u moet asseblief die volledige titel van die tydskrif invul". "Nou weet jy dan nie waarvoor NGTT staan nie???". "Ongelukkig nie meneer".

Besoeker nommer <u>twee</u> kom op my afgepyl vanuit die rakke "Jammer meneer, maar waar het u ingekom?" (Ek sit tog rég voor die deur en was wakker) "Ek het 'n ingang gesoek en toe kry ek een!" Dit blyk toe 'n oop buitedeur te wees.

"Goeie môre meneer, kan ek help?" "Dankie, ek kyk sommer net". Stap in die rigting van die tydskrifte. "Jammer maar u mag nie self die tydskrif gaan uithaal nie, vul asseblief net hier in, dan kry ons hom gou". "Hoekom nie?" Wat antwoord ek die man? Verduidelik maar dat dit die beleid is met hierdie nuwe stelsel, en daarop kry ek



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

nog 'n "hoekom"? Gelukkig of ongelukkig verskuif sy belangstelling. "Wat is hier onder?". "Ek weet regtig nie meneer, ek dink dit is moontlik nog staanplek". "Ek wil gaan kyk". "Die deur is gesluit en u mag buitendien nie daar ingaan nie".

Besoeker nommer vier sê hy gaan die ligte vir 40 minute afskakel, want daar moet daaraan gewerk word. Ek ontvang my volgende besoeker dus in die donker.

"Sjoe, maar 'n mens sukkel om hier uit te kom!" Besoeker vul die nodige vorms in en ek roep Tax nader. "Hierdie boek is nog nie hier nie". "Jammer meneer, hierdie tydskrif is nog in die kelder van Merensky II". "Hulle stuur my dan van die vloer af hierheen". "Jammer meneer, dit is op hierdie stadium nog bietjie deurmekaar".

Besoeker nommer vyf daag met 'n breë glimlag op, want sy het uiteindelik die plek gekry. Vul die nodige vorm in, en daar is dit mooi 'n herhaling van geval nommer vier!

Besoeker nommers ses en sewe sê met oë wat blink van verwagting: "Goeiemôre dame, ons het kom soek na die ou vraestelle ..."

'n Dag in die lewe van nog 'n aflosser in Merensky I!

Ondervinding het geleer dat 'n mens 'n dag in Merensky I nie ongewapend kan aanpak nie. Watter wapens? Dit is tog nie oorlog nie! Moenie glo nie. Dit is so goed soos oorlog.

Die vorige dag moet jy almal subtiel op jou afwesigheid voorberei,en beplan watter van jou massas werk jy na die Merensky I sal kan neem. Daar is egter min werk wat daarvoor kwalifiseer omdat die fasiliteite daar onder beperk is. Die volgende oggend moet jy jou wegskeur van die vloer se aktiwiteite, en met jou pakkaas wat langs die pad groter word afstrompel. Die grootste struikelblok is dat die helfte ook langs die pad verlore raak, veral in die oopsluitproses. Let wel by die oopsluit van die deure wat toegang aan die gebruikers verleen, is die geldkassie wat jy stewig onder jou arm vasknyp ook 'n struikelblok.

Eindelik kom jy tot rus en organiseer jou werk, om tot jou ontsteltenis te ontdek dat iets op die vloer agter gebly het. Afgesny van die buitewêreld, moet jy maar die beste van 'n slegte saak maak, omdat jy die dienspunt nie onbeman (of is dit onbevrou) kan laat nie. Gebruikers kom en gaan, en nie almal is ewe beïndruk met die hele opset nie. Een het glad in trane uitgebars omdat die aanwysings nie alte duidelik was nie, en sy per ongeluk die verkeerde ingang gebruik het. Jy het haar toe natuurlik geboelie deur haar tereg te wys, en boonop kan jy toe nie verklaar wat van die 015 tydskrifte geword het nie! (Moet sneesdoekies ook deel van jou wapenrusting uitmaak?).

Die ellende neem toe wanneer Tax om 9h30 tee gaan drink, en jy self geldkissie onder die arm die kompaktusrakke skuif om goeie diens te kan lewer. Na teetyd sleur die oggend voort, met enkele ligpunte soos 'n gebruiker wat sy tydskrifte een vir een aanvra, en elke keer moet jy hom daarop wys om die vormpie volledig in te vul. Die invul van die vormpie bied natuurlik sy eiesoortige probleme, naamlik: "Wat moet ek hier by vlak invul?" "Ignoreer dit asseblief". "Is die aanvraer en gebruiker dieselfde persoon?". "Ja" en "Ek weet nie wat die klasnommer is nie". "Ek kan dit ongelukkig ook nie opsoek nie, maar watter vak is dit?". "Ek dink ... dit is Sosiologie". (Wel, ek hoop jy is reg, want anders sal ek jou weer moet rondstuur).



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Die dag gaan gelukkig ook om, en eindelik volg die hele toesluitritueel. Weer kreun jy langs die paadjie na jou lessenaar net om 'n oorlaaide lessenaar te vind. Almal het dit goed geag om tydens jou afwesigheid jou te ondersteun, met 'n verskeidenheid van navrae, opdragte, aanvrae vir interbiblioteeklenings, en 'n menigtal ander opdragte en navrae wat opgevolg moet word. Sien, jou werk staan mos stil gedurende jou gedwonge afwesigheid. Watter aangename vooruitsig vir jou werksdag môre ...

NOG 'N AFLOSSER IN MERENSKY I...
'n Aflosser in Merensky I uiter 'n noodkreet, in die skrale hoop dat iemand sal luister! Is dit werklik nodig dat die dienslewe-ringsvermoë van die vakbibliotekarisstelsel so ingrypend deur die tydskrifte-trek na Merensky I geraak word? Die vakbibliotekarisstelsel is juis die punt waar die afwesigheid van personeellede die vinnigste opgemerk word, én die seerste maak.

Personeellede moet talle vergaderings, opleidingsessies, kongresse, seminare, simposiums en vele ander belangrike en noodsaaklike aktiwiteite bywoon. Hulle kan ook nie die hele dag by hulle dienspunte bly nie. Rekenaarsoektogte moet gedoen word, ander afdelings en personeellede moet besoek word, probleme moet uitgestryk word, sake moet gereël word. Personeellede neem verlof: vakansieverlof, studieverlof, kredietverlof.

Dit alles beteken dat die vakbibliotekaris en die vakbibliotekarisassistent dikwels nie tegelykertyd op die vloer is nie. Wanneer die assistent dan vir 'n volle dag elders moet aflos, vererger hierdie situasie natuurlik honderdvoudig. Die alles impliseer onvoldoende en selfs ontoereikende dienslewering. As almal tevrede is dat dit so voortgaan, dan sê ons in werklikheid: "Ons is doodtevrede en heeltemal gelukkig met swak en ondoeltreffende dienslewering in die vakbibliotekarisstelsel".



TREFFERS

Films: The Untouchables

The Secret of my Success

"The Untouchables" is 'n meesterstuk - 'n treffende film wat aksiebelaaide en spanningsvolle vermaak bied.

Robert de Niro as die berugte Al Capone is onvergeetlik: wreed, magtig én demonies. Al Capone is die legendariese vader van georganiseerde misdaad in die jare twintig in Amerika. Kevin Costner is Eliot Ness, die man wat Al Capone ten alle koste wil stuit. Die ereposisie in hierdie film word egter aan geweld gegee.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Geweld word met geweld beveg: "If he sends one of your men to the hospital, you send one of his men to the morgue".

Geweld lei telkens tot verdere geweld wat niemand en niks ontsien nie. Uit hierdie bose kringloop van geweld, spruit die ondergang en vernietiging van almal wat daarmee in aanraking kom.

As Jim Malone, die onkonvensionele en geharde polisieman, is Sean Connery onverbeterlik. "The Untouchables" is 'n film wat beslis gesien moet word.

Diegene wat op soek is na ligter vermaak, kan gerus na "The Secret of my Success" gaan kyk. Dit is prettig en plesierig; lighartig en lagwekkend.

Sit rustig agteroor, ontspan en gee jou oor aan die komiese suksesverhaal wat voor jou oë afspeel. Dit is heerlik om na 'n verhaal te kyk wat 'n gelukkig einde het!

JEANETTE MARAIS

---

# PERSONALIA

**PERSONALIA**



Naam: Mev Carina van Wyk
Getroud
Een seun
Aangestel by Skenkings
Vorige ondervinding: Onderwyseres
Stokperdjies: Naaldwerk, pottebakkery, fotografie

*************



Naam: Mev Suzette Gouws
Getroud
Twee dogters
Aangestel by Bindery
Vorige ondervinding: Tien jaar by drukkery
Stokperdjies: Brei- en hekelwerk, blokkiesraaisel



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# Gelukwense....



NOVEMBER

8 Mev Doris Botha
(Reprografiese Dienste)

11 Mev Yzelle Roets
(DOBIS/LIBIS)

12 Mev A C Badenhorst
(Toonbank)

17 Mev Susan de Wet
(Bibliografiese ontsluiting)

19 Mej Martie van der Walt
(Voorklinies)

26 Mnr Louis Botha
(Toonbank)

28 Mev Christie de Klerk
(IBL)

Mev Daléne Stephens
(5de Vlak)

30 Mev Marléne Vorster
(Vlak 6)



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

SO MAAK ONS AS 'N WAARNEMENDE DIREKTEUR IN MERENSKY VERJAAR










Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UITSTALLING VAN MIDDELEEUE VLAK 3








Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Universiteit van Pretoria

# Biblioteekdiens

# BIBLIKASIE

NOVEMBER
DESEMBER

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

HIERDIE UITGAWE VAN BIBLIKASIE

WORD OPGEDRA AAN

MNR DUMINY

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# I N H O U D S O P G A W E

DIE EERSTE SÊ .................................. 1
WESSEL WILHELM DUMINY ......................... 2
REDAKSIONEEL ................................... 6
DIE MOEISAME PAD VAN DIE BOEK ................. 6
VOORSPOEDIGE REIS .............................. 9
40 JAAR GELEDE ................................. 11
'N TIKKIE HARTSEER ............................. 11
CHRISTELIKE FEESMISTIEK EN VOLKSMISTIEK .......
BY DIE VIERING VAN KERSFEES ................. 12
ALLERLEI ....................................... 13
TERLOOPS ....................................... 19
VERMAAK ........................................ 21
PERSOONLIKE SNUFFELS ........................... 22
RESEPTE ........................................ 23
BIBFLITSE ...................................... 24
GELUKWENSE ..................................... 25
PERSONALIA ..................................... 27
UITSTALLINGS ................................... 31

******************

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

'n Kort Kursus in Menseverhoudings

Die ses belangrikste woorde
Ek erken dat ek fouteer het
Die vyf belangrikste woorde
Jou werk is goed gedoen
Die vier belangrikste woorde
Wat dink jy hiervan
Die drie belangrikste woorde
Sal jy asseblief
Die twee belangrikste woorde
Baie dankie
Die een belangrikste woord
Ons
Die woord van minste belang
Ek

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

DIE EERSTE Sê ...

## DIE DINGE WAT GEDOEN IS

In die eerste nommer van Biblikasie vanjaar het ek onder die opskrif: "die dinge wat ons doen", gepleit dat ons in 1987 daarop moet konsentreer om eerder die regte dinge te doen as om dinge reg te doen. Ek het toe enkele sake genoem wat as "die regte dinge" vir 1987 beskou is. Die vraag is nou in watter mate hierdie dinge wel gedoen is.

Ons was destyds oortuig dat die toepassing van 'n strategiese bestuursbenadering die regte ding sou wees om te doen. Dit sou onder andere help dat die Biblioteekdiens in die lig van die uitdagings van môre en oormôre met die regte dinge besig bly. Hierdie besluit het pragtige dividende opgelewer. Toe die rektoraat besluit dat alle senior bestuurders (dekane en direkteure) hulle 1988-begrotings in die vorm van 'n doelwitbegroting moes aanbied, was die Biblioteekdiens gereed om daaraan uitvoering te gee. Aan die versoek dat die doelwitbegroting gepaard moes gaan met 'n uiteensetting van die missie van die Biblioteekdiens en 'n verslag oor die bereiking van doelwitte in 1986, kon die Biblioteekdiens eweneens met gemak voldoen. Die resultate was verblydend. Die Biblioteekdiens se begroting vir 1988 is in 'n atmosfeer van onderlinge begrip oorweeg en die bedryfs- en kapitale begroting is sonder wysiging toegestaan. Ons personeelbegroting is wel ten spyte van 'n volgehoue toename in die gebruik van die Biblioteekdiens drasties besnoei. Die feit dat hierdie besluit in die konteks van 'n beleidsraamwerk en prioriteitsprogram van Raad en Rektoraat verduidelik kon word, het die nodige begrip gewek. Ons is vasberade om met die mensekrag tot ons beskikking in 1988 die optimum te lewer, maar besef terdeë dat die gebruik van die Biblioteekdiens nie onbeperk kan voortgaan tensy ons personeelvoorsiening daarby aangepas word nie. Daartoe kan die resultate van ons posevalueringsprojek 'n betekenisvolle bydrae lewer. Ons besluit om in 1987 ook met posevaluering doenig te wees, was dus ook in die kol.

Ek het voorts na die afhandeling van ons bouprojek as 'n prioriteit vir 1987 verwys. Die herinrigting van vlak 3 en die inskakeling van die Ou Merensky-biblioteekgebou by ons fasiliteite was inderdaad 'n veeleisende projek. Die gebruik wat studente reeds oor naweke en deur die nag van die studiefasiliteite maak, bevestig dat dit die regte ding was om te doen. Daarbenewens het die nuwe fasiliteite vir die Gereserveerde Versameling ruimskoots daartoe bygedra dat ons die groot toename in die gebruik van die versameling makliker en sonder personeeluitbreiding kan hanteer. Die aanpassing van die hooftoonbank het weliswaar baie spanning meegebring en negatiewe nagevolge is nog voelbaar. 'n Rasionalisering van die hele situasie om by die pragtige nuwe fasiliteite aan te pas, is nou die regte ding om te doen en word dus as 'n hoë prioriteit beskou. Verder het die uitstalling oor die Middeleeue in September vanjaar getoon dat ons besluit om met die "ruimtewins" 'n uitstalarea te voorsien in die kol was. Intussen worstel ons nog met groot frustrasie om 'n lang retensielys afgehandel te kry. As dit agter die rug is, kan ons 1988 weliswaar beter toegerus en met 'n kalmer gemoed tegemoet gaan.

In die laaste plek het ek in Januarie na die finalisering en aanvaarding van ons gemeenskaplike missie vir die Biblioteekdiens verwys. Op papier is dit afgehandel. Die regte ding om nou te doen, is om te sorg dat


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

dit dermate in die gemoed van elke personeellid sal lewe dat dit as 'n byna onbewuste riglyn vir ons denke en optrede as biblioteekpersoneel kan dien.

Maar, die eintlike riglyn vir ons lewe is eeue lank reeds uitgespel in 'nn missie wat veel wyer strek - daaraan is die missie van ons Biblioteekdiens asook die missie van u en my persoonlike lewe steeds ondergeskik. In daardie missie lees ek: "Ek het gesien dat God aan die mens 'n taak gegee het om hom mee besig te hou. Goed het elke ding gemaak dat dit pas in 'n bepaalde tyd ....." (Pred. 2:10-11). Mag ons steeds die genade en wysheid ontvang om ons met die regte ding op die regte tyd besig te kan hou!

WESSEL WILHELM DUMINY



Mnr Duminy het na 20 jaar en ses maande die tuig neer gelê. Wie is mnr Duminy werklik? Na die onderhoud het ek 'n bietjie meer van dié beskeie man uitgevind.

Wanneer 'n mens 'n vol lewe gelei het en jy 'n dag tot stilstand kom, het jy die voorreg om dinge te verwerk wat jy op die tydstip toe jy dit beleef het, nie behoorlik kon waardeer of verwerk het nie.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Vandag kom ons aan die einde van, wat ons kan noem, die Duminy-era....

Wessel Wilhelm Duminy - 'n man wie se invloed en optrede deur die jare bykans net so groot en prominent was soos sy bonkige gestalte. Van hierdie man kan die Biblioteekdiens in die woorde van TAGORE getuig:

IN SY SLAAP HET HY GEDROOM
DAT DIE LEWE 'N VREUGDE IS ....

HY HET WAKKER GEWORD EN GESIEN
DIE LEWE IS VERANTWOORDELIKHEID

HY HET SY VERANTWOORDELIKHEID NAGEKOM
EN GESIEN DAT ARBEID 'N VREUGDE IS ...

Die deur van Merensky gaan agter hierdie man toe ...

BUT THERE IS A LAW IN LIFE:

WHEN ONE DOOR CLOSES TO US,

ANOTHER ONE OPENS....

Die wens van u oud-kollegas is

Mag die deure van al u onvervulde begeertes
vir u oopgaan.
Mag die lewe u eervol behandel omdat u die lewe
so behandel.
Mag u, meer as ooit, die genade van die Skepper
ervaar want Hy is die bron van lewe.





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

HANNIE PRAAT MET MNR WESSEL DUMINY....

WESSEL WILHELM DUMINY is op 11 Mei 1928, gebore. In 1945 het hy matrikuleer aan die Hoërskool Kestell. Mnr Duminy het die volgende kwalifikasies behaal:

| | | |
|---|---|---|
| BCom (Rek) | UP | 1954 |
| HDB | UNISA | 1959 |
| BA(Hons) | UNISA | 1964 |
| MA Bibl | UOVS | 1968 |

Die volgende toekennings is ontvang:

Sociusstatus van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Biblioteek- en Inligtingwese in 1984.

<u>HANNIE</u>: Na 'n dienstydperk van 20 jaar en ses maande, kan u terug kyk en sien wat u bereik het?

<u>MNR DUMINY</u>: Ja, ek het Merensky sien groei, aangesien ek help beplan het aan die "Nuwe Merensky" Die beplanning het in 1968 begin. Trouens, ek was die projekbeampte van die beplanning van die bouprojek om "Ou Merensky" weer by die "Nuwe Merensky" te inkorporeer.

Al die takbiblioteke het onder my leiding tot stand gekom. Amper vergeet ek, die "Groot Trek" van buitemuurs was ook onder my beheer.

Alles het egter sy normale gang gegaan. Die gebeurtenis wat ek as 'n hoogtepunt kon beskou was rekenarisering. (Alhoewel ek niks as sulks daarmee te doen gehad het nie).

<u>HANNIE</u>: Ons het nou gehoor van u professionele sy - nou, Wessel die man.

<u>MNR DUMINY</u>: Kan 'n mens oor jouself gesels, wat sê 'n mens? Ek het twee kinders, 'n seun en dogter. My dogter woon in Nederland Sy is getroud met 'n predikant. Ons het twee kleinkinders. Die verlange is soms baie groot as jou kind so vér is.

Ons het elf jaar in Bloemfontein gewoon, maar woon alreeds die afgelope 20 jaar in Pretoria.

<u>HANNIE</u>: Hoe beplan u u aftrede? Waarmee gaan u uself besig hou?

<u>MNR DUMINY</u>: Ek gaan my werk by SAIBI voortsit. Ek gaan egter skiktyd werk. Die werk sal gedoen word, maar ek wil kom en gaan soos dit my pas.

<u>HANNIE</u>: Waarin stel u belang? Het u enige stokperdjie?

<u>MNR DUMINY</u>: Die dag tot dag take hou my besig. Ek gaan die "tuinroete" doen om die kus. Nou en dan gaan ek lees en net ontspan.

<u>HANNIE</u>: Het u enige planne in die nabye toekoms?


<u>MNR DUMINY</u>: Volgende jaar gaan ons oorsee. Volgende week kom my dogter, dan gaan ons reëlings tref.

By mnr Duminy se afskeid was daar toesprake en 'n item is aan hom opgedra. Hy het gesê hy was nie seker of dit regtig "hy" was nie, en hy was aangedaan. Mnr Duminy het gesê hy voel hy is deel van Tukkies, en hy is trots op die feit dat hy twintig jaar in diens van die Univesiteit van Pretoria kon wees.

Prof Gerryts het by die afskeid gesê dat dit nooit lekker is om totsiens te sê nie. Hy het genoem dat mnr Duminy se loopbaan gestrek het oor 42 jaar. Na 'n baie mooi afskeidsboodskap en 'n gepaste versie uit die Bybel het hy namens die personeel "totsiens" gesê.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019



REDAKSIONEEL..

Die redaksie van 1987 moet groet. Ons aanstelling vir 'n jaar is verstreke. Bokkie Malan sal egter aanbly omdat haar aanstelling permanent is.

Vir ons, Elna Stapelberg, Elma Kock en myself was dit 'n jaar vol gemengde gevoelens. Jeanette Marais het ook meer as haar deel gedoen. Afgesien van die gereelde fliekresensies het sy gereeld proefleeswerk gedoen. Haar kundigheid was hoog op prys gestel. Bokkie Malan het gereeld gesorg dat alles tegnies foutloos is. Daar was hoogtepunte en laagtepunte hierdie jaar. Soms was daar komplimente, maar soms het die kritiek nie agterwee gebly nie, veral as daar aan 'n berig "gepeuter" is.

Ons het baie talent in Merensky. Die nuwe personeellede moet aangemoedig word om te skryf. Baie dankie vir ons gereelde staatmakers wat Biblikasie 'n fees gemaak het. Mag hierdie Kersseisoen vir ons almal vreugde en vrede inhou en 1988 vir ons voorspoed en geluk meebring.

aat ons 'n oomblik van stilte hê vir die wat nie meer in ons midde is nie.

Keerdatum

Hoe kry ek my lewe
betyds klaar geleef
in die klein bestek
vir my beskik,
as die ure nou
tot sekondes slink
en wik-wik-wik-wik
my hart en die wekkers
elke dag elke nag
bietjie
vinniger tik?

Ina Rousseau

Uit Heuningsteen

---

Die moeisame pad van die boek

Onder normale en gunstige omstandighede kan die boekliefhebber die boekwinkel binnestap, na hartelus daar rondsnuffel en uiteindelik sy keuse maak. Hy koop sy boeke en die pad na sy boekrak tuis is kort; hy het dadelik vreugde aan sy sielemaats.


Ongelukkig werk dit nie op dieselfde manier by ons in die Biblioteekdiens nie. Die paadjie wat die boek moet bewandel vandat daar besluit word om dit te bestel, totdat dit op die rak sy plekkie inneem, kan 'n aansienlike tyd in beslag neem. Ons wil probeer om vir u hierdie paadjie te skets. En onthou, hier word van een boek gepraat, maar let asseblief op as u vergelyk met die diagram wat ons insluit, met watter getalle daar by elke funksie gewerk word.

Dit is die taak van die inligtingsbeamptes om aanbevelings van boeke wat hulle wil laat aan-



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# Die Stand van Bande
## Bestel, Ontvang en Afgehandel






Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

koop, deur te gee na Seksie Voorontsluiting. Vir die eerste drie kwartale van vanjaar was die syfers vir aanbevelings die volgende: 2692 vir Januarie tot Maart; 3838 vir April tot Junie en 5393 vir Julie tot Augustus. Let op hoe klim die getalle namate die jaar sy loop neem!

Besitkontroles word van alle aanbevelings op DOBIS/LIBIS en in die katalogus gedoen om vas te stel of die boek nie alreeds in die Biblioteekdiens se voorraad is nie. Kontroles word op SABINET gedoen om onvolledige of onduidelike bibliografiese besonderhede reg te stel en die klasnommer te verkry. Nasionale bibliografieë word ook gebruik om ontbrekende inligting aan te vul, terwyl in handelsbibliografieë nageslaan word om vas te stel of die boek nog in die handel beskikbaar is.

Alle duplikaatbestellings word aan die betrokke inligtingsbeamptes teruggestuur. Bestellings wat uit druk is of nie opgespoor kan word nie, word ook na die betrokke inligtingsbeamptes terugverwys.

Boeke, plate, partiture en bladmusiek, asook oudiovisuele materiaal word van oor die hele wêreld vanaf verskillende handelaars wat goeie diens lewer, bestel. Die bibliografiese besonderhede en 'n bestelskerm word op DOBIS/LIBIS volgens AACR2 standaarde ingesleutel. Dit neem gemiddeld 20 minute om 'n bestelling te kontroleer en op DOBIS/-LIBIS in te voer.

Die bestellings word eenmaal per week gedruk en die volgende dag afgestuur na die verskillende handelaars en die wagtyd tussen afsending van bestellings en ontvangs van die boeke is ongeveer vier maande vir oorsese versendings. Plaaslik is dit enigiets vanaf 'n week tot 'n maand of langer. Op sig boeke word natuurlik dadelik hanteer en afgehandel.

By aankoms van die boeke word dit ontvang en aangeteken op DOBIS/-LIBIS by die Seksie Boekontvangste. Die oopmaak van pakkies, voorbereiding, ontvangs op DOBIS/-LIBIS en afhandeling van boeke totdat dit afgepak word en klaar beveilig is, neem ongeveer drie tot vier dae in beslag.

Boeke word op die rakke in "Kerkstraat" geplaas, sodat die ontsluiters van Seksie Makro-ontsluiting dit kan afhaal en na hulle afdeling neem. Boeke word chronologies volgens tyd van ontvangs gedoen. Om 'n boek wat deur Voorontsluiting ingesleutel is, reg te stel, te klassifiseer en klasnommer in te sleutel neem ongeveer 20 minute. Dit gebeur tog dat, al het hulle die bibliografiese gegewens opgespoor, daar verskille voorkom as 'n mens die boek in hand het en dit moet verander word, byvoorbeeld 'n datum, uitgewer, plek van uitgawe of ISBN kan verskil, of die werk kan 'n konferensie wees wat nie duidelik geblyk het uit die inligting in die bronne nie. 'n Boek wat spontaan van nuuts af gekatalogiseer, geklassifiseer en ingesleutel moet word, soos byvoorbeeld dele van reekse of geskenke neem ongeveer 30 minute. Na regstelling en insleuteling ontvang die boek 'n lynkode-etiket en gaan deur na die tiksters vir rugbeskrywing.

Die tydperk wat die boeke in Seksie Makro-ontsluiting vertoef, is onderworpe aan die algehele interne sowel as eksterne aktiwiteite van die afdeling. Dit geld natuurlik ook vir die ander afdelings wat betrokke is by die boek. Die agterstand in Seksie Makro-ontsluiting bepaal ook hoe lank die boek gaan wag op prosessering. Is die agterstand laag, is die boek se kuiertyd baie kort, wat beteken dat dit direk na ontvangs vanaf Boekontvangste



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

tot ongeveer twee weke daarna afgehandel kan word. As die agterstand egter hoog is, soos normaalweg gedurende die volgende drie tot vier maande, kan dit so lank as drie maande duur voordat die boek die afdeling verlaat. Word daar gedurende hierdie tydperk dan ook heelwat spoedboeke ontvang, word die vertraging nog groter.

By die tiksters waar rugbeskrywings toegeken word, is die wagtyd van die boeke tussen een tot drie dae voordat dit deurgaan na die rakke. Hierdie wagtyd is ook onderhewig aan ander aktiwiteite wat op daardie stadium hoër prioriteit geniet.

Die ideale kurwe op ons diagram sou lê op die punt 1 op ons diagram. Indien al die seksies op Vlak 2 in alle opsigte 'n egalige toevloei van prosedures het, sou dit die hele proses heelwat vergemaklik en bespoedig. Soos dit tans is, het ons laagtepunte, wat weliswaar vir ons kans gee om ander belangrike take af te handel, maar teen hierdie tyd van die jaar is daar so 'n toestroming op alle gebiede dat ons spartel om kop bo water te hou. Hiermee dan ook 'n pleidooi aan ons kollegas in Inligtingsdiens om u samewerking, sodat ons 'n meer gelyke verspreiding van ons werk kan bewerkstellig. Dit kan net bydra tot beter werkverrigting en werksbevrediging vir almal, omdat ons dan almal sal slaag in ons doel, naamlik om betyds te voorsien in die inligtingsbehoeftes van ons gebruikers.

Wat die diagram betref wil ons verskoning vra vir die enkele Engelse woorde en afkortings van maande daarin, dit is toe te skryf aan Yzelle se rekenaar wat weier om voluit Afrikaans te praat. In ons DOBIS/LIBIS-omgewing kan ons hom seker ook nie te veel verkwalik nie!

Aan die kollegas op Vlak 2 wat bydraes gelewer het om hierdie artikel saam te stel, my hartlike dank. Inligting is ontvang van mevv Rita Botes, Norrie Nel, Magda Uys en Susan Olivier. Baie dankie ook aan mev Yzelle Roets en haar rekenaar vir die uitdruk van die diagram.

Indien iemand sou belangstel in syfers met betrekking tot die diagram, is u welkom om dit by my te kom naslaan.

MIEMIE VINK

---

VOORSPOEDIGE REIS!

Die gevoel kom aan die begin eers net so vlietend op - en 'n mens kan nie sê van waar nie. Dis 'n reuk in die lug, 'n atmosfeer wat later al hoe sterker word. Soms ruik jy die see, of sien net vir een oomblik die blou berge in jou gedagtes - en dan's dit weer weg. Die Jakarandas se blommetjies begin afval, die eksamenskrywers begin weer kleur in hul wange kry, en die Transvaalse donderstorms betrap jou keer op keer sonder 'n sambreel. En dan weet jy, die reuk van jou handeroom begin na eksotiese kokosneutolie ruik, en tower jou maklik weg na 'n wit strand - en dit in die middel van 'n warm straat.

Dis amper vakansie - of "afrikansie" soos my weeklikse huishulp my goeie wense toewens as ek êrens op pad heen is. Vakansie begin reeds maande voor die tyd op die mat met die Toerismeraad se brosjures en kaarte oopgestrooi. Die beginpunt en die eindbestemming is reeds bekend, maar al die heerlike plekke



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

moet tussenin ontdek word. Sal ons nou die keer so om ry, of is daardie roete nie dalk interessanter nie - en die grootste heerlikheid is natuurlik om 'n roete te beplan na 'n plek waar jy nog nooit was nie. Vakansiehou begin vir my die oomblik as ek my motor vir die laaste keer in 'n hele ruk by die werk aansluit, en sy neus wegdraai. Die anderkantse aankom is maar net nog een van die talle heerlikhede.

Vakansie is vroeg opstaan of laat lê - nes jy wil - dis goue dae en soel aande by die see, dis om op die vakansiehuis se balkon te sit, en oor die see te kyk hoe die dolfyne 'n gratis vertoning in die branders lewer, dis om wakker te word en die grootsheid van die berge voor jou venster te sien, en vanaand na 'n harde dag se voetslaan jou voete in die yskoue bergwater te steek, en dan voel hoe al die krag weer terugkom. Vakansie is spaar en spaar en droom en lees oor wonderlike plekke in die ver lande en dan een dag regtig daar te staan, en te weet dis hoe ek gedink het dit moet wees, en al die lewe onder die broodlyn was die moeite werd.

Vakansie is nie net nie by die werk wees nie. Almal van ons moet seker op 'n stadium net 'n slag by die huis wees om al die los rafels saam te bind, en die spinnerakke wat dreig om jou by die voordeur te oorweldig, uit te vee, maar dis nie vakansie nie. Dit dra wel by tot jou fisiese welstand, maar weinig tot jou gees se behoeftes. By die huis is moets en moenies, daar is telefone en afsprake, die weer is bekend, die omgewing is bekend, en die mense om jou is bekend.

Vakansie is daar waar daar nêrens 'n telefoon lui nie, en jy vir almal wat moet weet, vanaf die enigste telefoon by die poskantoortjie laat weet jy het veilig aangekom, en as hulle jou dan moet kry, bel die polisie. Daar waar jy genoeg tyd het om selfs 'n nuwe interessante wyn in die enigste drankwinkel uit te soek (en jou predikant daar raak te loop. Hy het ook kom wyn soek).

Dis om met volstruiswysheid te glo dat as jy jou donkerbril op het, niemand jou op straat sal herken nie. Vakansie is om saans saam met goeie vriende of familie om die vuur te kuier, tot die braaivleis vergete al klaar is, en die laaste koletjies nog in die as gloei. Vakansie is soos die groot, onophoudelike vrede waarna jy die hele jaar gesmag het, en dit skielik byna nie kan glo dat dit waar geword het nie. Dis om ander klere te dra, kaalvoet te kan loop sonder iets wat jou voete of gemoed druk. Een van die lekkerste seevakansies wat ek ooit gehad het, was in die winter. Met die loom sonnetjie, wat soveel meer genade het as in die somer, kon ons ure op die strand bly sonder om soos 'n ry kalkoene smiddae huis toe te gaan. Selfs die onverwagte reëntjie wat een naweek om die huis kom vou het, het alles net meer snoesig gemaak. Winter in die Drakensberge is van my vriende se resep vir vokome rus. Goed gepantser teen die koue, kan jy niks anders as om te rus nie, en kom jy nie na 'n dolle gejaag so moeg terug by die werk dat jy dadelik weer 'n vakansie nodig het nie.

Vakansie is 'n kaleidoskoop van heerlikhede. Soek vir jou een uit - en - voorspoedige reis!

MAGRIET LEE



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

40 JAAR GELEDE ...

Ek was 16 jaar oud en in my matriekjaar, toe my skoolhoof my na haar kantoor roep om vir my 'n pos in die Port Elizabeth Openbare Biblioteek aan te bied. Sy was 'n lid van die biblioteekkomitee en het geweet ek wou bibliotekaresse word. Daardie dae was daar min universiteite wat biblioteekkunde aangebied het, en het die meeste mense hul kwalifikasies deur middel van korrespondensie-kursusse van die Suid-Afrikaanse Biblioteek Vereniging (nou SAIBI) gekry. Ek het my laaste matriekeksamenvraestel op Vrydag 30 November geskryf en Maandag 3 Desember 1947 my gewenste loopbaan begin! Nege jaar later het ek my laaste biblioteekkunde-eksamen geskryf terwyl ek ons eerste kind verwag het. Die kursusse was baie volledig en het Biblioteek-administrasie, Klassifikasie, Katalogisering, Boekvoorraad en Literatuur ingesluit,wat jy op 3 vlakke moes doen - elementêre, intermediêre en finale. Die groot struikelblok was die Afrikaanse letterkunde. Dekker se Afrikaanse Literatuurgeskiedenis was ons handboek en ons moes al die belangrikste skrywers se werke kon bespreek. By ander tale asook die verskillende vakgebiede moes ons kennis hê van al die bekendste werke. Ons het regtig GELEES in daardie dae - iets waaroor ek nou nog bly is. Intussen was ek sekretaresse van die Oos-Kaapse Biblioteekvereniging. Ek het ook by Rhodes Universiteit en later as skoolbibliotekaresse by my ou skool gewerk. Sedert 1 Maart 1982 is ek by die Merenskybiblioteek werksaam, eers by Buitemuurs en nou hier in die GV.

Dankie, Here, vir die wyse waarop U my gelei het - Alles, selfs die harde werk, was vir my so lekker.

RAY SMITHERS

---

'N TIKKIE HARTSEER...

Aan die einde van elke jaar is daar altyd iets of iemand van wie daar afskeid geneem moet word. So het ek dan aan die begin van November die laaste konsert van my kleinkind Riaan by sy kleuterskool bygewoon.

Dis met 'n tikkie hartseer dat ek besef het hoe 'n lang verbintenis ek met die bepaalde kleuterskool gehad het. Johannes (nou 28) en Heinie het 23 jaar gelede vir die eerste keer hulle "skoolloopbane" daar begin; daarna was dit Leon (nou besig met matriek) en die afgelope vyf jaar Cornél en Riaan. Dieselfde "juffrou" Ansja, met haar groot deernis vir elke ou kleintjie, is nog steeds daar.

As Riaan volgende week met sy toga en pet sy "graad" ontvang, kom sy foto ook by my gallery van "gegradueerdes".

Ek kan met groot dankbaarheid terugdink aan hierdie era en sê: "dit was goed en dit was mooi".

BOKKIE MALAN

---


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

CHRISTELIKE FEESMISTIEK EN VOLKSMISTIEK BY DIE VIERING VAN KERSFEES....


Op 25 Desember het die Oud-Germaanse Midwinterfees plaasgevind. Hierdie fees was hoofsaaklik 'n vrugbaarheidsfees en is met heelwat rituele en seremonies gevier. Dit is dus vanselfsprekend dat, toe die fees van die geboorte van Christus in die vierde eeu deur die kerk ingestel is, gekerstende volksfantasie en volksvoorstellings ten dele in christelike mistiek omskep is. In die volksgewoontes om Kersfees skuil dus heelwat Oud-Germaanse oorlewerings. Veral die Oud-Germaanse geloof in bonatuurlike verskynsels word teruggevind in volksgelowe om Kers- fees. Wanneer die droë takkie van 'n plant met die naam "Die roos van Jerigo" op Kersdag in water gesit word, sal dit onmiddellik 'n blom te voorskyn bring. Die mistieke betekenis van hierdie plant lê daarin verskuil dat hierdie vroeë Christene Christus as die boom van die lewe gesien het. Ons kry ook hierdie beeld terug in 'n Oud-Duitse Kerslied, wat ons vandag nog sing: "Es ist ein ros entsprungen - aus eine wurzel zart".

Omdat hierdie vroeë Christene na aan die natuur geleef het en ook nog tot 'n mate deurdrenk was van bygeloof, het baie legendes, wat op diere, voëls, insekte en ander natuurlike dinge betrekking het, ontstaan. Om middernag sal water in wyn verander. Die bye gaan aan die gons op Kersnag en sing Kersliedjies. In Wes-Vlaandere gaan die perde aan die praat en die skape kniel. In Moelingen (Belgies-Limburg) roep die haan: ",t Kindeke Jezus is geboren", daarop vra die duif: "Waar, Waar"? en die lammetjie antwoord: "te Bethlehêm". In Brabant draai die skape hul oë na die ster in die Ooste en in Brugge staan die vee regop om die kindjie te vereer.

Al hierdie ou legendes het die verering van die Christuskind en die blydskap oor sy geboorte geklemtoon. Is dit nie dalk vir ons 'n vingerwysing nie? Vergeet ons nie soms in die klatergoud van ons hedendaagse Kersvierings die werklike boodskap van Kersfees nie? Kom laat ons hierdie Kersfees by die krip stilstaan en weer ernstig besin oor die betekenis van Kersfees, en veral in hierdie dae bid dat die Vredevors sy vrede aan hierdie aarde sal skenk.

Kersgroete

JO BREED
Kultuurhistoriese Instituut









Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

A L L E R L E I . . .

## Maria, Stoflike Moeder

Dit is interessant dat daar in die Twaalf Artikels, waarin die Christelike Kerk nou al eeue lank sy geloof in die Drie-enige God bely, twee mense voorkom: Pontius Pilatus en Maria. Die naam van Pilatus wil sê dat Jesus werklik gely het. Sy lyding is 'n historiese gebeurtenis. Die naam van Maria sê vir ons dat Hy werklik mens geword het, en dat Jesus Christus ons situasie so ernstig geneem het dat Hy een van ons kom word het.

Nou het daar rondom die jaar 100 iets geweldig interessants in hierdie verband gebeur - iets wat so belangrik was dat dit vandag nog betekenis vir ons het. Daar het naamlik 'n teoloog gelewe wat uit Afrika afkomstig was en wie se naam Valentinus was. Ons boeremense sou hom sommer Vaaltyn genoem het. Hy het hom geroepe geag om te verkonding dat dit verkeerd was om Jesus te bely as gebore uit Maria - natus ex Maria. Hy het gevoel dat dit slegs reg sou wees indien ons Jesus bely as gebore deur Maria - natus per Maria.

Valentinus kon nie glo dat die Seun van God ons bestaande menslike natuur aangeneem het nie. Daarvoor was dit volgens hom veels te aards en veels te stoflik. Hy het geredeneer dat God in die hemel 'n nuwe menslike natuur in aansyn geroep het, en dat sy Seun daarmee deur Maria na ons toe gekom het. Maria het, so het hy gemeen, slegs soos 'n Romeinse akwaduk die waterleiding aangelê. Die waterleiding bring die water tot by ons en die water loop daardeur of daaroor, maar die akwaduk doen self niks aan die water nie. Die Kerk het egter met reg die opvatting van Valentinus verwerp. Waarom sê ons met reg? Omdat die Bybel niks weet van hierdie per Maria nie. Die Bybel leer dat Jesus 'n gewone aardse liggaam uit Maria (ex Maria) aangeneem het. Dit is juis dit wat Kersfees vir ons so wonderlik maak!

'Per' Maria sou beteken dat God 'n nuwe skepping in die hemel moes verrig, omdat die ou skepping nie meer die moeite werd was nie. Dan sou ons alles in hierdie wêreld moes loslaat, sodat die aardse deur die hemelse vervang kon word. Daar sou vir niks op die aarde hoop gewees het nie - nie vir onsself, ons huwelik, ons kultuur of ons regering nie. Ons sou dit alles moes laat vaar. Maar gelukkig het Jesus ons ou menslike natuur uit Maria, 'n stoflike maar geseënde vrou, aanvaar, om dit so te verlos en te vernuut.

Uit die oue het Hy die nuwe voortgebring. U en ek word dus nie afgeskryf as uitgediende sondaars nie. Daar is vir ons hoop, soos daar is vir ons huwelik, land en kultuur. Al wat hiermee moet gebeur, is dat dit vernuut moet word. Dit kan en wil Jesus doen. Hy wil ons ou natuur en ons ou wêreld sy verlossings- en vernuwingstaak maak, omdat Hy self 'n stoflike moeder gehad het.

MURRAY JANSON

Vroue uit die Bybel: Vol.2 p.13

---


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

KOM HERWAARTS GETROUES...

Die vroegste rekord wat dui op algemene erkenning van 25 Desember as 'n kerklike feesdag is in 'n kalender van 354 wat verwys na die onderhouding daarvan in Rome in die jaar 336. Die spore van die viering van Jesus se geboorte word egter al voor 215 gevind in geskrifte van Clemens van Alexandrië, leier van die kategeteskool ('n soort teologiese skool) wat toe al daar was. Hy skryf oor die datums en vieringe wat reeds bestaan het en verwys ook na Basilides en sy volgelinge wat selfs die doop van die Here deur Johannes die Doper, gevier het. Op sigself sou daarmee nie fout gevind kon word nie, maar omdat hierdie viering gegrond was in 'n bepaalde opvatting oor die natuur van Christus, moes dit as dwaling afgewys word. Hier was reeds sprake van verdeeldheid in die Vroeë Kerk - nie oor wat herdenk moes word nie - die geboorte of die doop van Jesus nie - maar waarom. Dat Jesus as mens gebore moes word en as mens gekruisig moes word en terselfdertyd Seun van God, en dus God, moes wees, is nie deur almal aanvaar nie. Onder invloed van die Gnostiek was dit nie aanvaarbaar dat God kon ly nie. Daarom was daar die opvatting van die geestelike geboorte van Jesus en sy aanneming as Seun van God, op die dag van Sy doop. So is, onder andere geleer dat Christus as Goddelike wese neergedaal het en Hom tydelik - van die doop tot die kruisiging - met die historiese mens, Jesus, verenig het.

Ten tye van Clemens was daar egter nog geen algemeen aanvaarde datum waarop die geboorte van Christus herdenk is nie. Hy verwys wel na datums soos 20 Mei en 21 of 22 April waarop die geboortedag wel gevier is, maar dit lyk eerder asof hy enige poging om 'n dag vir die geboorte van Christus vas te stel, afwys. Tog het sulke pogings nie uitgebly nie. So word Hippolitus wat in 220 presbiter (d.i. leerouderling) in Rome was, aangedui as die eerste prsoon wat Jesus se geboortedatum op 25 Desember bereken het. Volgens sy berekening is die geboorte aan Maria aangekondig op 25 Maart wat nege maande later op 25 Desember in vervulling gaan. In teenstelling hiermee is op grond van Luk 2:8, wat verhaal van die skaapwagter en hulle skape in die oop veld, verklaar dat dit 'n ander tyd as Desember moes wees omdat dit dan midwinter is sowel as die reënseisoen in Palestina. Skape sal dan eerder in skuilings gehou word.

Die waarheid is dat dit eintlik nie moontlik was om die geboortedag van Jesus vas te stel nie. Jakob, Biskop van Edessa (sterfdatum 578) word in die verband later aangehaal as hy sê dat die enigste sekerheid oor die tyd van Jesus se geboorte is, dat dit in die nag was.

Die doop van Jesus, (of wat ook genoem is, Sy geestelike geboorte) en die aankondiging van Sy Seunskap (Sy adopsie) is al vroeër vasgestel op 6 Januarie. Dit is die dag wat deur die Kerk in die Ooste gevier is, en het beide die fisiese sowel as die geestelike geboorte van Jesus herdenk. Die bestaan van die Kerk in die Ooste wat verskil in opvatting van die Kerk in die Weste, is beeld van kerklike verdeeldheid wat reeds in die eerste eeue van die bestaan van die Kerk teenwoordig was.

Die Oostelike Kerk het tot die einde van die vierde een, d.i. na 378 aan 6 Januarie vasgehou - die Kerk in Jerusalem selfs tot so laat as 549. Daarna is geleidelik ingeval by wat genoem word die Westelike plan, vanuit die Kerk in Rome en waarvolgens teen



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

die tyd die geboorte van Jesus as mens, op 25 Desember gevier is. Dit het oortuigingswerk gekos waarvan een voorbeeld genoem word. In 'n preek van Chrysostomos vir die mense van Antiochië, en wat moontlik gehou was op 25 Desember 386, probeer hy hulle met bewysvoering oortuig dat hulle ook die geboorte van Christus op 25 Desember moes herdenk. Hy verwys na hierdie dag asof dit van die begin af as 'n ou tradisie deur die Westelike Kerk gevier is.

Behalwe vir uitsonderings soos die Jerusalemkerk en die groepe wat die geboorte van Jesus as mens ontken het, was 25 Desember teen die laaste kwart van die vierde eeu die datum waarop, in Chrysostomos se woorde, die kerk Jesus se geboorte gevier het as ....."second in importance to no festival".

Dat die Christelike Kerk nog steeds Kersfees vier, is om so deel te hê aan 'n tradisie wat van die begin van die Christelike jaartelling af, sy wortels vind in die geboorte van Jesus Christus as mens. Dit is egter ook waar dat Kersfees gevier word in navolging van 'n tradisie wat sy wortels het in 'n sinkretistiese konglomeraat wat alles in harmonie met mekaar wou bring, solank dit net plesierig en vir die mens strelend is. Dan is daar ook plek vir Jesus wat vrede op aarde kom bring het - al het Hy self gesê dat Sy koms ook verdeeldheid beteken het.

Die geboorte van die Christelike Kerk het plaasgevind in 'n wêreld waarin deur die gang van die geskiedenis, die afgode van die hele destydse wêreld oor en weer in mekaar opgeneem is, en naas die goddelike eer wat aan die keiser betuig moes word, ook vereer kon word. Daarvoor kon die Kerk nie swig nie en word terwille van sy belydenis, dat Christus alleen goddelike eer toekom, vervolg. Die belydenis word egter behou. Wanneer die tyd nou aanbreek dat Konstantyn as Romeinse Keiser in 312 hom tot die Christelike geloof "beheer" en hierdie geloof deur die staat alleenreg kry, begin die verval in die Kerk. Waarom? Omdat die geloof gesanksioneer is, maar die belydenis nie behou is nie. Christus was ook nou welkom: Die Romeinse eerste dag bly Sondag maar kry rusdagstatus. Christene kan nou dink aan die Son van Geregtigheid van Mal. 4:2. Die naam van die Romeinse midwinterfees word verander na die Fees van Christus se geboorte. Dit bly egter 'n fees waarop die son na die winterstilstandspunt opnuut gebore word om lewe te gee op aarde. Gemoedelikheid heers dan en mense gee vir mekaar geskenke, meesters bedien hulle slawe ... Dit lyk so goed - soos vandag nog: Baie geskenke, kaartjies met goeie wense, Kersliedere oral waar iets gekoop kan word, Vader Krismis om ook die kinders van Afrika te kom bly maak, ensovoorts, ensovoorts, ensovoorts. Alles is welkom, die belydenis is veilig .... Hoe veilig?

Christus gaan hierdie Kersfees weer oral verwelkom word, maar die belydenis oor Hom gaan tot niet gemaak word of beskerm word deur die wyse waarop gelowiges die Kersfees gaan vier. Dit sal bepaal word deur die rede waarom ons dit vier. En beide, die wyse en die rede vir 'n ware Kersfeesviering kan net bepaal word deur die geboorte van Jesus Christus as mens, waardeur God uit liefde magtig ingegryp het in die wêreldgeskiedenis. Dit vra 'n realisie van blydskap en ontsag soos in die Psalmberyming wat lui:

"Regverdiges wees bly!  
En sing 'n lied daarby!  
Verheug u in die Heer!  
Lofsing sy naam tot eer,  
Hy's hoog en heilig, Hy!

THEA HECKROODT


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## Klein ballade

Ek soek die huis van 'n timmerman-
ek soek die tafel, die eenvoudig
gedekte,
en die bêreplek van die botter-
spaan
van Maria die Onbevlekte.

Ek soek die dinge van hulle
elke-dag,
ek soek die praat en die maklike
lag
in daardie gebenedyde huis:

Neem hierdie pad, klop aan
dié deur,
na buite toe dwaal 'n varsbrood-
geur,
en sê nou hulle is tuis?

My moed begeef my en ek vlug,
maar iets sê in my gaan trug,
gaan trug:
Sy staan reeds in die deurkosyn..

Toe draai ek om en ek vind
verstom
ek het voor my eie deur gekom:
my huis is Hare, my huis is Syne!

Nou ken ek die huis van die
timmerman,
ek ken die tafel, die eenvoudig
gedekte,
en die bêreplek van die botter-
spaan,
van Maria die Onbevlekte.

Sheila Cussons

Uit Die Swart Kombuis

## DIE VOLKSLIEDERE

Die volksliedere is 'n uiting van die volk se siel. Alles wat die mens aan lief en leed ondervind, wat hom skok of hartseer stem, hom verheug of prikkel, ontlok by die volk 'n behoefte aan die uiting van hierdie emosies en uit hierdie behoefte het die volkslied ontstaan. Elke volk het sy eie karakter en dit word weerspieël in die volksliedere. Die Iere sing van "Kathleen Mavourneen"; die Skotte se volksliedere weerspieël hul pragtige land met mere: "Loch Lomond". By die Amerikaanse Neger kry ons die pragtige geestelike liedere wat as "spirituals" bekend staan en sterk verbintenis toon met die slawerny waaraan hulle gekoppel was.

Ons Afrikaners sing van ons mooi land: "Ken jy die land waar die boerevolk woon?" In ons eie volkslewe het die ossewa 'n groot rol gespeel, en geen wonder dat ons sing van wawiele wat rol of osse wat aanstap deur die stowwe nie. Die fraai boerenooientjie word besing en sy loer of uit haar kappie of word vergelyk met 'n perskeblom, of sy sit in die moerbeiboom. Ons boerevrouens se hande het vir niks verkeerd gestaan nie, en tant Mieta kook nog steeds meboskonfyt. Koffie is boeretroos, en Jan Pierewiet groet vrolik sy vrou en sy groet haar man, en die koffie is in die kan. Die arme ou Tante Koba is so 'n dom tante dat sy met haar groottoon haar koffie omroer.

Die bobbejane was 'n groot probleem vir die boere, en is verewig in die liedjie "Bobbejaan klim die berg". Watter boerseun was nie trots op sy vryperd nie? So sing 'n boerseun oor sy perd:



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

"Ek het 'n perd,
'n blinkvosperd,
Met 'n splinternuwe saal
En ek klim op my perd
My blinkvosperd
En ek kom om jou te haal"
Dan was daar ook nog Tant Hessie se witperd.

Van ons groot digters was bewus van hierdie skat in ons taal, en het dit gebruik om gedigte aan ons na te laat wat tot ons spreek. N P van Wyk Louw se "kelkie sonder voet" is 'n voorbeeld hiervan:

"Kelkie sonder voet
Kelkie sonder voet
Ek glimlag met my lippe
Maar treur in my gemoed."

Boerneef het aan ons 'n kosbare nalatenskap in hierdie verband gelaat:

"'n Berghaan het 'n veer laat val
Van die hoogste krans van Wuperthal
My hart die tuit al meer en meer
Ek stuur vir jou die berghaan-veer
Met dese wil ek vir jou sê
Hoe diep my liefde vir jou lê."

A G Visser se guitige gediggie oor die Bolandse meisies is 'n juweel. Hy praat van haar klere en wonder dan wat die dominee sou sê as die meisies aan die Suikerbosrand so min klere sou dra. Hy beskryf haar bewegings so raak en sê dat haar uitkom, haar inkom, haar sit en staan 'n wonderlike kuur is vir seer oë. Ligweg spot hy met die Bolander se vrees vir donderweer, en sê dat hy graag so 'n Bolandse nooientjie wou verplant as hy net seker was dat sy in die Transvaal "vir donderweer vermaard" sou aard.

Die volkslied groei deur die jare saam met die volk en so kry nuwe ervaringe daarin beslag. Die oorlog op ons landsgrense het al 'n onafskeidbare deel van ons alledaagse bestaan geword. Hierdie aspek van ons lewe word vandag in ons liedjies weerspieël. Daar word gesing van die "Grenswag" en "Troepie doepie" wat moet huis toe kom. Talle liedjies oor ons grensmanne het die afgelope paar jaar die lig gesien.

Daar kan vir ure oor hierdie tema gesels word. Luister maar mooi, en julle sal gou agterkom hoe ons volkskarakter in ons liedjies na vore kom.

JO BREED
Kultuurhistoriese Instituut

---

## M E D L I G

MEDLIG is 'n belangegroep van die Mediese Biblioteke in die Suid-Transvaalse tak van SAIBI. Dit is nie uitsluitlik medies nie, maar sluit die hele spektrum van gesondheidsorg in, naamlik verpleegkunde, gemeenskapsgesondheid, aptekerswese, geestesgesondheid en veeartsenykunde in.

Die belangrikste doelwitte van die vereniging is as volg:

- om die aktiwiteite van mediese biblioteke te koördineer deur samewerking met lede en ander mediese belangegroepe in die land;
- om inligting en idees te ruil;
- om vergaderings, werksessies, samesprekings en besoeke te reël met die oog op beter kommunikasie en kontak tussen lede en ander soortgelyke belangegroepe;



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

- om ander mediese biblioteke en inligtingsdienste aan te moedig om hulle tydskrif- en boekbesitsmeldings aan TISAB en die gesamentlike katalogus te stuur.

Die vereniging vergader gewoonlik vier maal per jaar, en een of twee gesamentlike vergaderings met ander groepe, byvoorbeeld, die "Online User Group" en die Spesiale Biblioteke en Inligtingsdienste word gehou.

Vergaderings wat die afgelope jaar gehou is, was:

- Mev Daphne Burger: Information needs and services to medical practictioners, with special reference to the S A Defence Force".


- Dr Catzel: "A talk Talk on the Poison Information Centre".

- Annette Herholdt: "Relational databases management systems and information retrieval".

- Kobus Venter, Adcock Ingram: "Generic substitution and pharmaceutical marketing".

- Joernaal bespreking.

- Besoek aan Veeartsenykunde se nuwe biblioteek met 'n praatjie deur dr C Miller oor "Computer Assisted Instruction".



GEDAGTES EN KALMTE

Geesteskalmte is een van die pragtige juwele van wysheid. Dit is die vrug van lang en geduldige inspanning en selfbeheer. Die teenwoordigheid van kalmte is die bewys van rype ervaring, en meer as net gewone kennis van die wette en werkinge van die denke.

'n Mens raak kalm in dieselfde mate as wat jy jouself as 'n denkende wese verstaan, want sulke kennis vereis begrip vir ander mense as gevolg van denke. Soos 'n mens 'n regte begrip ontwikkel en die innerlike verhouding van dinge al hoe duideliker sien deur die werking van oorsaak en gevolg, hou jy op om te neul en kwaad te wees, om jou te bekommer en te treur, en bly selfversekerd, bestendig en kalm.

'n Kalm mens wat geleer het om homself te beheer, weet hoe om by ander aan te pas. H.lle - omdat hulle sy geesteskrag bewonder - weet dat hulle van hom kan leer en op hom kan staatmaak. Hoe rustiger 'n mens word, hoe groter is jou sukses, jou invloed, jou krag om die goeie te doen. Selfs die gewone handelaar sal vind dat sy sakeonderneming floreer soos sy selfbeheer en onverstoordheid toeneem, want mense sal altyd verkies om met 'n man sake te doen wat rustig, gebalanseerd en onverstoorbaar is.

Sterk, kalm mense is altyd gelief en gerespekteer. Hulle is soos skadubome wat in 'n dorsland groei of beskermende rotse in 'n storm. "Wie hou nie van 'n kalm hart, 'n aangename en gebalanseerde lewe nie? Dit maak nie saak of dit reën en of die son skyn, nie of watter veranderinge daar plaasvind in dié geseëndes nie, want hulle is altyd vriendelik, kalm en rustig.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Daardie uitmuntend gebalanseerde karakter wat ons kalm noem, is die laaste kultuurles; dit is die blom van die lewe, die vrug van die siel. Dis so kosbaar soos wysheid, gesogter as goud - ja, selfs fyngoud. Hoe onbelangrik vertoon geldsug nie in vergelyking met 'n kalm lewe nie - 'n lewe wat in die see van waarheid bestaan, onder die golwe, buite die bereik van storms, in die ewige kalmte!

"Hoe baie mense ken ons nie wat hul eie lewe versuur en alles wat mooi en aangenaam is, vernietig met hul ontvlambare humeure en hul ongebalanseerdheid? Die vraag ontstaan of die meerderheid mense nie hul eie lewens verwoes en hul geluk bederf as gevolg van gebrek aan selfbeheer nie. Hoe min mense wat ons gedurende 'n leeftyd ontmoet, het daardie pragtige ewewigtigheid wat 'n kenmerk is van 'n goed afgewerkte persoonlikheid!"

Ja, die mensdom gaan op loop met onbeheersde emosie, is rumoerig in hul smart en word rondgeslinger deur angs en twyfel. Net die wyse man, wie se gedagtes gesuiwer en beheers is, kan die winde en die storms van die siel aan hom onderwerp.

Deur storm geteisterde siele, waar julle ook al mag wees, onder watter omstandighede julle ook lewe, weet dit: in die lewensee is daar eilande van vrede wat julle toelag en die sonnige kuste van julle ideale wag op julle koms. Hou jul hande stewig op die roer. In die skepe van jul siele rus die Meester. Hy slaap maar net; maak Hom wakker. Selfbeheersing is krag; suiwer gedagtes is oorwinning; kalmte is mag. Sê aan jul siele: "Bly kalm, wees stil!"
(word vervolg)
Uit: Soos die mens dink
James Allen
SUSAN OLIVIER




TERLOOPS...

Die vyfde algemene jaarvergadering van die DOBIS/LIBIS Nasionale Gebruikersgroep in Suid-Afrika het die afgelope maand plaasgevind.

Prof Gerryts was die voorsitter sedert die totstandkoming. Die vergadering het bestaan uit drie sessies waarvan een oop was vir bywoning deur almal.

Prof Gerryts het by die geslote vergadering die geleentheid gebruik om terug te rapporteer oor sy besoek aan die buiteland en die konferensie aldaar.

<u>Grepe uit prof Gerryts se dagboek</u>

- Prof Gerryts het verskeie samesprekings gehad met die personeel van administrasie. Groot nuus is dat die matte in Merensky vervang gaan word.

- Prof Gerryts het met die hoof van skoonmaakdienste, mnr du Plessis samesprekings gehou. Ons sien uit na 'n "blinkeren skoner" Merensky



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

- Prof Gerryts het ook 'n afspraak met prof Prozesky om die begroting van 1988 te bespreek.

---

Brief van vise-rektor na aanleiding van "Operasie boomuitkap"

Geagte mevrou Malan

Baie dankie vir u brief van 30 Oktober, waarin u die Merensky Biblioteek-personeel se besorgdheid oor die verwydering van uitheemse bome uitspreek.

Die belangstelling van die Merensky-personeel in die kampus van ons Universiteit word hoog waardeer.

Ek wil u verseker dat dit onwaar is dat die Universiteit beplan om uitheemse bome op groot skaal van die Ooskampus te verwyder. Dit is beleid van die Universiteit om geen bome, inheems of uitheems, te verwyder tensy dit absoluut noodsaaklik is nie, en dan slegs wanneer dit in die pad is van nuwe geboue of ontwikkeling, of 'n gevaar geword het, of weens ouderdom, siektes of ander oorsake esteties onooglik geword het, konstruksies beskadig of mekaar verdruk as gevolg van verkeerde beplanning in die verlede.

Die tuine op die Weskampus word tans herbeplan, en as deel van die vernuwing word die Roperstraatingang langs Kya Rosa tot 'n hoofingang ontwikkel. In die proses moes enkele bome verwyder word om die nuwe ontwikkeling voor die begin van die 1988 akademiese jaar gereed te hê.

Die kampus sal nie sy karakter as 'n boomryke lushof verloor nie. Daar is vandag reeds meer jakarandas op die Ooskampus as twee jaar gelede. Tewens, oor die afgelope twee jaar is 186 bome op die Ooskampus, 442 op die Weskampus en 1 129 op ander universiteitsterreine aangeplant. Hiervan was nagenoeg die helfte uitheemse bome.

Vriendelike groete

(get) C W I PISTORIUS
VISE-REKTOR

---

JANNIE WILLIE HOLIE

Juffrou aan haar klassie: "Kinders, in ons Bybelles het ons vanmôre geleer dat daar 'n bepaalde tyd vir alles is. 'n Tyd om te plant, en 'n tyd om uit te trek. Nou gaan ons in rekenkunde leer van ekwivalente. Dis goed wat gelykstaande is. Skryf nou in julle boeke: Inheems plant = uitheems uitkap!"

Jannie: "Juffrou, Juffrou!"

Juffrou: "Bly stil Jannie, jy sal nie verstaan nie. Doen jou werk."

Jannie: "Juffrou, dit lyk nie vir my ekwivalent as ons 'n groot plant uitkap en 'n klein enetjie plant nie. Kan ons nie maar wag totdat hulle regtig ekwivalent is, en dan die vieslike Jakaranda uitkap in ruil vir 'n doringboom nie?"


Juffrou: "Jannie, bly stil, jy sal nie verstaan nie."

Jannie: "Ek vra maar net, Juffrou, uit onkunde, Juffrou."

ELSA ROOS



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019




IN EN OM MERENSKY...

LIEWE HEKSIE; VERDERE AVONTURE

Blommeland se inwoners gaan gedurende die Desembervakansie skoolkinders en grootmense vermaak in "Die Masker."

Avonture wat opgevoer gaan word, is: "Liewe Heksie die Aktrise", "Liewe Heksie en die Klompe", "Liewe Heksie en die Feëkoningin" en "Liewe Heksie gaan skooltoe".

Hierdie kleurvolle blommelandkarakters word vertolk deur dramastudente van Tukkies se dramadepartement. Dié groepie wil graag vir Desember 'n kinderteater aanbied, en die stigting van die toneelgeselskap PROTON, wat gedurende 1988 op die platteland wil gaan toer, bekendstel - dus ook 'n fondsinsamelingsprojek.

Die geselskap staan onder leiding van Johan Botha wat pas 'n baie geslaagde kersspel by die Laerskool Anton van Wouw aangebied het. Hy behartig ook die regie van Liewe Heksie.

Speelvak: Vrydag 4 Desember tot Saterdag 12 Desember 1987. Weeksdae 10h00 en 14h00 en Saterdae 09h00 en 15h00. Besprekings kan reeds by Computicket gedoen word. Toegang R3,95 per persoon (dit sluit kommissie by Computicket in). Die vertoning duur ongeveer 2 ure, pouse ingesluit. Verversings beskikbaar teen R1,50 vir skyfies en vrugtesap.

Indien enigeen gedurende 1988 hierdie geselskap se dienste gaan benodig vir 'n fondsinsamelingsprojek, kan u met Johan Botha skakel by tel:(012) 628132 of 'n skrywe rig aan Posbus 14133, Verwoerdburg 0140.

---




PERSOONLIKE SNUFFELS....

Annemarie Pienaar by die tiksters gaan met verlof vanaf 18 November tot 4 Januarie. Ongelukkig is dit nie vir plesier nie, maar wel as gevolg van haar seuntjie se operasie wat gedoen moet word. Sy sal hom voltyds moet bystaan in die hospitaal voor en ook na die tyd.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Ook welkom aan Olivia Webb wat na twee weke in die buiteland weer voet aan wal gesit het by Tukkiana. Ons hoop jy het die tyd baie geniet en is bly om jou weer tussen ons te hê.

---

R E S E P T E




Die afgelope 20 jaar wend ons gesin elke jaar op die 29ste Desember 'n spanpoging aan. Ons maak gemmerbier en pynappelbier vir Oujaarsaand en die Nuwejaarsfees! Dis baie lekkerder en goedkoper as enige ander koeldrank. Die kinders slaan vuis daaroor. Bedien dit yskoud. U sal volgende jaar weer so maak!

"My Ouma se Gemmerbier"

8 bottels water (1 liter bottel)
2 eetlepels fyn gemmer
1 pakkie kremetart (4 teelepels)
6 koppies suiker
1 koekie suurdeeg (aangemaak met bietjie lou water)
1 koppie rosyne (met pitte)

Metode:

Voeg water, suiker en kremetart in 'n groot emaljekastrol of skottel en roer totdat suiker opgelos is. Voeg res van bestandele by en roer goed. Maak toe met deksel en laat 24 uur staan om te gis. Suig deur 'n gaasdoek of fyn sif en bottel. Draai proppe nie te styf vas nie, net effentjies. Laat 24 uur in yskas. Dis heerlik!

************

"My ma se pynappelbier"

6 bottels water (1 liter bottel)
4 koppies suiker
2 gerasperde pynappels - skille ook opgesny
1 pakkie kremetart (4 teelepels)
1 koekie suurdeeg (aangemaak met bietjie lou water)

Metode:

Kook water en suiker vir 10 minute. Gooi gerasperde pynappel en gekerfde skil by en kook weer 5 minute. Laat afkoel (belangrik). Voeg res van bestandele by en laat staan vir 24 uur om te gis. Suig deur en bottel. Gebruik na 24 uur. Geniet dit!

RINA HERMAN
Boekontvangste

---


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

RESEPTE VIR KERSDAG

<u>VRUGTEKOEK</u> (Mikrogolfresep)

<u>Meng</u>:

500 g gemengde vrugte (cake mix)
250 ml suiker
125 g margarine
250 ml water
5 ml koeksoda

<u>Kook op Hoog (100% krag) vir 10 min. Laat afkoel.</u>

<u>Voeg by</u>:

15 ml brandewyn
10 ml verbruiningsous
3 geklitste eiers

<u>Laat koud word en voeg by</u>

250 g kersies
125 g neute

<u>Sif saam en meng in vrugtemengsel</u>

500 ml meelblom
10 ml bakpoeier
1 ml kaneel
knippie sout <u>of</u> 5 ml gemengde speserye
5 ml gemmer
1/2 ml naeltjies

Gebruik gesmeerde mikrogolftuitpan - wat van dik bruin plastiek ontwerp is.


<u>Bak as volg</u>:

35 min Ontdooi (defrost)(30%)
2 min Hoog (100%)

Laat afkoel en sprinkel nog brandewyn oor. Indien dit 'n <u>draaiskyf-mikrogolfoond</u> is, moet dit in die middel van die skyf staan.

SUSAN GERRYTS

BIBFLITSE...



Die wa is as't ware deur die drif vir 1988 deurdat ons ten einde laaste sewentien splinternuwe fotostaatmasjiene gekry het - net toe ons op moedverloor se vlakte wou gaan sit. Baie dank, meneer Duminy en almal wat daarmee gemoeid was.

Mag die res van hierdie jaar vir u almal baie mooi wees, en mag die Nuwejaar groot vreugde en geluk inhou.

Kersgroete

DORIS BOTHA

---



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Seënwense

Nog 'n jaar met al sy lief en leed is aan die verbygaan.

Ek wil van hierdie geleentheid gebruik maak om al die lede van die Sosiale Komitee en die redaksie en helpers van Biblikasie baie hartlik te bedank vir die lekker saamwerk die afgelope jaar. 'n Groot dankie vir al julle idees en wenke en ondersteuning wat my taak soveel vergemaklik het.

'n Mens sal vér moet gaan soek om so baie gawe en bekwame helpers elders onder een dak te kry! Baie dankie vir al die blomme en mooi woorde wat so gereeld by my opgedaag het van oraloor. Dit beteken vir my besonder baie.

Hiermee my allerbeste wens vir 'n geseënde Kersfees en vreugdevolle 1988 aan almal in Merensky. Mag die feestyd vir u en u geliefdes verrykend wees.

Groete

BOKKIE MALAN

---

BIBLIOGRAFIESE ONTSLUITING

Met die jaar wat nou vinnig sy einde nader, gaan dit by Bibliografiese Ontsluiting baie dol. November is die laaste maand wat die vakbibliotekarisse bestellings kan plaas, dus daag die bestellings in hul honderde hier op. Vanaf Februarie - Oktober is 14234 nuwe bestellings ontvang, waarvan ± 9 200 geplaas is. Die res was duplikate, of is om een of ander rede teruggestuur of is in proses. Gedurende die jaar het die personeel ook baie gewissel. Ons moes afskeid neem van Lappies Labuschagne, Erna Meyer, Mala Mouton en Lourett Oosthuizen. November en Desember gaan Christa Strydom en Mariana Nieuwoudt ons ook verlaat. Nuwe personeel wat by ons aangesluit het was Susan de Wet en Pepsi Nel. Marietjie Steenkamp en Hendrien Lourens het ons gedurende Oktober en November gehelp om die besitkontrole te hanteer. Dankie vir die baie Bd 10's wat julle afgehandel het! Joy het vir die romanse in die seksie gesorg met haar verlowing.

Tussen die werk deur is daar darem nog kans om voorbereidings vir die vakansie te tref. Die eerste gelukkiges vertrek reeds 27 November. Geniet dit!!! Ons wil net aan almal in Merensky 'n gelukkige Kersfees toewens en alles van die beste vir 1988. Sterkte aan al die matriekma's met die uitslae!

INA ENGELBRECHT

---

SEKSIE MAKRO-ONTSLUITING

Die jaar 1987 het vir ons afdeling op 'n hoë noot begin met die RGN-projek waaraan ons nog gewerk het, en die jaar sluit op 'n hoë noot af met die agterstand wat weer na verwagting die lug inskiet. Daar word tans hard gewerk om hierdie hond se rug te probeer breek.

Vir baie van ons lê 'n lekker lang vakansie voor, en 'n paar wat al vroeër in die jaar die lekkerte geniet het, sal vir ons die fort hou.

Ons wil graag ook nou vir al ons kollegas in die Biblioteekdiens baie dankie sê vir nog 'n jaar



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

van hartlike samewerking waardeur ons mekaar ook beter kon leer ken.

Hiermee word dan ook aan u almal 'n vreugdevolle geseënde Kersfees en 'n voorspoedige en gelukkige nuwe jaar toegewens. Mag 1988 vir ons almal nuwe uitdagings bied in die Biblioteekdiens, en mag u elke takie met vreugde verrig.

---

NUUS VANUIT DIE BINDERY

Die jaar het so gou verby gegaan dat ons nie eens kans gekry het om van ons te laat hoor nie, maar nou ja, hier is ons.

Ons wil net totsiens sê aan meneer Duminy. Ons sal die vriendelike gesig wat ons maar altyd hier rond gesien het, en wat ons altyd kom groet het, baie mis.

Ons wil net vir Dawie baie dankie sê dat hy vir 'n tyd waarnemende hoof was. Dankie Dawie, jy het ons almal baie goed behandel en ons het baie lekker saamgewerk. Ons wil ook vir meneer McKenna, ons nuwe hoof, welkom sê, ons hoop ons gaan net so lekker saamwerk. Ons hoop en vertrou dat hy al sy kennis van bindery aan ons sal oordra. Ons kan net baat vind by al sy kennis. Baie welkom.

Aan André, baie geluk met jou bevordering. So kry ons maar almal 'n beurt.

Ons wil ook net vir Suzette verwelkom. Ek hoop jy sal net so lekker soos ek saam met die manne werk.

Ons is ook baie bly dat Dawie se vrou nou gesond is na haar lang siekbed. Ons verseker Dawie dat sy altyd in ons gebede is.

Groete,
CATHY GAINSFORD

INDIENSOPLEIDING

Die Werkgroep vir Personeelontwikkeling het die resultate van die vraelys wat onlangs in die Biblioteekdiens versprei is, verwerk en dit aan afdelingshoofde gestuur vir sirkulasie en bespreking in elke afdeling. So het die personeel van die Biblioteekdiens deel gehad daaraan om die eerste sooie te spit, ten einde 'n begin te maak met die beplanning en ontwikkeling van 'n gestruktureerde indiensopleidingspakket.

Die arbeidsintensiewe aard van biblioteke vereis dat 'n aansienlike deel van die totale begroting aan die heel belangrikste hulpbron, naamlik mense, toegewys word. Om hierdie baie belangrike en ook komplekse hulpbron optimaal te ontwikkel, is indiensopleiding van die uiterste belang.

Dit het duidelik uit die antwoorde van die vraelys geblyk dat daar 'n ernstige behoefte bestaan om indiensopleiding 'n regmatige plek in die bestuurstruktuur van die Biblioteekdiens te gee.

Uit die brief van die Werkgroep wat aan prof Gerryts en die Topbestuur gerig is (dit is saam met die resultate van die vraelys aan afdelingshoofde oorhandig) kan u 'n duidelike beeld kry van wat ten opsigte van indiensopleiding vir die onmiddellike toekoms beplan word. Dit is die doel en wens van die Werkgroep dat so gou doenlik aandag aan die genoemde aspekte gegee sal word. Die Werkgroep ontvang graag voorstelle vir 'n slagspreuk en 'n embleem. Stuur gerus jou bydrae aan Monica Hammes.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# *Gelukwense..*

VERJAARSDAE

DESEMBER

1 Mev Johanna Perold (Sekretaresse),
Mej Rina de Vos (6de Vlak),
Mnr Japie Jordaan (Toonbank)

2 Mnr Johan Avenant (Landbou),
Mev F C L de Beer (Veeartsenykunde)

5 Mev Louise Mayer (IBL)

7 Mej Annie Pienaar (Assistent-direkteur)

9 Mev Norrie Nel (Boekontvangs)

22 Mev Miemie Vink (Onderwerpsontsluiting)

31 Mej Jo Breed (KHI),
Mej Julene Vermeulen (Tydskrifte)

JANUARIE

1 Mnr Piet de Kock (6de Vlak)

2 Mej Jeanette Marais (6de Vlak),
Mej H Finger (6de Vlak),
Mev Rouxna Rohde (Landbou)

6 Mnr Louw Groenewald (Reprografie)

11 Mev Ina van Vuuren (Tydskrifte)

15 Mej Makkie Biggs (Onderwerpsontsluiting)

16 Mev Rita Botes (Bibliografiese Ontsluiting)

19 Mnr Mike Volschenk (Toonbank)

27 Mej Estelle Els (Makro-ontsluiting)

29 Mej Maureen Brassel (Medies)

31 Mej Ina Engelbrecht (Bibliografiese Ontsluiting)



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

IN MEMORIAM

Anna Cornelia du Toit
Geboortedatum: 14/07/1927

Aanstellingsdatum: 01/02/1984
Uitdiens datum: 04/09/1984
Tydelike pos: 1987

Getroud
2 Kinders



Ek het nie geleef as ek nie sterf nie

En slegs een ding staan vas: die dood maak deel uit van die bestaan, soos die stilte deel uitmaak van die woord en die woord van die stilte, soos die tyd deel uitmaak van die ewigheid en die ewigheid ondenkbaar is sonder die tyd. Tyd en ewigheid is twee begrippe wat mekaar teenspreek, maar hulle bestaan elkeen slegs as hulle saam bestaan. Ek het nie geleef as ek nie sterf nie ....

Pierre Dubois

Mev Anna du Toit (60), bekende inwoner van Pretoria, was die vrou van generaal Hein du Toit van die departement Nasionale Strategie aan die Randse Afrikaanse Universiteit.

Mev du Toit het bekendheid verwerf deurdat sy gekies is as lugwaardin op die inwydingsvlug van die Boeing 707 van Johannesburg na Londen.

In die tien jaar dat sy 'n lugwaardin was, het sy meer as 3,2 miljoen kilometers afgelê in al die vliegtuie wat in daardie jare deur die Suid-Afrikaanse Lugdiens gebruik is.

In dié tyd - toe die SAL byna nog die hele Afrika bedien het - het sy ook verskeie Afrika-politici ontmoet wat later staatshoofde geword het. As lugwaardin op hul vliegtuie moes sy dikwels berigte uit Afrikaanstalige koerante vir dié mense vertaal, het generaal du Toit, voormalige Hoof van Staf: Intelligensie van die Weermag, gisteraand gesê.

Die navorsing wat sy vir haar meestersgraad gedoen het oor die kasteel en ander Kaapse vestinggeboue is onder haar nooiensvan Ras gepublisser en word vandag as waardevolle Africana beskou.

In haar eie gemeenskap het sy tot met haar dood in verskeie komitees gedien, sy was 'n vrywillige gids by die Pretoriase Kunsmuseum en was werksaam by die Merensky-biblioteek.

Mev du Toit word oorleef deur haar man en twee dogters.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

BEDANKINGS

# PERSONALIA

Christa Strydom



Gaby Fischer



Mariana Nieuwoudt




Ons sê dankie aan Christa, Gaby en Mariana vir lekker saamwerk.
Voorspoed vir die toekoms.

Ons wil graag baie dankie sê aan die tydelike personeel wat vir ons vir twee maande uitgehelp het by voorontsluiting naamlik Hendrien Lourens en Marietjie Steenkamp.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

AFSLUITINGSFUNKSIE VIR ONS SWART PERSONEEL VAN MERENSKY- EN TAKBIBLIOTEKE - 20 NOVEMBER 1987






MNR B DU P GOSLIN (AFRIKATALE) HET HULLE TOEGESPREEK IN VERSKILLENDE BANTOETALE







Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UITSTALLINGS OP VLAK 5 EN 6








Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019